

**Middelloopbaan-ontwikkeling deur spirituele
lewenstylafrigting**

deur

Magdalena Cornelia Fourie

Voorgelê ter vervulling van die graad

Philosophiae Doctor

in die

Fakulteit Teologie: Departement Praktiese Teologie

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof Jan-Albert van den Berg

November 2010

VERKLARING

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Philosophiae Doctor aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.

Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

.....
M C Fourie

.....
Datum

BEDANKINGS

Die skep van 'n nuwe teks is nooit 'n alleen-taak nie. Daarom wil ek graag, en is dit vir my 'n voorreg, om aan elkeen wat 'n waardevolle bydrae gelewer het, erkenning te gee.

- Alle eer aan my Hemelse Vader, met Psalm 29 wat werklik in my lewe neerslag vind. Ek wil saam met Dawid uitroep: “Alle eer behoort aan God alleen!”
- Prof. Jan-Albert van den Berg, my promotor, vir rigtinggewende insig. Dankie vir jou geduld, eerlikheid en meesterlike leiding. Dit is vir my 'n voorreg om saam met jou te werk.
- Hans, my huweliksmaat en beste vriend, dankie vir jou volgehoue geduld en positiewe ondersteuning.
- Ons dierbare kinders, Brewis en Sharné, vir julle bereidwilligheid om my met baie boeke te deel.
- Dawid en Hester, my ouers, dankie vir julle liefdevolle bystand en hulp met ons gesin gedurende hierdie tydperk. Julle is opreg ware steunpilare.
- Annalizé en Tania, my sussies, vir julle belangstelling en bemoedigende woorde.
- Die twee middelloopbaan-gespreksgroepe, wat bereid was om deel te neem en hulle lewensverhale te deel, ten einde 'n geïntegreerde geheel daar te kon stel.
- Die twee kliënte, wat bereid was om die fasiliteringsproses in die vorm van lewenstylafrigting te deurloop. Dit was vir my 'n lewensveranderende ervaring.
- Retha, vertroueling en medekollega, dankie vir jou positiewe insette. Die loopbaanpad begin nou eers!
- Goeie vriende, wat soveel begrip vir my lang werkure en kort kuiers getoon het. Dankie vir die aanmoediging en volgehoue ondersteuning.
- Die Fakulteit Teologie, vir die finansiële ondersteuning deur middel van beurse wat aan my toegeken is.

Seeing our lives as stories, rather as an unrelated series of random events, increases the possibility for having in our lives what we find in the best stories: significant, purposeful action. We all want very much for it to have mattered that we were here. If nothing in the universe is different, even better, because I exist, then I am hard pressed to justify my next breath. It is difficult for me to see why anything I am or do is meaningful unless I begin to understand my connectedness to others, to the past, and to the future (Anderson & Reese 1999:144).

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	i
BEDANKINGS	ii
INHOUDSOPGAWE	iv
LYS VAN TABELLE	viii
LYS VAN FIGURE	viii
OPSOMMING	viii
SUMMARY	viii
SLEUTELWOORDE	viii
KEY WORDS	viii
OUVERTURE	1

HOOFSTUK 1: DIE EERSTE BEDRYF – DIE BEKENDSTELLING

1.1	DIE BEGIN	7
1.2	INTERDISSIPLINÊRE GESPREK	7
1.2.1	Middelloopbaan-ontwikkeling	14
1.2.2	Spirituele intelligensie	20
1.2.3	Lewenstylafrigting	26
1.2.4	Praktiese teologie	31
1.3	NAVORSINGSOEKTOG	35
1.3.1	Metodologiese werkswyse	36
1.3.2	Domeine in gesprek	40
1.3.3	Medenavorsers	42
1.3.4	Outobiografie	46
1.4	BEPERKINGS IN DIE LIBRETTO	48
1.5	BEDRYF-UITEENSETTING	49
1.6	FINALE	

HOOFSTUK 2: DIE TWEEDE BEDRYF – PRAKTIESE TEOLOGIE

2.1	DIE TOETREDE	53
2.2	TEOLOGIE	54
2.3	PRAKTIESE TEOLOGIE	57
2.4	PASTORALE TEOLOGIE	66
2.4.1	Teoretiese ontwikkeling in die pastorale sorg	67
2.4.2	Die pastoraat as hermeneutiese aangeleentheid	69
2.4.3	Die pastoraat in narratiewe verwoording	70
2.5	DIE SKEP VAN 'n NUWE TEKS	74
2.5.1	Modelle vir 'n interdisiplinêre gesprek in praktiese teologie	74
2.6	DIE OPWEEG VAN MOONTLIKHEDE	76
2.6.1	“Postfoundational” praktiese teologie	77
2.6.2	Transversale rasionaliteit	81
2.7	'n “WERKENDE” MENS-BESKOUING	86
2.7.1	Die “middeljarige” mens	88
2.7.2	Die “werkende” mens	92
2.8	SPIRITUELE BETEKENIS EN SINBELEWING	94
2.9	FINALE – 'n GEÏNTEGREERDE GEHEEL	97

HOOFSTUK 3: DIE DERDE BEDRYF – MIDDELLOOPBAAN-ONTWIKKELING

3.1	DIE BEGIN VAN DIE MIDDEL	101
3.2	VOLWASSE ONTWIKKELING	104
3.3	DIE INTEGRERENDE BENADERING:	
	DIE LEWENSLOOP-ONTWIKKELINGSBENADERING	109
3.4	DIE STADIA VAN DIE LEWENSIKLUS	112
3.4.1	Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling	112
3.4.2	Daniel Levinson se benadering	
	tot volwasse lewensontwikkeling	120
3.5	DIE ONTWIKKELING VAN LOOPBANE	134
3.5.1	Betekenis van werk	135

3.5.2	Loopbaan en loopbaanontwikkeling	136
3.5.3	Die fases van loopbaanontwikkeling	139
3.6	DIE FENOMENOLOGIE VAN DIE MIDDELJARE	148
3.6.1	Gesondheid en fisiese veranderinge	150
3.6.2	Kognitiewe veranderinge	151
3.6.3	Sosiale verhoudings	153
3.7	DIE MIDDELLOOPBAANJARE	158
3.8	FINALE – 'n GEÏNTEGREERDE GEHEEL	161

HOOFSTUK 4: DIE VIERDE BEDRYF – SPIRITUELE INTELLIGENSIE

4.1	DIE ONTSTAAN	165
4.2	SPIRITUALITEIT EN BETEKENIS TOEGEVOEG	168
4.2.1	Spiritualiteit en Religieusiteit	172
4.3	SPIRITUALITEIT IN DIE WERKPLEK	180
4.3.1	Wat behels “spiritualiteit” in die werkplek?	186
4.3.2	Die middellewe individu	190
4.4	SPIRITUELE INTELLIGENSIE	193
4.4.1	Intelligensie	195
4.4.2	Tradisionele siening	197
4.4.3	Alternatiewe sieninge	199
4.4.4	Die ‘intelligente’ debat	204
4.4.5	Spirituele intelligensie as transformerende en integrerende paradigma	207
4.5	FINALE – 'n GEÏNTEGREERDE GEHEEL	210

HOOFSTUK 5: DIE VYFDE BEDRYF – LEWENSTYLAFRIGTING

5.1	DIE AANVANG	214
5.2	DIE TERM: AFRIGTER	218
5.3	WAT IS AFRIGTING?	220

5.3.1	Afrigting as professie	221
5.3.2	Omskrywing van die begrip 'afrigting'	225
5.4	AFRIGTING EN ANDER DISSIPLINES	229
5.4.1	Afrigting en psigoterapie	230
5.4.2	Afrigting en berading	233
5.4.3	Afrigting en mentorskap	234
5.4.4	Afrigting en opleiding	237
5.5	VERSKILLENDE TEORETIESE BENADERINGE	238
5.5.1	Die kognitiewe ontwikkelingsbenadering tot afrigting	239
5.5.2	Die positiewe sielkunde-benadering tot afrigting	239
5.5.3	Eksistensiële afrigting	239
5.5.4	Narratiewe afrigting	240
5.5.5	Kognitiewe gedragsafrigting	240
5.5.6	Die oplossing-gefokusde benadering tot afrigting	240
5.5.7	Die persoon-gesentreerde benadering tot afrigting	241
5.5.8	Die psigodinamiese benadering	242
5.6	TOEGEPASTE KONTEKSTE	242
5.6.1	Vaardigheid en prestasie-afrigting	242
5.6.2	Ontwikkelingsafrigting	243
5.6.3	Transformasie-afrigting	243
5.6.4	Uitvoerende en leierskapafrigting	244
5.6.5	Spanafrigting	244
5.6.6	Loopbaanafrigting	245
5.6.7	Lewenstylafrigting	245
5.7	LEWENSTYLAFRIGTING	246
5.7.1	Die ontwikkelingsproses	248
5.8	AGTERGROND TOT VERSKEIE BENADERINGS	251
5.8.1	Die narratiewe benadering	251
5.8.2	Die 'siklus van hernuwing'	252
5.9	LEWENSTYLAFRIGTING AS FASILITERINGSPROSES	256
5.9.1	Lewenstylafrigting: Lizette	257
5.9.2	Lewenstylafrigting: Bruwer	269
5.10	FINALE – 'n GEÏNTEGREERDE GEHEEL	273

LYS VAN TABELLE

Tabel 1.1	Afrigting en ander benaderings	29
Tabel 3.1	Major ontwikkeling in die drie periodes van volwassenheid	105
Tabel 3.2	Erikson se lewensontwikkelingsbenadering tot volwassenheid	117
Tabel 3.3	Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling	127
Tabel 3.4	Super se vyf stadia van loopbaanontwikkeling	141
Tabel 3.5	Greenhaus se vier stadia van loopbaanontwikkeling	144
Tabel 4.1	Die agt intelligensies van Gardner	201
Tabel 4.2	Emosionele intelligensie in vyf dimensies	203
Tabel 4.3	Drie tipes intelligensie	208
Tabel 4.4	Die twaalf beginsels van spirituele intelligensie	208
Tabel 5.1	Definisies van afrigting	225
Tabel 5.2	Oorgange van tradisionele afrigting	227
Tabel 5.3	Verskille tussen afrigting en terapie	232
Tabel 5.4	Ooreenkomste tussen afrigting en mentorskap	235
Tabel 5.5	Verskille tussen afrigting en mentorskap	236

LYS VAN FIGURE

Figuur 1.1	Die vier take van prakties-teologiese interpretasie	61
Figuur 5.1	Die 'siklus van hernuwing'	254
Figuur 5.2	Die lewenswiel	262
Figuur 5.3	Lizette se lewenswiel	263

OPSOMMING **319**

SUMMARY **321**

SLEUTELWOORDE **323**

KEY WORDS **323**

OUVERTURE

Musiek is die kuns om in klank te dink (Oxtoby 1964:11). Dit word vergestalt in 'n drama, wat volledig getoonset is en bekend staan as opera (Oxtoby 1964:53). Opera is 'n "drama set to music" (Kennedy 1980:463). Dit is 'n unieke kunsvorm, waarna Jeanne Goosen, in die voorwoord tot Erika Nöthling se "Operaverhale" (1982) verwys as gemeenskapskuns. Die rede daarvoor aangevoer is omdat opera grotendeels gaan óór mense en vír mense is (Nöthling 1982:7). Gammond (1980:6) sluit hierby aan wanneer hy merk dat opera "was always written for public appreciation and acclaim." Opera behels meer as slegs musiek, "it is basically song – the magical blending of words and music that immediately adds another dimension of interest" (Gammond 1980:6).

In dié studie speel die metafoor van opera 'n belangrike rol. Die rede daarvoor aangevoer is dat musiek en veral opera-musiek, integraal deel vorm van my menswees. Daarom kan dit selfs sterker verwoord word, naamlik dat die navorsing beoog om sélf libretto te word. Libretto behels die teks van 'n vokale werk, en spesifiek, dié van opera (Kennedy 1980:370), ook na verwys as die "book of words" (Scholes 1970:573). Benewens die konseptuele struktuur wat gebruik van dié metafoor aan my bied, verleen dit ook geleentheid om my eie 'boek van woorde' te skep. Hierin word nie net die voorlopigheid van die voorgestelde teks beklemtoon nie, maar vind dit uitdrukking in hoorbare, vokale gespreksvoering met 'n heenwysing na interdisiplinariteit. Die klem word dus hiér geplaas op die skepping en die konstruering van 'n nuut geskryfde libretto (operateks).

Die libretto word begelei deur die gebruik en aanwending van metaforiese betekenis as brug tussen verskillende domeine met die aanwesigheid van 'n interdisiplinêre aksent. Die betekenis, wat aan 'n metafoor geheg word, kan omskryf word as die gebruik van taal "to refer to something other than what it was originally applied to, or what it 'literally' means, in order to suggest some resemblance or make a connection between the two things" (Knowles & Moon 2006:3). 'n Metafoor is dus 'n konsep of taalkonstruksie wat met behulp van woorde 'n verband tussen 'n spesifieke saak en 'n

konkrete situasie of werklikheidsveld neerlê (Louw 1999a:60). Metafore is “pervasive in language” en is om twee redes van belang (Knowles & Moon 2006:4). Eerstens, is die verhouding tot individuele woorde van belang. Dit gaan in ’n metafoor om ’n basiese proses betreffende woorde en woordbetekenisse, waar konsepte en betekenisse deur metafore in woorde uitgedruk word. Tweedens, is die verhouding ten opsigte van die diskoers belangrik. Die belangrikheid van ’n metafoor word onderstreep vanweë die funksies wat dit vervul, naamlik verduideliking, verheldering, beskrywing, uitdrukking, evaluering en vermaak.

Fainsilber en Ortony (1987:240-241) is van mening dat ’n metafoor ten minste drie potensiële kommunikatiewe funksies dien. Eerstens, verwoord die metafoor dit wat moeilik of onmoontlik verwoordbaar is. Tweedens, vergestalt ’n metafoor kompakte betekenis, en derdens beskik metafore oor die vermoë om fenomenologiese ervaring en betekenis te ondervang. In aansluiting hiermee vind Louw (1999a:60) dat ’n metafoor ’n verwysende karakter besit, aangesien dit verwys na die betekenis van ’n saak. ’n Metafoor besit ook ’n transenderende funksie. Dit wil die situasie, in die lig van ’n reeds bestaande betekenisveld, oorskry en verder neem as bloot die rasonale beperkinge van die begrip self. Laastens, besit metafore ook ’n transformerende funksie, waar die metafoor die werklikheid wil ontsluit met die oog op ’n beter begrip van die onderhawige saak (Louw 1999a:60).

Die ouverture dien as die begin of opening van die opera. Instrumentale musiek met ’n “medley of tunes from the opera,” dien as inleiding (Kennedy 1980:471-472). Dit stel die luisteraar voor aan al die melodieë en stemme wat gehoor sal word. Die opening tot hierdie studie, getrou aan die metaforiese betekenis van ’n ouverture, behels ook ’n voorstelling van die stemme van verskillende domeine wat deur die navorsing en in die libretto aan die woord sal kom. Stemme van gespreksgenote word in samehang met die stemme van die domeine gehoor, alvorens die metodologiese werkswyse van die navorsing aan bod gestel is. Dit vorm deel van ’n geïntegreerde gesprek met groter begrip en meelewing as einddoel. Die wyse waarop metodologies omgegaan is word later in hoofstuk 1 onder die afdeling, Navorsingsoektog, aan bod gestel.

Die titelbenaming veronderstel drie domeine, naamlik middelloopbaan-ontwikkeling, spiritualiteit en lewenstylafrigting. Elk verteenwoordig 'n spesifieke studieveld. Middelloopbaan-ontwikkeling is deel van bedryfsielkunde en meer spesifiek beroepsielkunde (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010). Spiritualiteit vind neerslag in die religieuse (Louw 2005a:133-147; Bjorklund & Bee 2008:267-291) asook binne die ekonomiese- en bestuurswetenskappe, wanneer dit vanuit 'n werkplekperspektief beskou word (Smith 2006). Lewenstylafrigting is deel van afrigtingsielkunde (Grant 2003; Grant & Zackon 2004) en is in enige veld van waarde. Praktiese teologie is 'n vierde verteenwoordigende domein en word nie direk in die titel verwoord nie, omrede die aksent van spiritualiteit wat reeds verteenwoordig word 'n alles-insluitende lewenswyse voor God veronderstel. Die verkenning van die omvang van die veld van praktiese teologie bied egter ruimte om tot verstaan van die web van die lewe te kom met spiritualiteit wat aksente van lewenskuns en lewensvaardighede toon, en intens rekening hou met die teenwoordigheid van God. In die voortgaande verrekening van die betekenis van 'n *theologia habitus*, word die impasse van die ou ensiklopediese teologiese paradigma egter oorkom en word 'n teologiese wyse van lewe veronderstel (Van den Berg 2010:98).

Daar is 'n toenemende klem op die bespreking en ontwikkeling van die spirituele in die werkplek, wat 'n integrering van domeine vereis. Die werkende mens word gekonfronteer met loopbaanstadia, wat bepaalde eise stel. Dit bring vir my die volgende uitdagings na vore:

- 'n Eerste uitdaging bevraagteken die moontlikheid van 'n interdisciplinêre gesprek tussen bogenoemde studieveldde;
- 'n Tweede uitdaging verwys na 'n gepaste wyse(s) om die spirituele in die vorm van spirituele intelligensie by die middelloopbaan-individu te ontwikkel;
- 'n Verdere uitdaging behels spirituele lewenstylafrigting as fasiliteringsproses ten einde middelloopbaan-ontwikkeling te bevorder.

Die agtergrond tot die studie word aan die hand van die vier domeine in interdisciplinêre gesprek bespreek. Die gebruik van opskrifte en sub-opskrifte is eie

aan elke betrokke domein ter vestiging en versterking van 'n domein-identiteit. Alhoewel vier stemme die hoofkarakters van die libretto vorm, word ook aksente en nuanses in medekarakters vergestalt en in die onderafdelings van domeine gehoor.

Die veranderende landskap van werk en loopbane kan toegeskryf word aan konstante wêreldwye veranderinge (Raddon 2005:3-4; Blustein 2006:27-30; Holland 2006:4-7; Pryor & Bright 2009:521-522; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:4-9). Die vraag is: Wat impliseer die voorafgaande veranderinge? In kort is die implikasie 'n herdefiniëring in die wese van werk. Die fokus tans is beroepsbuigbaarheid en voortdurende leer (Hall 1996:8-11; Eby, Butts & Lockwood 2003:689-693; Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:430; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:5-6).

➤ **Middelloopbaan-ontwikkeling**

Kan loopbane op dieselfde relatief ordelike wyse ontwikkel, soos in die geval van menslike ontwikkeling? Die antwoord blyk instemmend te wees, hoewel daar verskille in die eienskappe en tydsduur van loopbaanfases is (Greenhaus, Callana & Godshalk 2010:34-37). Die middelloopbaanfase veronderstel die ouderdomsgroep van 40 tot 55 jaar oud (Greenhaus, Callana & Godshalk 2010:230). Twee major veranderlikes kenmerk hierdie fase, naamlik die konfrontering van die middeljare oorgang en die behoud van produktiwiteitsvlakke.

Ontwikkeling, soos aangedui in die titelbenaming, veronderstel verandering. Verandering is 'n verskil in iets of iemand, wat met tydsverloop gepaardgaan en leer insluit wat lewensveranderende verandering in gedrag behels (Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:4).

➤ **Spiritualiteit**

Die onderwerp "spiritualiteit in die werkplek" geniet tans wêreldwyd aandag en is besonder aktueel (Hicks 2003; Smith 2006). Werknemers is op soek na sin en betekenis in die werkplek en streef na 'n eenheid in visie, wat veel meer behels as slegs die maak van geld (Van der Walt, Du Plessis & Barker 2006:264). Smith (2006:1) sluit hierby aan en beklemtoon dat meer en meer werkers daarop aandring

dat nie nét hulle intelligensie nie, maar ook hulle spiritualiteit in die werkplek verwelkom word: “Like intelligence, our spirituality is part of what we bring with us to work.”

Dit is moontlik om spiritualiteit as ’n tipe intelligensie te begryp (Adams & Hyde 2008:58-67). Spirituele intelligensie veronderstel nuwe domeine vir intellektuele aksie. Volgens Zohar (2005:46) ondervang spirituele intelligensie (SI) beide intelligensiekwasiënt (IK) en emosionele intelligensie (EI).

➤ **Lewenstylafrigting**

Afrigting (coaching), ook genoem lewenstylafrigting is ’n benadering wat toenemend in gewildheid groei. Afrigting en afrigtingsielkunde bied ’n potensiële platvorm vir die fasilitering van individuele, organisatoriese en sosiale verandering (Grant & Cavanagh 2007b:239). Dit blyk dat die publiek ’n dors het na tegnieke en prosesse, wat lewenservaring sal verhoog en persoonlike ontwikkeling sal fasiliteer (Wolcott 2001:11; Grant 2003:253; Rice 2007:501-503).

Afrigting is multidissiplinêr van aard. Die gedragswetenskappe is ’n major bron van kennis en praktyk vir afrigting, maar afrigters gebruik ook vaardighede en tegnieke ontleen uit diverse areas soos die bestuurswetenskappe, ekonomie, opvoeding, filosofie en godsdiens (Grant en Cavanagh 2007b:241).

➤ **Praktiese teologie**

Die aanvanklike veronderstelling dat praktiese teologie ’n “ensiklopedie van die teologie” is, word bevraagteken in ’n postmoderne intellektuele konteks (Osmer 2006:328). Dit fokus nie net op die mens se religieuse aksies of handeling nie. Dit is ook nie net prakties van aard nie, maar dit het ook te make met kommunikasie – ’n ontmoeting tussen God en die mens, en kommunikasie met ander om plek te maak vir God in hierdie wêreld buite die bestek van die kerk, waar openbare belangrikheid onderstreep word deur ’n gerigtheid tot openbare wysheid en sosiale transformasie (Jonker 1983:15-16; Heyns & Pieterse 1990:7; Browning 1991:4; Pieterse 1993:2-3;

Pieterse 1994:95; Louw 1997:61; Osmer 2008:x). Die ruimte van praktiese teologie “comprehends the web of life” (Osmer 2008:x).

Telkens wanneer intense luister, dialoog en begrip saamsmelt, “we experience a great opera production, the magic happens; song becomes as natural as speech, music heightens emotion and the theatrical atmosphere of the opera house ensnares us” (Gammond 1980:7). Die navorsing, wat vervolgens gedokumenteer word, vind aansluiting by die metafoor van ’n opera en wil met die beweging van praktyk en teorie interdisiplinariteit vertoon.

HOOFSTUK 1

DIE EERSTE BEDRYF – DIE BEKENDSTELLING

1.1 DIE BEGIN

In die praktyk-teorie-beweging van die vyf opera-bedrywe word dié drama met orkesbegeleiding bekend gestel. Dit behels 'n grootskaalse komposisie, bestaande uit vokale soliste, arias, duette, trios, kore, resitatiewe, monoloë en dialoë met gepaardgaande kostuums, skouspelagtige dekor en aksie. Die navorsing vind plaas en word gedokumenteer teen die agtergrond van dié bewegings, in aansluiting by die metafoer van 'n opera. Hiér word 'n aanduiding van 'n bepaalde interdisiplinêre gesprek tussen praktiese teologie en aksente van ander domeine gevind.

1.2 INTERDISIPLINÊRE GESPREK

Akademiese dissiplines oefen 'n dominante invloed uit op die wyse waarop die lewe en geassosieerde realiteite in oënskou geneem en oor nagedink word. Die voorafgaande word deur Giri (2002:104) bevestig met “Modern modes of inquiry into the human condition have been characterized by a disciplinary mode – we make sense of the world through particular, specialized and bounded disciplines.”

Waar dissiplines aanvanklik onderskei en gekenmerk is deur rigiede, vasgestelde grensafbakening, is daar tans 'n wegbeweeg van rigiditeit na vloeibaarheid en deursigtigheid. Die rigiede grensafbakening tussen dissiplines word afgebreek om plek te maak vir 'n veranderde prentjie van “blurred genres” (Geertz 1980:165-166; Giri 2002:104). In dié verband onderstreep Giri (2004:346) die aannames van Katz (1995:871-872) wanneer sy merk: “This blurring of disciplinary boundaries is easily noticeable in the way new disciplines and sub-disciplines are emerging which embody the limits of conventional disciplinary boundaries and the quest for a new mode of engagement, which cuts across various disciplines” (Giri 2004:346). Die vervaging van grenslyne tussen dissiplines vra vir 'n interdisiplinêre benadering. Van Huyssteen (2006:9) benadruk dat in elke interdisiplinêre gesprek verskillende diskoerse teenwoordig is, gekenmerk deur radikale diverse perspektiewe, asook onderskeibare

HOOFSTUK 1 - INTERDISCIPLINÊRE GESPREK

metodes van ondersoek, met die bekentenis dat “they cannot be reduced to each other or derived from each other.” Die uitdaging is daarin geleë om aan te toon dat dit juis tussen die grenslyne van dissiplines is waar “new and exciting discoveries take place” (Van Huyssteen 2006:9).

’n Interdissiplinêre benadering vra dus om ’n werkswyse, wat ’n geïntegreerde geheel met ’n holistiese begrip ten doel wil stel (Van Wyk 1997:77; Van der Ven 1993:89-93; Van Huyssteen 2006:9). Van der Ven (1993:89-112) onderskei tussen vier metodes waarin teologie met ander wetenskap(pe) in verband gebring kan word. Die vier metodes word vervolgens slegs kortliks aan bod gestel.

Die eerste metode is monodissiplinariteit wat gaan om ’n enkele dissiplinêre gesprek met ’n deduktiewe werkswyse, waar die betrokkenheid van ander wetenskap(pe) nie noodwendig geakkommodeer word nie. Van Wyk (1997:77) maak in sy opsomming van die vier metodes die volgende opmerking: “The other sciences... assist mostly in establishing this unilateral relationship more adequately.”

Multidissiplinariteit is die tweede benadering wat daarna streef om ’n onderwerp uit verskeie verwysingsraamwerke te bestudeer, alhoewel geen interaksie tussen die verskillende dissiplines geskied nie. Verskeie dissiplines werk onafhanklik van mekaar deur ’n probleem vanuit eie wetenskaplike en metodologiese vooronderstellings te bestudeer, deur gebruik te maak van teorieë en konsepte, metodes en tegnieke eie aan elke dissipline. ’n Twee-fase benadering is die resultaat van die gebruik van multidissiplinariteit. In die eerste fase sal ’n fenomeen vanuit ’n spesifieke dissipline se eie verwysingsraamwerk bestudeer word. In die tweede fase sal hierdie betrokke dissipline in gesprek tree en besin oor die bevindinge van ander dissiplines ten einde hierdie bevindinge tot ’n eie liggaam van kennis toe te voeg.

Intradissiplinariteit is die derde benadering en verwys na “the borrowing of concepts, methods and techniques of one science by another and the integration of these elements into the other science” (Van der Ven 1993:101). Intradissiplinêre prosesse word in alle wetenskaplike velde aangetref en moedig innovasie in die betrokke velde

HOOFSTUK 1 - INTERDISCIPLINÊRE GESPREK

aan, byvoorbeeld die verhouding tussen biologie en chemie verenig in biochemie, of geskiedenis en psigologie versmelt tot psigo-geskiedenis, om slegs enkele dissiplines te noem.

Die vierde en laaste benadering verteenwoordig interdissiplinariteit. Die diskoers van 'n interdissiplinêre gesprek impliseer dat twee of méér dissiplines volwaardig met mekaar in gesprek tree. Dit dui op die uitruil van die volgende (Van der Ven 1993:97-101; Van Wyk 1997:78):

- 'n Gedifferensieerde nabetraging van die oriëntasie en vooronderstellings van norme;
- Dit impliseer 'n veelsydige gesprek omtrent konsepte en teorieë, epistemologiese en metodologiese kwessies, asook metateoretiese vertrekpunte;
- Wedersydse differensiasie en assessering rakende databasisse, asook toegang tot die analiseringsproses van hierdie databasisse;
- Die interpretasies en gevolgtrekkings moet vanuit die perspektief van al die betrokke dissiplines geanaliseer en bespreek word.

Van der Ven (1993:98) handhaaf die siening dat twee vorme van interdissiplinariteit onderskei kan word, naamlik *dialogue intérieure* en interpersoonlike interdissiplinariteit. Die eersgenoemde, *dialogue intérieure* behels 'n interdissiplinêre gesprek tussen teologie en die sosiale wetenskap "in one and the same person" (Van der Ven 1993:98). Die tweede, interpersoonlike interdissiplinariteit, gaan om 'n interdissiplinêre gesprek tussen verskeie mense: tussen meer as een teoloog en ook tussen meer as een sosiale wetenskaplike. Dié interpersoonlike dissiplinêre gesprek het nie 'n konflikvrye, harmonieuse samewerking ten doel nie, maar eerder sistematiese ondersoek, analisering en kritiese evaluering, ten einde samewerking te regverdig. Osmer (2006:339-342; 2008:164-173) onderskei drie moontlike modelle ten einde 'n interdissiplinêre gesprek in praktiese teologie te fasiliteer, naamlik die korrelasie, die transformasie en die transversale benadering. Hierdie modelle sal later in meer besonderheid in dié hoofstuk aan bod gestel word.

HOOFSTUK 1 - INTERDISSIPLINÊRE GESPREK

Ten einde 'n geïntegreerde geheel daar te stel, waar verskeie stemme in die gestalte van verskillende domeine saamgesels, vind ek my tuis in die epistemologiese en metodologiese ontwikkeling van só 'n voorgestelde breë en interdissiplinêre wetenskaplike gesprek. Die betekenis van die diskoerse afkomstig van dié interdissiplinêre gesprek is belangrik, aangesien dit ruimte laat vir 'n nuwe geïntegreerde en holistiese verstaan danksy die vervaging van grenslyne tussen dissiplines. Die verskillende, deelnemende domeine en gespreksgenote aan hiêrdie betrokke interdissiplinêre gesprek sal later aan bod gestel word. Eers is dit nodig om kennis te neem van wat met die diskoers van 'n interdissiplinêre gesprek veronderstel word.

Die interdissiplinêre gesprek behels, volgens Van Huyssteen (2006:9), 'n poging “to bring together disciplines or reasoning strategies that may have widely different points of reference, different epistemological foci, and different experiential resources.” Die “fitting together” veronderstel 'n komplekse, veelvlakkige, transversale proses, wat nie binne die grense van enige gegewe dissipline plaasvind nie, “but within the transversal spaces between disciplines” (Van Huyssteen 2006:9). Giri (2002:109-112) formuleer bepaalde waardes vir só 'n gesprek. Eerstens, beskik dié gesprek oor 'n dialogiese karakter, wat gelykheid en wederkerigheid tussen wetenskaplike dissiplines veronderstel. Hierdie dialogiese waarde stel diegene in gesprek in staat om van 'n eie sienswyse afstand te doen “as the only point of view” (Zohar & Marshall 1994:282), en eerder voor te berei, vir “an emergent synthesis” (Giri 2004:350). Zohar en Marshall (1994:282) onderstreep die voorafgaande en merk in die verband: “Once the participants in a dialogue have let go of clinging to their own points of view and the process of deconstruction is complete, the second stage begins - the resynthesis. People discover they can listen to each other in a new way.” Tweedens, word opregte verbondenheid (“authentic embeddedness”) bedryf “within one’s discipline” (Giri 2002:108). Interdissiplinariteit openbaar nie net 'n gebaar van welwillendheid teenoor ander dissiplines nie, maar vereis self ook koestering en bevestiging. In hierdie opsig merk Giri (2004:350): “Dialogue is not just another-oriented activity; in fact, the willingness to listen to the other is facilitated by the discovery of a true self within.” Opregte verbondenheid vereis afstanddoening en dit is juis hier waar die derde

HOOFSTUK 1 - INTERDISCIPLINÊRE GESPREK

waarde, naamlik die waagmoed om te distansieer aangewend word. “The art of authentic embeddedness requires an art of distantiation and the courage to abandon one’s home discipline in the pilgrimage of one’s quest and research” (Giri 2002:109).

In hierdie navorsingsteks gaan ek poog om die stem van dié bepaalde drie waardes hoorbaar te maak, asook visueel sigbaar aan te dui binne die interdisciplinêre gesprek, waar dit ook dien om die dialoog te lei. My keuse vir spesifieke stemme betrokke by die interdisciplinêre gespreksvoering, wat vergestalt word in bepaalde domeine en wetenskaplike dissiplines, vereis motivering en die aanbied van ’n rasionaal. In die ouverture van dié betrokke hoofstuk, is die deelnemers aan hierdie gesprek reeds vlugtig voorgestel. Die vier domeine, naamlik middelloopbaanontwikkeling, spiritualiteit, lewenstylafrigting en praktiese teologie, met verteenwoordigende wetenskaplike dissiplines, bedryfsielkunde en meer spesifiek, beroepsielkunde, ekonomiese- en bestuurswetenskappe, afrigtingsielkunde en laastens teologie, word gespreksgenote. Dit is ook belangrik om daarop te dui dat, ter motivering van die verhouding, hierdie gespreksgenote mekaar akkommodeer in terme van perspektiewe en insigte vanuit die pastoraat, ontwikkelingsielkunde en die ontwikkelende veld van afrigting, en spesifiek lewenstylafrigting, met aksente van die positiewe sielkunde. Verdere gespreksgenote, wat later voorstelling sal geniet, gaan om die ‘deelnemers’ aan die betrokke navorsingstudie, wat hulle eie stem laat hoor en aktief deelneem ten einde ’n bydrae tot ’n geïntegreerde begrip te lewer.

Van den Berg (2010:16) wys daarop dat sensitiwiteit getoon moet word om nie verskillende dissiplines in ’n afgedwonge gesprek in te forseer nie. Daarom blyk dit nodig te wees om ’n rasionaal aan te bied waarom uiteenlopende domeine “as gespreksgenote in verhouding tot mekaar gekonstrueer word” (Van den Berg 2010:16). Ek wil saam met Van den Berg (2010:16) ag slaan op die oproep van Osmer (2006:343), wat tereg vra om “articulating and justifying the principle of selection in a transversal model of interdisciplinarity,” ten einde daarop te kan wys “why specific persons or perspectives are engaged as interdisciplinary dialogue partners in a particular book or research project.” Ter motivering waarom juis dié

HOOFSTUK 1 - INTERDISCIPLINÊRE GESPREK

gekose domeine as gespreksgenote in die interdisiplinêre gesprek voorgestel word, sal die volgende as stawende argumente dien.

Toenemende wêreldwye handel en 'n onsekere wêreld ekonomie stook intense kompetisie in alle industrieë, wat die fokus op beroepsbuigbaarheid en voortdurende leer verskerp (Raddon 2005:3-4; Blustein 2006:27-30; Holland 2006:4-7; Pryor & Bright 2009:521-522; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:4-9). Werknemers moet vaardig wees in selfbestuur as lokus van verantwoordelikheid, proaktief en oop vir nuwe ervarings (Hall 1996:8-11; Eby, Butts & Lockwood 2003:689-693; Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:430; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:5-6).

Die belangrikheid van leer vir oorlewing en voortgesette welstand kan nie genoegsaam beklemtoon word nie. Leer moet lewenslank plaasvind en word deur die onderstaande benadruk (Klasen & Clutterbuck 2002:4):

No-one can afford to stop learning when they leave school. To maintain their employability, people will need to keep learning at different stages throughout their lives...Learning is not just about employability. New research ... show(s) that ... learning improved ... enjoyment of life ... self-confidence ... health.

Daar word vanaf die veronderstelling uitgegaan dat leer eintlik studeer is. Akademiese leer is egter slegs een belangrike vorm van leer. In die sielkunde word leer gedefinieer as enige relatief permanente verandering in gedrag of kennis, wat op ondervinding gegrond is. Die grootste gedeelte van gedrag is die resultaat van leerprosesse (Louw & Edwards 2005:211). Gedrag kan dus aangeleer word, maar deur nuwe maniere van dink en doen kan gedrag ook afgeleer word, omrede gedragsverandering danksy leerprosesse moontlik is. Leer is belangrik vir alle aspekte van die lewe en is geldend vir sosiale, emosionele en inderdaad ook fisiese ontwikkeling.

Tussen die repertoire van leer en ontwikkelingsmetodes blyk afrigting, en spesifiek lewenstylafrigting, 'n individuele leerproses te wees, met lewensveranderende

HOOFSTUK 1 - INTERDISSIPLINÊRE GESPREK

uitkomst tot gevolg. Rogers (2004:80) merk: "Our prime task as coaches is to facilitate learning for the client." Die ekonomiese- en bestuurswetenskappe, tesame met beroep- en afrigtingsielkunde, is stemme wat in hierdie interdissiplinêre gesprek gehoor word, met nuanses van fasilitering uit elke studieveld ontleen.

Die "baby-boom"-generasie, verteenwoordigend van die ontwikkelingsielkunde en meer spesifiek lewensloopsielkunde, asook beroepsielkunde, veronderstel diegene gebore tussen 1946 en 1964, wat in rekordgetalle deur die middelste beweeg (Lachman 2004:308-309). Die bevolkingsontploffing van middeljarige volwassenes en toenemende kennis aangaande hierdie periode het gelei tot die identifisering van die middelste as 'n segment van die lewensloop waardig om in eie reg bestudeer te word.

In aansluiting hiermee word spirituele intelligensie, hoewel 'n nuwe domein, geïdentifiseer as 'n moontlike antwoord tot sinvolle ontwikkeling en ervaring tydens die verwarrende middelloopbaanfase. Spiritualiteit word gevind in die religieuse wat hier die praktiese teologie impliseer, asook binne die ekonomiese- en bestuurswetenskappe wanneer dit vanuit 'n werkplekperspektief beskou word. Die presiese neerpen van spiritualiteit in een werkbare definisie is moeilik, weens die diverse verwysingsraamwerke waarbinne dit geplaas word (Miller 2000:6; West 2000:7; Currence & King 2005:31). Een van die verwysingsraamwerke behels "werkplekspiritualiteit" en geniet tans wêreldwyd aandag, met 'n verskuifde klem na werk as betekenis- en sinvol (Hicks 2003:27; Smith 2006:6). Louw (2005a:135) sê "dat spiritualiteit soos die skadu van 'n siel is – dit is altyd daar en volg jou as die resultaat van 'n voetstap wat gegee is – dit is soos voetspore in die landskap van wysheid." Dit beskryf die kwaliteit van lewenskuns en lewensvaardighede.

Hoewel min empiriese navorsing omtrent die doeltreffendheid van lewenstylafrigting beskikbaar is, word afrigting beskou as 'n praktyk met 'n grenslose skopus (Grant 2003:254). Die veld van afrigting is jonk en daarom kan dit beskryf word as 'n ontlukende dissipline, waar afrigtingspesifieke teorie en bewysgebaseerde praktyk 'n reuse uitdaging aan akademië, navorsers en praktisyns bied. Afrigting is ook

multidissiplinêr van aard, met die gedragswetenskappe as 'n major bron van kennis en praktyk. Afrigters maak egter gebruik van 'n wye verskeidenheid tegnieke, modelle en vaardighede ontleen uit diverse areas (Grant en Cavanagh 2007b:241).

Binne die domein van praktiese teologie kan 'n interdissiplinêre gesprek aangemoedig word waar elke studieveld se stem gehoor word. Aksente van onder andere die pastoraat word ook gehoor, waar dit die verstaan van God met menslike reële ervarings wil verbind, sodat eksistensiële sin ontdek mag word (Louw 1999a:3). Die pastoraat het die taak om die mens en sy wêreld sodanig te verstaan dat kontekste in aanraking met die evangelie gebring word (Bons-Storm 1989:85; Louw 1999a:23). Vir Capps (1993:1) het die pastoraat die taak om mense te help "in locating their personal stories within the framework of the Christian story."

Elke stem verteenwoordigend van elke genoemde domein, wat as gespreksgenote bekendgestel is, bring nuwe perspektiewe mee, met 'n versmelting van verstaanshorisonne en die vervaging van dissiplinêre grensafbakening. Die waarde van die studie is ingebed in die uniekheid van eiesoortige stemme, wat deur interdissiplinariteit en kruisinformerings tot 'n geïntegreerde geheel gestel word.

1.2.1 Middelloopbaan-ontwikkeling

Where does discontent start? You are warm enough, but you shiver. You are fed, yet hunger gnaws you. You have been loved, but your yearnings wander in new fields. And to prod all these there's time, the bastard TIME. The end of life is now not so terribly far away – you can see it the way you see the finish line when you come into the stretch – and your mind says, 'Have I worked enough? Have I eaten enough? Have I loved enough?' all of these, of course, are the foundation of man's greatest curse, and perhaps his greatest glory. 'What has my life meant so far, and what can it mean in the time left to me?' (Steinbeck 1954:20)

HOOFSTUK 1 – Middelloopbaan-ontwikkeling

Hierdie aanhaling is verteenwoordigend van die eksistensiële kwessies, wat tydens die middeljare na vore tree. Die uitbeelding van die middeljarige is 'n uitdagende en komplekse taak, omrede die ervaringswêreld van middeljarige volwassenes divers en uiteenlopend van aard is. Ten spyte van die kompleksiteit is Lachman (2004:306) oortuig dat dit wel moontlik is om die middeljare in breë trekke te karakteriseer “given that a key set of issues and challenges emerges during the middle years” (Lachman 2004:306). Die ervaringe van middeljarige volwassenes toon ooreenkomste, hoewel die spesifieke inhoud en hanteringswyses daarvan divers blyk te wees. “Vir 'n lang tyd is dit jou doel. Jy kom daar en jy kyk rondom jou en vra, ‘Wat is volgende?’ Die grootste uitdaging is om geïnteresseerd, ‘alive’ en betrokke te bly. Dit is moeilik om te doen na 20 jaar” (Baldwin, DeZure, Shaw, Moretto 2008:46).

Bogenoemde opmerkings verteenwoordig die breë gevoel van fakulteitslede in die middeljare. Hoewel die fokus van hierdie navorsingstudie nie slegs beperk word tot personeel aan universiteite nie, is die opmerkings en belewenisse van fakulteitslede informierend en beligtend van aard en daarom van toepassing op dié betrokke studie. In die bestudering van middeljarige dosente het verskeie skrywers (Baker-Fletcher, Carr, Menn & Ramsay 2005:3-10; Baldwin & Chang 2006:28-35; Baldwin, DeZure, Shaw & Moretto 2008:46-55) met onder andere twee vrae geworstel, naamlik: Wat ervaar dosente wat die middeljare bereik het, en watter ondersteuning bied die universiteit aan diegene in die middelloopbaanfase?

Vervolgens word kortliks na die eerste vraag aangaande die ervaringsveld van fakulteitslede gekyk. Dit blyk dat die middelloopbaan 'n fase van verwarring en herevaluering, met definitiewe vrae verteenwoordig, naamlik: Wat nou? Wat doen ek volgende? Waarvoor gaan ek onthou word? Daar is ook verder 'n toenemende behoefte om die persoonlike en professionele lewe te balanseer. Onduidelike doelwitte en loopbaanpad bemoeilik ook die beantwoording van die vraag: Wat doen ek tot en met aftrede (Baker-Fletcher, Carr, Menn & Ramsay 2005:3-4; Baldwin & Chang 2006:28; Baldwin, DeZure, Shaw & Moretto 2008:49-52)?

HOOFSTUK 1 – Middelloopbaan-ontwikkeling

Verdere kwessies wat bydra tot verhoogde druk en gevolglik stres, asook die afname van energievlakke, behels kortliks die volgende (Baker-Fletcher, Carr, Menn & Ramsay 2005:5-6; Baldwin, DeZure, Shaw & Moretto 2008:50,52):

- Toenemende werkslading;
- Leierskapsrolle in die werkplek, skool, kerk en gemeenskap;
- Om mededingend te bly en nuwe tegnologie baas te raak;
- Ouerskap en die versorging van ouer generasies;
- Fisiese afname in veranderende liggaamsfunksies en gesondheidskwessies;
- Dood van familie en vriende;
- Veranderende verhoudings weens generasiegaping.

Op die tweede vraag, rakende ondersteuning vir diegene tydens die middelloopbaanfase is Baldwin en Chang (2006:28) dit eens dat “faculty in the middle years are taken for granted and expected to fend for themselves as they carve a path into the uncharted middle years of the academic career.” Hierdie skrywers is verder van mening dat dosente in die middeljare aandag en ondersteuning verdien vanweë hulle kritiese rol en bydrae tot hulle instelling (Baldwin & Chang 2006:28).

Voorgestelde ondersteuningsmoontlikhede word slegs kortliks genoem en behels die volgende (Baldwin & Chang 2006:30-31; Baldwin, DeZure, Shaw & Moretto 2008:53-54):

- Formele en informele mentorskapprogramme en ook wedersydse mentorskapprogramme;
- Programme vir loopbaanbeplanning en –ontwikkeling;
- Programme, wat ondersteuning bied ten opsigte van die verbetering van onderrig- en navorsingsvaardighede;
- Beloning en erkenning.

Uit die bestudering van ander vakdisiplines blyk dit dat mans en vroue in die middelloopbaanfase met soortgelyke kwessies worstel. Die aanvanklike opwindning

van die vroeë loopbaanfase, gekenmerk deur die vestiging van 'n professionele loopbaan en leergierigheid, het plek gemaak vir 'n meer stabiele, roetine en instandhoudingsmentaliteit (Kimbarow 2004:5). Opmerkings in dié verband is van gespreksgenote, wat later in hierdie hoofstuk as medenavorsers voorgestel sal word.

Die volledige navorsingsmetodologie sal later in dié betrokke hoofstuk, in die afdeling 1.3 Navorsingsoektog, bespreek word. Die navorsing word op 'n postmoderne narratiewe werkswyse aangebied met 'n voortdurende beweging tussen praktyk en teorie waarin aspekte van 'n transversale benadering aan bod gestel word. Die gespreksgenote is verteenwoordigend van die middelloopbaanfase en word toegedeel tot 'n spesifieke ouderdomsgroepering wat onder die sub-afdeling 1.3.1 Medenavorsers, volledig verduidelik sal word.

Wim is 'n veearts (groep 2) van beroep en gevestig in 'n welvarende praktyk. Hy is bekend vir sy uitstekende chirurgiese vermoëns en akurate vaardighede.

Wim, merk: “Ek is vasgevang in dodelik roetine. Die uitdagings is min en die frustrasie is baie.”

'n Soortgelyke opmerking is van Liné, 'n internasionale projekbestuurder (groep 2). Sy is verantwoordelik vir die mediese voordele van werknemers in alle lande waarin die betrokke organisasie operasionaliseer.

Liné sê: “Hoewel ek my werk geniet, is ek dringend opsoek na meer uitdaging en stimulasie.”

Pieter (groep 2) is 'n fotograaf van beroep en besit ook sy eie fotografiese winkel. Dit is 'n familie-besigheid wat hy van sy ouers geërf het.

Pieter, sluit hierby aan met: “Ek voel ek het stagneer, ek is nie op hoogte van die nuutste tegnologie nie.”

HOOFSTUK 1 – Middelloopbaan-ontwikkeling

Die grootste uitdaging vir inligtingstegnologiese bestuurders, volgens Hoffman (2005:40), is die aanleer van nuwe vaardighede gedurende die middelloopbaanfase. Dit is veral geldig as loopbaanvordering en die korporatiewe leer vir diegene in die inligtingstegnologiebedryf van belang is. Mentorskap, die aangryping van leergeleenthede en vaardigheidsontwikkeling is van die voorgestelde ontwikkelingsmoontlikhede ten einde stagnering in positiewe selfbelegging te verander (Hoffman 2005:41).

Melymuka (2008:34-35) het bevind dat vroue in vakdissiplines soos die wetenskappe, ingenieurswese en inligtingstegnologie hul beroepe verlaat, veral gedurende die middelloopbaanfase. Daar is verskeie veranderlikes hiervoor verantwoordelik. Vir doeleindes van hierdie navorsing is die vernaamste veranderlikes die tekort aan mentors en 'n raaiselagtige toekomstige loopbaanpad.

Met die voorafgaande blik op die praktyk, blyk dit dat individue in die middelloopbaan worstel met, en onsekerheid beleef rondom, lewens- en loopbaanvraagstukke. Dit blyk egter ook dat daar ondersteuningsmoontlikhede bestaan, wat moontlik 'n sinvolle bydrae kan lewer tot hierdie herevalueringproses. Ten einde 'n meer volledige beeld van die middelloopbaan daar te stel, is dit belangrik om vir navorsingsdoeleindes die teorie kortliks te bestudeer.

Die middelloopbaanfase veronderstel die ouderdomsgroep van 40 tot 55 jaar oud (Greenhaus, Callana & Godshalk 2010:230). Twee major veranderlikes kenmerk hierdie fase, naamlik die konfrontering van die middeljarigheidskrisis en die behoud van produktiwiteitsvlakke (Greenhaus, Callana & Godshalk 2010:231). Die konfrontering van die middeljarigheidskrisis behels selfondersoek, 'n herevaluering van oortuigings en waardes, heraanpassing by fisiese veranderinge en 'n hersiening van 'n individu se lewenstyl, loopbaanrigting en prioriteite. Dit behels ook 'n herondersoek van ambisie, drome bereik en die belangrikheid van 'n loopbaan (Greenhaus 1987:166; Collins 2005:220; Greenhaus, Callana & Godshalk 2010:230). Die belangrikheid van werk is nie net geleë in die inkomste gegeneer nie, maar dit verskaf 'n lewensraamwerk, 'n afbakening van dae, weke en maande. Dit bepaal ook

mense se interaksie met andere, asook selfagting, identiteit en status in die samelewing (Louw & Ewards 2005:505; Raddon 2005:5-6; Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:428; Whitbourne, 2007:246).

Die tweede veranderlike, die behoud van produktiwiteitsvlakke, konfronteer die gemaksonde rondom vaardigheid. Twee middelloopbaanervaringe kan produktiwiteit affekteer, naamlik die loopbaanplato en loopbaanveroudering. Die loopbaanplato word beskou as 'n tyd in 'n loopbaan waar die waarskynlikheid van addisionele hiërargiese bevordering laag is. Loopbaanveroudering verwys na 'n tekort aan nuwe kennis en werksvaardighede, wat sodoende effektiewe, mededingende, volhoubare funksionering beïnvloed (Kets de Vries 1978:50; Tan & Salomone 1994; Betz 2003:207-209; Bown-Wilson & Parry 2009:76; Werner & DeSimone 2009:415-416; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:233-238). Stagnering en 'n mentaliteit waarin die loopbaan slegs instand gehou word, is 'n bedreiging vir hierdie fase. Vaardighedsontwikkeling word vereis, asook genoegsame outonomie om hierdie nuut aangeleerde vaardighede toe te pas (Greenhaus 1987:166-167; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:233-238).

Die teorie onderstreep die praktyk. Die middelloopbaanfase blyk 'n tydperk van vertwyfeling en bestekopname te wees, soos blyk uit die verdere opmerkings van gespreksgenote. Marié is 'n entrepreneur (groep 1) met verskeie sakebelange waaronder 'n dekor-winkel, finansiële bestuur van haar eie kleuterskool en verhuur van eiendom, geldend is.

Marié, merk: “Ek voel partykeer oorweldig. Ek besef 'n herevaluering van prioriteite word 'n noodsaaklikheid.”

Klara het ook verskeie sakebelange (groep 1) waaronder 'n eie onderneming met die vervaardiging van dekoratiewe staalmeubelment en die inisiëring van kunsmarkte, tel.

Klara, is van mening dat sy tyd benodig om oor haar sakebelange en die lewe te besin, ten einde haar talente te herontdek en “nog meer uit te leef.”

Uit die voorafgaande blyk dit dat die middelloopbaanfase selfondersoek, 'n herevaluering van oortuigings en waardes, 'n toenemende behoefte om die persoonlike en professionele lewe te balanseer, asook 'n hersiening van loopbaanrigting en prioriteite behels. Dit word dus gekarakteriseer deur 'n herevaluering van leefstyl en loopbaanbelewing, wat kan lei tot eise met moontlike mindere of radikale veranderinge. 'n Nuwe leefstyl kan moontlik die uitkoms wees, met spesifieke werksverwante kwessies wat gekonfronteer moet word. Merriam, Caffarella en Baumgartner (2007:199) wys daarop dat ontwikkelingsielkundiges tot sover terug as Jung beweer dat wanneer volwassenes die middelste bereik, 'n inwaartse keer met diepgaande denke oor die betekenis van die lewe en spirituele aspekte van die self plaasvind. Die vraag na betekenis en sinbelewing gedurende die middeljare, en spesifiek tydens die middelloopbaanfase, in samehang met intelligensie wat werknemers na die werkplek bring, asook die volle self, wat 'n spirituele dimensie insluit, behels die integrering van verskeie konstrakte. Vervolgens word die volgende stem in spirituele intelligensie gehoor.

1.2.2 Spirituele intelligensie

Skrywers vind dit moeilik om spiritualiteit in een werkbare en aanneemlike definisie saam te vat (Miller 2000:6; West 2000:7; Carette & King 2005:31). Elke akademiese veld, wat deur spiritualiteit kruisbestuif word, definieer die term op 'n eiesoortige wyse. Die term bied weerstand teen 'n presiese definiëring, enersyds vanweë die verskeidenheid wyses waarop dit aangewend word, en andersyds vanweë die geskilpunt binne dissiplines in 'n poging om dit binne 'n definitiewe raamwerk te plaas. Die diversiteit van opinies verryk die verstaan daarvan, maar bring ook verwarring en frustrasie mee.

In dié verband glo Mohamed, Wisnieski, Askar en Syed (2004:103) dat die moeilike definieerbaarheid en menigvuldigheid van definisies normaal en na verwagting is vir 'n domein in die kinderskoene van ontwikkeling. Vir Neal (1997:123) lê die problematiek rondom die definiëring van spiritualiteit in 'n poging om ervaring en eksistensie te

objektiveer en kategoriseer, terwyl dit in wese subjektief en nie kategoriseerbaar is nie. Gespreksgenote se begrip van spiritualiteit is divers en uiteenlopend.

Scott, is 'n ingenieur van beroep en behoort tot die ouderdomsgroepering van die tweede groep. Hy leef sy leierskapsvaardighede uit in die gemeenskap en kerk waar hy betrokke is.

Scott, is van mening dat spiritualiteit gelyklopend met 'n mens se verhouding met God is. "Spiritualiteit is 'n emosie. Ek ervaar God in die kerk wanneer 'n kind gedoop word."

Mareli leef haar uit in haar beroep as musiekonderwyseres (groep 2). Sy behoort tot 'n omgee-, sowel as 'n bybelstudiegroep wat sy as 'n 'veilige hawe,' beskryf.

Mareli sê: "Die term was vir my aanvanklik onbekend. Dit gaan vir my om 'n totale lewenswyse. God se totale betrokkenheid by jou daaglikse lewe – van jou opstaan tot jou gaan slaap – Hy is daar vir jou."

In die lig van die voorafgaande, gedagtig aan die navorsing van Mohamed, Wisnieski, Askar en Syed (2004:103) word tot die slotsom gekom dat verskeie skrywers van mening is dat spiritualiteit tot vyf dimensies behoort, naamlik 1) oortuigings, houdings en persepsies; 2) transendentale ervaringe; 3) sin en betekenis vir menslike bestaan; 4) geloof in die paranormale; en 5) religieuse gedrag en praktyk.

Dit is dus duidelik dat die definisies meer onvoltooid as foutief is. Elke definisie fokus op 'n faset van spiritualiteit. Al die fasette saamgevoeg, is dus 'n aanduiding dat spiritualiteit 'n multidimensionele fenomeen is (Miller 2000:6).

Die onderwerp "spiritualiteit in die werkplek" geniet tans wêreldwyd aandag en is besonder aktueel. Die aantal boeke, tydskrifte, webwerwe en beeldmateriaal tans beskikbaar aangaande werkplekspiritualiteit is bevestigend daarvan. Organisatoriese konsultante besef die waarde wat werkplekspiritualiteit aan kliënte bied, met

opleidingseminare en afrigting omtrent die tema as 'n uitvloeisel hiervan (Cavanagh 1999:186; Hicks 2003:27; Mohamed, Wisnieski, Askar & Syed 2004:102; Giacalone, Jurkiewicz & Fry 2005:515-516; Smith 2006:14; Van der Walt, Du Plessis & Barker 2006:264; Marques, Dhiman & King 2007:8; Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:199-200).

Die ontwikkeling van korporatiewe belangstelling in spiritualiteit word nie as 'n tendens beskou nie, maar as 'n beweging. Spiritualiteit in die werkplek is nie 'n enkele of eenmalige, georganiseerde beweging nie. Dit is 'n basisbeweging met verskuifde klem na werk as betekenisvol en sinvol (Hicks 2003:27; Smith 2006:6). Werknemers is op soek na sin en betekenis in die werkplek en streef na 'n eenheid in visie, wat veel meer as slegs die maak van geld behels (Van der Walt, Du Plessis & Barker 2006:264). Smith (2006:1) sluit hierby aan deur te beklemtoon dat dit vir werkers van belang is dat hulle spiritualiteit in die werkplek verwelkom word. Die rede daarvoor aangevoer is dat hulle eenheidsweses is met spiritualiteit as 'n vergestaltende komponent.

Met die voorafgaande in gedagte wonder ek of die strewe na sin en betekenis binne 'n organisatoriese opset moontlik met spirituele intelligensie in verband gebring kan word? My vraag word bevestigend geantwoord deur Zohar en Marshall, die skrywers van die titels, "Spiritual intelligence" (2000) en "Spiritual capital" (2004). Hulle is van mening dat die soeke na betekenis en sinbeleving moontlik met spirituele intelligensie in verband gebring kan word. In aansluiting by die voorafgaande is ook ander skrywers wat die moontlikheid om spiritualiteit as 'n tipe intelligensie te beskryf en te begryp, onderstreep (Emmons 1999; 2000a; Kwilecki 2000; Hyde 2004; Adams & Hyde 2008).

Ten einde 'n totaliteitsblik daar te stel is dit nodig om kortliks verskillende vorme van intelligensie in oënskou te neem. Dit sal in hoofstuk 4 onder die sub-afdelings 4.4.1 – 4.4.4, in meer besonderhede bespreek word.

Verstandelike aktiwiteite vereis intellektuele vermoëns. Intelligensie word beskou as “’n enkele, unitêre, oorgeërfde kenmerk, ’n vaste standaardmaatstaf wat op een of ander manier sinoniem is met taalkundige en logiese of wiskundige vermoëns” (Leaf 2005:4). Dit word deur Zohar (2005:46) beskou as rasionele, logiese, probleemoplossende en doelwitgeoriënteerde denke. Intelligensie gaan dus om die verstandelike vermoë om kennis te verkry en toe te pas, wat beide potensieel en aktueel van aard is. Dit veronderstel ook intelligensie as ’n meetbare konstruk (Atchley & Barusch 2004:107; Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:362; Hayslip, Panek & Patrick 2007:55-56; Whitbourne 2007:175). Die intelligensiekwasiënt-benadering (IK) is vroeg in die twintigste eeu deur Francis Galton ontwerp en is getoets deur die Stanford-Binet Intelligensieskaal te gebruik. Dit is aanvanklik ontwerp om die verstandelike vermoëns van kinders te evalueer (Sternberg 1990:79; Eysenck 1998:17-18; Erber 2005:218; Leaf 2005:4; Louw & Edwards 2005:316). Dit is opgevolg deur die ontwikkeling van ander intelligensie-toetse soos die Wechsler Volwasse Intelligensieskaal (WAIS), die Kaufman Adolescente en Volwasse Intelligensietoets (KAIT) en die Primêre Verstandelike Vermoënstoets (PMA) vir die toetsing van spesifiek volwasse intelligensie (Sternberg 1990:80-82; Erber 2005:223; Louw & Edwards 2005:314-318; Hayslip, Panek & Patrick 2007:56-57; Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:364-165; Whitbourne 2007:176; 180-181).

Die gespreksgenote is van mening dat hulle nie ’n afname in eie intellektuele vermoëns beleef gedurende die middeljarige lewensfase nie. Inteendeel, die opmerkings gemaak betreffende intellektuele vermoëns blyk positief van aard te wees.

Bruwer, ’n landboukundige en ook ’n afrigtingskliënt wat in hoofstuk 5 in meer besonderheid voorgestel sal word, behoort tot die tweede ouderdomsgroepering. Hy word as kundige beskou ten opsigte van sy vakgebied.

Bruwer merk in die verband dat hy ’n hoogtepunt wat intellektuele vermoëns betref, beleef: “Ek het soveel meer insig en kan my ervaringe en

kennis beter as ooit integreer. Dit is tot absolute voordeel van my werk en my persoonlike lewe.”

Carina is 'n finansiële bestuurder (groep 1) met 'n oggendpos by 'n kerklike instelling. Die swaarkry en seer van haar medemens lê haar na aan die hart en is sy aktief by noodverligting betrokke.

Carina, sê: “Ek het lewenservaring bygekry en pas dit toe in alles wat ek doen en aanpak.”

Klara, die entrepreneur (groep 1) is van mening dat haar sakebedrywighede, haar kennis rakende alle aspekte van besigheidsbestuur verbreed het. Daarmee saam het die poging tot die balansering van 'n familie en beroepsbeoefening bygedra tot verdere lewenservaring.

Klara sluit by Carina aan met: “Nou kan ek uit eie ondervinding vir ander mense raad gee – met selfvertroue, want ek het die pad gestap. Ek het veranderde insig en beleef dat my leerervaringe vir my ander wêreld oopmaak.”

Teoretici, wat 'n alternatiewe sienswyse omtrent intelligensie handhaaf, beskou dit as 'n kombinasie van biologiese, psigologiese, sosiale en kulturele lewenservaringe en omgewingsfaktore. Hiërdie groep redeneer dat intelligensie uit veelvoudige domeine bestaan, waar interaksie tussen die verskillende perspektiewe begryp moet word. Daarom dat Johnson (2006:41) se opmerking aangaande die uitgebreide siening omtrent intelligensie, wat individue nie as meer intelligent of minder intelligent beskryf nie, maar eerder as “intelligent in different ways,” van groot waarde is.

In die bespreking van alternatiewe sienswyses rondom intelligensie rus die fokus op twee verskillende beskouings in die verband, naamlik Howard Gardner se teorie van meervoudige intelligensie en Daniel Goleman se teorie van emosionele intelligensie.

Dit word in hoofstuk 4, in die sub-afdeling 4.4.3, meer volledig aangebied en vervolgens slegs kortliks belig:

➤ Gardner se teorie van meervoudige intelligensie

Gardner identifiseer agt verskillende soorte intelligensie: linguisties, logies-wiskundige, ruimtelik, musikaal, liggaams-kinesteties, interpersoonlik, intrapersoonlik en naturalisties (Gardner 1983:277-279; 1999:41-44; Erber 2005:209; Louw & Edward 2005:311; Johnson 2006:42). Hy wys daarop dat al agt intelligensies in enige aktiwiteit teenwoordig kan wees. Binne 'n betrokke kultuur kan sekere van die intelligensies meer ontwikkel wees ten opsigte van spesifieke beroepe of areas van funksionering (Gardner 1999:82-83).

➤ Emosionele intelligensie van Goleman

Goleman is oortuig dat emosionele intelligensie dié major bepaler van lewensukses is. Ingesluit in sy model is vermoëns, wat in vyf dimensies gekategoriseer kan word, naamlik selfbewustheid, die bestuur van emosies, self-motivering, empatie en sosiale vaardighede (Goleman 1995:43-44; Robbins 2001:109; Johnson 2006:43-44).

Daar moet in gedagte gehou word dat die skopus van dié betrokke navorsingswerk spirituele intelligensie behels. Spirituele intelligensie veronderstel 'n nuwe domein vir intellektuele aksie. Volgens Zohar (2005:46) ondervang spirituele intelligensie (SI) beide die intelligensiekwasiënt (IK) en emosionele intelligensie (EI). Sy verwys na spirituele intelligensie as:

An ability to access higher meanings, values, abiding purposes, and unconscious aspects of the self and to embed these meanings, values, and purposes in living a richer and more creative life (Zohar 2005:46).

Twaalf benaderings word geïdentifiseer, wat spirituele intelligensie verder onderskei en kan versterk, naamlik selfbewustheid (dit verskil van emosionele intelligensie), spontaniteit, visie en waarde oriëntasie, holisme, medelye, viering van diversiteit, veld-onafhanklikheid, fundamentele vraagstelling, vermoë om te herbedink, konstruktiewe

gebruik van diversiteit, nederigheid en roepingsbewustheid (Zohar 2004:40-44; 2005:46-50). Dié benadering word ter wille van verdere omskrywing, getabuleer in tabel 4.4 aangebied. Zohar en Marshall (2004:119) meen dat in die beoefening van hierdie kwaliteite, die vermoë geleë is om die hele brein te gebruik, om die diepste betekenis en doel uit te leef en om 'n eie lewe te transformeer.

Emmons (2000a) het die navorsing verder gestimuleer met die vraag of spiritualiteit wel as 'n intelligensie omskryf kan word. Die rasionaal wat hy bied ten opsigte van die skryf van die artikel is om gesprek en debat uit te lok aangaande die legitimiteit van spirituele intelligensie as konsep (Emmons 2000a:3-4). Drie kommentatore (Gardner 2000; Mayer 2000; Kwilecki 2000) het verliggende en uitdagende response gelewer, met insig en kritiek wat onduidelikhede verhelder het. Dit geniet in hoofstuk 4, in die sub-afdeling 4.4.4 genaamd die 'intelligente' debat, volledige aandag.

Betekenis en sinbeleding, intelligensie en spiritualiteit is onderskeibare konsepte. Saamgevoeg vorm dit 'n geïntegreerde geheel. Hierdie geïntegreerde geheel kan moontlik veronderstelde positiewe ontwikkeling tydens die middelloopbaanfase bied. Verskeie navorsers wonder oor die rol wat intelligensie en spesifiek, spirituele intelligensie kan speel ten einde die beleding van spirituele groei, spiritualiteit en spirituele ervaring moontlik te maak (Tischler, Biberman & McKeage 2002:211; Wink & Dillon 2002:81; Kinjerski & Skrypnek 2008:326). Wanneer by die definisie van Zohar (2005:46) stilgestaan word, lei dit my tot die afleiding dat die ontwikkeling van spirituele intelligensie moontlik antwoorde kan bied tot 'n meer sinvolle ervaring tydens die verwarrende middelloopbaanfase. Die volgende vraag wat vra om beantwoord te word, is: Kan lewenstylafrigting deur middel van 'n fasiliteringsproses 'n moontlike bydrae lewer?

1.2.3 Lewenstylafrigting

Afrigting (coaching) is 'n benadering wat toenemend groei in gewildheid in verskeie lande. Dit sal na verwagting voortgaan om vinnig uit te brei (Hamlin, Ellinger & Beattie 2009:13). Afrigting en afrigtingsielkunde bied 'n potensieële platvorm vir die fasilitering

van individuele, organisatoriese en sosiale verandering (Grant & Cavanagh 2007b:239). Dit blyk dat die publiek 'n dors het vir tegnieke en prosesse, wat lewenservaring sal verhoog en persoonlike ontwikkeling sal fasiliteer (Wolcott 2001:11; Grant 2003:253; Rice 2007:501-503). Weens die nuutheid en onbekendheid van dié konsep word daar vir 'n oomblik stilgestaan vir 'n meer diepgaande ondersoek.

Tot en met die laat 1980's was die term "afrigting," en die literatuur daaromtrent, hoofsaaklik beperk tot die studie van sportprestasieverhoging (Spence 2007:260; McCluskey 2008:266). Praktisyns in drie velde, naamlik besigheidskonsultering, berading en psigoterapie, en persoonlike groeibeweging, het behoeftes ontwikkel rakende visie, kernwaardes, doelwitbereiking, spanbou, ensovoorts. Afrigting was die moontlike antwoord, aangesien dit proaktiewe, visionêr-gedrewe, groei-oriëntasie en lewensvolheid, veronderstel. Thomas Leonard het hierdie konsep verder uitgebrei en word beskou as die "vader" van lewenstylafrigting. In 1994 stig hy die International Coach Federation (Wolcott 2001:11; McCluskey 2008:266). Die afrigtingsbedryf, en spesifiek lewenstylafrigting, het sedert 1998 beduidend gegroei en geniet wydverspreide aandag onder die populêre Westerse media (Grant 2003:254). Honderde nuwe publikasies en ontwikkelingsprogramme dien as bewys hiervan (Dembkowski, Eldridge & Hunter 2006:13; Grant 2006:15-16; Spence 2007:256; De Haan 2008:21; Lane, Stelter & Rostron 2010:257). Die vinnige groei van afrigting as domein, is volgens Orem, Binkert en Clancy (2007:xv) 'n aanduiding van die fundamentele behoefte van mense om die lewe en werk meer betekenisvol, gebalanseerd en holisties te maak. Afrigting word tans geassosieer met elke veld van persoonlike en professionele strewe. Afrigtingsdienste hanteer eksplisiet 'n wye verskeidenheid kwessies omtrent veelvoudige lewensterreine, byvoorbeeld loopbaanrigting, kreatiwiteit, aftreebeplanning, streshantering, spiritualiteit, ouerskap, finansiële aangeleenthede en besigheidsontwikkeling (Spence 2007:260).

Die terme afrigting, en meer spesifiek lewenstylafrigting, word in verband gebring met ander dissiplines, wat tot gevolg het dat dit veranderend gebruik word. In die werkplek kan daarna verwys word as werkplekafrigting en doelwit-gefokusde afrigting (Grant &

Cavanagh 2007a:751-752). Die fiksheidsbedryf noem dit ook welsynsafrigting (Williams 2006:64-65). Op navorsingsvlak word daarna verwys as bewysgebaseerde afrigting. Die voortdurende groeiende afrigtingsbedryf is afhanklik van gehalte afrigtingsopleiding en diens gelewer deur afrigtingspraktisyns. Met die ontwikkeling van hierdie bedryf, volwassewording en beweging tot professionaliteit is daar 'n toenemende oproep tot die beklemtoning van bewysgebaseerde benaderings tot afrigting. Bewysgebaseerde afrigting verwys na die "intelligent and conscientious use of best current and relevant scientific knowledge integrated with practitioner expertise in making decisions about how to deliver coaching to coaching clients, and in designing and teaching coach training programs" (Grant 2008:54). Afrigting is 'n wye omskrywing vir 'n spesifieke benadering tot die fasilitering van persoonlike groei en optimale menslike funksionering.

Lewenstylafrigting word gedefinieer as 'n kollaboratiewe, oplossing-gefokusde, resultaatgeoriënteerde en sistematiese proses, waartydens die afrigter die verhoging van lewenservaring en doelwitbereiking in die persoonlike en/of professionele lewe van normale, nie-kliniese kliënte fasiliteer (Grant 2003:254; Spence & Grant 2007:186). Afrigting word ook beskou as 'n voortdurende vennootskap tussen 'n afrigter en 'n kliënt, met die fokus op die aksienemende kliënt ten einde visies, doelwitte en begeertes te realiseer (McCluskey 2008:266).

Lewenstylafrigting gaan dus om 'n verhouding tussen 'n afrigter en 'n kliënt, met die bereiking van persoonlike ontwikkelingsuitkomst as doel. Afrigting is dialooggebaseerd, maar aksie-georiënteerd. Dit sluit beide 'praat' en 'doen' in. Afrigters bespoedig doelwitbereiking deur individue met die ontwikkeling en implementering van oplossings te help. Die rol van die afrigter as fasiliteerder van oplossings word beklemtoon by die aanwending van oplossing-gefokusde tegnieke, waartydens die kliënt sy/haar eie persoonlike sterkpunte en hulpbronne benut (Spence & Grant 2007:186).

Om die verskil tussen afrigting en ander benaderings te verstaan, is dit nodig om die verwante konsepte soos leierskap, berading, opleiding, konsultering en mentorskap te

vergelyk. Tabel 1.1 voorsien 'n verduideliking van hierdie benaderings, asook plek van oorsprong (Meyer & Fourie 2004:7-8).

Tabel 1.1: Afrigting en ander benaderings

Konsep	Oorsprong	Definisie
Leierskap	Bestuurs- en Gedragswetenskappe	Die vermoë om ander te inspireer en hul gedrag te beïnvloed sodat hulle 'n bydrae tot die organisasie se doelwitte kan lewer.
Bestuur	Bestuurswetenskappe	Die proses van beplanning, organisering, leiding en beheer om die organisasie se doelwitte op die mees effektiewe en doeltreffende manier te bereik.
Berading	Sielkunde	'n Tweerigting verhouding tussen 'n berader en 'n individu waar die berader die individu help om hindernisse na prestasie en verwesenliking te oorkom.
Opleiding	Opvoedkunde	Voorsien vaardigheidsontwikkeling sodat werknemers meer werksdoeltreffend sal funksioneer.
Konsultering	Bestuurswetenskappe	'n Proses waar 'n gespesialiseerde konsulteringsdiens aan 'n kliënt verskaf word, om 'n oplossing vir 'n spesifieke werkplekprobleem of -kwessie te vind.
Mentorskap	Mitologie	'n Dinamiese en wedersydse verhouding in 'n werksomgewing, waar 'n meer gevorderde en wyse ampsdraer 'n minder ervare persoon met ontwikkelingspotensiaal help om in spesifieke areas te ontwikkel.
Afrigting	Sport	Die sistematiese beplande en direkte leiding van 'n afrigter aan 'n individu of groep om sekere vaardighede te ontwikkel, wat toegepas kan word in die werkplek vir prestasiebevordering.

Dit is belangrik om daarop te let dat afrigting nie terapie behels nie. Afrigting hanteer nie kliniese kwessies nie. Terapie word gebaseer op 'n reaktiewe model, waar die verlede blootgelê word ten einde die teenswoordige te verbeter. Lewenstylafrigting daarenteen is proaktief, beginnende met die teenswoordige om sodoende 'n gefokusde toekomsblik te verkry. Terapie behels heling en kwessies rondom gebrokenheid, terwyl afrigting persoonlike groei, heelheid (wholeness) en 'n reis na lewensvervulling veronderstel (Williams 2006:64-65; Kolbaba 2007:44; Spence & Grant 2007:186; McCluskey 2008:267-268).

Lewenstylafrigting is nog in die kinderskoene. Daar is min empiriese navorsing omtrent die effektiwiteit van lewenstylafrigting (Grant 2003:254). Afrigting is 'n praktyk met 'n onbeperkte skopus, en 'n tekort aan teoretiese grondslag en betekenisvolle akkreditasie. Verdere ontwikkeling is noodsaaklik vir 'n empiriese basis (Seligman 2007:266). Seligman (2007:266) is van mening dat dié nuwe dissipline aan positiewe sielkunde die nodige wetenskaplike, bewysgebaseerde en teoretiese ondersteuning kan bied. Vanweë die interdissiplinariteit van lewenstylafrigting word dit ook met ander dissiplines in verband gebring en nagevors.

Aangesien lewenstylafrigting 'n interaktiewe proses is, gebruik die afrigter 'n verskeidenheid vaardighede en tegnieke om die kliënt aan te spoor tot leer en ontwikkeling, met die oog op persoonlike prestasieverbetering en doelwitbereiking. Hier word slegs kortliks verwys na van die tegnieke en modelle, wat meer volledig in hoofstuk 5 aangebied word. Dié tegnieke behels breinkaarte, visualisering, doelwitstelling, oop vraagstelling, dinkskrumms en ander aksie-georiënteerde metodes (Hawksley 2007:35). Verskeie modelle word as leerhulpmiddels tydens die afrigtingsproses aangewend (Grant 2003:255; Hawksley 2007:35; Spence & Grant 2007:189; Pointon 2008:4-7).

Die veld van afrigting is jonk en multidissiplinêr van aard. Daarom kan dit ten slotte beskryf word as 'n ontluikende dissipline, waar afrigtingspesifieke teorie en bewysgebaseerde praktyk 'n reuse uitdaging aan akademici, navorsers en praktisyns bied (Grant en Cavanagh 2007b:241).

1.2.4 Praktiese teologie

Practical theology is an intricate and complex enterprise... the common theme that holds practical theology together as a discipline is its perspective on, and beginning-point in, human experience and its desire to reflect theologically on that experience (Swinton & Mowat 2006:v).

Ter inleiding en in reaksie op dié opmerking, getuig 'n gespreksgenoot van 'n eie geloof en die praktiese implikasie daarvan vir haar. Rentia is 'n biokinetikus van beroep en behoort tot die eerste ouderdomsgroep. Sy is geliefd onder haar pasiënte en wil graag 'n wesenlike verskil in ander se lewens meebring. Sy beskou haar beroep as bedieningsveld en leef haar geloofsoortuigings prakties uit.

Rentia sê: “Angs was iets wat my in my jonger dae geteister het en een van die wonderlike insigte waartoe ek gekom het (al het ek dit altyd geglo en bely) is dat my God wêrklik in beheer is en dat my angstigheid totaal onnodig is. Dit het van dogma na praktyk verander.”

Praktiese teologie word as “an exciting, vibrant, multidisciplinary way of doing theology” beskryf (Browning 2000:9), wat 'n besliste breek met ouer modelle van praktiese teologie toon (Osmer 2008:ix). 'n Nuwe begrip en ontwikkeling het in die praktiese teologie sigbaar geraak en word beskryf as “constructs action-guiding theories of Christian praxis in particular social context” (Osmer 2006:328). Vier kerntake word geïdentifiseer (Osmer 2006:328-329; Osmer & Schweitzer 2003:1-4; Osmer 2008:4-12), wat volledig in hoofstuk 2 beskryf word. Die vier take is kortliks die volgende:

- **Die deskriptiewe-empiriese taak**

Hierdie taak handel met die vraag: Wat gaan aan of wat gebeur? Dit wil inligting versamel ten einde patrone, spesifieke episodes, situasies en kontekste te kan konstrueer (Osmer 2008:4-5).

- **Die interpreterende taak**

Dit vra die vraag: Hoekom gebeur dit (Osmer 2006:329)? Dié taak het ten doel om empiriese navorsing in 'n omvattende verklarende raamwerk te plaas (Osmer & Schweitzer 2003:3).

- **Die normatiewe taak**

Die vraag hier van belang is: Wat behoort te gebeur (Osmer & Schweitzer 2003:3; Osmer 2008:4)? Dit is juis hier waar praktiese teologie tot die gesprek met ander teologiese en etiese dissiplines toetree.

- **Die pragmatiese taak**

Hiérdie taak handel met die vraag: hoe kan gereageer word (Osmer & Schweitzer 2003:4; Osmer 2008:4)? Dit wil aksiestrategieë bepaal, wat 'n nadenkende dialoog sal fasiliteer (Osmer 2008:4).

Die onderlinge invloedryke verhouding van hierdie vier take kan in die beeld van 'n hermeneutiese sirkel gekonseptualiseer word, waar elkeen van die take deel is van 'n groter, interverwante geheel. Osmer (2006:330) stel dit duidelik dat hoewel ander velde een of twee van die take ten uitvoer bring, dit slegs praktiese teologie is wat al vier take beoefen.

Cilliers (2009:628) redeneer dat praktiese teologie te make het “met die praxis van God se heilshandeling, wat in bepaalde ontmoetingsgestaltes na vore tree. Praktiese teologie bestudeer die wyse waarop mense uit hierdie ontmoetingsgestaltes sin probeer maak – daarom rus dit op 'n eksistensiële hermeneutiek.” Die pastoraat veronderstel ook ontmoetingsgebeure. Die basiese vertrekpunt van teologie het, volgens Louw (1999a:30), te make met die verstaan en verheldering van die verhouding, God en mens. Die pastoraat is hierby betrokke in die vorm van ontmoetingsgebeure, waar die term ontmoeting 'n wedersydse en wederkerige kontak en dialoog tussen God en mens impliseer (Louw 1999a:35).

Ten einde 'n interdisiplinêre gesprek in praktiese teologie te fasiliteer word drie moontlike modelle onderskei, naamlik die korrelasie, die transformasie en die transversale benadering (Osmer 2006:339-342; 2008:164-173):

- **Die korrelasie benadering**

Die korrelasie model poog om die dialoog tussen teologie en ander domeine as een van wedersydse invloed (“mutual influence”) uit te beeld (Osmer 2008:164).

- **Die transformasie benadering**

Die transformasie model wil die dialoog tussen teologie en ander domeine uitbeeld as 'n gesprek tussen mense wat verskillende tale praat. Dit is 'n saak van transformering om sodoende dit wat van ander velde geleer word in 'n ander dissiplinêre konteks te plaas (Osmer 2008:168).

- **Die transversale benadering**

Die transversale model veronderstel 'n dinamiese begrip rakende die verhouding tussen dissiplines. Transversaliteit word beskou as persoon- en perspektiefespesifiek, waar dit areas van oorvleueling en divergensie in 'n dialoog tussen spesifieke mense of perspektiewe ondersoek (Osmer 2008:172).

Ten opsigte van hierdie studie word van die veronderstelling uitgegaan dat die laaste benadering, naamlik die transversale benadering, waarskynlik die beste wyse sal bied om die diskoers tussen praktiese teologie en die ander gespreksgenote te akkommodeer.

Die moontlikheid en die uitkoms van 'n interdisiplinêre gesprek tussen verskillende domeine, eis die noodigheid van die beskrywing van my eie prakties-teologiese plasing, asook die daarstel van 'n werkswyse, wat tot die verdiskontering van sulke perspektiewe kan lei. In dié navorsing kies ek 'n “postfoundational” praktiese teologie, binne die ruimte van postmoderniteit, met transversale rasionaliteit as werkswyse. Müller (2008:887) stel dit dat 'n “postfoundational” praktiese teologie na die gemeenskaplike in die menslike denkprosesse soek, ten einde 'n goed-verantwoorde

epistemologie daar te stel, wat die toets van intergroepgesprekvoering kan deurstaan. Hierdie verwysingsraamwerk en epistemologie word volledig aan bod gestel in hoofstuk 2.

Die pastorale ontmoeting word beïnvloed deur die beskouing wat die navorser jeens die mens handhaaf. Daarom dat Louw (1999a:152) van mening is dat die grondliggende beskouing van die mens bepalend is vir enige beleid of strategie. In die formulering van 'n antropologie vir doeleindes van hierdie studie, wil ek aansluit by Van den Berg (2008:122) wat kies vir 'n beliggaamde siel en 'n besielde liggaam antropologie.

Die pastoraat het ten doel om begrip van God met reële menslike ervarings te verbind sodat eksistensiële sin ontdek mag word (Louw 1999a:3). Dit gaan om die fasilitering van betekenis en sinbeleving in 'n poging om eksistensiële vraagstukke te kan beantwoord. Hierdie spirituele betekenis- en sinbeleving word in die lewe van 'n gespreksgenoot gedemonstreer.

Lizette is 'n onderwyseres in die begin van die middeljarefase (groep 1), wat haarself in die vasgeloopte situasie van 'n verbreekte verlouing bevind het. Aanvanklik was sy in 'n donker put van ellende, met herevaluerende vrae aan haarself gerig. Dit het gelei tot die helder deurbreek van insig en sinbeleving. Lizette is 'n afrigtingskliënt wat in hoofstuk 5 meer volledige voorstelling geniet.

Sy merk: “Ek wil nie kompromieë aangaan nie... my lewe lank wonder ek wie my trouman gaan wees... ek wou só graag die verhouding maak werk, totdat ek beseft het my waardestelsel verskil van hierdie man s'n en ons gaan mekaar nooit in die saak ontmoet nie. Ten spyte van die seer, ervaar ek vrede in my gemoed met die vaste wete, ek het die regte besluit geneem.”

1.3 NAVORSINGSOEKTOG

Die woord navorsing is afgelei van die ou Franse woord *cerchier*, wat beteken om te soek. 'n Soektog geskied hoofsaaklik om drie redes, aldus Ariola (2006:2):

- vir groter klaarheid en meer verduideliking;
- bewysbaarheid van die waarheid;
- om nuwe ontdekkings te maak.

Hierdie navorsing gaan om 'n soektog in 'n poging om 'n nuwe libretto te skryf, en nuwe ontdekkings met bepaalde perspektiewe te maak. Daar is voortdurende beweging in dié navorsing – vanaf die eerste bedryf tot die laaste en vyfde bedryf – wat nie net aansluit by die metafoor van 'n opera nie, maar ook dui op 'n bepaalde interdisiplinêre gesprek tussen verskillende domeine. In die navorsingsoektog word aansluiting gevind by Browning (1991:84), wat 'n voortdurende en sirkulêre beweging tussen praktyk-teorie-praktyk veronderstel. Dit handel met 'n ABDCE-navorsingsmodel, omrede dit verder vanuit 'n narratiewe geïnformeerde werkswyse ontwikkel is (Müller 2001:64-70; Müller, Van Deventer & Human 2001:78-88). Hierdie werkswyse veronderstel nie 'n tradisionele ontwerp, waar liniêre belyning in terme van probleemformulering, doelwitstelling en vooropgestelde oplossings die navorsing lei nie. Die navorsingsproses word gelyk gestel aan die skryf van 'n storie, of die skep van 'n boek; in dié geval, die skryf van 'n operateks of libretto. Dit sluit die stories van navorsingsgenote in, waar dit nie gaan om die nabetrugting op die stories nie, maar “always a new writing” (Müller, Van Deventer & Human 2001:87). Navorsing skep 'n eie storie, met nuwe moontlikhede, wat “oop eindes” veronderstel vir die stimulering van 'n nuwe storie en nuwe navorsing (Müller, Van Deventer & Human 2001:87).

Hierdie studie word vanuit 'n postmoderne, sosiale konstruksie-diskoers onderneem. Dit gaan om 'n “gedeelde konstruk binne 'n interpreterende gemeenskap” (Müller 1996:33). Die navorsing word binne die narratief-hermeneutiese navorsingsbenadering geplaas en die keuse word gemaak om kwalitatiewe navorsing te gebruik.

1.3.1 Metodologiese werkswyse

Metodologie kan beskou word as 'n vorm van aksieles ("action reading") en, meer spesifiek, as 'n aksie repertoire ("action repertoire"), waar dit nie net om "doing research" gaan nie, maar eerder om "acting", wat aksie en beweging veronderstel (Jonker & Pennink 2010:22). In navorsing kan onderskeid getref word tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes. Hiërdie navorsingstuk kies spesifiek om van kwalitatiewe metodes gebruik te maak, omrede dit die beste geleentheid bied om wedersydse ingeligtheid tussen gespreksgenote te bewerkstellig. Hierdie besluit sal met die verloop van die studie verhelder word.

Die kwalitatiewe navorsingsveld gaan om "oop eindes," wat die presiese definieerbaarheid van die begrip bemoeilik (Denzin & Lincoln 1998:5; Swinton & Mowat 2006:29). Die voorafgaande word verder versterk deur die opmerking van Denzin en Lincoln (2005:xv) dat: "The open ended nature of the qualitative research project leads to a perpetual resistance against attempts to impose a single umbrella-like paradigm over the entire project."

Kwalitatiewe navorsing is 'n ondersoekveld in eie reg. "It crosscuts disciplines, fields, and subject matter" (Denzin & Lincoln 1998:2). Kwalitatiewe navorsing omvat komplekse, interverwante terme, konsepte en veronderstellings. Ten einde oriëntasie in dié komplekse veld te vergemaklik, kan in aansluiting by Denzin en Lincoln (1998:3) gesê word dat: "Qualitative research is multimethod in focus, involving an interpretive, naturalistic approach to its subject matter."

Kwalitatiewe navorsing benut verskeie metodes en benaderings, wat die navorser in staat stel om die sosiale wêreld te kan ondersoek in 'n poging om die unieke wyses waarop individue en gemeenskappe dit bewoon, te verstaan. Daarom veronderstel dit dat die mens uiteraard vertolkende wesens ("interpretive creatures") is (Swinton & Mowat 2006:29). Kwalitatiewe navorsing wil 'die wêreld' erken as die "locus of complex interpretive processes within which human beings struggle to make sense of their experiences including their experiences of God" (Swinton & Mowat 2006:29-30).

In aansluiting by die voorafgaande beskou Denzin en Lincoln (2005:3) kwalitatiewe navorsing ook as 'n "situated activity that locates the observer in the world," bestaande uit 'n "set of interpretive, material practices," wat die wêreld nie net wil sigbaar maak nie, maar ook tot 'n reeks voorstellings transformeer. Dié voorstellings bestaan uit veldnotas, onderhoude, gesprekke, foto's, opnames en memo's tot die self gerig. "This means that qualitative researchers study things in their natural settings, attempting to make sense of, or interpret, phenomena in terms of the meanings people bring to them" (Denzin & Lincoln 2005:3). Die kwalitatiewe navorser kan uit 'n verskeidenheid empiriese navorsingsmetodes kies om die roetine en problematiese momente en betekenisbelewings van individue te beskryf. Hierdie repertoire van empiriese materiaal behels die volgende: gevallestudie, persoonlike ervaring, introspeksie, lewensverhaal, onderhoud, artefakte, asook kulturele, waargenome, historiese, interaksionele en visuele teks (Denzin & Lincoln 2005:3). Kwalitatiewe metodes versamel inligting in die vorm van woorde en lewer ryk beskrywings, wat 'n diepliggende begrip oordra van dit wat mense ervaar. Dit bied nie net insig en begrip ten opsigte van dit wat blootgelê is op grond van wat deelnemers deurgemaak het nie, maar bied ook 'n persoonlike blik op menslike ervaring (Louw & Edwards 2005:31-32). Daarom kan dit gestel word dat die primêre taak van kwalitatiewe navorsing die identifisering en ontwikkeling van begrip ten opsigte van betekenisbelewinge behels (Swinton & Mowat 2006:30). 'n Verdere begrip van belang is "that each practice makes the world visible in a different way. Hence there is frequently a commitment to using more than one interpretive practice in any study" (Denzin & Lincoln 2005:4).

In die samestelling van hierdie navorsingstuk is daar van meer as een vertolkende praktyk ("interpretive practice") gebruik gemaak, ten einde die verweefdheid van stemme in 'n interdisciplinêre gesprek hoorbaar te maak. Hierdie interdisciplinêre gesprek veronderstel die bymekaar bring van dissiplines of redeneringstrategieë ("reasoning strategies"), met wyd uiteenlopende verwysingsraamwerke, epistemologiese brandpunte en eksperimentele bronne (Van Huyssteen 2006:9) om sodoende die wêreld op 'n ander manier sigbaar te maak (Denzin & Lincoln 2005:4). Vervolgens word die verskillende metodologiese werkswyse aan bod gestel.

'n Omvattende literatuurstudie is gedoen (Fouché & Delport 2002:266-269), met verskeie bronne wat intensief bestudeer is ten einde die verskillende domeine relevant tot die gesprek te verstaan. In aansluiting by die metaforiese betekenis van 'n opera is elke hoofstuk verteenwoordigend van 'n bedryf. Elke bedryf is verteenwoordigend van 'n tema, wat in hierdie geval vergestalt word in 'n akademiese domein, waaraan 'n stem verleen word tot hoorbare, aktiewe deelname aan die gesprek. In die skep van elke bedryf is gepoog om sover moontlik 'n totaliteitsblik te verskaf, ten einde 'n ingeligte verstaansvlak te bereik van die bydrae en kruis-informering van elke betrokke domein.

Die literatuurstudie word gerugsteun deur beginsels onderliggend aan deelnemende aksienavorsing (Strydom 2002:419), ter versterking van die persoonlike aksente van die navorser en medenavorsers. Die stem van die navorser, waar eie persoonlike ervaring en introspeksie beeldende komponente is, toon verweefdheid met die ander stemme vanuit onder meer die verskillende domeine, asook dié van die medenavorsers. Kwalitatiewe onderhoudvoering maak vensters oop en verskaf inligting aangaande die ervaringe en perspektiewe van die deelnemers en gespreksgenote. In aansluiting hiermee dien lewenstylafrigting as 'n fasiliteringsproses. Dit is interaktief van aard en span verskeie vaardighede en tegnieke in om tot meer kennis van die kliënt te kom, met die oog op leer en ontwikkeling, en uiteindelijke persoonlike prestasieverbetering en doelwitbereiking.

Die praktyk-teorie-praktyk benadering (Browning 1991:7) sal deurgaans beklemtoon word. Browning (1991:34) definieer die prakties-teologiese wetenskaplike proses in terme van praktiese wysheid ("practical wisdom"). Met die begrip *phronesis* beweeg Browning weg van die onderskeid tussen basiese teorie (*theoria*) en praktiese teorie (*techné*). Hy verduidelik dat *phronesis* nie 'n toepassing is van abstrakte beginsels op konkrete situasies nie. Dit verwys na 'n waarde-georiënteerde bespreking, wat in 'n wisselwerking tussen praktykervaring en kennis van bestaande teorieë vergestalt word. *Phronesis* bied dus 'n inklusiewe denkraamwerk om verskillende teorieë te operasionaliseer (Browning 1991:39). Müller (1996:2) motiveer sy gebruik van die term "prakties-teologiese wysheid" om dit duidelik te maak dat dit om 'n teologiese

integrasie van teorie en praktyk gaan. Graag sluit ek hierby aan vir doeleindes van my eie geïntegreerde benadering met die veronderstelling van 'n interdisciplinêre gesprek en kruis-informering. Visueel sal die beweging tussen praktyk en teorie sigbaar wees in die vergestaltung van die verskillende deelnemende stemme.

Die navorsing geskied vanuit die empiries kwalitatiewe, hermeneutiese tradisie van die praktiese teologie, met aksente van die pastoraat. Dit gaan om 'n hermeneutiese aangeleentheid, wat begrip van die menslike situasie impliseer. Dié verstaansproses kan beskryf word as 'n aangeleerde vaardigheid, wat ook 'n gebeurtenis behels en na ware betrokkenheid vra (Stroup 1981:202; Müller 1996:24). Vraagstelling is nodig om tot insig en begrip te kan kom, met betrokkenheid as uitvloeisel hiervan.

In 'n poging om te begryp word dikwels té min tyd aan die vraag bestee en té veel tyd aan die formulering van 'n antwoord (Linley 2006:3). Robert Sternberg, 'n professor van sielkunde en opvoedkunde aan Yale Universiteit, beskryf dit as volg:

When I started, I spent a lot of time thinking about how to answer a question, and what would be a clever experiment I could design to answer this question, and what does the answer mean, and so on. As I have gotten older, I have spent successively more time thinking about the question and less about the answer. Namely, is this a good question to ask in the first place? Why should I or anyone else care what the answer is? ...I think, in general, the development trend is to worry more about whether the question you are asking is one worth asking...because...you so often find the answers are good, but the questions were not worth asking in the first place (Morgeson, Seligman, Sternberg, Taylor & Manning 1999:113).

Die inhoud en die wyse waarop vrae as deel van die navorsing gestel word, is belangrik (Astley 2002:101). Goeie navorsingsvrae beskik oor die vermoë "to bridge the academic-practitioner divide very effectively, because they catalyse the interests, needs, and aspirations of both parties through delivering findings that are not only academically sound and valued, but that also offer practical...advancement" (Linley

2006:3). Die domeine tree vervolgens met mekaar in gesprek ten einde vrae rondom 'n interdisiplinêre gesprek te kan verwoord.

1.3.2 Domeine in gesprek

Vier domeine, verteenwoordigend van spesifieke studierigtings, naamlik die middelloopbaanfase, spirituele intelligensie, lewenstylafrigting en praktiese teologie, word bestudeer rondom die moontlikheid van 'n interdisiplinêre gesprek en kruisdisiplinêre samewerking.

Die middelloopbaanfase blyk 'n uitdagende tydperk te wees waar vrae aan die self gerig word, ten opsigte van professionele, persoonlike en spirituele ontwikkeling. Dit blyk ook dat ondernemings wel ondersteuningsmoontlikhede bied ten einde kwessies rakende die middeljare te hanteer. Mentorskap is egter die ondersteuningsmoontlikheid waarna die meeste verwys word. Dit veronderstel 'n dinamiese en wedersydse verhouding binne 'n werksomgewing, waar 'n meer gevorderde en wyse ampsdraer 'n minder ervare persoon met ontwikkelingspotensiaal help om in gespesifiseerde areas, soos in tabel 1.1 getabuleer, te ontwikkel.

Ek bevraagteken mentorskap as 'n ondersteuningsmoontlikheid. Dit maak vir my sin dat werknemers in die middelloopbaanfase genoegsame ervaring, kennis en wysheid opgedoen het, ten einde dit met jonger kollegas te kan deel en hulle potensiaal verder te ontwikkel. Die vraag waarom ek wonder is wie verantwoordelik is vir die ondersteuning aan, sowel as die verdere ontwikkeling van, die middeljarige werknemer? Soos reeds genoem word wedersydse mentorskap beskou as 'n moontlikheid waar die ouer en jonger kollega deur middel van kruisleer mekaar inlig. Dit is egter 'n eensydige proses omrede slegs professionele ontwikkeling hanteer word. Is die antwoord dalk geleë in 'n mentorskapverhouding waar 'n kollega, naby aan aftrede, die middeljarige kollega mentor? Of is daar dalk 'n ander vorm van ondersteuning, wat moontlik 'n holistiese beskouing en begrip handhaaf?

Lewenstylafrigting word beskou as 'n voortdurende vennootskap tussen 'n afrigter en 'n kliënt, met die fokus op aksie vir die daadwerklike bereiking van persoonlike ontwikkelingsuitkomst. Dit is gefokus op oplossings, resultaat-georiënteerd en 'n sistematiese, gefasiliteerde proses, waar verhoogde lewenservaring en doelwitbereiking vooropgestel word. Lewenstylafrigting is proaktief van aard aangesien dit met die huidige situasie van 'n individu begin en 'n gefokusde toekomsblik daarstel. Daarom is ek van mening dat hierdie benadering, naamlik lewenstylafrigting, dalk juis as ondersteuningsmoontlikheid vir individue tydens die middelloopbaanfase aangewend kan word. Afrigter en kliënt kan saamreis na persoonlike groei en lewensvervulling.

Dit blyk ook dat afrigters verhoging van lewenservaring in die persoonlike en/of professionele lewe van normale, nie-kliniese kliënte fasiliteer. Die omskrywing van die konsepte 'normale' en 'nie-kliniese' moet verdere aandag geniet. Afrigting verskil van terapie in dié opsig dat laasgenoemde op 'n reaktiewe model gebaseer is, met die hoofsaaklike fokus op dit wat verkeerd is. Terapie impliseer die hantering van verlede verhale in 'n poging om 'n probleem of krisis op te los. Afrigting daarenteen behels die hantering van funksionele probleme in 'n poging om lewenservaring te verbeter. Dit hanteer nie verlede kwessies nie, aangesien dit op groei en visie gefokus is. Daarom wonder ek hoe lewenstylafrigting binne 'n pastorale domein geplaas kan word? Die vraag sou inderdaad gestel kon word of lewenstylafrigting met onder meer narratiewe terapie versoenbaar is, veral verwysende na die gestruktureerde, resultaatgedrewe modelle en tegnieke waarvan afrigters hoofsaaklik gebruik maak. Die moontlikheid om beide narratiewe terapie en afrigting as benadering tydens die fasilitering van lewensvraagstukke te gebruik, sal deur die loop van die studie verder aandag geniet.

Laastens wonder ek oor die metode van navorsing, wanneer lewenstylafrigting as benadering aangewend word. Dit blyk uit die gepubliseerde akademiese artikels dat afrigtingseffektiwiteit hoofsaaklik deur kwantitatiewe navorsing gemeet word. Dit laat my wonder wat die uitkoms sal wees as lewenstylafrigting nagevors word in 'n eklektiese model, waarbinne beginsels onderliggend aan verskeie kwalitatiewe navorsingsmetodes gehuisves word?

Spiritualiteit is 'n wesenlike komponent van 'n holistiese benadering tot lewe en werk. Dit toon 'n verband met die religieuse waarby die praktiese teologie betrokke is, asook die ekonomiese- en bestuurswetenskappe, wanneer spiritualiteit vanuit 'n werkplekperspektief beskou word. Intelligensie rondom die spirituele word akademies gedebatteer. Weens die feit dat elke dissipline spiritualiteit met verskillende nuanses beklemtoon, is dit noodsaaklik om 'n eie betekenis vir spiritualiteit daar te stel. Uit die kennismaking met hierdie konsepte wil dit voorkom of die bevordering van spirituele intelligensie dalk tot sin- en betekenisvolle ervaring van die middelloopbaanfase kan bydra, wat moontlik verhoogde wins vir beide individu en organisasie inhou.

1.3.3 Medenavorsers

I'll tell you one thing. It has been a very interesting conversation with you because I think in the course of conversation it's given me the time...to reflect...on what we are doing and how we are doing it... It has given me a good opportunity (Rubin & Rubin 1995:1).

Hiërdie opmerking verteenwoordig die breë ervaringsperspektief van gespreksgenote na onderhoudvoering met hulle aangaande die navorsingstema. Ter versterking sal ek later in dié afdeling ook ander individuele stemme aan die woord stel.

Die fokus in deelnemende aksienavorsing is die betrokkenheid en deelname van al die rolspelers in 'n spesifieke navorsingsprojek (Strydom 2002:419). Dit gaan om navorsing 'saam met' mense, waar "researching 'with' people, emphasizes an endeavour to involve people in research" (McClintock, Ison & Armson 2003:716). Die persone in die navorsing word erken as "research participants; co-researchers" (Müller, Van Deventer & Human 2001:76). Navorsing 'saam met' mense verskil aansienlik van navorsing 'op' mense, of navorsing 'oor' mense, omrede dit nie ten doel het om mense en dit wat hulle doen te beskryf nie, maar om saam met mense deur bepaalde kwessies te werk (Strydom 2002:422; McClintock, Ison & Armson 2003:716). Hier geskied waarheid (navorsing) en oplossing (aksie) vir konkrete probleme op dieselfde tyd. Daarom is navorsers en deelnemers gelyke vennote in die

proses. 'n Subjek-subjek skema word gehandhaaf, met 'n gelyke verantwoordelikheddeling vir die uitkomst van die navorsingsprojek (Strydom 2002:419).

Ek het van kwalitatiewe onderhoudvoering gebruik gemaak, waar onderhoude met twee verskillende groepe gevoer is. Kwalitatiewe onderhoudvoering word beskou as beide akademiese en praktiese gereedskap:

It allows us to share the world of others to find out what is going on, why people do what they do, and how they understand their worlds. With such knowledge you can help solve a variety of problems (Rubin & Rubin 1995:5).

Getrou aan die benadering van navorsing 'saam met' mense, verkies ek om na hierdie groepe as gespreksgroepe, met gespreksgenote, te verwys. Hoewel ek die woord 'gespreksgroep' gebruik, wat nuanses van 'n informele gesprek kan toon, is daar 'n wesenlike verskil tussen 'n gewone gesprek en 'n kwalitatiewe onderhoud en word dit vervolgens kortliks uiteengesit (Rubin & Rubin 1995:2). Die eerste en vernaamste verskil is dat kwalitatiewe onderhoude gereedskap vir navorsing behels. Dit is 'n doelbewuste poging om meer van mense se gevoelens, gedagtes en ervarings te leer. Onderhoude voorsien dié inligting, wat die navorser analiseer en met ander deel in die vorm van boeke, artikels en verslae. 'n Tweede verskil is dat kwalitatiewe onderhoude tussen onbekende, sowel as bekende persone kan plaasvind. Die laaste verskil lê daarin dat die navorser aan kwalitatiewe onderhoude leiding bied deur doelbewus 'n aantal vrae te stel met die versoek dat deelnemers die vrae diepgrondig ondersoek. Die navorser moedig deelnemers ook aan om in fyn besonderhede oor gebeure en ervarings te dink.

Dié twee gespreksgroepe is verteenwoordigend van die middelloopbaanfase, met die veronderstelde ouderdom tussen 40 en 55 jaar, soos deur Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:230) daargestel. Die eerste gespreksgroep sluit deelnemers in met ouderdomme wat wissel vanaf 38 tot 45 jaar. Hoewel die persone, wat onderskeidelik

38 en 39 jaar oud is, nie presies binne die daargestelde ouderdomskader val nie, is hulle bydrae ook van waarde in terme van hulle verwagting en perspektiewe betreffende die middelloopbaantydperk. Ook van belang is dat die middelloopbaanfase nie gegiet is in rigiede, vasgestelde ouderdomsgroepe nie, maar slegs 'n aanduiding bied om teoretiese uiteensetting te vergemaklik. Die tweede gespreksgroep is verteenwoordigend van die ouderdomme 46 tot 55 jaar. Ek is sensitief vir die benaminge van 'n eerste en 'n tweede groep, wat moontlik met bepaalde empiries-wetenskaplike funksionering van onder meer kontrolegroepe in verband gebring kan word. Hierdie benaming bied egter slegs 'n wyse van onderskeid ten opsigte van bepaalde ouderdomsverteenvoording. Veertien persone, onderskeidelik agt persone in die eerste gespreksgroep en ses persone in die tweede gespreksgroep, het aan die kwalitatiewe onderhoud deelgeneem. Wat beroepsgeoriënteerdheid betref, verteenwoordig beide gespreksgroepe gespreksgenote uit die informele en formele sektore, met sommige wat professionele opleiding ondergaan het, en ander met geen naskoolse opleiding nie.

Gesprekke met die deelnemers is op 'n narratiewe geïnformeerde wyse gevoer, deur die vier domeine inleidend vlugtig voor te stel. 'n Sensitiwiteit vir mags-basisse, wat as 'n element van 'n narratiewe werkwyse gereken word, is geopenbaar. Die gespreksgenote is die ruimte gebied om vrylik perspektiewe en ervarings te deel, sonder die informering van my eie perspektiewe en sienings. Dit het aan my die geleentheid gebied om te hoor en te leer, om sodoende "extend your intellectual and emotional reach across time, class, race, sex, and geographical divisions" (Rubin & Rubin 1995:1). Gesprekke is met toestemming van die gespreksgenote digitaal opgeneem om my in staat te stel om grepe van toepaslike opmerkings ten opsigte van die studie getrou te kan weergee. Uittreksels uit gesprekke word in die vorm van verbatim-aanhalings neergepen. Verbatim-aanhalings word ook gebruik as 'n gespreksgenoot aktief aan die veronderstelde interdisiplinêre gesprek deelneem.

Ek wil graag die identiteit van die gespreksgenote beskerm deur gebruik te maak van skuilname, gegewe die klein gemeenskap waarbinne hierdie persone leef en funksioneer. Sommige gespreksgenote het die gedagte aan die moontlikheid van 'n

'ander naam' interessant gevind en selfs aktief deelgeneem aan die kies van die 'ander naam.' Ten tyde van my navorsing en ter voorbereiding van die voorlegging van die proefskrif het die Fakulteit Teologie en die Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat, nie van my verwag om 'n etiese klaring te onderteken nie. Graag wil ek egter daarop dui dat ek op grond van onder meer my nagraadse opleiding binne die Departement Praktiese Teologie deeglik bewus is van die inhoudelike vereistes van sodanige klaring. Gespreksgenote is dienooreenkomstig met die nodige respek behandel sonder misleiding of risiko's. Deelname het vrywilliglik geskied met die versekering van anonimiteit deur die weglating van presiese organisatoriese name, asook soos reeds genoem, die verandering van gespreksgenoot-name. Die navorsingsuitkomste sal aan mede-deelnemers gekommunikeer word en na afloop van die studie deur ander vorme van publikasies, soos wetenskaplike artikels en referate, verder bekend gestel word.

Graag wys ek ook daarop dat ek by die uittreksels van gesprekke verwys na die beroep van die aangehaalde persoon. My motivering daartoe is dat middelloopbaanontwikkeling een van die domeine in gesprek is en ook wil weerklink met stemme uit ander dissiplines. Ook dui ek op die ouderdomsgroepering waartoe 'n gespreksgenoot behoort ten einde bepaalde afleidings te kan maak. Vervolgens enkele opmerkings van reeds voorgestelde gespreksgenote ná die kwalitatiewe onderhoude:

Scott, 'n ingenieur van beroep (groep 2), merk na afloop van die gesprek:
"Hierdie was insiggewend. Dit laat mens nadink oor jou lewe."

Klara, 'n entrepreneur (groep 1) sê: "Die gesprek het my stimuleer om weer oor myself te gaan dink. Dit maak my opgewonde oor moontlikhede wat ontgin kan word."

Die ander twee gespreksgenote, wat voorstelling verdien, is die twee kliënte wat aan die fasiliteringsproses in die vorm van lewenstylafrigting deelgeneem het. Afrigting maak gebruik van 'n wye verskeidenheid metodes en tegnieke, ten einde tot kennis van die kliënt te kom. Dié betrokke hulpmiddels word ook aangewend in 'n poging om

die kliënt tot moontlike doelwitbereiking en persoonlike groei te lei. Hierdie hulpmiddels sal, rakende dit wat van toepassing vir die navorsingstudie is, volledige aandag in hoofstuk 5 geniet. Uit die handhawing van die vertroulikheidsverhouding geniet die kliënte beskerming ten opsigte van hulle eie identiteit. Daarom word hulle nie blootgestel deur gebruik te maak van eie name nie. Die manlike kliënt is 48 jaar oud en word Bruwer genoem. Bruwer beskik oor nagraadse kwalifikasies en is 'n landboukundige van beroep. Lizette, die vroulike kliënt, is 43 jaar oud en 'n hoërskoolonderwyseres. Vanweë die ouderdomsgroepering, behoort Bruwer tot die tweede groep wat die ouderdom 46 tot 55 jaar veronderstel en Lizette tot die eerste groep met 38 tot 45 jaar. Afrigtingsessies vir beide kliënte behels 'n totale aantal van ses sessies; in die geval van Bruwer 'n totale tydsduur van ongeveer agt ure, en in die geval van Lizette, sewe sessies met 'n totale tydsduur van ongeveer veertien ure. Ontmoetings met hierdie twee persone het oor tyd plaasgevind, met sessies wat weekliks of elke tweede week geskeduleer is, na gelang van hulle persoonlike en werksomstandighede.

1.3.4 Outobiografie

Navorsing 'saam met' mense "entails being explicit about our own position as researchers. We need to include ourselves, as people, in any research" (McClintock, Ison & Armson 2003:716). Die navorser se betrokkenheid vra om verdiep te raak in die navorsing op so 'n wyse dat eie begrip, aksies en belange nie losgemaak kan word van die navorser nie. Dit word onderstreep deur Roberts (2002:13) wanneer hy merk: "To place the researcher fully within the research is to recognize that we all have stories and it seems a fundamental part of social interaction to 'tell our tales.'" Navorsing bied geleentheid aan die navorser vir nabetragting en verandering ten opsigte van eie verhale met bepaalde perspektiewe en sienswyses. Navorsing 'saam met' mense "allows this 'self-development' role to be acknowledged" (McClintock, Ison & Armson 2003:716).

Met die voorafgaande in gedagte is dit belangrik om daarop te dui dat die praktyk en teorie van die navorsingstudie ook deur my stem beïnvloed word. Ten opsigte van die

metaforiese sin word na die skrywer van die operateks of libretto verwys as die librettis. Die librettis is dus metafories verteenwoordig as die navorser. In die dokumentering van die navorsing kon ek my eie stem voortdurend “in aksente hoor en in letters sien,” soos deur Van den Berg (2010:24) gestel. Hiermee wil ek erkenning gee aan my eie subjektiwiteit en die invloed daarvan op die verstaansproses, wat subjektiewe integriteit moontlik maak. Postmoderniteit wys onder meer op die onhaalbaarheid van die modernistiese ideaal van objektiwiteit (Van den Berg 2006:168). In die erkenning van my subjektiewe integriteit, word objektiwiteit tot mite gemaak (Van den Berg 2006:168).

In ’n terugskouende en reflekerende hoedanigheid besef ek dat die aanvanklike stimuli vir die keuse van hiérdie navorsingstudie beïnvloed is deur verskeie faktore in my lewe. Een van die faktore behels my aanvanklike opleiding in die veld van bedryfsielkunde. Dit kan ter verduideliking gedefinieer word as die studieveld, wat die impak van individue, groepe en strukture op organisatoriese gedrag bestudeer, met die doel om dié kennis toe te pas ten einde organisasie-doeltreffendheid te verhoog (Robbins 2001:6). Loopbaansielkunde, met onder meer die lewensloopbenadering – een van die subdissiplines van bedryfsielkunde – was nog altyd vir my ’n bron van belangstelling. Die rede daarvoor is dat mense se beroepskeuse, en die rasionaal wat hulle daarvoor aanbied, my werklik interesseer. Hierby kan ook die spirituele kwessie rondom werkplekspiritaliteit, en betekenis en sinbeleving rondom werk gevoeg word. Die voorafgaande het as verdere stimuli gedien en my lewensreis by die teologie, en meer spesifiek die praktiese teologie en die pastoraat, gebring.

Eksel self staan op die voorstoep van die middeljare, “the afternoon of life,” soos Jung (1933:108) daarna verwys in “The stages of life.” Die grootste deel van my vriendekring en diegene by wie ek nou betrokke is, asook sommige kliënte in praktyk, bevind hulle reeds in “the afternoon of life.” Die wyse waarop hulle hiérdie lewensfase beleef, die vrae wat gevra word en die spirituele kwessies waarmee hulle worstel het my genoop om tot die veronderstelde interdisiplinêre gesprek toe te tree.

Die onderstaande aanhaling is vir my verteenwoordigend van die lewensreis, op soek na betekenis- en sinbelewing, waar die mens nie toegerus word met 'n volledige padkaart, duidelik gemerkte reisplan of reisbeskrywing nie, maar slegs 'n uitnodiging om te ontdek wat God beplan.

Pilgrimage is the kind of journeying that marks just this move from mindless to mindful, soulless to soulful travel. The difference may be subtle or dramatic; by definition it is life-changing. It means being alert to the times when all that's needed is a trip to a remote place to simply lose yourself, and to the times when what's needed is a journey to a sacred place, in all its glorious and fearsome masks, to find yourself (Anderson & Reese 1999:48).

Laastens wil ek 'n opmerking maak ten opsigte van die navorsingsproses. In 'n metaforiese sin kan navorsers met legkaartbouers vergelyk word. Die navorser se kreatiwiteit, verbeelding, eie begrip en perspektiewe, asook die waardevolle insette van die deelnemers is noodsaaklik ten einde die legkaart te voltooi. Elke stukkie wat inmekaar pas, vorm deel van dié navorsingsproses.

1.4 BEPERKINGS IN DIE LIBRETTO

In die skepping van 'n nuut geskryfde operateks, is bepaalde beperkings teenwoordig. In die verband merk Van den Berg (2010:44) dat die integriteit van enige navorsingstudie versterk word as daar vanuit 'n perspektief van *binne* op die voorgestelde studie krities nabetraging gelewer word. Moontlike geïdentifiseerde beperkings is as volg:

Eerstens, kan die beperking van literatuur ten opsigte van bepaalde domeine tweërlei van aard beskou word. Die beperktheid van inligting aangaande sekere domeine kan enersyds as 'n hindernis in navorsingsverband beskou word. Andersyds bied dit 'n bydraende geleentheid tot die verskillende domeine, elk afsonderlik en ook as 'n geheel.

'n Tweede moontlike tekortkoming gaan om die gespreksgroepe. Die deelnemers aan die navorsing sou sekerlik méér verteenwoordigend kon wees ten opsigte van etnisiteit, taal en geloofsoriëntasie. Veralgemenings kan daarom nie gemaak word nie, omrede die gespreksgroepe nie verteenwoordigend van die breë bevolkingsamestelling, met kulturele diversiteit, is nie. Ten opsigte van ouderdom in die middelloopbaanfase, geslag en kwalifikasies is deelnemers aan die gespreksgroepe wel verteenwoordigend.

Die derde beperking lê moontlik in die feit dat hierdie studie nie méér spesifiek van aard is in byvoorbeeld die kies van 'n geslag, 'n beroep of 'n betrokke organisasie nie. Die doel van hierdie studie is nie om ingeperk te word tot 'n spesifieke geslag, beroep of organisasie nie, maar om die breë perspektiewe van gespreksgenote, verteenwoordigend van die middelloopbaanfase, aan die woord te stel ten opsigte van spirituele betekenis en sinbelewing. Dié beperking mag moontlik in verdere navorsing van waarde wees en kan ondersoek word.

'n Vierde moontlike tekortkoming handel met die gebrek aan 'n etiese klaring. Tydens die skryf en dokumentering van die navorsing is geen formele etiese kode deur die Fakulteit Teologie en die Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat, beskikbaar gestel nie. Dit vereis myns insiens, verdere nodige ondersoek en aandag ten einde 'n etiese klaring te ontwerp wat enersyds riglyne bied en andersyds getuig van 'n professionele ooreenkoms tot voordeel van die partye betrokke, naamlik die navorser en die medenavorsers.

1.5 BEDRYF-UITEENSETTING

'n Opera bestaan uit verskeie elemente. Dit word ingelei deur die ouverture en opgevolg deur bedrywe, met elke bedryf verteenwoordigend van 'n spesifieke tema. Die bedrywe word afgesluit met 'n finale, waarna 'n tussenpose gebied word vir oordenking en verfrissing.

Hiérdie navorsingstudie is ingelei met 'n ouverture in dié hoofstuk, verteenwoordigend van die verskillende domeine betrokke by die interdisiplinêre gesprek. Hoofstuk-indeling geskied dienooreenkomstig die voorstelling van die verskillende gespreksgenote verteenwoordigend van elke betrokke domein, soos ook in die titel opgeneem. Alhoewel praktiese teologie nie direk in die titel verwoord word nie, veronderstel die aksent van spiritualiteit wat reeds verteenwoordig is, 'n alles-insluitende lewenswyse voor God en word eerstens aan die woord gestel. Daarna word middelloopbaan-ontwikkeling, spiritualiteit en lewenstylafrigting, opeenvolgend soos in die titel uiteengesit, aan bod gestel. Elk van die vier domeine word in die verskillende bedrywe aan die woord gestel, met die stemme van gespreksgenote en die librettis deurlopend getrou aan die praktyk-teorie-praktyk benadering. Die gebruik van opskrifte en sub-opskrifte is eie aan elke domein ter wille van identiteitsversterking van dié betrokke veld. Na afloop van al die bedrywe word 'n gevolgtrekking in die finale gevind, waar al die betrokke stemme deur kruis-informering tot 'n geïntegreerde geheel verweef word.

Die inkleding van die agtergrond in elke bedryf is eie aan die tema en word in die navorsingstudie vergestalt deur die voorkoms van elke hoofstuk. Daar word gebruik gemaak van merkers en tabelle, wat in elke bedryf anders daarna uitsien ten einde 'n kleurvolle verhooginkleding te voorsien. Die doel van merkers en tabelle behels nie 'n ingeperkte, reglynige deel van inligting nie, maar is drieledig van aard. Eerstens, dien dit om die leesproses te vergemaklik, tweedens wil dit die wyse waarop inligting aangebied word varieer en derdens, soos reeds genoem, wil dit kleur aan die voorkoms van die betrokke bedryf verleen.

In die wyse waarop met bronne omgegaan word, mag 'n opeenhoping van bronverwysings soms voorkom. Waar 'n groepering van bronne aan die einde van 'n paragraaf aangedui word, dien dit ter staving van al die feite in dié betrokke paragraaf. Getalle word soms uitgeskryf of in syfervorm weergee, ter vergemakliking van die leesproses en om 'n kleurvolle aanbieding van die betrokke bedryf moontlik te maak. Vervolgens word die oorblywende vier bedrywe kortliks belig:

Hoofstuk 2 – Die tweede bedryf: Praktiese teologie

Die ensiklopediese paradigma van teologie word deur die postmoderne, intellektuele paradigma bevraagteken. 'n Nuwe begrip en ontwikkeling, wat in die praktiese teologie sigbaar geraak het, soos deur Richard Osmer en Friederich Schweitzer veronderstel, word opgesom. 'n Pastorale siening, met 'n verdere verrekening van 'n hermeneutiese waarneming en narratiewe verwoording, word ook belig, waarna 'n bespreking ten opsigte van die pastorale antropologie, soos deur Jan-Albert van den Berg veronderstel, aandag geniet. 'n Eie teologiese posisie word ingeneem ten einde my (en andere) se verstaanshorisonne te verruim, met dieper insig in die beantwoording van die vraag waarom jús hierdie gekose verwysingsraamwerk verkies word.

Hoofstuk 3 – Die derde bedryf: Middelloopbaan-ontwikkeling

Ten einde te verstaan wat die middelloopbaanfase behels, is 'n diepgaande bespreking rondom volwasse ontwikkeling en die lewensloopbenadering nodig. Die lewensklusstadia geniet aan die hand van Erik Erikson en Daniel Levinson breedvoerige aandag, waarna loopbaanontwikkeling en die betekenis wat aan werk toegeskryf word, aan die beurt kom. Die verskillende loopbaanfases, soos beskou en ontwikkel deur Donald Super en Jeffrey Greenhaus, en ook spesifiek die middelloopbaanfase, word volledig bespreek. Die fenomenologie van die middeljare, met onder meer gesondheids-, fisiese-, asook kognitiewe veranderinge en veranderde sosiale verhoudings, kom onder die soeklig. Ten slotte word die middelloopbaanfare en die handhawing van produktiwiteitsvlakke in oënskou geneem.

Hoofstuk 4 – Die vierde bedryf: Spirituele intelligensie

Agtergrondinligting ten opsigte van spiritualiteit en intelligensie word verskaf ten einde tot 'n breë begrip van beide konsepte te kom. Spiritualiteit is moeilik definieerbaar en word daarom vanuit verskillende perspektiewe belig in 'n poging om 'n geheelbeeld daar te stel. Dit word in samehang, asook teenstellend tot religieusiteit bespreek, waarna spiritualiteit in die werkplek, volledig aandag geniet. Die tradisionele en alternatiewe sieninge rondom intelligensie, waaronder Howard Gardner se teorie van meervoudige intelligensie en die emosionele intelligensie van Daniel Goleman tel,

word voorgestel. In die 'intelligente debat' word die identifiseerbaarheid van spiritualiteit as intelligensie beredeneer. Spirituele intelligensie as transformerende en integreerende paradigma word laastens aan bod gestel.

Hoofstuk 5 – Die vyfde bedryf: Lewenstylafrigting

Vanweë die siening dat afrigting 'n nuwe fenomenologie is, word in die eerste gedeelte van die betrokke bedryf aandag gegee aan wat afrigting behels. Die vraagstuk rondom afrigting as profesie, wat tans wêreldwyd vurige debat ontlok, sowel as die passing van afrigting met ander dissiplines, verskillende teoretiese benaderinge, asook die toepassing daarvan in verskeie kontekste, word bespreek. Daarna kom lewenstylafrigting in die tweede gedeelte van die bedryf aan die woord. Die kliënte, Bruwer en Lizette, wat deelgeneem het aan die lewenstylafrigtingsproses word voorgestel. Die praktiese aanbieding van die afrigtingsproses word uiteengesit, sowel as die bespreking van hulpmiddels wat in die proses aangewend is. Ten slotte word die navorsingstudie afgesluit met 'n finale, wat 'n geïntegreerde siening rondom die voorgestelde interdisiplinêre gesprek bied.

1.6 FINALE

Die perspektiewe verwoord in die voorafgaande hoofstuk veronderstel 'n dinamiese en interdisiplinêre gesprek tussen praktiese teologie, middelloopbaan-ontwikkeling, spirituele intelligensie en lewenstylafrigting, wat 'n libretto of operateks tot stand bring. Die waarde van die studie is ingebed in die uniekheid van die eiesoortige stemme, wat deur interdisiplinariteit en kruis-informering tot 'n geïntegreerde geheel saamgevoeg word.

Vervolgens word die eerste domein, praktiese teologie, as gespreksgenoot in die tweede bedryf aan die woord gestel.

HOOFSTUK 2

DIE TWEEDE BEDRYF: PRAKTIESE TEOLOGIE

2.1 DIE TOETREDE

Theology is practical in the sense that it concerns, in all of its expressions, the most basic issues of human existence. It has to do with the human pilgrimage in its totality: with its meaning and significance, with the determination of appropriate responses to the realities we confront during its course, with the growth of persons in community, with the construction of institutions suited to human well-being. The origin of theology is practical; it arises out of prior worldly involvements. Its end is likewise practical; it plunges us once more into the sea of experience... Whenever and wherever we take it up, theology is bound up with the practical rhythms of human life (Ogletree 1983:85).

Die lewe is 'n reis, 'n beweging van 'n beginpunt (geboorte) na 'n eindpunt (dood). Tydens hierdie reis betree elke individu verskillende lewensfases, wat unieke uitdagings meebring. Loopbaanfases word met die lewensfases in verband gebring, met 'n besondere klem op die wêreld van werk. Lewens- en loopbaanfases veronderstel beweging en verandering, wat in elke menslike situasie nadenke aangaande die betekenis en sinbelewing van die betrokke fase impliseer. Praktiese teologie tree toe tot die veronderstelde interdisiplinêre gesprek, omrede die omvang van die betrokke veld ruimte bied om tot verstaan van eksistensiële lewensvraagstukke te kom.

Praktiese teologie is 'n verteenwoordigende domein en deelnemende gespreksgenoot aan die veronderstelde interdisiplinêre gesprek. Alhoewel dit nie direk in die titel van hierdie studie verwoord word nie, toon spiritualiteit wel aksente van lewenskuns en lewensvaardighede, wat intens rekening hou met die teenwoordigheid van God.

2.2 TEOLOGIE

In die inleiding van sy boek, *Practical theology* (1999:ix), vertel Viau van sy besoek aan die Louvre Museum in Parys. In 'n verwonderde toestand oor die prag en balans van die klassieke vorme van die Griekse beelde, het hy na die gallery van Assiriese beeldende kunswerke beweeg. Hy het tot stilstand gekom voor 'n reusagtige bul, wat in antieke tye 'n tempelingang versier het. Getref deur die grootsheid en die simboliek van die beeld het hy boeiend bewus geraak van 'n onreëlmatigheid, wat hom tot ongemak gestem het. Eers nadat hy 'n aantal kere om die bul geloop het en dit vanuit elke moontlike hoek besigtig het, is die bron van sy ongemak ontdek. Die bul het vyf bene gehad! Dié ontdekking het sy verbeelding aangegryp en hom tot insig gebring van 'n beter begrip rakende die verskillende hoeke waaruit die kunswerk waargeneem kon word.

Hierdie Assiriese beeld verteenwoordig die “discourses generated by Practical Theology” (Viau 1999:ix). In aansluiting hiermee blyk dit uit die opmerking van Reader (2008:4) dat dit “a contested area where one encounters a wide variety of interpretations and views” is. Hieruit blyk dit dat uiteenlopende en veelvoudige diskoerse binne die vakgebied van praktiese teologie gehuisves word.

Astley (2002:2) beklemtoon: “But practical theology is about theology as well as practice.” Vir 'n oomblik wil ek myself vergewis en my uitkyk op die bul verskuif deur slegs vir 'n rukkie stil te staan by die teologiese aksent in praktiese teologie.

Twee duidelike lyne is volgens Pieterse (1993:40) identifiseerbaar ten opsigte van die aard van teologie in die geskiedenis. Die eerste lyn bou op Thomas Aquinas se redenasie om teologie as beide spekulatief en prakties, met die klem op die eersgenoemde. Dit het meer met God te make as met menslike handeling (Pieterse 1993:40; Van der Ven 1993:33). Die tweede lyn behels die Augustynse tradisie, wat teologie as 'n vak, met 'n praktiese kerugmatiese en heilsmatige bedoeling sien (Bosch 1991:239-240; Pieterse 1993:41; Van der Ven 1993:34). Luther beskou egte teologie as prakties van aard, terwyl Calvin die praktiese karakter van teologie sien

as menslike handelinge, wat die konsekwensies van die geloof is (Pieterse 1993:41; McGrath 2007:104). Calvin wys daarop “to know God is to be changed by God; true knowledge of God leads to worship, as the believer is caught up in transforming and renewing encounter with the living God” (McGrath 1999:28).

Die vakwetenskaplike term “teologie” het ontstaan vanuit die innige verbintenis tussen die Christelike denke en die filosofie (Louw 1997:43). Die woord “teologie” is ’n kombinasie van twee Griekse woorde, naamlik “theo” wat God beteken en “logos” wat woord beteken (Heyns & Pieterse 1990:3). Dus, teologie is ’n woord oor God. Letterlik beteken “teologie” die nadenke en ’n spreke oor God, wat begrip impliseer (Louw 1997:46). In aansluiting hiermee is Louw (1997:60) van mening dat teologie “’n perspektiewiese en paradigmatische interpretasiewetenskap is.”

Teologie kan gesien word as ’n sistematiese oordenking van geloof onder streng wetenskaplike toestande (Heyns & Pieterse 1990:3). Dit behels ’n wetenskaplike studie oor mense se geloof in, en hulle religieuse stellings of bewerings oor God (Heyns & Pieterse 1990:3; Pieterse 1993:5; 1994:95). Geloof is volgens Immink (2003:11) ’n sosiale en kommunikatiewe gebeurtenis. Hy stel dit dat “Geloof en leven zijn nauw op elkaar betrokken en onderling verweven” (Immink 2003:11). Vir Hanson (1997:4) is teologie “personally involved reflection on a religious faith.” Nie teologie of geloof staan alleen nie. Die beweging van die een na die ander is volgens Jones (1999:25) altyd “a partial qualification of any principles or convictions to which one might care, or see, to give importance.” Geloof word deur die mens geleef. Geloof het dus ’n inwerkende effek op die alledaagse lewe, maar ook ’n terugwerkende effek, waar die lewe geloof beïnvloed.

Barth (1963:15-36) is van mening dat teologie begaan is oor God as die Vader van menslike wesens en daarom ook begaan is oor mense as Sy skeppings. Vir Karl Rahner is teologie “the science of faith. It is the conscious and methodical explanation and explication of the divine revelation received and grasped in faith” (McGrath 2007:103). Dit gaan dus om ’n teologie as wetenskap, waarin alles wat God oor Homself en oor Sy verhouding met Sy skepping geopenbaar het, bestudeer word

(Potgieter 2008:1074). Die betekenis wat Grigg (1990:8) aan teologie heg behels 'n intellektuele benadering. Dit is 'n "disciplined way of thinking," omtrent die oneindige (Grigg 1990:13). Teologie beteken vir Louw (1999a:1) die volgende:

Met 'teologie' word bedoel daardie poging om God se betrokkenheid by die mens en die skepping/die wêreld op so 'n wyse te kommunikeer dat dit sin maak en dat dit mense se geloof in die trou van God kan versterk. Teologie wil geloof in God verstaanbaar maak in die lig van die Skrif, tradisie en konfessie van die Christelike kerk.

Opsommenderwys kan die bogenoemde definisie opgedeel word in drie omskrywings (Louw 1997:61) naamlik:

- *Fides quaerens intellectum*: geloof wat soek om op 'n "redelike" basis te verstaan. Dit behels die gesistematiseerder bestudering en interpretasie van die sin van die God-mens-ontmoeting, soos verstaan in die openbaring en die Christelike geloofstradisie;
- *Fides quaerens verbum*: geloof wat soek na maniere van kommunikasie, diskoers en struktuurgewing van die evangelie, en
- *Fides quaerens actum*: geloof wat soek na regte maniere van doen/diens.

Ganzevoort (2009:5) stel dit dat die teologie vir hom persoonlik 'n dissipline behels "that discerns, describes, interprets, explains, evaluates, and helps to construct the ways people speak about God – theo – logia – to God, and experience being spoken to by God." Teologie is 'n komplekse dissipline, "bringing together a number of related fields in an uneasy alliance" (McGrath 2007:105). Teologie veronderstel 'n geheel. Dit behels nie 'n onderverdeling van onafhanklike velde van studie, tot slegs die somtotaal van subdissiplines nie. Die veld van teologiese studie geld as 'n organiese geheel, eerder as 'n numeriese som van dele (Heyns & Pieterse 1990:5).

Met dié teologiese blik op die bul vars in die geheue, soos 'n mooi prentjie wat in fyn besonderhede onthou kan word, verskuif my fokus met elke tree om die Assiriese bul.

Dit blyk dat praktiese teologie nie eensydig verstaan kan word nie. Elke skrywer, navorser of teoloog poog om praktiese teologie vanuit 'n eie diskoers, ervaring of belewenis te beskryf. Astley (2002:viii) wys daarop dat “practical theology... can best be done, as a multidisciplinary exercise focused on a complex field of practice.” Hierby wil ek aansluit en poog om verskillende gesigspunte vervolgens aan bod te stel.

2.3 PRAKTIESE TEOLOGIE

Don Browning skryf in die voorwoord tot die publikasie van Willows en Swinton (2000) “Spiritual dimensions of pastoral care: Practical theology in a multidisciplinary context,” die volgende:

The past forty years or so have witnessed the emergence of a fresh vision of practical theology as an exciting, vibrant, multidisciplinary way of doing theology that incorporates and challenges both accepted theory and forms of practice.

Osmer (2008:ix) sluit hierby aan wanneer hy merk dat 'n “nuwe bespreking” omtrent praktiese teologie sedert die 1960's begin het. 'n Besliste breek is met ouer modelle van praktiese teologie gemaak. Dit is nie akkuraat om die prakties-teologiese veld as alleenlik “concerned with application, with helpful techniques and skills applied to the life of the church,” te sien nie (Osmer 2008:ix). Volgens Swinton en Mowat (2006:v) is praktiese teologie “an intricate and complex enterprise” en behels dit nie 'n enkele, gestandaardiseerde wyse “of doing practical theology,” met opeising van eienaarskap deur enige “particular wing of theology” nie.

'n Nuwe verstaan en ontwikkeling het in praktiese teologie sigbaar geraak en kan soos volg opgesom word:

Practical theology constructs action-guiding theories of Christian praxis in particular social contexts based on four interrelated forms of research and

scholarship – the descriptive-empirical, the interpretive, the normative, and the pragmatic (Osmer 2006:328).

In die verrekening van dié definisie, is dit duidelik dat die praxis-terrein van besondere belang vir die praktiese teologie is. Praktiese teologie is 'n praktykgebaseerde dissipline, waarin 'aksie' geïmpliseer word (Willows & Swinton 2000:14).

Kontemporêre praktiese teologie word beskou en uitgevoer deur vier onderskeibare, asook onderlinge invloedryke kerntake, naamlik die deskriptiewe-empiriese, die interpreterende, die normatiewe en die pragmatiese take (Osmer 2006:328-329; Osmer & Schweitzer 2003:1-4; Osmer 2008:4-12). Die vier take is reeds in hoofstuk 1, kortliks aan bod gestel, maar word hiér meer volledig soos volg bespreek:

- **Die deskriptiewe-empiriese taak**

Dit behels die versameling van inligting ten einde patrone, die dinamika en spesifieke episodes, situasies en kontekste te konstrueer (Osmer 2008:4-5). Dit fokus op die “actual, empirical state of some form of religious praxis in a particular social context” (Osmer & Schweitzer 2003:2). Hierdie taak gaan om met die vraag (Osmer 2008:4): Wat gaan aan of wat gebeur? Deskriptiewe-empiriese navorsing stel ondersoek in na dit wat in 'n spesifieke veld van sosiale aktiwiteit gebeur, deur die navorsingsinstrumente eie aan die menslike wetenskappe te gebruik (Osmer 2006:328). Praktiese teoloë het onlangs tot die belangriksheidsbesef en indruk gekom om eie navorsing te doen. Die rede hiervoor is dat sosiale wetenskaplikes dikwels met 'n reduksionistiese verstaan van godsdienstige werk of nie daarin slaag om kwessies “of great importance to a religious community at a given time” te ondersoek nie (Osmer & Schweitzer 2003:2; Osmer 2006:328).

- **Die interpreterende taak**

Die tweede vorm van navorsing en oordenking in praktiese teologie sluit die interpretasie van 'n spesifieke veld van sosiale aktiwiteit in (Osmer 2006:329). Hier word gebruik gemaak van teorieë vanuit ander wetenskappe, om sodoende 'n beskrywing te vind ten opsigte van waarom sekere patrone en dinamika voorkom

(Osmer 2008:4, 6-8). Die interpreterende taak poog om empiriese navorsing in 'n omvattende verklarende raamwerk te plaas (Osmer & Schweitzer 2003:3). Dit handel met die vraag: Hoekom gebeur dit? Die doel is om dit wat ontdek is, te verklaar. Dit lei tot verdere vraagstelling soos: Wat is die betekenis van die gebeurtenis of aksies betrokke? Hoe word sosiale strukture en kulturele patrone deur gebeurtenisse beïnvloed (Osmer 2006:329)?

- **Die normatiewe taak**

Die normatiewe taak maak gebruik van teologiese konsepte ten einde spesifieke episodes, situasies of kontekste te interpreteer, “constructing ethical norms to guide our responses, and learning from ‘good practice’” (Osmer 2008:4). Dit vra die vraag (Osmer & Schweitzer 2003:3; Osmer 2008:4): Wat behoort te gebeur? “What forms ought religious praxis take in this particular social context?” Sosiale wetenskaplikes is huiwerig om normatiewe leiding te bied. Wanneer dit wel gebeur, geskied dit vanuit filosofiese en etiese raamwerke. In kontras hiermee kan praktiese teoloë nie normatiewe leiding aan die Christengemeenskap verhoed nie, “for it is a key part of developing an action-guiding theory of Christian praxis. Such guidance, moreover, is explicitly theological and draws on the sources of Christian truth: Scripture, tradition, experience, and reason” (Osmer 2006:329). Dit is primêr op hierdie punt dat praktiese teologie tot die gesprek met ander teologiese en etiese dissiplines toetree. Die norme van praxis wat ontwikkel word, behels nie slegs die toepassing van die normatiewe voorstelle van dié velde nie. Die rede daarvoor is dat “the norms it develops take into account the particularities of the context of praxis it is seeking to address” (Osmer & Schweitzer 2003:3). Norme van praxis in praktiese teologie is dus konteksafhanklik (Osmer & Schweitzer 2003:3). Dit word geïnformeer deur die uitkoms van empiriese en interpreterende werk.


- **Die pragmatiese taak**

Die pragmatiese dimensie van praktiese teologie behels die bepaling van aksie-strategieë, wat beskryfde situasies sal beïnvloed en wat in dié verband 'n oordenkende dialoog sal fasiliteer (Osmer 2008:4). Hierdie taak fokus op die ontwikkeling van die “rules of art,” 'n konsep wat eerste deur Friederich

Schleiermacher bekend gestel is. “Rules of art” gaan om oop-einde riglyne, wat diegene betrokke by die leiding of deelname aan ’n spesifieke vorm van religieuse praxis kan bystaan (Osmer & Schweitzer 2003:4). Dié taak handel met die vraag (Osmer & Schweitzer 2003:4; Osmer 2008:4): Hoe kan reageer word? “How might this area of praxis be shaped to embody more fully the normative commitments of a religious tradition in this particular context of experience?” Die primêre fokus is die ‘hoe om’ byvoorbeeld: Hoe kan ’n pastorale beradingsverhouding oor ’n aantal sessies gestruktureer word? Dieselfde vraag kan in die konteks van lewenstylafrigting gevra word (wat in hoofstuk 5 aandag sal geniet), naamlik hoe kan ’n lewenstylafrigtingsverhouding tussen afrigter en kliënt oor ’n aantal sessies gestruktureer word? Ekself vind aanklank in die betrokke model en taak van die studie by die pragmatiese as “the construction of models of Christian practice and rule of art,” waar praktiese teoloë “seek to offer guidance to individuals and communities in how they might carry out certain activities or practices” (Osmer 2006:329).

Aandag aan die vier take stel praktiese teoloë in staat om “action-guiding theories of contemporary religious practice” te konstrueer (Osmer & Schweitzer 2003:1). Dit is nuttig om die onderlinge invloedryke verhouding van hierdie vier take in die beeld van ’n hermeneutiese sirkel te konseptualiseer. Die hermeneutiese sirkel “portrays interpretation as composed of distinct but interrelated moments” (Osmer 2008:10). Vervolgens word die vier take van praktiese teologiese interpretasie, soos deur Osmer (2006:330; 2008:11) voorgestel, in figuur 1.1 visueel uiteengesit:

Figuur 1.1: Die vier take van prakties-teologiese interpretasie



Die sirkel kan ter eniger tyd betree word, maar al vier take verdien die nodige aandag op 'n gegewe punt in 'n omvattende program van praktiese teologiese oordenking (Osmer & Schweitzer 2003:1). Elk van die take is deel van 'n groter, interverwante geheel. Die interaksie en onderlinge invloed van al vier take onderskei praktiese teologie van ander velde (Osmer 2008:10). Hoewel ander velde een of twee van die take ten uitvoer bring, is dit slegs praktiese teologie wat al vier take beoefen (Osmer 2006:330).

Osmer (2006; 2008) se posisie hieroor kan soos volg opgesom word:

the primary subject matter of practical theology is some form of contemporary Christian praxis. It investigates this praxis empirically, interprets it to better understand and explain its patterns, constructs a theological framework with which it can be assessed critically, and provides models of practice and rules of art for its future conduct and reform (Osmer 2006:329).

In aansluiting by die voorafgaande is Swinton en Mowat (2006:v) van mening dat die sleutelvraag waarmee praktiese teoloë besig gehou word, is: "What appears to be

going on within this situation and what is actually going on?” Die vrae spruit voort uit praktiese teologie se fokus op spesifieke situasies, waar dit die komplekse dinamika van situasies ondersoek ten einde ’n transformerende en verhelderende begrip te ontwikkel omtrent die “what is going on within these situations” (Swinton & Mowat 2006:v). Praktiese teologie word binne die diversiteit van menslike ervaring gelokaliseer, waar dit tuis voel in die komplekse web van verhoudings en ervarings (Swinton & Mowat 2006:3). Die ruimte van praktiese teologie poog dus om “the web of life” te verstaan (Osmer 2008:x).

Cilliers (2009:626) identifiseer agt paradigmas waarbinne praktiese teologie verstaan kan word, naamlik geloof op soek na begrip, verwoording, handeling, hoop, verbeelding, visualisering, beliggaming en sosiale vergestaltung. Vir die doel van die navorsing sluit ek aan by die indeling en keuse van Van den Berg (2010:33) en Cilliers (2009:629), met besondere verwysing na praktiese teologie as sosiale vergestaltung. Cilliers (2009:629) dui daarop dat:

Die paradigma van samelewing (societas) sou kon dien as ’n integrasie van die ander genoemde praktiese teologiese paradigmas... en die doelstelling is dan juis om ’n praktiese teologiese paradigma voor te stel wat na buite, dit wil sê op die samelewing, gerig is – sonder om die ander paradigmas prys te gee.

Praktiese teologie as *fides quaerens societatem* (geloof op soek na sosiale vergestaltung) impliseer ’n benadering wat grense oorskry, wat vrae wil vra oor, en op soek is na, die sosiale gestaltes waarin God sy gesig na ons toe draai. Dit wil in terme van die verryking en sinduiding van die lewe as sodanig, ’n bydrae lewer (Cilliers 2009:634-635). “Dit gaan hier oor die lewe in die breedste sin van die woord; oor die handhawing en heling, die waardigheid en waarde, die singewing en sinsontsluiting van hierdie lewe, wat as ’n gawe van God voor sy aangesig (*coram deo*) gelééf mag word” (Cilliers 2009:635). Ek stem saam met die skrywer dat dit juis hier is waar praktiese teologie sy “adres moet vind en sy tuiste moet maak” (Cilliers 2009:635).

In aansluiting by die voorafgaande, verwys Dreyer (2007:45) na 'n “public practical theology” wat die studie van godsdienstige praxis in die gemeenskap insluit ten einde 'n sosiale paradigma te vestig. Figurerend in dié sosiale paradigma word spiritualiteit in die werkplek as sosiale vergestaltung gevind, soos bespreek sal word in hoofstuk 3.

Dreyer (2007:46-47) onderstreep die implikasie van “public practical theology” soos gestel deur (Osmer & Schweitzer 2003:6):

Today, practical theology strives to be fully public in several senses. By making the social sciences its partner in academic dialogue and by taking psychological, societal, and cultural factors into account, practical theology makes its claim to having a voice within the academic world beyond theology and the church. And by addressing issues of public interest and importance, practical theology strives to become involved with the social and political attempts of shaping the future of society or, thinking of current debates, even the future of our globalizing world.

Volgens Immink (2003:12) is praktiese teologie, as teologiese dissipline, met geloof-in-uitvoering besig. Praktiese teologie is in wese teologie en dit weerspieël “the praxis of God as related to the praxis of faith within a vivid social, cultural and contextual encounter between God and human beings” (Louw 2008:17). Praktiese teologie het dus te make met aksies wat uitgevoer word in diens van die evangelie (Heyns & Pieterse 1990:6). Praktiese teologie as 'n teorie van aksie is “the empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society” (Heitink 1999:6). Praktiese teologie word deur Swinton en Mowat (2006:6) gedefinieer as:

critical, theological reflection on the practices of the Church as they interact with the practices of the world, with a view to ensuring and enabling faithful participation in God's redemptive practices in, to and for the world.

Dit is dus duidelik dat praktiese teologie 'n praxis-gebaseerde dissipline is en beide teorie en praxis omvat. Die bydrae van praktiese teologie begin met die ontdekking en verstaan van 'n geleefde religie wat direk met praxis in verband gebring word. Die fokus van praktiese teologie bly praxis of geleefde religie (Ganzevoort 2009:4). Die klem op praxis beteken dat daar gekies word vir 'n handelingswetenskaplike model (Louw 1997:55). Pieterse (1993:2) verwys na 'n paradigmasverandering, wat die moontlikheid ontsluit vir 'n teorie van kommunikatiewe handeling. Daarmee saam is die aksentuering van die kontekstuele 'n gegewe. 'n Praktiese teologiese hermeneutiek gaan om die interpretasie van menslike handeling binne sosiale kontekste (Louw 1997:56). Müller (2005:74) redeneer dat praktiese teologie ontwikkel moet word uit 'n spesifieke en konkrete moment van praxis binne 'n hermeneutiese paradigma. Praktiese teologie gebeur “whenever and wherever there is a reflection on practice, from the perspective of the experience of the presence of God” (Müller 2005:73). Nuanses van 'n hermeneutiese beklemtoning en narratiewe perspektief is aanwesig en word ter wille van 'n ryker verstaan vervolgens belig.

Browning (1991:36) beskou die taak van die praktiese teologie as die “critical reflection on the church’s dialogue with Christian sources and other communities of experience and interpretation with the aim of guiding its action toward social and individual transformation.” Müller (1996:173) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die verhale van mense met die Groot Verhaal van God in verband gebring moet word.

Narratiewe praktiese teologie word deur Gerkin (1986:54) beskryf as “an ongoing hermeneutical process within the immediate storied context of ministry.” Die bedoeling van hierdie proses behels die transformasie van die menslike storie, beide individueel en korporatief, op wyses wat toekomstige kreatiewe moontlikhede aan die storie bied.

Praktiese teologie, soos gesien vanuit 'n narratiewe hermeneutiese perspektief, “involves a process of the interpretive fusion of horizons of meaning embodied in the Christian narrative with other horizons that inform and shape perceptions in the various arenas of activity in which Christians participate” (Gerkin 1986:61).

Müller (1996:4) vind aansluiting by Gerkin (1986:54) se hantering van praktiese teologie as ‘prakties-narratiewe teologie’ en sy benadering van die narratiewe hermeneutiese teorie (Gerkin 1986:59). Müller (1996:5) stel sy eie definisie in die lig van die voorafgaande beredenering:

Praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handeling, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe.

’n Hermeneutiese kyk op die realiteit is, volgens Müller (1996:19), “ook ’n narratiewe kyk op die werklikheid.” Dus kan afgelei word dat die narratiewe benadering aansluiting vind by die hermeneutiese perspektief. Dit gaan om ’n verstaan wat die versmelting van ’n totale horison van konteks, tyd, plek en tradisie behels en wat vir die pastoraat die verrekening van die horison van die Christelike tradisie beteken (Müller 1996:12). Dit behels ’n intersubjektiewe versmelting van horisonne, waar elke horison ’n verhaal veronderstel, met verdere implikasie vir ’n voortgaande narratiewe proses (Müller 1996:101).

Die ensiklopediese paradigma van teologie word egter deur die postmoderne intellektuele paradigma bevraagteken. Een van die mees tergende vrae aangaande dié paradigma “is the way it divides theology into relatively autonomous, specialized disciplines which work in relative isolation from one another and from other fields” (Osmer 2006:328). Van den Berg (2010:99) wys tereg daarop dat dit juis teen hierdie ontwerp is waarteen ’n interdissiplinêre gesprek wil waak. Daarom stel hy in dié verband ook voor, en “ter oorkoming van die impasse van die ou ensiklopediese teologiese paradigma,” die benaming van *theologia habitus* (Van den Berg 2010:99). “Habitus” dui op die wyse en inhoud van ’n persoon se lewe (Van den Berg 2010:97). Dit word verder teologies geïnterpreteer in die woorde van Louw (1998:19-20) duidend op die transformasie van ’n homogene begrip van medemenslikheid (in ’n geglobaliseerde wêreld) “tot ’n herverspreiding van mense se unieke andersheid en potensiaal. Hierdie herverspreiding van die mens se uniekheid, wat dan veral fokus op

vraagstukke soos menswaardigheid, identiteit en sinbeleving, word dan as 'n nuwe vorm van spiritualiteit gesien wat 'n uitdaging aan praktiese teologie bied.” Die eerste woord, “theologia” word dus as 'n vorm van teologie verstaan “as personal knowledge of God’s – direct cognitive vision” (Van den Berg 2010:98). As 'n eenheidsbegrip, *theologia habitus*, veronderstel en dui dit dus, volgens Van den Berg (2010:98), op “an orientation towards God that involves, and is an expression of, learning how to live before God – and, in this sense, to live theologically” (Astley 2002:55).

Binne die kontoere van praktiese teologie lê die pastorale teologie. Ten einde 'n veranderende blik op die bul te verseker, word van posisie verskuif om insigte rondom die pastorale benadering te ondersoek.

2.4 PASTORALE TEOLOGIE

In 'n debat om onderskeid te tref merk Reader (2008:4) “it does need to be registered that attempts to draw a sharp distinction between the two appear somewhat fruitless.” In 'n onlangse publikasie aangaande die twee vakke genaamd “The Blackwell Reader in pastoral and practical theology” word nie gepoog om 'n onderskeid in die titel te tref nie, maar word erkenning gegee aan die simbiotiese verhouding tussen die twee (Woodward & Pattison 2000). In dié verband is Pattison en Woodward (2000:1) van mening dat pastorale teologie 'n ouer term as praktiese teologie is. Heitink (1999:7) sluit hierby aan wanneer hy merk: “The name Practical Theology” more and more replaces that of “Pastoral Theology.” In die beantwoording van die vraag omtrent die skopus van praktiese teologie, reageer Pattison en Woodward (2000:8) met: “In principle the scope of practical theology is almost infinite. Any issue that is of practical contemporary human and religious concern may become the focus for practical theological consideration.” Die enigste beperking tot die skopus van pastorale teologie behels die hoeveelheid tyd en bronne wat mense daaraan kan wy (Pattison & Woodward 2000:9).

Louw (1999a:2) gee 'n omskrywing van die pastoraat, wat die volgende behels:

Pastoraat is daardie benadering wat hierdie lewensvraagstukke sinvol vanuit die Christelike geloofsperspektief wil aanspreek. Pastoraat wil aan mense hulp verleen en hoop bied vanuit die oortuiging dat God se trou die inhoud van die geloof is en dat God sy beloftes aangaande die heil van die mens in Christus se kruis en opstanding vervul het asook die oortuiging dat lewe voltrek word in die teenwoordigheid van God. Pastoraat wil God se wil in terme van die vraag na die sin van die lewe, en omgekeerd, vertolk sodat mense met vreugde en hoop kan leef.

Die ontwerp van pastorale sorg sluit sterk aan by menslike eksistensiële problematiek en soos Van den Berg (2010:83) dit stel “'n bepaalde antropologie met sterk aksente van die negatiewe veronderstel.” In die mens se soeke na sin is daar drie basiese eksistensiële vraagstukke wat ondersoek noodsaak, naamlik: die mens se angs vir isolasie, verwerping en die dood; die worsteling met skuld en skuldgevoelens; en die ervaring van wanhoop en sinloosheid (Louw 1999a:2). Daar het belangrike paradigmatiese skuiwe ten opsigte van hierdie vraagstukke binne die pastorale teorievorming plaasgevind.

2.4.1 Teoretiese ontwikkeling in die pastorale sorg

Ten minste vier belangrike ontwikkelinge op die gebied van die pastoraat kan geïdentifiseer word (Müller 1996:7-17; Louw 1999a:21-27; Louw 2005b:7-9):

Eerstens, is daar 'n beweging weg van 'n individuele benadering na die klem op 'n netwerk van verbintenisse en strukture binne 'n sosiale en kulturele konteks. “Binne hierdie verband ontwikkel die term ‘ekosistemiese denke’ as 'n poging om probleme nie net binne konteks te verstaan nie, maar om die geheel self te verstaan” (Louw 1999a:22). Met 'n sisteembenadering word bedoel 'n verstaan “of our being within the dynamic networking of relationships,” waar dinamika verwys na die belangrikheid van

HOOFSTUK 2 – Teoretiese ontwikkeling in die pastorale sorg

houding, ruimte, waarde betekenis en ervaring (Louw 2005b:4). Dit bring 'n begrip van interverwantskap binne 'n interdisiplinêre benadering na vore.

In die tweede plek is daar 'n skuif weg van die oorsaak en verklaring van probleme, waar God as verklaringsfaktor vir lewensraaisels gebruik word, na 'n hermeneutiese verstaan met die klem op “the endeavour to read, understand and interpret texts within contexts. Hermeneutics underlined anew the importance of our human quest for meaning” (Louw 2003:54). Die pastoraat wil minder by die verklaring van probleme betrokke wees, en meer by die verheldering en verstaan van menslike probleme. Hiêrdie verstaan het ten doel die ontdekking van verbande, met die oog op singewing.

Die derde paradigmatische skuif handel om 'n beweging weg van die sogenaamde kerugmatiese verkondiging na 'n narratiewe benadering. Die mens is in wese storiemakers. Dit is deel van menslike handeling om te vertel, te interpreteer en in storienvorm die geïnterpreteerde woorde weer te gee. Dit kan dus as 'n onophoudelike, sirkulêre, sosiaal-gekonstrueerde proses beskryf word, omrede “narrative is crucial in understanding human life for all that we are, and all that we do, and all that we think and feel is based upon stories, both our personal stories and the stories of our significant community” (Webb-Mitchell 1995:215). In 'n pastoraal narratiewe benadering word gesoek na tekens van God se teenwoordigheid in die verhale van mense.

Die laaste verskuiwing behels 'n beweging weg van 'n eensydige, professionele benadering na die onderlinge versorging van gelowiges, waar koinonia die basis van pastorale bediening is – die onderlinge liefde tussen gelowiges. Van den Berg (2010:89) verwys daarna as “'n beweging van 'n eensydige verkondigingsmodel na 'n deelnemende pastoraat waar die pastor instrumenteel is in die begeleiding van mense tot ontdekking van God se betrokkenheid in hulle lewe.”

Die voorafgaande, geïdentifiseerde pastorale ontwikkelinge sal betreffende die hermeneutiese en narratiewe benadering vervolgens verhelderend en in meer besonderhede aan bod gestel word.

2.4.2 Die pastoraat as hermeneutiese aangeleentheid

Die hermeneutiese het in die breedste sin te make met die kuns en wetenskap van interpretasie (Müller 1996:10). Die begrip “hermeneutiek” beskik oor ’n lang geskiedenis in die teologie. Dit bevat ’n verwysing na Hermes, die boodskapper van die gode in die Griekse mitologie. Die taak aan hom opgedra is die verduideliking van besluite en planne van die gode aan die mense. Op so ’n wyse is die afstand tussen die goddelike en die menslike ryk oorbrug (Gerkin 1984:19; Vos 1996:2).

Hermeneutiek opereer binne die aanname dat om te verstaan ’n basiese eienskap en struktuur van die menslike bestaan behels (Louw 2003:42). Bons-Storm (1989:85) heg betekenis aan die hermeneutiek as “het begrip van spesifiek menselike werklikheid, (voor) de werklikheid waaraan mense een zin hebben trachten te geven, die zij hebben ‘geregeld.’” Gadamer (1976:xi) beskou dit in die lig van “seeks to throw light on the fundamental conditions that underlie the phenomenon of understanding in all its modes.” Waar hermeneutiek aanvanklik net gemoeid was met die interpretasie van tekste, is dit later uitgebrei na die “interpretasie van ander soorte ‘tekste’ of fenomene, soos gesproke woorde, gebare, handeling, historiese en maatskaplike verskynsels” (Müller 1996:10). Die voorafgaande is bevestigend van een van die paradigmatische skuiwe, wat binne die pastorale teorievorming plaasgevind het, naamlik ’n skuif weg van die oorsaak en verklaring van probleme waar God as verklaringsfaktor vir lewensraaisels gebruik is, na ’n hermeneutiese verstaan. Die doel van dié hermeneutiese verstaan handel met die ontdekking van verbande ter wille van die realisering van singewing as uitkoms (Müller 1996:8-12; Louw 1999a:22-23). Daarom is die gebruik van metafore en simbole waardevol, ook in terme van “their relatedness to meaning and the ultimate” (Louw 2005b:5). Dit beskryf geloofservaring deur middel van poëtiese en estetiese taal, om sodoende kognitiese beperkinge te oorstyg (Louw 1999a:23). Die hermeneutiese natuur is geldend vir teologie in die geheel en nie eksklusief beperkend tot die praktiese teologie nie. Dit beklemtoon die proses van menslike interpretasie deur eksistensiële temas in die middel van die ondersoek te plaas (Ganzevoort 2009:5).

2.4.3 Die pastoraat in narratiewe verwoording

Die narratiewe lê op die verlengstuk van die hermeneutiese (Müller 1996:19). 'n Klemverskuiwing het plaasgevind, met die beweging weg van die kerugmatiese verkondiging na vertolking en storievertelling. In 'n narratiewe benadering word gesoek na tekens van God se teenwoordigheid in menslike verhale (Louw 1999a:23-27). "Story, itself, is a natural gift, shared among all in the human race" (Webb-Mitchell 1995:217). 'n Storie verskaf 'n beskrywing van en verklaring vir lewenskwessies (Stroup 1981:79). "Stories inform life...We live through stories" (Freedman & Combs 1996:32).

Die betekenis van die narratiewe benadering vir die pastoraat vereis 'n nadere kyk. Vir die kwalitatiewe navorser word narratiewe kennis waargeneem as 'n "legitimate, rigorous and valid form of knowledge that informs us about the world in ways which are publicly significant" (Swinton & Mowat 2006:38). Stories is nie net betekenislose persoonlike anekdotes nie, maar belangrike bronne van kennis.

In die terapeutiese wêreld het 'n paradigmaskuif plaasgevind, waar die individualistiese, analistiese, oorsaak-en-gevolg-denke vervang is met sistemiese denke. Daar is dus 'n beweging weg van 'n individuele benadering na die klem op 'n netwerk van verbintenisse en strukture binne 'n sosiale en kulturele konteks (Müller 1996:7-8; Louw 1999a:22). Sisteemdenke handel met 'n verstaan van die prosesse, interaksies en verhoudinge tussen mense (Müller 2000:56). Freedman en Combs (1996:23) wys daarop dat "all the things that make up the psychological fabric of 'reality' – arise through social interaction over time."

Sisteemdenke staan ook bekend as kubernetiek, oftewel "to refer to an emerging body of knowledge about structure and flow in information-processing systems" (Freedman & Combs 1996:3). In 'n poging om ander se verhale te kan verstaan toon die eerste-orde-kubernetiek 'n rewolusionêre ontwikkeling (Van den Berg 2010:143).

HOOFSTUK 2 - Die pastoraat in narratiewe verwoording

In die ontwikkeling van die tweede-orde-kubernetiek is lewende sisteme nie gesien as objekte, wat van buite af geprogrammeer kan word nie, maar as self-skeppende, onafhanklike entiteite, wat nie 'n voorspelbare pad volg nie (De Jongh van Arkel 1991:61). Hierin lê die besef van waarneming as 'n subjektiewe deelnemingsproses, aangesien 'n sisteem nie objektief van buite waargeneem en geanaliseer kan word sonder 'n betrokkenheid en deelraak van die sisteem nie (Müller 2000:57). Konstruktivisme vorm deel van die twee-orde-kubernetiek. Volgens die konstruktivistiese teorie is “the ideas we have about the world are not exact replicas, not pictures or maps of the ‘real’ world, but instead are constructs, or perceptions of the world which we build in our minds as we encounter the world” (Lester 1995:31). Realiteit of werklikheid behels dus 'n subjektiewe interpretasie van ervaringe met die wêreld.

In 'n terapeutiese opset is daar 'n verskuiwing in posisie, waar nie net die terapeut se insette en kundigheid as waardevol beskou word nie, maar ook dit wat die kliënt bied. Dit gaan om 'n verstaansproses of hermeneutiese proses, waar die uitkoms van die proses onbekend is (Müller 2000:58).

Die derde-orde-kubernetiek, ook bekend as die sosiale konstruksionisme, lê die verhalende aard van die mens bloot. Die samelewing konstrueer die 'lense' waardeur na die wêreld gekyk word vir interpretasie. Die werklikheid, wat as vanselfsprekend aanvaar word, is die werklikheid waarmee die mens sedert geboorte gekonfronteer word. Die hoofuitgangspunt van sosiale konstruksionisme word deur Freedman en Combs (1996:16) gestel as die “beliefs, values, institutions, customs, labels, laws, divisions of labor, and the like that make up our social realities are constructed by the members of a culture as they interact with one another.”

Aanvanklik is daar van die veronderstelling uitgegaan dat sosiale konstruksionisme en konstruktivisme sinonieme is (Freedman & Combs 1996:26). Dit is egter nie waar nie, omrede sosiale konstruksioniste klem plaas op sosiale interpretasie en die intersubjektiewe invloed van taal, familie en kultuur, teenoor konstruktiviste, wat klem

HOOFSTUK 2 - Die pastoraat in narratiewe verwoording

lê op “the operations of the nervous system as it feels its way along” (Freedman & Combs 1996:26). In dié verband skryf Hoffman (1990:2) dat konstruktiviste glo:

constructs are shaped as the organism evolves a fit with its environment, and that the construction of ideas about the world takes place in a nervous system that operates something like a blind person checking out a room. The walker in the dark who doesn't bump into a tree cannot say whether he is in a wood or a field, only that he has avoided bashing his head.

Gergen (1985:268) dui daarop dat 'n beweging weg van konstruktivisme na sosiale konstruksionisme ook 'n beweging van 'n eksperimentele na 'n sosiale epistemologie impliseer. Dit behels dus 'n verskuiwing “from focusing on how an individual person constructs a model of reality from his or her individual experience to focusing on how people interact with one another to construct, modify, and maintain what their society holds to be true, real, and meaningful” (Freedman & Combs 1996:27).

In die ontwikkeling van tweede- en derde-orde-kubernetiek speel taal 'n sleutelrol. Die klem verskuif na die intersubjektiewe invloed van taal en kultuur, asook die hermeneutiese tradisie van teksinterpretasie (Müller 1996:81; Vos 1996:2-3). Betekenisse word met mekaar gedeel en uiteindelik deur taal toegeken. Een van die belangrikste kenmerke van die sosiale konstruksionistiese perspektief behels die hoeveelheid aandag wat geskenk word aan die invloed van spesifieke dialoë aangaande betekenis (Ganzevoort 2006:2). Die betekenis van woorde bestaan nie buite die gesprek waarin dit aangewend is nie. Ganzevoort (2006:2) merk in die verband op:

Social constructionism therefore moves beyond objectivism (meanings originating from the objective world) and subjectivism (meanings originating from the subjective psyche). It focuses instead on the social and conversational origin and function of meanings.

HOOFSTUK 2 - Die pastoraat in narratiewe verwoording

Ek wil aansluit by Van den Berg (2010:143) wat die opmerking van Müller (1996:80) onderstreep, naamlik dat: “Die moderne benadering moes plek maak vir die postmoderne, en die kubernetiese vir die narratiewe.”

In die narratiewe benadering gaan dit om gesprekvoering en kommunikasie, wat die uitruil van stories behels (Müller 2000:70). Die narratiewe bied aan die individu die geleentheid “to rehearse potential solutions until they achieve insight and new direction” (Pearce 1996:xiii). Verandering vind plaas wanneer ’n storie herstruktureer word, deur oorvertelling en herinterpretasie, totdat dit die pad vir nuwe insigte oopmaak, wat deur verandering gevolg word (Müller 1996:102). Die storie is dus self die veranderingsagent, en “allows people to bridge the gap between what is and what should be” (Pearce 1996:xiii).

Storievertelling stel die individu in staat tot luister, inname van inligting, verstaan, diepe begrip, interpretasie asook die integrering van inligting op meer as een vlak in beide die bewuste en onderbewuste (Pearce 1996:xi). Binne die pastorale beraad het ’n narratiewe benadering die effek dat storievertelling, en die luister na stories, belang moet word in die lig van die Storie van die Evangelie (Louw 1999a:23). Dit is in hierdie proses, waar ’n fusie tussen die verhaal van God en die verhaal van die mens moet plaasvind, ten einde ’n nuwe storie te skep waar hoop en belofte van die evangelie figurerende komponente is.

Vanuit die narratiewe beklemtoning in die pastoraat het die wins gekom dat die pastor ’n nie-wetende posisie inneem (Kotzé & Kotzé 1997:42). In die opsig kan die pastor slegs as gids optree, wat die kliënt bystaan in die proses van die daarstel van nuwe moontlikhede. Dit is ook ’n intersubjektiewe benadering, waar die pastor, sowel as die kliënt as subjek deelneem aan die gesprek. Die pastor in die nie-wetende posisie, is nie meer die spesialis, die “kundige”, met al die kennis nie (Dill & Kotzé 1997:20-22; Kotzé & Kotzé 1997:35-38). In hierdie wisselwerkende gesprek dra beide die pastor en die kliënt tot die proses by.

2.5 DIE SKEP VAN 'n NUWE TEKS

Die skep van 'n nuwe storie, in aansluiting by 'n nuut geskryfde operateks, hou belofte van verskeie moontlikhede in danksy die uiteenlopende aard van deelnemende gespreksgenote. Soos reeds in hoofstuk 1 voorgestel is vier dissiplines in gesprek, naamlik 1) die praktiese teologie met die pastoraat as subdissipline, 2) middelloopbaan-ontwikkeling, met die konfrontering van die middeljarige oorgang en die behoud van produktiwiteitsvlakke, 3) spiritualiteit, wat as 'n tipe intelligensie begryp word en nuwe domeine vir intellektuele aksie veronderstel en 4) lewenstylafrigting, wat 'n potensiële platform bied vir die fasilitering van individuele, organisatoriese en sosiale verandering. Die stemme van die navorser en medenavorsers word ook gehoor in die aktiewe deelname aan die gesprek, en hulle kan dus as 'n vyfde en sesde gespreksgenoot getel word. Die gesprek is interdissiplinêr van aard en handel gasvry met elke gespreksgenoot.

Ten einde die fasilitering van die libretto moontlik te maak, word gelet op verskillende modelle. Dié modelle kan moontlik leiding ten opsigte van die dialoog tussen praktiese teologie en ander domeine in interdissiplinêre en multidissiplinêre gesprekvoering bied.

2.5.1 Modelle vir 'n interdissiplinêre gesprek in praktiese teologie

Vir die bespreking van die modelle en getrou aan die sentrale opera-metafoer, met die teenwoordigheid van verskeie stemme, verwys ek na die bespreking van Osmer (2006:339-342; 2008:164-173). Hiervolgens word drie moontlike modelle vir interdissiplinêre gesprek in die praktiese teologie onderskei, naamlik die korrelasie-, die transformasie- en die transversale benadering.

Die korrelasie benadering word onder meer in die werk van Don Browning, Johannes van der Ven en James Fowler gevind. Teologie word hier beskou as “standing in a mutually influential relationship to the intellectual resources and/or emancipatory praxis of culture” (Osmer 2006:339). Dit kan ook gestel word dat die korrelasie model

HOOFSTUK 2 - Modelle vir 'n interdisiplinêre gesprek in praktiese teologie

die dialoog tussen teologie en ander velde as een van wedersydse invloed uitbeeld (Osmer 2008:164). Korrelasie in die wetenskappe behels 'n manier om statistiese data te analiseer om sodoende die verhouding tussen twee of meer kragte te demonstreer. Wanneer dit egter aangewend word as 'n model van dialoog, verval die kwantitatiewe dimensie van wetenskaplike korrelasie (negatiewe analogie). Daarteenoor “what is emphasized is the way a genuine dialogue is a conversation in which the parties enter into a mutually influential relationship” (positiewe analogie) (Osmer 2008:165). Die gesprekke behels 'n intense luister na mekaar en die opbou van wedersydse kommentare.

In die korrelasie benadering luister teologie na ander dissiplines ten einde nie net te leer van ander nie, maar ook 'n wesenlike bydrae te lewer. Dus is die fokus wedersydse invloed en kritieklewing en nie 'n eensydige monoloog nie (Osmer 2008:165).

In die transformasie model word die werk van James Loder en Deborah van Deusen Hunsinger geartikuleer. Dit vra dat die praktiese teoloog “must thus become bilingual (or perhaps multilingual if engaging psychology, social science, biology, neuroscience, physics, and so forth), allowing the social sciences to have their say about social reality while retaining the distinctive language and disciplinary perspective of theology” (Osmer 2006:340). In ander woorde kan gesê word dat die transformasie model die dialoog tussen teologie en ander domeine uitbeeld as 'n gesprek tussen mense wat verskillende tale praat (Osmer 2008:167). Die beweging tussen domeine is nie slegs 'n kwessie van vertaling, waar terme van een veld geneem word en gepoog word om ekwivalente terme in ander velde te vind nie. Dit is eerder 'n saak van transformering, oftewel “what is learned from another field by placing it in a different disciplinary context” (Osmer 2008:168).

Die derde moontlike model behels die transversale benadering, wat ooreenkoms toon met die werk van die filosofiese teoloog Wentzel van Huyssteen, wat op sy beurt deur

Calvin Schrag se verstaan van transversaliteit beïnvloed is. Hierdie model beskou die verhouding tussen dissiplines as:

an interacting network of different fields and contends that the human quest for intelligibility is strengthened by rational communication across this network. In a specific dialogue between the members of different fields, the values and perspectives of the conversation partners may overlap at points (Osmer 2008:171).

Die transversale model voorveronderstel 'n vloeibare en dinamiese verstaan van die verhouding tussen dissiplines. Dissiplines word gesien as “networks that transverse one another and share the common resources of rationality” (Osmer 2008:172). Transversaliteit is dus persoon- en perspektiefspesifiek, waar dit areas van oorvleueling en afwyking in 'n dialoog tussen spesifieke mense of perspektiewe ondersoek (Osmer 2008:172).

Die derde benadering van die interdissiplinêre gesprek blyk die beste moontlike wyse te bied waarop die diskoers tussen praktiese teologie en die ander gespreksgenote geakkommodeer kan word. Die rasionaal daarvoor aangebied is dat hierdie benadering die oorsteek van grenslyne tussen verskillende dissiplines moontlik maak ten einde 'n multidissiplinêre, holistiese en veelvlakkige werkswyse te bied. Die model van transversale rasionaliteit word in meer besonderhede in die volgende afdeling bespreek ten einde die akkommodering van perspektiewe, wat in die skep van die libretto gevorm is, aan te bied.

2.6 DIE OPWEEG VAN MOONTLIKHEDE

Rather than talk about ‘theology and science’ in a generic, abstract sense, we should focus on the merits of a concrete interdisciplinary problem in terms of specific sciences and specific theological writers and issues (Stone 2006:1146).

Ten einde ondersoek in te stel na die moontlikheid en die uitkoms van 'n interdisiplinêre gesprek tussen verskillende domeine, is dit enersyds nodig vir die beskrywing van my eie plasing in die praktiese teologie, en andersyds vir die daarstel van 'n werkswyse wat kan lei tot die verdiskontering van sulke perspektiewe.

2.6.1 “Postfoundational” praktiese teologie

'n Eie plasing in praktiese teologie veronderstel 'n verwysingsraamwerk as vertrekpunt, met 'n bepalende invloed van hoe die wêreld gesien en beleef word. Janse van Rensburg (1996:152) stel dit dat die begrip paradigma “as 'n model, 'n vertrekpunt, 'n verwysingsraamwerk, 'n konsep of veronderstelling” gebruik kan word “wat die wyse van fundering, strukturering, aanbieding en konklusies van 'n saak of leerstellings rigtinggewend bepaal.” In sy boek, “The paradigm shift” (2000), vergelyk hy 'n paradigma met die raam van 'n skildery: “The frame keeps the painting together and defines its character...It is the frame of mind with which one starts to paint one's picture of life and the world...[it] determines how one's world-view will operate and how one's knowledge about the world and life will be structured” (Janse van Rensburg 2000:1-2).

In aansluiting hierby beteken die begrip paradigma vir Louw (2005b:3) “conceptual frameworks and schemata of interpretation reflecting philosophical worldviews, cultural constructs and various theological stances and perspectives.” Schurink (1998:240) skryf ooreenstemmend: “A paradigm is a set of beliefs that constitutes the researcher's ontology (i.e. the researcher's perceptions regarding the nature of reality or the world and what there is to know about it).”

In die navorsing sluit ek aan by en kies ek, binne die ruimte van postmoderniteit vir 'n “postfoundational” praktiese teologie, in navolging van die werk van Wentzel J van Huyssteen (1998; 1999; 2006) en Calvin O Schrag (1992; 1997), asook soos beskryf deur Müller (2005; 2009) en Van den Berg (2008; 2010).

Postmoderniteit het vir die teologiese wetenskap, en in besonder vir pastorale teologie, betekenis indien dit as 'n metodologiese kritiek gesien word, wat die betroubaarheid en aspirasies van die konvensionele kwantitatiewe en kwalitatiewe sosiale wetenskap bevraagteken (Van den Berg 2006:167). Geloofwaardige humaniteit, soos menslikheid, ervarings, gebeure, afwisseling en geldigheid van verskeie waarhede, word op die voorgrond gestel (De Beer 2009:46). Ek wil by Van den Berg (2006:167-172) aansluit rakende die betekenis wat aan postmoderniteit toegevoeg word:

- **Subjektiewe integriteit**

Dit beklemtoon nie net dat objektiwiteit 'n mite is nie, maar gee ook erkenning aan die navorser se eie subjektiwiteit. Die subjektiewe verstaan-horison van die navorser word nie net oopgestel vir ander se verstaans-aksente nie, maar bied ook die moontlikheid vir die informering en selfs wysiging van eie begrip.

- **Die beperktheid van taal**

Postmoderniteit verteenwoordig 'n sensitiwiteit vir die konvensionele verstaan van die verhouding tussen taal en byvoorbeeld sosiale realiteite, omrede die verhouding tussen taal en die werklikheid nog altyd problematies was en is. Dit toon 'n aanvoeling vir die beperktheid van taal.

- **Die misterie van verstaan**

Postmoderniteit laat ruimte vir die betekenis van misterie. Misterie veronderstel iets anders as 'n probleem of raaisel. Dit handel met die versluisde, eksistensiële kennis van die geheel. Postmoderniteit bied ruimte om God as misterie te bely.

- **Die betekenis van konteks**

Dit omvat 'n eie bepaalde geloofs- en kerklike tradisie, maar beklemtoon dat ons saam met ander in werklike situasies en in 'n bepaalde konteks leef. In dié verband merk Van Huyssteen (1999:3) dat: “we cannot talk abstractly and theoretically about the phenomenon of rationality anymore: it is only as individual human beings, living

with other human beings in concrete situations and contexts, that we can claim some form of rationality.”

In ’n “postfoundational” praktiese teologie word daar weg beweeg vanaf ’n óf rigiede “foundationalist”-posisie, óf ’n relatiewe “anti-foundationalist”-posisie na ’n “postfoundationalist”-posisie (Van Huyssteen 1999:8; 2006:10). Hierdie begrippe word in aanhalingstekens geplaas, omrede dit ’n bepaalde betekenis en inhoud in die Engels aanbied. Afrikaanse alternatiewe word wel aangedui, maar die beperktheid van taal lei daartoe dat sekere aksente nie volledig aangespreek en weergegee kan word nie. Ten einde te verstaan wat “postfoundational” beteken, word die voorafgaande begrippe kortliks belig:

➤ **“Foundationalist” of universele perspektief**

“Foundationalism” verwys na epistemologiese teorieë gebaseer op geloofsisteme (De Lange 2007:47). Dit word deur Van Huyssteen (1999:62) beskou:

as the powerful thesis that our beliefs can indeed be warranted or justified by appealing to some item of knowledge that is self-evident or beyond doubt...To claim that our knowledge rests on foundations is to claim that there is a privileged class of ‘aristocratic’ beliefs which as such are intrinsically credible and which are able, therefore, to serve as ultimate terminating points for chains of justification.

Die “foundational”-benadering aanvaar dit as vanselfsprekend dat absolute waarheid beskikbaar is vir almal. Müller (2009:202) sê dat ’n teorie “built on such a presumption could be referred to as a ‘universal rationality’...Accordingly there is only one theoretical truth and that must be pursued.” Newlands (2006:395) sluit hierby aan wanneer hy merk dat “foundationalism” in ’n eksplisiete of implisiete vorm, die idee is dat daar slegs een “overarching theory and structure of knowledge” is. In die epistemologiese sin van die woord, neem die “foundational”-benadering ’n onbuigsame en onfeilbare posisie in (Müller 2008:887).

➤ **“Anti-foundationalist” of diverse perspektief**

“Anti-foundationalism” word gedefinieer as die weerspreking van die “foundationalist”-benadering en handhaaf dus die teenoorgestelde siening as die vorige posisie. Waar dit in die vorige benadering gegaan het om die ideaal van ’n universele posisie, wat ’n antwoord vir alle probleme kan voorsien, aanvaar dié benadering dit as vanselfsprekend “that foundations of fundamentals don’t exist and that we only have a diversity of opinions” (Müller 2009:203). Hiérvan benadering glo dus daar is geen fundamentele geloof “which is the basic foundation of epistemological inquiry” (De Lange 2007:47). Van Huyssteen (1999:11) wil relativisme vermy “where incommensurability may finally stifle all meaningful cross-disciplinary dialogue.” Só ’n posisie maak die gesprek tussen die verskillende dissiplines of wetenskappe, onder meer die gesprek tussen praktiese teologie en die ander wetenskappe, onmoontlik.

➤ **“Postfoundationalist” of transversale perspektief**

Die werk van Van Huyssteen (1999; 2006) karteer “postfoundationalisme” as ’n middeweg tussen die twee reeds genoemde ekstreme benaderings, naamlik “foundationalisme” en “anti-foundationalisme.” Die eis van beide om ’n volledige ‘multiversele rasionaliteit’ en ’n ‘universele rasionaliteit’ te bereik, word met agterdog bejeën. Die “postfoundational”-benadering is versigtig vir die gevaar van relativisme en subjektiwiteit in ’n ‘multiversele rasionaliteit,’ asook vir die rigiditeit en valse aannames van ’n ‘universele rasionaliteit.’ “Therefore it consists of an effort to move beyond both foundationalist and nonfoundationalist claims. For that reason it is called post-foundationalism and not anti- or non-foundationalism” (Müller 2009:203).

Van Huyssteen (1999:113) is van mening dat ’n “postfoundational theology” in twee rigtings beweeg. In die eerste plek gaan dit om die erkenning van kontekstualiteit, “the epistemically crucial role of interpreted experience, and the way tradition shapes the epistemic and non-epistemic values that inform our reflection about God and what [we] believe to be God’s presence in the world.” Tweedens dui dit “creatively beyond the confines of the local community, group, or culture towards a plausible form of interdisciplinarity conversation” (Van Huyssteen 1999:113).

Dus wil ’n “postfoundational” teologie ’n eiesoortige posisie inneem, met erkenning aan die invloed wat die eie konteks op waarheidstrewing het en die sleutelrol wat interpretasie in die kenproses speel, asook die effek van tradisie op nadenke. Die uitwerking van hierdie faktore maak die deurdringbaarheid tot sogenaamde onwankelbare waarhede, onmoontlik. “Postfoundational” teologie wil andersyds waarhede formuleer wat in die publieke arena, dus ook buite die grense van die plaaslike groep en kultuur, gekommunikeer kan word (Müller 2008:887).

Dié gesprek, wat in die skryf van die bedrywe om ’n libretto daar te stel kleurvol beskryf word, vind op dialogiese grond tussen gelyke gespreksgenote plaas. Dit sal uiteraard lei tot nadenke aangaande die werkswyse waarbinne sulke aksente tot eie reg sal kom.

2.6.2 Transversale rasionaliteit

Die daarstel van ’n werkswyse wat lei tot die verdiskontering van perspektiewe gaan om die epistemologiese vraagstuk wat, volgens Louw (1999a:10), handel oor hoe daar tot kennis gekom word en wat die bron van kennis is. Die epistemologie van medium en tegniek behels vir Janse van Rensburg (2000:2) in die metafoor van ’n skildery, die volgende:

The frame of mind (paradigm) determines the painting, while the epistemology is the theory of how the paint should be organised on the canvas to fit the paradigm: how the knowledge should be gathered and organised.

Schurink (1998:240) is van mening dat die epistemologie “the researcher’s perceptions of where he stands in relation to reality or the world” behels. Dit handel dus met die wyse waarop kennis beredeneer word en die navorsing benader word.

In die oorweging van ’n metodologie vir hierdie betrokke studie blyk dit dat transversale rasionaliteit moontlikhede vir die konstruering van ’n interdisiplinêre

gesprek bied. In die voorafgaande bespreking rakende die verskillende modelle, wat 'n interdisiplinêre gesprek in praktiese teologie moontlik maak, het dit geblyk dat die transversale model die beste moontlike wyse bied waarop die diskoers tussen praktiese teologie en ander gespreksgenote geakkommodeer kan word. Die betekenis van transversale rasionaliteit word soos volg deur Stone (2006:1146) verduidelik:

Transversality is a mathematical metaphor. A transverse line cuts across two or more geometric figures. It is to be thought of as between the universality of an infinite line and the specific location of a line segment. The metaphor refers to a specific conversation between disciplines, in between universal rationality and incommensurability. It is a reaction against both methodological imperialism and isolated language games and does this by resting on overlapping concerns.

Rasionaliteit word gesien as 'n vaardigheid wat die mens in staat stel tot die versameling en saambind van geïnterpreteerde ervaringspatrone deur retoriek, artikulasie en onderskeiding. Van Huyssteen (2000:429) redeneer dat dit op hierdie punt is wat transversaliteit “replaces modernist notions of universality in a distinct move – beyond static notions of rationality – to see human reason as dynamic and practical in the way we use it to converse with one another through critique, interpretation, narration, and rhetoric.” Die dinamiese interaksie van dialoog word beskou “to be on convergent paths moving toward an imagined vanishing point,” waar verskillende stemme nie die gevaar loop van teenstrydigheid of die assimilering van mekaar nie, maar juis met mekaar dinamies interaktief handel (Van Huyssteen 2000:429). In dié multidisiplinêre gebruike van die konsep transversaliteit kom onderskeie karaktereienskappe en funksies na vore (Müller 2009:203). Die dinamika van bewussyn, die deurweefdheid van verskillende stemme en die wisselwerking van sosiale praktyke “are all expressed in a metaphor that points to a sense of lying across, extending over, intersecting, meeting, and conveying without becoming identical” (Van Huyssteen 2000:429). Transversaliteit voorsien dus 'n filosofiese venster op die wêreld van kommunikasie deur gedagtes en aksie, waar die fokus dialoog tussen verskeie, selfs afkeurige vennote behels om sodoende 'n

belangstelling in andersheid te kweek (Van Huyssteen 2000:430). Daarom regverdig en vereis transversaliteit die erkenning van veelvoudige patrone van interpretasie in die oorsteek van grenslyne tussen verskillende dissiplines. Van Huyssteen (2000:430) merk in die verband:

It represents a distinct move from seeing the human self as a pure epistemological point to seeing the self as resituated in the space of communicative praxis. As such it establishes the necessity of a multiplicity of voices and perspectives in our ongoing conversations.

Drie interverwante momente of fases van kommunikatiewe praxis, wat bekend staan as “evaluative critique, engaged articulation, and incursive disclosure” word geïdentifiseer (Van Huyssteen 1999:136). In dié beweging word teorie nie langer as ’n stelsel van reëls en regulasies beskou nie, en praktyk is bevry van sy onderdanigheid as ’n blote toepassing van teorie. ’n Derde dimensie van praxis kom na vore, “which indicates a fusion of thought and action that displays its own discernment, insight, and disclosure, no longer needing a transcendental ego or a system of universal rules to swoop down from on high” (Van Huyssteen 1999:137).

In die eerste beweging van transversale rasionaliteit, naamlik “evaluative critique” word die toon van “critical discernment” beklemtoon en word die aktiwiteit van “seperating, sorting out, distinguishing, contrasting, weighing, and assessing of our different options” (Van Huyssteen 1999:137) gevolg. Verskillende moontlikhede kan in die interdissiplinêre gesprek tussen praktiese teologie en die ander voorgestelde dissiplines geakkommodeer word, tesame met aksente wat vanuit die outobiografiese veld in dié navorsingstudie verteenwoordig word.

In die tweede beweging van transversale rasionaliteit word “engaged articulation” beklemtoon, waar rasionaliteit direk met diskoers geassosieer word, “with rendering an account, giving the best possible reasons, and with articulating sense or meaning” (Van Huyssteen 1999:137). Hier word diskoerse beklemtoon wat rasionaliteit en betekenis artikuleer, ten einde uitdrukking te gee aan ’n gasvrye

navorsingsbenadering (Van den Berg 2007:8). Die ontwikkeling van 'n interdisiplinêre gesprek het tot dusver geskied in die skep van 'n libretto (operateks), met vyf veronderstelde bewegings, vanaf die eerste tot die vyfde bedryf, met die gespreksgenote voorgestel as deel van 'n inleidende ouverture en die finale, waar dié gesprek in 'n geïntegreerde geheel sal eindig.

Die derde beweging van 'n transversale rasionaliteit word gevind in die moment van “incursive disclosure” en wat verduidelik kan word as “a postulate of reference, a claim for reality that brings us out of the ‘closure’ of the isolated subject” (Van Huyssteen 1999:138). Die navorsing wat in die studie gekonstrueer word het juis die oorsteek van grenslyne tussen dissiplines ten doel, met nuwe betekenis wat toegevoeg word wanneer elke deelnemende stem 'n eie bydrae lewer. Hierdie unieke bydraes word vergestalt in die finale van elke bedryf.

Die “transversal/postfoundationalist rationality” bied die geleentheid dus “to shuttle in the space between modernity and postmodernity: the space of interpreted experience and communicative praxis which enables praxial critique, articulation, and disclosure” (Van Huyssteen 1999:139).

Die “postfoundationalist”-benadering wil in die eerste plek die luister na stories van mense in werklike lewensituasies forseer. Die doel hiermee behels nie die blote beskrywing van 'n algemene konteks nie, maar die konfrontering van 'n spesifieke en konkrete situasie. Hoewel hierdie benadering hermeneuties van aard is, beweeg dit “beyond mere hermeneutics. It is more reflexive and situational embedded in epistemology and methodology” (Müller 2009:204). Volgens Van Huyssteen (2006:10) “embodied persons, and not abstract beliefs, should be seen as the locus of rationality. We, as rational agents, are thus always socially and contextually embedded.”

Müller (2009:204) is van mening dat die idee van sosiaal-gekonstrueerde interpretasies en betekenis deel uitmaak van die “postfoundationalist”-benadering. In die verband redeneer Van Huyssteen (2006:25):

Because of our irrevocable contextuality and the embeddedness of all belief and action in networks of social and cultural traditions, beliefs, meaning, and action arise out of our embedded life worlds. A postfoundationalist approach helps us realize, however, that we are not the intellectual prisoners of our contexts, or traditions, but that we are epistemically empowered to cross contextual, cultural, and disciplinary borders to explore critically the theories, meanings, and beliefs through which we and others construct our worlds.

Die idee van transversaliteit maak die interdissiplinêre gesprek op 'n nuwe en uitdagende wyse moontlik, met die identifisering van stemme uit die wetenskap, teologie, ander godsdienste en kuns as verskillend, maar ook as gelyke, egte wyses, waarop na die wêreld gekyk word. Die belangrikste egter is dat die “postfoundationalist notion of rationality claims to point beyond the boundaries of any local community, group, tradition, or culture, toward a plausible form of interdisciplinary conversation” (Van Huyssteen 2006:23-24). 'n “Postfoundational” teologie soek na die gemeenskaplike in die menslike denkprosesse. Dit wil 'n goed verantwoorde epistemologie daarstel, wat die toets van intergroepgesprekvoering kan deurstaan (Müller 2008:887).

Ek wil hier aansluit by Van den Berg (2010:94) wat opsommend daarop dui dat vanuit hierdie werkswyse, die verwagting inderdaad spruit om binne 'n bepaalde kontekstuele aanduiding 'n spesifieke saak te identifiseer, waarmee daar spruitend vanuit die interdissiplinêre diskoers in gesprek getree kan word. In die laaste hoofstuk van die navorsing word onder meer gefokus op hoe die voorgestelde interdissiplinêre gesprek, met uiteenlopende, asook oorvleuelende perspektiewe verloop.

2.7 'n “WERKENDE” MENS - BESKOUIING

...to exist as a human being is to be a body-in-the world. In fact, the human body is the vehicle for being in the world, and having a body is to be interactively involved with a definite environment, and we are conscious of the world only through the medium of our body. More specifically, the body is our general medium for having a world, and as embodied conscious the human body is a focal point of living meanings (Van Huyssteen 2006:276).

Die implikasie van die opskrif, 'n “Werkende” mens-beskouing, is tweeledig van aard. In die eerste plek dui dit op die “werkende” mens. Dit beteken iemand wat 'n beroep beoefen en in 'n bepaalde loopbaanfase verkeer. In die tweede plek dui “werkend” op funksionaliteit, met ander woorde in dié geval, 'n begrip wat op hierdie navorsing van toepassing is en dus “werk” en funksioneel van aard is.

'n Mens-beskouing impliseer antropologie, wat afgelei is van die Griekse woorde *anthropos*, dit beteken mens, en *logos*, wat dui op woord of leer. Saamgevoeg beteken die begrip, die “leer oor óf wetenskap van die mens” óf “menskunde” (Van Niekerk 2008:53). In aansluiting by die voorafgaande, behels antropologie vir Louw (1999a:5) die vraag na hoe die mens verstaan moet word ten einde tot 'n proses van sinontsluiting by te dra.

Aangesien die pastorale bediening wesenlik om 'n bediening van mense gaan, “word enige beleid en strategie finaal bepaal deur die grondliggende beskouing oor die mens” (Louw 1999a:152). Die pastorale ontmoeting word dus beïnvloed deur die navorsers se beskouing van die mens. Die mens kan nie los van die kennis aangaande God beskou word nie, omrede sulke kennis die gevaar loop om maklik abstrak en spekulatief te raak (Louw 1999a:153). Daarom is dit van belang om in gedagte te hou dat “a pastoral theology without a clearly outlined theological anthropology, runs the risk of becoming ‘docetic.’ As such, it is alien to life and does not allow for the historical context of human beings” (Louw 1999b:17). Dus speel 'n teologiese antropologie 'n beslissende rol in die effektiwiteit van die pastorale ontmoeting en die

HOOFSTUK 2 - 'n "WERKENDE" MENS - BESKOUING

terapeutiese uitkoms daarvan (Louw 1999a:153; Louw 1999b:17). Van den Berg (2007:3) sluit hierby aan wanneer hy merk dat "dit 'n gegewe is dat pastorale sorg die mens veronderstel en dat die antropologiese perspektiewe vanuit die teologie, filosofie en menswetenskappe nie net die pastorale ontmoeting bepaal nie, maar ook die terapeutiese uitkoms."

Alhoewel De Jongh van Arkel (2000:151) van mening is dat daar 'n "renewed interest in the theoretical (theological) context of the anthropology used in pastoral care and counselling" is, wil dit egter blyk dat "min werke in die pastorale teologie werklik aan 'n antropologie aandag gee. Dikwels word 'n spesifieke antropologie veronderstel sonder om dit eksplisiet te beskryf en aan te toon hoedat dit met 'n spesifieke metode en terapie saamhang" (Louw 1999a:153). Samevattend sê Van den Berg (2007:3) dat "alhoewel 'n bepaalde teologiese antropologie vir die pastoraat veronderstel word, daar dikwels min of weinig van dié antropologie en die implikasie daarvan vir die pastoraat beskryf word." Hy beklemtoon en onderskryf verder deur jús van die "wetenskap se resultate kennis te neem, kan teologie, en in besonder die praktiese teologie en pastoraat, se eie bydrae verryk word in onder meer die beskrywing van 'n pastorale antropologie" (Van den Berg 2007:6). Die voorafgaande onderstreep die nodigheid daarvan om 'n antropologie vir die navorsing te formuleer. Daarom wil hiérvan navorsing, in resonansie met Van den Berg (2008:123), die feit benadruk dat 'n besondere klem nie net geplaas word op teologiese nabetrugting nie, maar op die formulering van 'n pastorale antropologie, waar dit radikaal gevorm word "not only by its social, historical and cultural context, but also by the biology roots of human rationality" (Van Huyssteen 1998:xiii).

In die formulering van 'n antropologie vir hierdie navorsing wil ek aansluit by Van den Berg (2008:122) en kies vir "a theological anthropology in which the human being is understood," asook in die formulering van Louw (2005a:16) as "an embodied soul and a spirited body." Louw (2005a:16) sê verder: "Hierdie kwalitatiewe posisie wil nie die mens reduceer tot of 'n biologiese funksie, 'n neurologiese entiteit of 'n bloot spirituele wese nie. Die term 'siel' sluit ook nie die liggaamlike en die stoflike, aardse bestaan uit

nie. Die mens is 'n beliggaamde siel en 'n besielde liggaam.” In 'n poging om betekenis te vind in 'n beliggaamde siel antropologie sal ontdek word dat:

[it] is the body that makes spiritual experience passionate, that brings to it intense desire and pleasure, pain, delight, and remorse. Without all these things, spirituality is bland. In the world's spiritual traditions, sex and art and music and dance and the taste of food have been for millennia forms of spiritual experience just as much as ritual practice, meditation, and prayer (Lakoff & Johnson 1999:568).

Met die voorafgaande in gedagte word die volgende perspektiewe aangaande 'n beliggaamde siel en 'n besielde liggaam aan bod gestel.

2.7.1 Die “middeljarige” mens

In die pastoraat gaan dit in die eerste plek om die mens. Die mens word beskou as 'n holistiese wese (Clinebell 1984:31-32), as 'n fisies-psigies-geestelike wese (De Klerk 1975:3) en ook as 'n etiese wese met kognitiewe, konatiewe, affektiewe en liggaamlike funksies (Louw 1999a:30). Die mens is 'n eenheidswese (Heyns 1976:120-124) met behoeftes wat in geheel hanteer moet word.

In die tweede plek behels die pastoraat ook die mens-in-gemeenskap – die groep (De Klerk 1975:3). Dit behels die “utilization by persons in ministry of one-to-one or small group relationships to enable healing, empowerment and growth to take place within individuals and their relationships” (Clinebell 1984:25-26). Die gemeenskap het ten doel die uitreiking na die besondere behoeftes van diegene in sorg (Gerkin 1986:25).

Antropologie is wesenlik 'n hermeneutiese probleem, aangesien die mens nie verklaar kan word nie, maar verstaan moet word (Louw 1999a:157). Vir doeleindes van hierdie studie is dit belangrik om die mens ook as 'n ontwikkelende wese, wat deur verskillende lewensfasies beweeg, te beklemtoon, vandaar die lewensloopbenadering. Die lewensloopbenadering beskou menslike ontwikkeling as 'n voortdurende en

lewenslange proses (Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:3; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:5; Bjorklund & Bee 2008:14). 'n Kern aanname van hierdie benadering is dat ontwikkeling nie by volwassenheid voltooid is nie (Baltes, Staudinger & Lindenberger 1999:472).

Die lewensloop-ontwikkelingsbenadering word beskou as 'n integrerende perspektief, wat 'n holistiese benadering demonstreer deur onder meer biologiese, psigologiese en sosiologiese perspektiewe in te sluit (Baltes, Reese & Lipsitt 1980). Die biologiese perspektief verwys na die fisiese en biologiese veranderinge wat oor die lewensloop plaasvind (Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:299-300). 'n Psigologiese perspektief handel met die interne prosesse van die individue, byvoorbeeld geloofsontwikkeling (Fowler 1981), morele ontwikkeling (Kohlberg & Colby 1987), identiteitsontwikkeling (Erikson 1964; Erikson 1997; Levinson *et al* 1978), intellektuele ontwikkeling (Piaget 2001) en self-ontwikkeling (Josselson & Lieblich 1993). Laastens, veronderstel die sosiologiese perspektief dat volwasse ontwikkeling nie apart van die historiese konteks waarin dit voorkom, verstaan kan word nie (Miller 1983:23-24; Bjorklund & Bee 2008:8). Hierdie onderskeie perspektiewe word volledig in hoofstuk 3, afdelings 3.2 en 3.3, aan bod gestel.

Gespreksgenote handhaaf eie sieninge rakende die verouderingsproses wat vir hierdie studie verliggend is. Scott, 'n ingenieur van beroep en toegedeel tot die tweede ouderdomsgroepering (soos reeds voorgestel), is 'n aktiewe mens wat gereeld muurbal speel en aan bergfiets-wedrenne deelneem. Hy maak die volgende opmerking aangaande die oudword-proses:

Min mense word lekkerder as hulle oud word, en ek dink dit is 'n groot jammerte. Ou mense kan soveel beteken en 'n groot bydrae lewer, maar ek ervaar die meeste ouerwordendes as knorrig en iesegrimmig, veral die mans. Ek is nie mal oor oudword nie, want dalk dink ek dit gaan my inperk – veral met sport. Ongelukkig kan jy niks daaromtrent doen nie, daarom poog ek om die oudword-proses soveel moontlik te vertraag deur baie te oefen, reg te eet, gewig in toom te hou, ensovoorts – en om gawer te wees!

HOOFSTUK 2 - Die “middeljarige” mens

Die fokus in hierdie betrokke navorsing is spesifiek die middelloopbaanfase waar die werkende individue gedurende middelvolwassenheid aandag geniet. Ouderdom of ontwikkelingstake word as die twee mees algemene wyses waarvolgens individue in fases van die lewensiklus geklassifiseer kan word, beskou (Hayslip, Panek & Patrick 2007:13). Die aanduiding van ouderdomme, stadia of fases, is arbitrêr van aard en kan daarom nie as absolutes of onderskeidend veronderstel word nie, aangesien dit primêr ten doel het om die organisering van die volwasse lewe te vereenvoudig (Louw & Edwards 2005:493; Hayslip, Panek & Patrick 2007:13; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:407). In aansluiting by die voorafgaande maak Capps (2008xi) die opmerking dat hy aan sy eie lewe dink in terme van dekades:

what I did when I was in my twenties, thirties, forties, or fifties. This is also how I think about the lives of other persons I know... Using decade language enables me to ‘place’ myself or another in life-span terms but to avoid having to be too precise. I occasionally use my exact age when I mention a life experience – ‘I got married when I was twenty-five years old’ – but most of the time identifying the decade in which something happened is close enough.

Twee van die mees invloedryke navorsers ten opsigte van volwasse lewensontwikkeling, naamlik Erik Erikson en Daniel Levinson bied ’n breë verwysingsraamwerk aangaande die onderskeie lewenstadia. Dit word volledig in afdeling 3.4 van hoofstuk 3 toegelig, met ’n besondere klem op die middelvolwasse tydperk.

Kortliks kan dit in die lig van ’n mens-beskouing gestel word dat Erikson die middelvolwasse tydperk as ’n fase beskou, waarin generatiewiteit teenoor stagnasie gestel word. Generatiewiteit weerspieël ’n altruïstiese belang van omgee en versorging van ander, maar het ook te make met produktiwiteit en kreatiwiteit, wat uitdrukking vind in ’n werkslewe, probleemoplossing en kinderopvoeding. Stagnasie, daarteenoor, veronderstel opgang in die self, waarin daar gefaal word om behoeftes van die gemeenskap in ’n eie lewe te inkorporeer (Erikson 1965:258-259; Erikson 1968:138-

139; Capps 1983:28-29; Erikson 1997:66-69; Green & Piel 2002:91; Bentley 2007:11-13; Whitbourne 2007:34).

Daniel Levinson en sy kollegas het bevind dat diegene in die middeljare 'n pynlike herevalueringproses begin en 'n intense stryd met die self en die eksterne wêreld beleef. Die middeljare aktiveer angstigheid oor agteruitgang en die dood. Hierdie fase word as 'n tussentydse tydperk beskou, waar die mens nie meer jonk is nie en tog ook nie heeltemal oud is nie (Levinson *et al.* 1978:ix-x). In aansluiting hierby, stel Sherburne (2008:102) dit dat “the middle-aged person is forced, both consciously and unconsciously, to respond to an acute realization of personal death... We begin to measure our lifetime from the distance to the end rather than from birth. Remember when we used to say, ‘I am 11 and ½ years old’? It never occurred to me to say, ‘I am 55 and ½.’”

Rentia, 'n biokinetikus (groep 1) en ook 'n deelnemende gespreksgenoot (soos voorgestel), leef met 'n ingesteldheid om elke dag in volheid aan te gryp en te beleef. Sy merk die volgende met betrekking tot die middeljare:

My onmiddellike gevoel oor die middeljare is negatief, omrede die term in die eerste plek vir my 'n fisieke konnotasie het – bles, boep, bril, spatare, bloeddrukpille, plooië, ensovoorts. Die jeugdige gees in my is nie lus om in 'n ouer dop verpak te word nie. Middeljarig klink vir my oud en half oor die muur en ook half middelmatig! Daar is egter ook 'n ander sy – middeljare is eintlik 'n mylpaal wat behaal is op die lewensreis, eerder as 'n neerlaag. Dit is 'n cliché, maar 'n mens is beslis rustiger in jou menswees en het 'n sterker identiteit ontwikkel. Ek is meer gemaklik met myself en my huismense se tekortkominge, en is beter in staat om die 'groter prentjie' raak te sien. Ek leef nou meer in die oomblik, nie soos vroeër, vir eendag wanneer ek bereik het wat ek wil nie.

Die middelloopbaanfase veronderstel, in aansluiting by lewensfasies, die ontwikkeling van loopbaanfasies met 'n spesifieke klem op middelvolwassenheid. Die konteks hier

behels dus die wêreld van werk met 'n besondere beskouing van die “werkende” mens.

2.7.2 Die “werkende” mens

Van den Berg (2008:126) bevestig dat “as part of a post-foundational practical theology...different contexts need to be taken into account.” Dit vra om begrip wat nie net die lokale konteks insluit nie, “but an understanding that can only develop within and from a local context” (Müller 2005:74). 'n Oriëntasie ten opsigte van die kontekstuele verstaan van die mens binne sistemiese verband kan hierin bevestig word, in samehang met “bepaalde antropologiese nuanses wat die mens as 'n beliggaamde siel binne 'n bepaalde konteks verstaan” (Van den Berg 2010:109). Dit word juis hierin aangetoon, dat die wêreld van werk ook 'n bepaalde antropologie veronderstel en dat die verdiskontering hiervan in wese 'n hermeneutiese probleem behels (Van den Berg 2010:109). Die betekenis van werk kan, volgens Mirvis (1997:199), verstaan word as “a web of relationships: in the interplay of person and material, and in a larger context that makes it more or less meaningful.” Werk is integraal deel van die volwasse identiteit en elke individu heg 'n eie betekenis aan dié konsep. Dit word bevestig wanneer mededelings van gespreksgenote in ag geneem word.

Liné (internasionale projekbestuurder en deel van groep 2), is van mening dat werk of 'n beroepslewe vir haar van groot belang is, aangesien sy nie kinders het nie. Sy hou van uitdaging en vertolk dit as “a challenge and achievement.”

Liné sê: “Ek sien my werk as 'n uitvloeisel van myself, en dat dit 'n groot deel van my lewe en die self definieer.”

Scott (ingenieur en deel van groep 2) hou van sy werk en beskryf dit as uitdagend met genoeg stimulasie. Hy pak elke nuwe projek met passievolle entoesiasme aan.

Scott merk in die verband: “Ek sien my werk as iets wat vir my sorg en my goed laat leef en daarom moet ek dit mooi oppas en alles na die beste van my vermoë doen. My motto is, onder andere, Kolossense 3:23: Julle wil tog die Here tevrede stel en nie mense nie. Laat mense dit ook sien aan die oorgawe waarmee julle julle werk doen (Die Boodskap).

Die lewenstadiumbenadering verskaf ’n bruikbare struktuur vir die ondersoek van loopbaanverwante kwessies gedurende ’n individu se lewensloop. Die ontwikkeling van loopbane, en in besonder die middelloopbaanfase, is van belang vir dié studie. Hierdie fase veronderstel diegene in die ouderdomsgroep van 40 tot 55 jaar (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:230). Dit handel met die hersiening van ’n individu se lewenstyl, loopbaanrigting en prioriteite, asook ’n herevaluering van ambisies en die vervulling van drome (Greenhaus 1987:166; Collins 2005:220; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:230).

Tradisionele teologiese antropologieë het aanvanklik min of geen erkenning aan die betekenis van die liggaamlike gegee. ’n Dualistiese skeiding tussen liggaam en siel is onder meer algemeen gehandhaaf (Van den Berg 2007:11). In die werkplek het die tradisionele tweedeling tussen liggaam en gees, volgens Van den Berg (2010:110), geen relevante betekenis nie. Hy beklemtoon dat:

Juis hierin kan ’n vernuwendende pastorale antropologie ’n belangrike rol speel as dit verstaan word as ’n nuwere kartering van ’n teologiese antropologie waarin die mens as “’n beliggaamde siel en ’n besielde liggaam’ binne die konteks van werk verstaan word (Van den Berg 2010:110).

In navorsing aangaande “spiritualiteit” in die werkplek het Mitroff en Denton (1999) bevind dat dit om die “hele persoon” gaan, met individue wat verkies om die hele self na die werkplek te bring. Die navorsers merk in dié verband op: “It is clear from the

total context of the interviews that a decisive majority wished to be able to express and develop their complete self at work” (Mitroff & Denton 1999:85-86). Sparrow en Knight (2006:6) sluit hierby aan wanneer hulle merk dat organisasies in die 21^{ste} eeu vereistes aan werkgewer en werknemers stel, wat daarop aandring dat persone hulle volle self (“whole selves”) na die werk bring, eerder as slegs “muscles and/or brains.” Smith (2006:1) onderstreep die feit dat werkers daarop aandring dat hulle spiritualiteit, net soos hulle intelligensie, in die werkplek verwelkom moet word. Die kwessie aangaande spiritualiteit in die werkplek geniet volledige aandag onder afdeling 4.3 in hoofstuk 4.

’n Pastorale antropologie handel ook om ’n verstaan van die mens in terme van sy/haar herstel (terapie), asook begeleiding in terme van sy/haar soeke na lewensin (Louw 1999a:156). In die lig hiervan wil ek aansluit by Stroup (1981:202) en Müller (1996:24), wat redeneer dat die proses van verstaan ’n aangeleerde vaardigheid behels, maar dat verstaan ook ’n gebeurtenis is. Ware verstaan vra betrokkenheid, en betrokkenheid lei tot verstaan. Daarom dat Bons-Storm (1989:85) die pastorale betrokkenheid ’n hermeneutiese avontuur noem. In die proses van verstaan kan lewenstylafrigting moontlik as die fasilitering van spirituele betekenis en sinbelewing dien. Dit word in hoofstuk 5 meer volledig bespreek.

Die mens word ook as ’n dinamiese wese beskou, veral wanneer dit gaan om die verband tussen spiritualiteit en die menslike soeke na lewensin (Louw 1999a:156). Dit sluit aan by die doel van die pastoraat en word vervolgens aan bod gestel.

2.8 SPIRITUELE BETEKENIS EN SINBELEWING

Ten einde laaste het die pastoraat ten doel om te “komen tot verstaan: verstaan van zichzelf, verstaan van elkaar, in het perspectief van het evangelie, opdat mensen weer weten, waartoe zij bestaan” (Bons-Storm 1989:9). Dit wil ons “verstaan van God verbind met reële menslike ervarings sodat ons menslike bestaan of eksistensiële sin mag ontdek” (Louw 1999a:3), en “to develop the theological lens through which we... can understand the human condition and organize an effective pastoral response”

HOOFSTUK 2 - SPIRITUELE BETEKENIS EN SINBELEWING

(Lester 1995:2). Pieterse (1993:5) sluit hierby aan wanneer hy merk dat die pastoraat ten doel het 'n "vertolkende diens wat intermediêr instaan tussen die sprekende Heer in die gewaad van die Skrif, en die deelnemers van die gesprek." Capps (1993:1) merk dat die taak van die pastoraat daarin lê om mense te help "in locating their personal stories within the framework of the Christian story."

Vir my persoonlik behels pastorale doelstelling die fasilitering van betekenis en sinbelewing in 'n poging om eksistensiële vraagstukke te kan beantwoord. Die vraag na betekenis en sinbelewing behels nie vir my ooit 'n volledig 'voltooide proses' nie. Die sinvraagstuk behels 'n voortdurende proses van herinterpretasie. In elke nuwe lewensituasie of omstandighede word opnuut gepoog om sin te herinterpreteer of te herontdek ten einde in daardie betrokke konteks 'n nuwe sinvolle verstaan te bewerkstellig. Dit gaan om die denke van die menslike situasie en die verstaan daarvan, in terme van daardie geloofstaal: God is hier en ek kan op Hom vertrou. Vir my impliseer die voorafgaande dat ek binne die konteks van 'n persoonlike ontmoeting met God, veilig kan voel om besinnend na te dink oor my eie lewensituasie in 'n poging om sinvolheid te kan beleef met die betrokke betekenis wat ek daaraan toevoeg. Louw (1999a:3) merk in dié verband: "Die pastoraat is 'n hermeneutiese aangeleentheid rakende die kombinasie geloofstaal oor God en ons daaglikse lewenservaring met betrekking tot die vraagstuk na sin."

Die hele kwessie aangaande die verskillende perspektiewe wat gehandhaaf word omtrent spiritualiteit, en die moeilike definieerbaarheid van die begrip, word volledig in hoofstuk 4 onder die afdeling 4.2 verwoord. Hiër van belang is om te sê dat spiritualiteit moontlik as 'n tipe intelligensie beskryf en begryp kan word (Emmons 1999; 2000; Hyde 2004; Kwilecki 2000; Zohar & Marshall 2000; Adams & Hyde 2008). Die soeke na betekenis en sinbelewing kan moontlik met spirituele intelligensie in verband gebring word (Zohar & Marshall 2000; 2004). Spirituele intelligensie dien dan as 'n transformerende intelligensie, wat met ou paradigmas breek ten einde nuwe paradigmas te skep, om sodoende probleme en situasies in 'n breër en nuwe verwysingsraam te belig (Zohar & Marshall 2004:100). Dit handel dus met die vermoë om 'n eie lewe te transformeer, wat die diepste betekenis en uitlewing van doelwitte

HOOFSTUK 2 - SPIRITUELE BETEKENIS EN SINBELEWING

impliseer (Zohar & Marshall 2004:119), om sodoende sinvolle antwoorde op lewensvraagstukke te genereer.

In aansluiting by die voorafgaande merk Sherburne (2008:104) dat “Spirituality provides the bridge between these seemingly contradictory purposes as one seeks and embraces a changing reality.” Hierdie opmerking word onderstreep deur die navorsingsbevindinge van Wink en Dillon (2002:91), wat dui op ’n toename in spiritualiteit gedurende die middel- en laatvolwasse lewensfase. Wagenseller (1998:266) vertel die verhaal van Jung rakende persone, wat hy op konsulerende wyse bygestaan het: “of all the people who ever came to consult him in the second half of life, no one was ever cured who did not gain a spiritual outlook.” Spiritualiteit lei tot ’n integrasie van die verskeie aspekte van menswees:

’n Integrale spiritualiteit moet die kwaliteit van menswaardigheid sodanig verbeter dat die teenwoordigheid van God ’n bydrae tot die sin van menslike bestaan en die kwessie van humaniteit lewer; dit moet die innerlike en die private verbind met die lewe, die sosiale konteks en publieke karakter van die mens se bestaan (Louw 1999a:236).

Die voorafgaande blyk duidelik uit gesprekke met medenavorsers, waar spiritualiteit te midde van die praktyk van lewenservaring eindelijk sinvol beleef word. Daarom word slegs uittreksels van sommige gesprekke (as gevolg van beperkte bladsyruimte) volledig gebied:

Rentia (biokinetikus en deel van groep 1) heg die volgende betekenis aan ’n sinvolle lewe: “Vir my is ’n sinvolle lewe slegs te vinde in ’n persoonlike verhouding met Jesus Christus. Alles anders is uiteindelik sinneloos. Soms verloor mens jouself in die gejaag van die lewe en voel alles inderdaad sinloos. Al is jy op moedverloor se vlakte kom haal die Here jou altyd weer daaruit en wys jou die sin, daarvan kan ek getuig.”

HOOFSTUK 2 - SPIRITUELE BETEKENIS EN SINBELEWING

Scott (ingenieur en deel van groep 2) merk: “Vir my is die lewe werklik sinvol as jy dít wat jy het, met ander kan (uit) deel omdat dit vir jou lekker is. Dit sluit natuurlik alles in – geld, kennis, lewenservaring, wysheid, ensovoorts.”

Liné (internasionale projekbestuurder en deel van groep 2): “Dit kan net ervaar word as jy vrede in jouself het met wie en wat jy is. Wanneer jy self liefde het, kan jy ook liefde aan ander gee. Vir myself noem ek dit ‘huistoe kom’ – jy soek nie meer in die wêreld na dinge wat jou gelukkig maak nie. Hierdie vrede en sekerheid is nie te koop met geld nie, maar lê diep in die liefde, vrede en genade van Jesus.

Dit is ’n geluk in jouself, ten spyte van moeilike omstandighede en/of verhoudings, siekte, nood, ensovoorts. Dit is ook nie belangrik om te ontvang nie, maar die vreugde lê daarin om te gee en te deel, nuwe ontdekkings te maak, en om geestelik te groei. Jou verhouding met God is prioriteit. Ons lewe op aarde is maar net die pad wat ons stap na die ewigheid, en ons vat niks saam nie, behalwe die liefde wat ons uitgeleef het.

Samevattend, in die lig van die bogenoemde opmerkings van gespreksgenote, kan ek myself die beste verwoord in die woorde van Louw (2005a:136), wanneer hy sê: “Sinloosheid oorval die siel as daardie donkernag wanneer die lewe ’n *cul de sac* word; wanneer die lewe ’n sel is en die siel ’n slagoffer van omstandighede. Sinvolheid stroom soos lig binne wanneer die siel met die periskoop van hoop om die hoek van ’n krisis kan loer tot binne-in die verblindende straal van die opstanding.”

2.9 FINALE – ’n GEÏNTEGREERDE GEHEEL

In dié tweede bedryf van die libretto is die eerste deelnemende domein as gespreksgenoot van die veronderstelde interdisiplinêre gesprek, naamlik praktiese teologie, voorgestel. Ek vind my tuis in die epistemologiese en metodologiese

ontwikkeling van 'n breë en interdisiplinêre gesprek, waar verskeie stemme in die gestalte van verskillende domeine saamgesels, ten einde 'n geïntegreerde geheel daar te stel.

'n Interdisiplinêre gesprek behels die poging om verskeie dissiplines of redenasies, met wye verwysingsraamwerke, verskillende epistemologiese brandpunte en eksperimentele bronne, bymekaar te bring (Van Huyssteen 2006:9). Dit is die passing daarvan, “a fitting together”, wat 'n komplekse, veelvlakkige, transversale proses veronderstel, wat nie binne die grense van enige gegewe dissipline plaasvind nie, maar juis binne die transversale ruimtes tussende dissiplines (Van Huyssteen 2006:9). Daar is bepaalde voorwaardes geldend vir só 'n gesprek (Giri 2002:109-112) en is in hoofstuk 1 verwoord. Belangrik om in gedagte te hou, is dat die gesprek oor 'n dialogiese karakter beskik, wat gelykheid en wederkerigheid tussen wetenskapdissiplines veronderstel. Dié gelykheids- en wederkerigheidsvoorwaarde vir 'n interdisiplinêre gesprek is ook van toepassing op 'n pastorale gesprek, waar die pastoraat juis plaasvind deur middel van kommunikasie “toewending naar en kommunikasie met mense in het perspektief van Gods toewending naar en kommunikasie met mense in deze wereld” (Bons-Storm 1989:9). Kommunikasie behels 'n “intermenslike gesprek” (De Klerk 1975:3), en is die “basiese metode om die dialoog tussen God en mens te operasionaliseer” (Louw 1999a:30-31).

Dieselfde is geldend van die fasiliteringsgesprek vir lewenstylafrigting, waar die afrigtingsverhouding in wese 'n medewerkende verhouding behels, gebaseer op 'n vennootskap tussen die afrigter en kliënt (White 2006:62; De Haan 2008:53-54; McCluskey 2008:266). Hierdie dialogiese waarde stel diegene in gesprek in staat om van 'n eie sienswyse, waarna verwys kan word as die enigste verwysingspunt, afstand te doen (Zohar & Marshall 1994:282). Dit verteenwoordig 'n betrokkenheid, wat intense luister veronderstel (Müller 1996:i), met die uitkoms dat diegene of dissiplines betrokke, op 'n vernuwende manier na mekaar luister (Zohar & Marshall 1994:282).

Praktiese teologie is 'n praxis-gebaseerde dissipline (Willows & Swinton 2000:14; Van den Berg 2010:51) en vind neerslag in vier onderskeibare, asook onderlinge invloedryke kerntake, naamlik deskriptiewe-empiriese, interpreterende, normatiewe en pragmatiese take (Osmer 2006:328-329; Osmer & Schweitzer 2003:1-4; Osmer 2008:4-12). Ek vind aanklank by die laasgenoemde taak, aangesien die pragmatiese dimensie van praktiese teologie die bepaling van aksie-strategieë behels, wat beskryfde situasies beïnvloed en in dié verband 'n reflekerende dialoog fasiliteer (Osmer 2008:4). Die pragmatiese taak konstrueer modelle, waar praktiese teoloë leiding aan individue en gemeenskappe bied rakende die wyse waarop aktiwiteite of praktyke uitgevoer kan word.

Drie moontlike modelle vir 'n interdissiplinêre gesprek in die praktiese teologie word deur Osmer (2006:339-342; 2008:164-173) onderskei, naamlik die korrelasie-, die transformasie- en die transversale benadering. Die derde benadering blyk die beste moontlike wyse te bied waarop die diskoers tussen praktiese teologie en die ander gespreksgenote geakkommodeer kan word. Die rede daarvoor aangevoer is dat dit 'n vloeibare en dinamiese verstaan rakende die verhouding tussen dissiplines veronderstel, met die uitgangspunt dat dissiplines as netwerke beskou word “that transverse one another and share the common resources of rationality” (Osmer 2008:172).

In die opweeg van moontlikhede word die epistemologiese beklemtoning van 'n sosiaal-konstruksionistiese werkswyse gekies, waar sosiale realiteite gekonstrueer word deur die interaktiwiteit van kulturele lede. 'n Eie praktiese teologiese plasing veronderstel 'n “postfoundational” praktiese teologie, waarin transversale rasionaliteit die nodige ruimte vir interdissiplinêre werk bied. Die idee van sosiaal-gekonstrueerde interpretasies en betekenis maak deel uit van die “postfoundationalist”-benadering (Müller 2009:204). Die “postfoundationalist”-idee van transversale rasionaliteit vereis die oorsteek van grense tussen dissiplines of enige gemeenskap, groep, tradisie of kultuur, na 'n aanneemlike vorm van interdissiplinêre gesprek (Van Huyssteen 2006:23-24).

Antropologie handel met bepaalde perspektiewe aangaande die mens, wat 'n rol speel in die wyse waarop ander hanteer word. In hierdie hoofstuk is perspektiewe vanuit die pastoraat, ontwikkelingsielkunde en die ekonomiese- en bestuurswetenskappe en veral die bedryfsielkunde gebied, ten einde 'n beliggaamde siel en 'n besielde liggaam antropologie daar te stel (Van den Berg 2010:110). Hierdie domeine tree toe tot die interdissiplinêre gesprek, wat elk 'n eie siening aangaande die mens wil bied. Die mens as ontwikkelende wese, wat onderskeie lewensfases deurloop met 'n spesifieke klem op die middeljare, is vanuit die lewensloopbenadering beskou, en geniet vervolgens in hoofstuk 3 volledige aandag. Die “werkende” mens deurloop onderskeie loopbaanfases en in hierdie betrokke navorsing is die klem op die middelloopbaanfase. Daarom word dit ook in hoofstuk 3 belig.

Spirituele betekenis en sinbeleving word as doel van die pastoraat voorgehou, ten einde eksistensiële vraagstukke te kan beantwoord. Spiritualiteit kan moontlik as 'n tipe intelligensie begryp word (Emmons 1999; 2000; Hyde 2004; Kwilecki 2000; Zohar & Marshall 2000; Adams & Hyde 2008), wat die vermoë het om 'n eie lewe te transformeer en per implikasie tot betekenis en sinbeleving lei (Zohar & Marshall 2004:119). Spirituele intelligensie neem deel aan die interdissiplinêre gesprek ten einde 'n perspektief betreffende eksistensiële kwessies te bied, en word in die daaropvolgende hoofstuk 4 aan bod gestel.

In die ouverture, in aanvang tot die eerste bedryf, is 'n eerste uitdaging gestel, wat die moontlikheid van 'n interdissiplinêre gesprek tussen verskillende dissiplines en domeine bevraagteken. In reaksie hierop kan dit wel gestel word dat 'n “postfoundational” praktiese teologie met transversale rasionaliteit die nodige ruimte vir die funksionalisering van 'n interdissiplinêre gesprek tussen dissiplines en domeine bied.

Vervolgens word die derde bedryf, met middelloopbaan-ontwikkeling as gespreksgenoot, aan die woord gestel. Die lewensloopbenadering en loopbaanfases is vergestaltende perspektiewe in hierdie hoofstuk.

HOOFSTUK 3

DIE DERDE BEDRYF: MIDDELLOOPBAAN-ONTWIKKELING

3.1 DIE BEGIN VAN DIE MIDDEL

Thoroughly unprepared we take the step into the afternoon of life; worse still, we take this step with the false presupposition that our truths and ideals will serve us as hitherto. But, we cannot live the afternoon of life according to the program of life's morning – for what was great in the morning will be little at evening, and what in the morning was true will at evening have become a lie (Jung 1933:108).

Die middeljare, “the afternoon of life,” soos Jung (1933) daarna verwys in “The stages of life,” het ’n fase van groot belang vir lewensloopnavorsers geword. Die middeljare dien as ’n belangrike voorbereidingsfase in die oorgang na bejaardheid of “the evening of life.”

Die betekenis en ervaring van die middel van die lewe kan verwantskap toon met die middel van ’n semester, die middel van die somer, die middel van ’n groot projek, die middel van ’n vakansiereis of in die middel van ’n boek wees (Lachman & James 1997:4; Lachman 2004:310). Die middel-ervaring lei tot ’n natuurlike terugblik van wat voorheen was en ’n herevaluering van dit wat moontlik bereik is. Dit bied ook geleentheid vir ’n toekomsblik van dit wat nog moet kom en ’n verwagting van dit wat moontlik voorlê.

Ter herinnering, soos in hoofstuk 1 verduidelik, is die gebruik van opskrifte en sub-opskrifte eie aan hierdie domein, met die doel om die domein-identiteit te vestig. Die agtergrondinkleding van die betrokke bedryf is eie aan die tema. Waar ’n opeenhoping van bronverwysings voorkom, wil dit alle feite van ’n betrokke paragraaf staaf, aangesien die bronverwysings dieselfde inligting en feite rakende ’n saak bied.

Lank gelede het William Shakespeare in “As you like it” (1965) reeds erkenning gegee aan die veelseggende veranderinge wat die mens op die lewensreis ondergaan.

HOOFSTUK 3 – DIE BEGIN VAN DIE MIDDEL

Aan die begin van toneel sewe, bedryf twee, kom die verbande Hertog Senior en sy vergesellende here binne. Jacques, een van die here, begin die gesprek met:

All the world's a stage,
And all the men and women merely players,
They have their exits and their entrances,
And one man in his time plays many parts,
His acts being seven ages (1965:81).

William Shakespeare identifiseer sewe lewenstadia wat die mens moontlik kan ervaar, beginnende by die pasgebore baba of neonaat, en konkluderend met diegene wat oud in jare is. Die eerste fase is dié van die pasgebore baba, “mewling, and puking in the nurse’s arms.” Die tweede is die huilende skoolseun, “with his satchel and shining morning face, creeping like a snail unwillingly to school.” Dertens is die verliefde, “sighing like a furnace, with a woeful ballad made to his mistress’ eyebrow.” Volgende aan die beurt is die soldaat, “full of strange oaths and bearded like the [leo]pard, jealous in honour, sudden and quick in quarrel, seeking the bubble reputation even in the cannon’s mouth.” Die vyfde fase behels dié van die regter, met die rol van ’n “fair round belly with good capon lined, with eyes severe and beard of formal cut, full of wise saws and modern instances.” Hiermee verwys William Shakespeare vermoedelik na die middeljare. Die sesde fase is ’n verskuiwing “into the lean and slippered pantaloons” [dit is die verspotte, ou man] “with spectacles on nose and pouch on side; his youthful hose, well saved, a world too wide for his shrunk shank, and his big manly voice, turning again toward childish treble, pipes and whistles in his sound.” Die laaste fase vorm die inleiding tot die “last scene of all that ends this strange eventful history.” Dit is die “second childishness and mere oblivion, sans teeth, sans taste, sans everything” (Shakespeare 1965:81-83).

Uit die voorafgaande blyk dit dat menslike ontwikkeling reeds vanaf die vroegste tye die nodige erkenning ontvang het, met verwysing na ’n relatief bepaalbare reeks periodes of fases, wat bydra tot die vorming van die mens se persoonlikheid en intelligensie (Louw & Edwards 2005:6). Hierdie ontwikkelingsfases strek oor

die totale lewensloop van die mens, vanaf bevrugting tot die dood, en staan bekend as ontwikkelingsielkunde (Louw & Edwards 2005:451). Bjorklund en Bee (2008:4) definieer ontwikkelingsielkunde as die studieveld, wat fokus op individue se gedrag, gedagtes en emosies deur verskeie fases van die lewensloop. Volgens Vander Zanden (1997:4) is die fokus van ontwikkelingsielkunde, as 'n vertakking van sielkunde, op hoe individue met tydsverloop verander, terwyl hulle in sekere opsigte dieselfde bly. Hierdie veld sluit kinder-, adolessensie- en volwasse ontwikkeling in. Hoewel kinderontwikkeling hoofsaaklik in die verlede bestudeer is, is daar tans toenemend belangstelling na die dimensies van volwassewording en bejaardheid. Die aanvanklike fokus van vroeëre navorsing was slegs gemoeid met kinderontwikkeling, omrede in die woorde van Bentley (2007:2) "famous and influential psychologists thought that little or no further psychological development occurred after adolescence." Hierdie denkrigting het verander met die besef dat ontwikkeling 'n volgehoue proses behels. Veranderende sienings rondom volwassewording, en spesifiek middelvolwassenheid, bring nuwe insig rondom die verstaan van 'n eie lewe, veranderende verhoudings met kinders, ouers, groot-ouers, die skeiding van mites en feite, en helaas ook werkbelewensse. Verhoogde lewensverwagting, verbeterde gesondheidsorg en verskerpte aandag aan lewenstylkwessies lei tot die herdefiniëring van volwassenheid, met verreikende implikasies vir dié betrokke studie (Atchley & Barusch 2004; Louw & Edwards 2005; Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006; Hayslip, Panek & Patrick 2007; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007; Whitbourne, 2007; Bjorklund & Bee 2008).

Die vraag ontstaan of loopbane op dieselfde relatief ordelike wyse ontwikkel, soos in die geval van menslike ontwikkeling? Die antwoord blyk instemmend te wees, hoewel daar verskille rakende die eienskappe en tydsduur van loopbaanfases is. Greenhaus, Callanan en Godshalk (2000:108) stel dit dat verandering "in the nature of career motivation are likely to occur over the course of an employee's life". Begrip van taak- en ontwikkelingsimplikasies tydens die verskillende loopbaanfases kan individue in staat stel om hulle eie loopbane meer doeltreffend te bestuur, asook van hulp wees in die bestuur en ontwikkeling van menslike hulpbronne (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:28).

In hierdie hoofstuk wil ek poog om die konsep van lewensloopontwikkeling te belig, met 'n spesifieke fokus op die stadia van volwasse lewensontwikkeling en die fases van loopbaanontwikkeling binne die groter konteks van die volwasse lewe. Hiermee wil ek graag 'n breë oorsig oor lewens- en loopbaanontwikkeling bied, asook die verskillende loopbaanfases en meer spesifiek die middelloopbaanfase belig.

Voortspruitend uit die voorafgaande en met die fokus op volwasse lewensontwikkeling as beginpunt, ontstaan die vraag: Wie is 'n volwassene? Daarmee saam kan gevra word: Wat behels ontwikkeling? Dit is die twee vrae wat vervolgens tot sinvolle beantwoording geroep word met nuwe begrip as doel.

3.2 VOLWASSE ONTWIKKELING

Die woord volwasse ontwikkeling bestaan uit twee selfstandige naamwoorde, elk met 'n eie betekenis en veronderstelling. Wanneer dit saam gebruik word, werp die betekenis daaraan toegevoeg meer lig op 'n betreklik nuwe veld van ontwikkelingsielkunde.

Eerstens word met die eerste gedeelte van die woord gehandel. Wanneer word 'n persoon 'n volwassene? Wanneer bereik 'n volwassene die middeljare of bejaardheid? Die afbakening van periodes in die lewensloop wissel op verskillende tye en in verskillende samelewings. Die meeste navorsing verwys na volwassenheid as die tydperk tussen adolessensie en bejaardheid. Aanvanklik was sielkundiges onder die indruk dat volwassenheid een lang plato behels, waartydens daar nie veel ontwikkeling plaasvind nie. Vandag beskou ontwikkelingsielkundiges ontwikkeling egter in 'n ander lig en is hulle dit eens dat ontwikkeling nie by adolessensie eindig nie, maar voortgaan. Hierdie besef dat ontwikkeling 'n voortdurende proses is, het daartoe gelei dat volwassenheid in drie periodes verdeel is (Atchley & Barusch 2004:8-9; Louw & Ewands 2005:493; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:8), naamlik:

HOOFSTUK 3 – VOLWASSE ONTWIKKELING

- Vroeë volwassenheid – ongeveer 20 tot 40 jaar;
- Middelvouwsenheid – 40 tot 65 jaar;
- Laatvolwassenheid – vanaf 65-jarige ouderdom.

Hierdie indeling vergemaklik die organisering en bespreking van die volwasse jare, maar die afbakening hiervan is tot 'n sekere mate arbitrêr. Tabel 3.1 (Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:9) bied 'n oorsig oor die vernaamste ontwikkeling wat tydens die drie periodes van volwassenheid plaasvind.

Tabel 3.1: Major ontwikkeling in die drie periodes van volwassenheid

Ouderdom	Fisiese Ontwikkeling	Kognitiewe Ontwikkeling	Psigososiale Ontwikkeling
Vroeë volwassenheid (20 tot 40 jaar)	Fisiese toestand bereik 'n hoogtepunt, met 'n klein afname. Lewenstylkeuses beïnvloed gesondheid.	Kognitiewe vermoëns en morele oordeel veronderstel kompleksiteit. Opvoedkundige en loopbaankeuses word gemaak.	Persoonlike eienskappe en style raak relatief stabiel, maar verandering in persoonlikheid mag beïnvloed word deur lewenstadia en -gebeurtenisse. Besluite oor intieme verhoudinge en persoonlike lewenstyle. Die meeste mense trou en word ouers.
Middel-volwassenheid (40 tot 65 jaar)	Degenerasie van sensoriese vermoëns, gesondheid,	Meeste basiese verstandvermoë bereik 'n hoogtepunt; praktiese	Identiteit ontwikkel steeds; stresvolle oorgang na die middeljare mag

	<p>stamina en vaardigheid.</p> <p>Vroue kan menopouse ervaar.</p>	<p>probleemoplossingsvaardighede is hoog.</p> <p>Kreatiewe vermoë neem af, maar verbeter in kwaliteit.</p> <p>Sommige behaal loopbaansukses en vir ander is uitbranding en loopbaanverandering 'n werklikheid.</p>	<p>voorkom.</p> <p>Dubbele verantwoordelikheid vir versorging van kinders en ouerwordende ouers kan tot stres lei.</p> <p>Leë-nes met kinders wat die huis verlaat.</p>
<p>Laat- volwassenheid (65 jaar en ouer)</p>	<p>Die meeste mense is gesond en aktief, hoewel gesondheid en fisiese vermoëns tot 'n mate afneem. Stadiger reaksie-tyd affekteer sommige funksionerende aspekte.</p>	<p>Die meeste mense is waaksaam oor verstandsvermoëns. Al toon intelligensie en geheue 'n afname in sekere areas, vind die meeste mense maniere om te kompenseer.</p>	<p>Aftrede mag nuwe geleenthede vir tydsgebruik bied, insluitende nuwe voltydse of deeltydse werk.</p> <p>Mense moet persoonlike verlies en naderende dood hanteer.</p> <p>Verhoudinge met familie en nabye vriende kan belangrike ondersteuning bied.</p> <p>Die soeke na betekenis in die lewe is van sentrale belang.</p>

Kinderontwikkeling geskied teen 'n vinnige tempo en verandering is ooglopend. Gedurende die vroeëre fases van die lewensloop kan 'n individu se ouderdom as 'n relatief betroubare voorspellingskriterium dien. Dit is byvoorbeeld moontlik om met relatiewe sekerheid die ontwikkeling van 'n baba en 'n tienerjarige te beskryf. Dit is egter veel moeiliker by 'n volwassene. Die rede hiervoor aangevoer is dat volwassenes se individuele ervarings baie meer uiteenlopend as dié van kinders is.

HOOFSTUK 3 – VOLWASSE ONTWIKKELING

Gevolgtlik kan volwassenes nie as 'n homogene groep beskou word nie (Louw & Edwards 2005:493).

Die tweede gedeelte van die term laat die vraag ontstaan: Wat behels ontwikkeling? In daaglikse gesprekvoering word die term ontwikkeling op verskeie wyses aangehaal, byvoorbeeld:

- Ek voel siek – dalk is ek besig om verkoue te ontwikkel.
- Hans het foto's geneem en gaan die film ontwikkel.
- Nuwe behuisingsontwikkeling is in die vooruitsig.
- Ontwikkelende lande sal in diepte moet kyk na watervoorsiening.
- Speurders rapporteer dat 'n nuwe ontwikkeling in die diefstalsaak aandag geniet.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat ontwikkeling verandering veronderstel. Verandering is dus 'n verskil in iets of iemand, wat met tydsverloop gepaardgaan (Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:4). Die verandering wat tydens die volwasse lewensloop in die mens plaasvind, is uiteenlopend. Daarom word die term ontwikkeling, wat 'n sistematiese proses van adaptiewe verandering in gedrag in meer as een rigting veronderstel, gebruik (Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:4). 'n Sistematiese proses behels duidelikheid en georganiseerdheid, terwyl aanpassing poog om ewigdurende veranderende interne en eksterne bestaanstoestande te hanteer. Vander Zanden (1997:4) verstaan menslike ontwikkeling tydens die lewensloop as 'n proses van anders-wordendheid, wat ook terselfdertyd geen verandering in sommige opsigte nie, impliseer. Bjorklund en Bee (2008:5) onderstreep ook hierdie feit en herinner dat dit belangrik is om te onthou dat daar 'n mate van beide stabiliteit en verandering in ontwikkeling teenwoordig is.

Ontwikkeling kan leer insluit, wat lewensverandering fasiliteer met die sigbaarwording daarvan in gedrag as resultaat van ervaring (Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:4). Louw en Edwards (2005:211) sluit hierby aan met hul opmerking dat elke individu die somtotaal is van dit wat hy/sy tot op hede geleer het. Leer word ook gesien as 'n proses waardeur 'n relatief permanente verandering in gedrag plaasvind

as gevolg van 'n ervaring of gebeurtenis, soos opleiding, waarneming of onderrig (Louw 1986:341).

Die betekenis geheg aan die twee woorde saamgevoeg, naamlik volwasse ontwikkeling, veronderstel die veranderinge wat plaasvind in individue in die verloop vanaf vroeë volwassenheid (wanneer adolessensie eindig) tot die einde van die lewe (Bjorklund & Bee 2008:4). Om die begrip van ontwikkeling verder te omskryf, is dit nodig om kortliks die benaderinge tot ontwikkeling voor te stel. Vier benaderinge word geïdentifiseer, naamlik biologiese, psigologiese, sosiokulturele en integrerende perspektiewe (Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:299).

➤ Biologiese perspektief

Ontwikkeling is ook die resultaat van volwassewording van die brein en ander fisiese stelsels en strukture van die liggaam (Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:4). Die biologiese perspektief erken die rol van die natuur in menslike ontwikkeling. Dit verwys na die fisiese en biologiese veranderinge wat tydens die lewensloop plaasvind. Die mens word as fisiese wese erken. Veranderinge, wat in hierdie fisiese wese plaasvind, word gedryf deur natuurlike veroudering, die omgewing en die mens se eie gesondheidsgewoontes (Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:299-300).

➤ Psigologiese perspektief

Hierdie perspektief fokus op die interne prosesse van die individu. Psigologiese modelle van ontwikkeling omvat geloofsontwikkeling (Fowler 1981), morele ontwikkeling (Kohlberg & Colby 1987), identiteitsontwikkeling (Erikson 1964; Erikson 1997; Levinson *et al* 1978), intellektuele ontwikkeling (Piaget 2001) en self-ontwikkeling (Josselson & Lieblich 1993).

➤ Sosiokulturele perspektief

Hierdie benadering veronderstel dat volwasse ontwikkeling nie apart van die historiese konteks, waarin dit plaasvind, verstaan kan word nie (Miller 1983:23-24; Bjorklund & Bee 2008:8). Die invloed van die gemeenskap word hier in

aanmerking geneem, aangesien die sosiale wêreld waarin die mens leef ontwikkeling beïnvloed. Faktore soos ouderdom, ras, geslag, etnisiteit, sosio-ekonomiese status en seksuele oriëntasie beïnvloed hoe die gemeenskap individue definieer (Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:312).

➤ **Integrerende perspektief**

Die integrerende benadering tot ontwikkeling kombineer verskeie invloede op volwasse ontwikkeling. Dit demonstreer 'n meer holistiese benadering, wat die biologiese, psigologiese en sosiologiese perspektiewe insluit (Baltes, Reese & Lipsitt 1980).

Vir doeleindes van hierdie studie word meer breedvoerig stilgestaan by die laasgenoemde ontwikkelingsbenadering, naamlik die integrerende perspektief, vanweë die holistiese aard daarvan.

3.3 DIE INTEGRERENDE BENADERING: DIE LEWENSLOOP-ONTWIKKELINGSBENADERING

Uit die voorafgaande blyk dit dat menslike ontwikkeling 'n voortdurende proses is, wat dwarsdeur die lewe voortduur. Die konsep van ontwikkeling as 'n lewenslange proses van aanpassing, staan bekend as lewensloopontwikkeling. Die wetenskaplike studie van lewensloopontwikkeling is die primêre taak van die lewensloopontwikkelingsielkunde (Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:3; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:5; Bjorklund & Bee 2008:14).

Paul Baltes, 'n leier in die studie van lewensloopontwikkeling (Walker, Bernal, Kaslow & Pambookian 1996:349-351), het sleutelbeginsels vir die lewensloopontwikkelingsbenadering geïdentifiseer, wat 'n raamwerk bied vir die bestudering van hierdie veld. In samewerking met sy kollegas, het Baltes hierdie idees in 1980 voorgestel. Dit het gelei tot 'n draaipunt in die ontwikkelingsielkunde, waar die hoofokus voorheen uitsluitlik op kinderontwikkeling was (Baltes, Reese & Lipsitt 1980:65-110; Sherrod & Brim 1986:574-575; Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:3;

HOOFSTUK 3 - DIE INTEGRERENDE BENADERING: DIE LEWENSLOOP-ONTWIKKELINGSBENADERING

Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:5; Hayslip, Panek & Patrick 2007:2; Whitbourne, 2007:23; Bjorklund & Bee 2008:14).

Baltes, Reese en Lipsitt (1980:66) definieer lewensloop-ontwikkelingsielkunde as die beskrywing, verduideliking en wysiging (optimalisering) van ontwikkelingsprosesse gedurende die menslike lewensloop, vanaf bevrugting tot en met die dood. Dit is nie 'n teorie nie, maar 'n oriëntasie, wat 'n spesifieke konseptuele en metodologiese raamwerk vir die studie van gedragsontwikkeling impliseer.

Die geïdentifiseerde sleutelbeginsels, wat 'n raamwerk vir die lewensloop-ontwikkelingsbenadering bied, is as volg (Baltes, Reese & Lipsitt 1980; Baltes 1987):

- **Ontwikkeling is lewenslank**
Elke periode van die lewensloop word beïnvloed deur dit wat voorheen gebeur het en wat 'n uitwerking sal hê op dit wat nog moet kom. Elke periode word gekenmerk deur eie unieke karaktereienskappe en waardes. Nie een hiervan is meer of minder belangrik as die ander nie.
- **Ontwikkeling is afhanklik van geskiedenis en konteks**
Elke individu ontwikkel binne spesifieke omstandighede of toestande, gedefinieer deur tyd en plek. Mense beïnvloed, en word beïnvloed deur, hulle historiese en sosiale konteks. Mense reageer nie net op fisiese en sosiale omgewings nie, maar verkeer ook interaktief daarmee en verander dit.
- **Ontwikkeling is multidimensioneel en multirigtinggewend**
Lewensontwikkeling geskied in verskillende rigtings teen 'n wisselende tempo. Kinders groei meestal in een rigting, naamlik opwaarts, beide in grootte en vermoëns. Daarteenoor verskuif die balans in volwassenheid, met woordeskate wat byvoorbeeld oor jare kan verbeter, terwyl die vermoë om onbekende probleme op te los verminder en nuwe kundigheidseienskappe verskyn. Dit is dus moontlik dat sommige lewensfasies gekenmerk sal word deur verandering,

HOOFSTUK 3 - DIE INTEGRERENDE BENADERING: DIE LEWENSLOOP-ONTWIKKELINGSBENADERING

en ander as 'n tyd vir stabiliteit. Die mens poog om wins of voordeel te maksimaliseer en verliese te minimaliseer deur te leer hoe om dit te bestuur of daarvoor te vergoed.

- Ontwikkeling toon buigsaamheid of “plasticity.”

Die Oxford Dictionaries Online (2010:elektroniese bron) omskryf “plasticity” as “the quality of being easily shaped or moulded.” Vir Baltes (1987:617) verwys “plasticity” na die “within-person variability and designates the potential that individuals have for different forms of behaviour or development.” Sekere aspekte van ontwikkeling, naamlik vermoëns soos geheue, krag en uithouvermoë, kan aansienlik met afrigting en oefening verbeter, selfs met die toename in ouderdom.

Lewensloopontwikkeling het dus te doen met die studie van individuele ontwikkeling of ontogenese (ontwikkelingsgeskiedenis), vanaf bevrugting tot bejaardheid. 'n Kernaanneme van lewensloopontwikkeling is dat ontwikkeling nie by volwassenheid voltooi is nie (Baltes, Staudinger & Lindenberger 1999:472). Elke individu se lewe word beïnvloed deur dit wat reeds gebeur het en dit wat nog moet kom. Elke deel van die lewensloop beskik dus oor eie unieke karaktereienskappe en waardes. Nie een deel van die lewe is meer belangrik of meer besonders as die ander nie.

Aangesien die fokus van hierdie studie spesifiek die middelloopbaanfase behels, is dit nodig om meer lig te werp op die verskeie stadia van die lewensiklus met volwassenheid, soos reeds genoem, wat in drie fases verdeel word.

3.4 DIE STADIA VAN DIE LEWENSIKLUS

Hierdie benadering poog om die ontwikkeling van die “persoon” in die persoon-omgewing vergelyking te verduidelik, met die oog op hoe aanpassingsvermoë tydens die lewensloop ontvou. Soos reeds genoem, lê die psigologiese benadering klem op die interne prosesse van die individu. Dit stel belang in die veranderinge “that occur in the individual’s self-understanding, ability to adjust to life’s challenges, and perspectives on the world” (Whitbourne 2007:32).

Ouderdom of ontwikkelingsstake is die twee mees algemene wyses waarvolgens individue in die tydperke van die lewensiklus geklassifiseer word (Hayslip, Panek & Patrick 2007:13). Die aanduiding van hierdie tydperke, ouderdomme, stadia of fases is arbitrêr van aard en daarom kan dit nie as absoluut of onderskeidend veronderstel word nie. Die primêre doel daarvan is om die organisering van die volwasse lewe te vereenvoudig (Louw & Ewards 2005:493; Hayslip, Panek & Patrick 2007:13; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:407).

Vervolgens word Erik Erikson en Daniel Levinson, wat as van die mees invloedryke navorsers ten opsigte van volwasse lewensontwikkeling beskou word, aan die woord gestel.

3.4.1 Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling

Erik Erikson se lewensiklusmodel is nie die enigste model beskikbaar wat die menslike lewensloop verduidelik nie. Hy was egter die eerste om menslike ontwikkeling oor die hele lewensloop te dek. Daarom beklee hy ’n geëerde plek in die studie van menslike ontwikkeling (Capps 2008:xiii). Verskeie skrywers soos Atchley en Barusch (2004:120), Cavanaugh en Blanchard-Fields (2006:353), Whitbourne (2007:32) en Schlauch (2007:370), om net enkeles te noem, erken Erikson as die bekendste lewensloop-teoretikus.

HOOFSTUK 3 - Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling

Voordat die lewensiklusbenadering en onderskeie stadia bespreek word, wil ek graag kortliks die agtergrond tot Erikson se benadering verskaf. Erikson se werk is gestimuleer en beïnvloed deur Sigmund Freud en William Shakespeare. Die idee dat hierdie benadering uit identifiseerbare stadiums bestaan, is Erikson aan Freud verskuldig (McAdams 1994:656-659; Vander Zanden 1997:32-37; Green & Piel 2002:81; Capps 2008:xiv-xv). Die idee dat dit die hele lewensduur dek, is te danke aan Shakespeare (1965) se “As you like it” (soos na verwys is in die inleidende gedeelte tot hierdie hoofstuk).

Erikson was hoofsaaklik gemoeid met psigososiale ontwikkeling, terwyl Freud op psigoseksuele ontwikkeling gefokus het. Hoewel die eerste vyf stadiums van Erikson se lewensiklusmodel met Freud se vyf stadiums van psigoseksuele ontwikkeling ooreenstem, sluit dit ook unieke kenmerke en innovasies in wat nie aan Freud toegeskryf kan word nie (Vander Zanden 1997:36; Newman & Newman 2003:41; Capps 2008:xv). Een van die vernaamste verskille tussen Freud en Erikson behels Erikson se optimistiese siening van die mens waar sukses en die positiewe ontwikkeling van die menslike potensiaal beklemtoon word. Identiteitsontwikkeling (ego- of persoonlikheidsontwikkeling) geskied oor die hele lewensloop van die mens, met eksterne landskappe in die vorm van kultuur, gemeenskap en geskiedenis as beïnvloedende faktore (Miller 1983:172-173; McAdams 1994:656-659; Vander Zanden 1997:36-37; Green & Piel 2002:81-82). Menslike begrip is afhanklik van drie komplimenterende prosesse (McAdams 1994:658; Erikson 1997:25-26;), naamlik:

- 1) biologiese prosesse, wat die hiërargiese organisasie van die orgaanstelsel-samestelling in 'n liggaam (soma) behels;
- 2) psigiese prosesse, wat individuele ervaring deur egosintese (psige) organiseer, ten einde sin van die wêreld te maak, asook angs en konflik te hanteer;
- 3) gemeenskapsprosesse, wat kulturele organisasie met die interafhanklikheid van persone (ethos) insluit. Erikson (1997:26) bevind dat “all three approaches are necessary for the clarification of any intact human event.”

HOOFSTUK 3 - Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling

Joan Erikson (1997:1-3) vertel dat haar man se oorspronklike model aanvanklik uit sewe stadiums bestaan het, net soos William Shakespeare se toneelstuk. Die benadering is later uitgebrei na agt stadiums. In die laat 1940's is hulle genooi om lesings oor die stadiums van die lewe by die "Mid-century White House Conference on Children and Youth" aan te bied. Kort voor die geleentheid is Erik gevra om die model, bestaande uit sewe stadia, aan 'n groep sielkundiges en psigiaters in Los Angeles voor te dra. Op pad na die treinstasie het hulle Shakespeare se sewe stadia-model bespreek. Joan het toe skielik besef dat alhoewel Shakespeare vele toneelstukke geskryf het, hy nooit iets oor die speel-ouderdom, wat die derde stadium in Erikson se model is, geskryf het nie. Dit het hulle laat wonder of hy 'n stadium uitgelaat het, wat ook in sy lewe van groot belang moes gewees het. 'n Verdere vraag het ontstaan, naamlik of hulle model ook stadiums uitlaat? Joan skryf, "In a shocking moment of clarity I saw what was wrong: 'We' were missing, and so were the children. The seven chart stages jumped from 'Intimacy' (stage six) to 'Old Age' (stage seven). We surely needed another stage between the sixth and the seventh." Binne 'n kort tydjie het hulle 'n nuwe, sewende stadium getiteld "'Generativity vs. Stagnation', followed by 'Old Age' with the strengths of wisdom and integrity promoted to the eighth stage," ingesluit (Erikson 1997:1-3).

Retrospektief wonder Capps (2008:xvii) hoe Erikson, wat op daardie stadium self in sy veertigs was, die middelvolwasse jare kon uitlos. Hy gee self 'n moontlike verklaring met "when we consider the fact that the model was so strongly oriented toward infancy, childhood, and youth, and that there were few if any developmental theories at the time that focused on adulthood, this omission seems more understandable" (Capps 2008:xvii).

Na die identifisering van die twee belangrikste invloede op die formulering van dié benadering, kan Erikson se lewensiklusbenadering bestudeer word. Vir die doeleindes van hierdie studie word dit gedoen na aanleiding van ses fokuspunte, naamlik inligtingversameling, bipolarêre stadiums, epigenetiese grondplan, 'n bespreking van die volwasse fase, en laastens, waardering vir Erikson se werk en stimulasie tot verdere navorsing.

➤ Inligtingversameling

Erikson het in sy bestudering van ontwikkeling tot drie wyses van navorsing bygedra:

- i) direkte waarneming van kinders;
- ii) kruiskulturele vergelykings; en
- iii) psigogeskiedenis (Miller 1983:164).

In die studie van identiteitsvorming is dit moeilik om 'n onderskeid te tref tussen individuele persoonlike krisis en sosiale krisis op 'n gegewe historiese moment. Om voorafgaande te oorkom ontwikkel Erikson 'n manier van inligtingversameling, wat hy psigogeskiedenis noem (Erikson 1964:201-208). Green en Piel (2002:82) omskryf psigogeskiedenis as 'n "way of analyzing people's psychological development in terms of their writings, public statements and activities."

In sy ontdekking van menslike persoonlikheid maak Erikson op 'n kreatiewe wyse van narratiewe benaderings gebruik. McAdams (1994:659) beklemtoon dat Erikson poog om sin te maak van 'n individu se lewe "as an evolving interpersonal pattern situated in time." Biografieë speel hier 'n belangrike rol, aangesien dit stories oor 'n leeftyd vertel. Boeke oor Martin Luther (Erikson 1958) en Mahatma Gandhi (Erikson 1969) is bewyse van biografiese analises.

➤ Bipolêre stadiums

Erikson (1965:239-266) fokus op die ontwikkeling van die ego of identiteit in agt fases of stadiums, wat hy noem die "Eight ages of man." Die idee is dat ontwikkeling in stadiums plaasvind. Erikson is van mening dat individue deur 'n reeks oorgange beweeg waartydens 'n sensitiwiteit of weerloosheid kenmerkend is van die komplekse interaksie tussen biologiese, psigologiese en sosiale kragte binne 'n spesifieke lewensperiode (Whitbourne 2007:32).

Elke fase of stadium kan bipolêr teenoormekaar gestel word, met een positiewe en een negatiewe pool. Erikson noem die positiewe pole sterkpunte en die negatiewe pole swakhede. Die agt stadiums behels elk 'n verskillende psigososiale krisis, wat van belang in daardie spesifieke stadium is. Krisis word hier gebruik in die sin van

HOOFSTUK 3 - Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling

ontwikkeling, “to connote not a threat of catastrophe, but a turning point, a crucial period of increased vulnerability and heightened potential, and therefore, the ontogenetic source of generational strength and maladjustment” (Erikson 1968:96). Die wyse waarop die individu hierdie stadiumspesifieke krisis oplos het ’n positiewe of negatiewe uitkoms tot gevolg, met verdere implikasie vir opeenvolgende fases. As ’n individu suksesvol deur ’n stadium kan werk lei dit tot ’n sekere sterkpunt vir daardie spesifieke fase, terwyl ’n negatiewe psigososiale uitkoms die resultaat sal wees van ’n onopgeloste krisis (Erikson 1968:95-96; Capps 1983:21; Miller 1983:163; Louw & Edwards 2005:471; Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:306; Whitbourne 2007:32; Capps 2008:xviii-xx).

➤ **Epigenetiese grondplan**

Psigososiale ontwikkeling volg die epigenetiese beginsel. Dit is ’n term wat afgelei is van “epi”, wat “op” beteken en “genese”, wat dui op “oorsprong of wordingsgeskiedenis” (Miller 1983:162). Hierdie beginsel verklaar dat “anything that grows has a ground plan, and that out of this ground plan the parts arise, each having its time of special ascendancy, until all parts have arisen to form a functioning whole” (Erikson 1968:92).

Volgens Erikson moet elke deel van die persoonlikheid op ’n spesifieke tyd in die lewensloop ontwikkel. Elke psigososiale modaliteit weerspieël ’n radikale nuwe perspektief op die wêreld. Perspektiewe skep kapasiteit om op nuwe maniere met die wêreld om te gaan. Dit is die epigenetiese grondplan wat meebring dat hierdie kapasiteit op die voorafgeskeduleerde intervalle en in ’n voorafbepaalde volgorde verskyn. Indien ontwikkeling nie hiervolgens geskied nie, kan dit gestrem word met die verhinderende van ’n individu se doeltreffende hantering van realiteit as uitkoms. Dus is dit biologie, nie kultuur nie, wat ’n krisisgebeurtenis bepaal. Binne elke krisis is dit egter sosiale en historiese kragte wat die individu deur middel van ’n tweede, ondergeskikte meganisme – psigososiale konflik - beïnvloed (Erikson 1964:134-135; Erikson 1965:59-60; Erikson 1968:92-93; Capps 1983:22-24; Erikson 1997:26-28; Vander Zanden 1997:36-37; Green & Piel 2002:83,92; Newman & Newman 2003:42; Schlauch 2007:370).

HOOFSTUK 3 - Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling

➤ Die volwasse fase

Erikson identifiseer drie stadiums, wat spesifiek verband hou met volwassenheid. Hierdie stadia word in tabel 3.2 uiteengesit en is saamgestel uit Tennant en Pogson (1995:90), Erikson (1997:32-33), Vander Zanden (1997:34), en Louw en Edwards (2005:472):

Tabel 3.2: Erikson se lewensontwikkelingsbenadering tot volwassenheid

Fase	Psigososiale krisis	Basiese sterkpunt	Gunstige uitkoms
Vroeë volwassenheid	Intimiteit teenoor isolasie	Liefde	Ontwikkeling van loopbaan, werksvermoë en betekenisvolle verhoudings.
Middelvolwassenheid	Generatieweit teenoor stagnasie	Omgee	Betrokke by kinderopvoeding, die werk en gemeenskap.
Laatvolwassenheid	Integriteit teenoor wanhoop	Wysheid	Tevrede terugblik op lewensbereiking.

Tabel 3.2 wys stadia ses, sewe en agt van Erikson se agt fase lewensbenadering. Dit toon hoe die laaste drie fases ineenskakel. Hierdie studie fokus hoofsaaklik op middelvolwassenheid en daarom word dié fase in meer besonderhede bespreek.

Generatieweit teenoor stagnasie

Generatieweit is primêr gemoeid met die vestiging en leiding van die volgende generasie. Generatieweit het ook te make met produktiwiteit en kreatiwiteit, wat uitdrukking vind in 'n produktiewe werkslewe, asook persoonlike kreatiwiteit wanneer dit kom by probleemoplossing en kinderopvoeding. Ouerskap is die mees algemene manier om generatieweit te wees, met 'n direkte betrokkenheid by die volgende generasie. Diegene wat nie kinders het nie, kan steeds generatieweit wees deur betrokke te raak by aktiwiteite soos opleiding, mentorskap, afrigting en toesighouding oor jonger mense. Ware generatieweit weerspieël 'n altruïstiese belang van omgee en

HOOFSTUK 3 - Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling

versorging van ander. Dit het egter ook te doen met die volwassene se behoefte om benodig te word. Erikson (1965:258) stel dit as volg:

The fashionable insistence on dramatizing the dependence of children on adults often blinds us to the dependence of the older generation on the younger one. Mature man needs to be needed, and maturity needs guidance as well as encouragement from what has been produced and must be taken care of.

Daarteenoor is die negatiewe pool van hierdie fase stagnasie. Volgens Erikson beteken stagnasie 'n verlies aan innerlike motivering om die omgee en versorging van ander uit te leef. Dit is die neiging om in jouself op te gaan, met eie persoonlike prestasie en lewenstyl as einddoel. Stagnasie is die uitkoms van diegene wat daarin faal om die behoeftes van die gemeenskap in hul eie lewe te inkorporeer (Erikson 1965:258-259; Erikson 1968:138-139; Capps 1983:28-29; Erikson 1997:66-69; Green & Piel 2002:91; Bentley 2007:11-13; Whitbourne 2007:34).

➤ **Waardering vir Erikson se werk**

Die werk van Erikson het aandag op die voortdurende proses van persoonlikheidsontwikkeling, wat dwarsdeur die lewensloop plaasvind, gevestig. Ontwikkelingsielkundiges was aanvanklik slegs gemoeid met baba-, kinder- en adolessente ontwikkeling. Erikson se psigososiale teorie en lewenslange tema van ego-identiteit het ontwikkelingsielkundiges tot nuwe insigte omtrent volwassenheid en bejaardheid gebring.

'n Verdere bydrae is die wyse waarop Erikson die lewensiklus skets, wat tweede kanse vir geleenthede gemis toelaat. Dit dui daarop dat die moontlikheid vir 'n gesonde en positiewe oplossing van psigososiale krisisse bestaan. Voortdurende groei en ontwikkeling word dus beklemtoon.

Laastens, lewer Erikson 'n betekenisvolle bydrae vir navorsingsdoeleindes deur die ontwikkeling van 'n manier van inligtingversameling, wat hy psigoeskiedenis noem.

HOOFSTUK 3 - Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling

Dit voorsien ryk data en bestudeer die impak van drie onderskeidende invloede, naamlik persoonlike ego-identiteit, eie kulturele konteks en historiese tydsgees.

➤ **Stimulasie tot verdere navorsing**

Erikson se benadering tot lewensontwikkeling dien as 'n voortdurende stimulant vir verdere bespreking en navorsing in verskeie navorsingsvelde.

Na Erikson se dood in 1994, op twee-en-negentigjarige ouderdom, het sy vrou, Joan, self in haar negentigs, sy werk voortgesit. Die resultaat was 'n toegevoegde hoofstuk getiteld "The ninth stage" (Erikson 1997:105-114). In die negende stadium speel die vorige agt stadia 'n kardinale rol, maar met die verskil van die positiewe en negatiewe pole in 'n omgekeerde hoedanigheid. Die rasionaal vir voorafgaande is nie 'n aanduiding dat die finale lewensjare gevrees moet word nie, maar dit is juis haar oortuiging dat "if elders can come to terms with the dystonic elements in their life experiences in the ninth stage, they may successfully make headway on the path leading to gerotranscendence" (Erikson 1997:114), wat "the peace of mind" beteken (Erikson 1997:124).

'n Onlangse werk is dié van Donald Capps (2004; 2008) waar hy die agt stadia ontwikkelingsbenadering herskik in 'n dekade-vir-dekade formule, met ander woorde die eerste dekade fokus op die ouderdomsgroep vanaf een tot en met nege jaar, die tweede dekade fokus op die groep vanaf tien tot negentien jaar, ensovoorts. In sy werk is generatieweit prominent in die sestigerjare, met identiteitsvraagstukke deel van die veertigerjare en intimiteitskwessies sigbaar in die vyftigerjare. In 'n vroeëre werk van Capps (1983) het hy Erikson se ontwikkelingsbenadering gebruik om die doel en oogmerke van pastorale versorging te verhelder. Hier hanteer hy kwessies rakende die rol van pastorale versorging by hulpverlening aan ander met die doel om beter oriëntering in die studieveld te bevorder.

Erikson se ontwikkelingsstadia bied aan Tate en Parker (2007) 'n lens of metafoor om spirituele ontwikkeling te beskryf. Volgens die skrywers word "wedergeboorte" in sekere Christen-tradisies beklemtoon as die beginpunt vir 'n spirituele reis. Die

HOOFSTUK 3 - Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling

naasmekaarstelling van die wedergeboorte-metafoor en die ontwikkelingstadia van Erikson “allows one to envision a set of spiritual growth stages and the beliefs and behaviours that characterize these stages” (Tate & Parker 2007:218).

Uit Erikson se perspektief is generatiwiteit sentraal tot middelvolwassenheid. Navorsing rakende sekere fokuspunte aangaande generatiwiteit is deur McAdams en medekollegas gedoen (McAdams & de St. Aubin 1992; McAdams, de St. Aubin & Logan 1993). Volgens Cavanaugh en Blanchard-Fields (2006:356) is McAdams se model van generatiwiteit een van die beste empiries-gebaseerde pogings om generatiwiteit te beskryf. Hierdie veeldimensionele model demonstreer “that generativity is a configuration of seven psychosocial features, all of which center on the personal and societal goal of providing for the next generation” (McAdams 1994:679).

Erikson se werk dien as stimulant vir verdere denke en navorsing vir verskeie navorsers en skrywers verteenwoordigend van uiteenlopende navorsingsvelde. Voorafgaande is slegs ’n verwysing na enkele navorsers ter illustrasie van Erikson se waardevolle bydrae tot die ontwikkelingsielkunde.

Die gedagteprikkelende werk van Daniel Levinson en sy kollegas is volgende aan die beurt. Dit speel ’n besondere betekenisvolle rol in die algehele verstaan van volwasse lewensontwikkeling, asook in die uitbeelding van loopbaan- en lewensfases.

3.4.2 Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

Wat beteken dit om ’n volwassene te wees? Wat is die sleutelkwessies van die volwasse lewe, die wesenlike probleme en bevrediging, die bronne van teleurstelling en verwesenliking? Dit is die vrae wat Daniel Levinson geprikkel het en hom genoopt het om ’n navorsingsprogram te loods (Levinson *et al.* 1978:ix). Die resultaat was sy bekende publikasie: “The seasons of a man’s life” (1978) en later ook “The seasons of a woman’s life” (1996).

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

In 1966 het Levinson reeds begin om hierdie studie te bedink en te beplan. Sy motiveringsrede daartoe beskryf hy as volg:

In embarking upon this work, I seemed to be entering a lonely and uncharted territory. The study reflected in part my intellectual interest in the possibility of adult development. The choice of topic also reflected a personal concern: at 46, I wanted to study the transition into middle age in order to understand what I had been going through myself. Over the previous ten years my life had changed in crucial ways; I had 'develop' in a sense I could not articulate (Levinson *et al.* 1978:x).

Levinson en sy medekollegas se denkwysse rakende volwasse ontwikkeling is gebaseer op, en geïnspireer deur, die intellektuele tradisies van Sigmund Freud, Carl Jung en Erik Erikson. In 'n poging om 'n dieper en meer komplekse beeld van volwassenheid te skep, voel Levinson en sy span dat beide die aard van 'n persoon en die gemeenskap in ag geneem moet word (Levinson *et al.* 1978:4-5). Die bestudering van Levinson se werk vereis dat die volgende fokuspunte aandag geniet: die betekenis van die term lewensiklus, navorsingswyse, tydperke as die makrostruktuur van die lewensiklus, die lewenstruktuur ("the life structure"), met 'n spesifieke fokus op middelvolwassenheid, die middeljarigheidskrisis en laastens waardering vir Levinson se navorsingsbydrae.

➤ **Termbetekenis: lewensiklus**

Die beginpunt van Levinson se denkwysse was nie 'n geartikuleerde teorie nie, maar 'n intuitiewe afleiding in metaforiese sin van wat die lewensiklus behels. Die terme lewensloop en lewensduur word gesien as sinonieme vir dié van lewensiklus, maar volgens Levinson (1978:6) is daar 'n onderskeid te tref. Die lewensloop verwys na die interval vanaf geboorte tot die dood. Lewensduur verwys na die vloei van die individuele lewe oor tyd – die patroon van spesifieke gebeure, verhoudings, mislukkings en prestasies. Dit is die lewensduur wat verstaan moet word (Levinson *et al.* 1978:6; Levinson 1986:3-4).

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

Die term lewensiklus het 'n meer onderskeidende betekenis en veronderstel dat lewensduur oor 'n bepaalde karakter beskik en 'n basiese volgorde behels. Die "siklusbeeld" skep die veronderstelling dat die menslike lewensduur gekenmerk word deur 'n onderliggende volgorde met kwalitatiewe fases of seisoene. Die metafoor van seisoene verskyn in verskeie kontekste, byvoorbeeld seisoene van die jaar, seisoene in een dag en seisoene in liefde, oorlog, politiek, kunssinnige skeppinge en siekte. 'n Seisoen is die major segment van die totale siklus. Verandering is deel van elke seisoen en 'n oorgang word vereis vir die skuif van een na die volgende. Levinson *et al.* (1978:7) wys daarop dat geen seisoen belangriker is as enige ander een nie. "Each has its necessary place and contributes its special character to the whole. It is an organic part of the total cycle, linking past and future and containing both within itself" (Levinson *et al.* 1978:7).

➤ Navorsingswyse

Gedurende die 1970's het Levinson se navorsingspan onderhoude met 40 Amerikaans-gebore mans in die ouderdomsgroep van 35 tot 45 gevoer. Die aantal deelnemers moes beperk word aangesien elke persoon se lewe intensief bestudeer sou word. Levinson het besluit dat die proefstuk saamgestel sou word uit vier beroepsgroepe (10 bestuursamptenare, 10 universiteitsbioloë, 10 skrywers en 10 industriële werkers) omrede 'n man se werk die primêre basis vir sy gemeenskapslewe vorm. "Through it he is 'plugged into' an occupational structure and a cultural, class and social matrix. Work is also of great psychological importance; it is a vehicle for the fulfillment or negation of central aspects of the self" (Levinson *et al.* 1978:9). Elke gekose man in die proefstuk is tussen 5 en 10 keer gesien vir 'n totaal van 10 tot 20 ure. Die transkripsies van die onderhoude het ongeveer 300 bladsye teks per persoon gegenereer (Levinson *et al.* 1978:7-17; Tennant & Pogson 1995:70-71; Arnold 1997:131; Vander Zanden 1997:396; Hayslip, Panek & Patrick 2007:108; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:30).

In 'n latere studie oor vroue is 'n soortgelyke werkswyse gevolg. Die keuse van navorsingsmetode, naamlik 'intensiewe biografiese onderhoudvoering,' het die grootte

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

en karakter van die groep beïnvloed. Levinson het besluit om 45 vroue in die ouderdomsgroep van 35 tot 45 te bestudeer. Die proefstuk is saamgestel uit 15 huisvroue, 15 vroue met korporatiewe finansiële beroepe en 15 vroue met akademiese loopbane. Die betrokke onderhoudvoerder en navorsingsdeelnemer het mekaar weekliks vir 8 tot 10 sessies, wat elk 'n uur tot 'n uur en 'n half beloop het, ontmoet. Die eindresultaat was, net soos in die geval van die mans, 'n biografiese transkrip van 200 tot 300 bladsye teks per persoon (Levinson 1996:8-12).

Die studie was biografies in benadering en metode. Onderhoude was die hart van Levinson en sy span se navorsingswyse. Hy noem dit 'intensiewe biografiese onderhoudvoering,' wat aspekte van 'n navorsingsonderhoud, 'n kliniese onderhoud en 'n gesprek tussen vriende kombineer. Die primêre doel van hierdie werkswyse is om aan die deelnemer die geleentheid te bied om 'n eie lewens storie, vanaf geboorte tot en met die hede, te vertel. Die storie is die rou materiaal waaruit die biografie gerekonstrueer word. Die produk was 'n sistematiese rekonstruksie van 40 lewens in die geval van die studie omtrent mans, en 45 lewens in die geval van die studie aangaande vroue, waaruit biografieë, asook veralgemenings op grond van hierdie biografieë, gekonstrueer kon word. Bykomend daartoe is ook 'n sekondêre proefstuk van die lewe van mans en vroue geskep, verkry in biografieë, fiksie, poësie en die teater (Levinson *et al.* 1978:14-16; Levinson 1996:7-10).

➤ **Tydperke as die makrostruktuur van die lewensiklus**

'n Tydperk is 'n "tyd van lewe" in die wydste sin. Elke tydperk word gekenmerk deur 'n eie biopsigososiale karakter en maak 'n onderskeidende bydrae tot die geheel. Dit is breër en meer inklusief as 'n ontwikkelingstadium of -periode. Die volgorde van tydperke konstrueer die makrostruktuur van die lewensiklus en voorsien 'n raamwerk waarbinne ontwikkelingsfasies en konkrete daaglikse lewensprosesse plaasvind.

Die volgende vier tydperke verskaf 'n geheelbeeld van die lewensiklus, naamlik:

- pre-volwassenheid: ouderdom "geboorte" tot 22
- vroeë volwassenheid: ouderdom 17 tot 45

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

- middelvolwassenheid: ouderdom 40 tot 65
- laatvolwassenheid: ouderdom 60 tot “dood”

Elk van die bogenoemde tydperke sluit wisselende periodes van stabiliteit en oorgangstydperke in (Levinson *et al.* 1978:18-39; Levinson 1986:5-6; Levinson 1996:17-28). Die oorgangstydperke duur ongeveer vyf jaar, waartydens die mens van een seisoen na 'n volgende beweeg. Gedurende hierdie periode is die mens amper soos die Romeinse god, Janus. Hy is die god van nuwe beginne en die bewaker van hekke en deure. Die maand Januarie is afgelei van sy naam en lei dus gepas die begin van 'n nuwe jaar in. Janus het twee gesigte, wat in teenoorgestelde rigtings kyk. Die een gesig is gedraai na die verlede en die ander na die toekoms. By implikasie simboliseer die verledegesig die mens se eie besorgdheid aangaande werksvoltooiing, met die naderende einde van 'n tydperk. Die toekomstigesig verteenwoordig take en sake wat in plek geplaas moet word vir 'n nuwe seisoen (Fowler 2000:23; Brinker 2007:elektroniese bron).

Vir Levinson (1978:19) was die ontdekking van ouderdomsverwante tydperke 'n onverwagte bevinding, waarvan hy sê:

The idea of age-linked phases in adult life goes against conventional wisdom....these age findings have been consistently obtained in the initial research and in subsequent studies. The idea of age-linked eras and periods now has the status of an empirically grounded hypothesis that needs further testing in various cultures (Levinson 1986:5).

'n Verdere verrassing vir Levinson (1996:5) was die bevinding dat vroue deur dieselfde volgorde van tydperke, gedurende ooreenstemmende ouderdomme, as mans gaan. Arnold (1997:131) wys daarop dat die presiese toedeling van ouderdom tot 'n fase Levinson se benadering van Erikson se werk onderskei, omrede Erikson nie spesifieke ouderdomme aan stadiums gekoppel het nie. Levinson verkies om die

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

term fases eerder as stadiums te gebruik omdat hy voel dat stadiums hiërargiese progressie impliseer (Levinson 1986:9).

➤ Die lewenstruktuur

Die kern van Levinson se benadering tot volwasse ontwikkeling is die lewenstruktuur. Dit word gedefinieer as “the basic pattern or design of a person’s life at a given time” (Levinson *et al.* 1978:41; Levinson 1986:6) en vorm die bousteen van sy begrip rondom volwasse ontwikkeling.

Die betekenis van die term kan verhelder word deur ’n vergelyking tussen lewenstruktuur en persoonlikheidsstruktuur te tref. Laasgenoemde gaan om die vraag: Watter tipe persoon is ek? Lewenstruktuur wil ’n ander vraag beantwoord, naamlik: “What is my life like now?” (Levinson 1986:6).

Die primêre komponente van ’n lewenstruktuur is die persoon se verhoudings met ander in die eksterne wêreld. Dit gaan om interaksie tussen die persoon en die sosiale wêreld. Twee komponente word as die sentrale fokuspunkte beskou, naamlik die huweliksfamilie en die beroepslewe (Levinson *et al.* 1978:44-46; Levinson 1986:6).

’n Verdere verrassende ontdekking vir Levinson en sy kollegas (Levinson *et al.* 1978:49; Levinson 1986:7) was dat die lewenstruktuur “evolves through a relatively orderly sequence during the adult years” (Levinson *et al.* 1978:49). Hierdie volgorde bestaan uit ’n alternatiewe reeks struktuurbouende (stabiele) en struktuurveranderende (oorgang) fases. Aanvanklik gebruik Levinson *et al.* (1978) die terme *stabiele* en *oorgangsperiodes*. Later (1986), in sy artikel getiteld “A conception of adult development,” wysig hy die termgebruik na *struktuurbouend* en *struktuurveranderend*. Die primêre taak van ’n struktuurbouende fase is die vestiging van ’n lewenstruktuur en dit duur ongeveer vyf tot sewe jaar. Gedurende hierdie tydperk jaag individue doelwitte na ter bereiking van betekenisvolle lewenswaardes. Dit is nie noodwendig ’n kalm en rustige tydperk nie. Dit is struktuurbouend in die sin

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

dat individue poog om 'n gewensde lewenstyl te skep. Hierdie stabiele tydperk word afgewissel met oorgangsperiodes, wat soos reeds genoem, ongeveer vyf jaar duur en waartydens gevestigde lewenstrukture bevestigte en herevalueer word, met verlangde verandering in verskeie lewensareas as oogmerk (Levinson *et al.* 1978:49-56; Levinson 1986:7-8; Tennant & Pogson 1995:70-71; Atchley & Barusch 2004:122; Whitbourne 2007:210; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:30-32).

Elke struktuurveranderende periode word gekenmerk deur drie ontwikkelingstake:

- 1) die afsluiting van die vorige, bestaande lewenstruktuur;
- 2) die ontwikkeling van 'n konsep van individuasie wat pas by 'n nuwe lewenstruktuur; en
- 3) die aanvang van die nuwe lewenstruktuur.

Die begrip individuasie verwys na die veranderinge in 'n persoon se verhouding met homself en met die eksterne wêreld. In 'n oorgangsperiode is individuasie “the underlying process that links termination and initiation. It prepares the inner ground, laying an internal basis on which the past can be partially given up and the future begun” (Levinson *et al.* 1978:195; Atchley & Barusch 2004:122).

Die alternatiewe opvolg van struktuurbouende en struktuurveranderende periodes is geldend vir beide mans en vroue. Die rol wat geslag in volwasse ontwikkeling speel is volgens Levinson en sy kollegas 'n prikkelende kwessie. Hulle glo dat hoewel mans en vroue deur dieselfde ontwikkelingstadiums beweeg, vroue lewenstrukture op 'n ander wyse vorm. Vroue werk aan die ontwikkelingstake van elke periode met ander bronne en beperkinge, ekstern sowel as intern (Levinson 1996:36-37).

Tabel 3.3 bevat 'n opsomming van die onderskeie tydperke, ontwikkelingsfases en ontwikkelingstake, soos saamgestel uit Levinson *et al.* (1978:56-63); Levinson (1986:7-8); Arnold (1997:132) en Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:32-33).

Tabel 3.3: Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

Era	Ontwikkelings-fase	Ouderdom	Ontwikkelingstaak
Vroeë volwassenheid	Vroeë volwasse oorgang	17 - 22	Finansiële en emosionele skeiding van ouers, ontdek volwasse rolle.
	Betree die volwasse wêreld	22-28	Vind 'n balans tussen: 1) Ontdekking van volwasse lewensmoontlikhede en 2) die skep van 'n stabiele lewenstruktuur.
	Ouderdom 30 oorgang	28-33	Herevaluering van huidige lewenstruktuur.
	Afhandeling	33-40	Die persoon vorm en verfyn die 'droom' waarvolgens gelewe wil word en poog om dit 'n realiteit te maak.
Middel-volwassenheid	Middellewe-oorgang	40-45	Vra: "Wat het ek met my lewe gedoen?"
	Betree middelvolwassenheid	45-50	Implementering van 'n nuwe lewenstruktuur en lewenstyl.
	Ouderdom 50 oorgang	50-55	Minor aanpassings aan die middel-lewenstruktuur.

	Hoogtepunt van middelvolwassenheid	55-60	Bou van 'n tweede middel-lewenstruktuur.
Laatvolwassenheid	Laat volwasse oorgang	60-65	Vorbereiding vir aftrede en die oudwordproses.
	Laatvolwassenheid	65+	Skep van laat-lewenstruktuur.

Bogenoemde tabel bied 'n breë perspektief op die lewensiklus soos gesien deur Levinson en sy medenavorsers. Die fase middelvolwassenheid is die fokus van hierdie studie en geniet derhalwe die nodige aandag.

➤ **Middelvolwassenheid**

Die oorgang tot die middellewe dien as brug tussen vroeë volwassenheid en middelvolwassenheid. Die primêre taak van hierdie tydperk is om die lewenstruktuur van die dertigs te wysig en 'n geskikte nuwe struktuur vir middelvolwassenheid te skep.

Levinson en sy kollegas kom tot die gevolgtrekking dat 80% van mans en 85% vroue, wat aan die navorsing deelgeneem het, hierdie periode as 'n matige tot intense stryd met die self en die eksterne wêreld beleef het. Die vraag ontstaan waarom sommige individue juis gedurende die vroeë of middel-veertigs met 'n pynlike herevaluasieproses begin?

Die middeljare aktiveer diepliggende angste oor agteruitgang en die dood. Die ontstellendste vrees tydens vroeë volwassenheid is dat daar geen lewe na die jeug is nie. Die middeljare word hoofsaaklik in negatiewe terme omskryf, maar dit word gewoonlik as 'n vae interim-tydperk beskou. 'n Mens is nie meer jonk nie en tog nie heeltemal oud nie (Levinson *et al.* 1978:ix-x). Levinson wys op drie betekenisvolle, verwante faktore, naamlik:

i) Verandering in biologiese en psigologiese funksionering

Biologiese agteruitgang geskied gewoonlik geleidelik, maar vereis verandering in lewenstyl en sosiale rolle, veral met betrekking tot werk. Konfrontasie met die

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

mortaliteitsvraagstuk kan die begin wees van 'n middeljarigheidskrisis, wanneer 'n gevoel van verlies rakende eie sterwende jeugsbesef hanteer en deurgewerk moet word.

Dit is ook 'n seisoen waar ander kwaliteite soos wysheid, oordeelkundigheid, groothartigheid, onsentimentele medelye, 'n breë perspektiewe blik en 'n besef vir die tragiese, ryppword. Dié tydperk word verder gekenmerk deur 'n kreatiewe-hoogtepunt, sowel as bestuurs-, konsulterende- en onderrigaktiwiteite wat persoonlik en sosiaal waardevol vir die self en die gemeenskap is. Indien nuwe rolle egter nie van persoonlike en sosiale waarde is nie kan die teenoorgestelde realiseer waar dit dan tot 'n tragiese gevoel van lewensvermorsing lei.

ii) Die opvolg van generasies

'n Generasieskuif gebeur in die veertigs. Die betekenis van generasie word gevorm deur biologiese, historiese, kulturele en sosiale instellings. Lede van dieselfde generasie deel dieselfde ouderdomsvlak, in teenstelling met jonger en ouer generasies. Dit kan problematies wees vir die middel-volwassene, wat skielik besef dat hy/sy deur jonger generasies (diegene in hul twintigs en dertigs) gesien word as gevestig; die ouer met die tieners, die meer senior persoon wat hulp verleen aan bejaarde ouers, of ouers het wat reeds oorlede is. Die veertigjarige word in die volwasse wêreld na senior status verhef en vrees dat jeug, en alles waarvoor dit staan, grootliks verby is.

iii) Die ontwikkeling van loopbane

Worstelende vrae is kenmerkend van hierdie tydperk. Wat het ek met my lewe gedoen? Is my lewe van waarde vir die gemeenskap, vir ander mense en veral vir myself? Die veertigjarige het genoeg beleef om te kan vasstel of die jeugdige droom bereik is, al dan nie. 'n Persoon, wat nie daarin geslaag het om hierdie droom te verwesenlik nie, moet keuses vir die toekoms uitoefen. Diegene wat die lewensleer suksesvol geklim het mag begin twyfel of die soektog wel die moeite werd was

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

(Levinson *et al.* 1978:23-33; Greenhaus 1987:84-85; Levinson 1996: 371-373; Bentley 2007:19-21; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:32-33).

➤ Die middeljarigheidskrisis?

Daar word erkenning gegee aan Jaques (1965) vir die skepping van die term “middeljarigheidskrisis” in sy artikel getiteld, “Death and the mid-life crisis.” Hy skryf dat die mens gedurende hierdie periode van aangesig-tot-aangesig kom met eie beperkinge, beperkte moontlikhede en mortaliteit. Die konsep van die middeljarigheidskrisis het bekend geword deur die werk van ’n joernalis genaamd Gail Sheehy. Sy het in 1976 ’n boek met die titel, “Passages: Predictable crises of adult life” gepubliseer, wat veronderstelde veranderinge gedurende elke dekade van volwassenheid beskryf. Sheehy het vermeld dat middeljarige volwassenes ’n middeljarigheidskrisis ervaar het met vernietigende of positiewe verandering in hulle lewens as eindresultaat. Haar boek was gegrond op Levinson en sy kollegas se navorsing. Daarna het Levinson sy werk gepubliseer waarin die middellewe-oorgang as middeljarigheidskrisis bekendheid verwerf het.

Die bestaan van die middeljarigheidskrisis as ’n universele verskynsel word deur navorsers bevraagteken. Navorsers wys spesifiek daarop dat die idee van ’n middeljarigheidskrisis as gevolg van die massamedia se toedoen wyd aanvaar is. Die breë publiek aanvaar dat ’n periode van intense psigologiese wroeging gedurende die veertigerjare afgehandel sal moet word. Daar is egter min wetenskaplike bewys ter staving van sulke opmerkings. Data doen aan die hand dat die middellewe nie meer of minder traumaties is as enige ander lewensperiode nie (Kail & Cavanaugh 2004:514; Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:361-362; Whitbourne 2007:210-217). Dit word gestaaf deur navorsing gedoen deur Wethington (2000:85-103). Dié studie van 724 deelnemers het Amerikaners se definisies van die middeljarigheidskrisis ondersoek. Self-verslae omtrent die middeljarigheidskrisis is ook geanaliseer. Ses-en-twintig persent van die Amerikaners het ’n middeljarigheidskrisis vermeld. By nadere ondersoek is egter gevind dat ’n wyer omvang deur respondente gebruik is om die

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

verskynsel te karakteriseer. Die meeste deelnemers het nie self-verslae omtrent die middeljarigheidskrisis aan ouderdom toegeskryf nie, maar aan lewensgebeurtenisse, wat bedreiging en uitdaging tydens 'n breë gedefinieerde periode van die middelste ingehou het.

In daaropvolgende navorsing deur Wethington, Kessler en Pixley (2004:587-590) is bevind dat oorsake vir 'n krisis lewensgebeurtenisse, soos siekte of egskeiding, behels en nie noodwendig met die middelste periode geassosieer word nie. Een derde van die tydperk, wat as 'n middeljarigheidskrisis beskryf word, is deur gebeurtenisse soos werksverlies, finansiële probleme of siekte geaktiveer. Dit is gebeurtenisse, wat enige tyd gedurende volwassenheid kan gebeur en nie spesifiek aan die middelste toegeskryf kan word nie. Keerpunte of draaipunte is beduidende veranderinge in die lewensloop, of 'n ervaring of besef wat aanleiding gee tot herinterpretasie van die verlede, soortgelyk aan 'n middeljarigheidskrisis (Lachman 2004:315). Aanvanklik is die mening gehuldig dat die middeljarigheidskrisis gedryf word deur 'n vrees vir die naderende dood (Jaques 1965:502-514). Wethington, Kessler en Pixley (2004:609-610) het die lewensareas, waarin dié keerpunte manifesteer, bestudeer. Die mees algemene keerpunte het die werksdomein ingesluit, soos vergestalt in 'n werks- of loopbaanverandering.

*Die veearts, Wim (groep 2), maak die volgende opmerking in dié verband:
“Ek dink dit is 'n gegewe – almal gaan daardeur. Die intensiteit hang van persoon tot persoon af. Ek dink dit word veroorsaak wanneer jy besef – jy is nie daar waar jy wou wees nie. Of dit in 'n krisis ontaard hang van die wyse af waarop jy dit hanteer.”*

Carina (finansiële bestuurder en deel van groep 1) sê: “My man raak meer waaghalsig. Ek dink dis omdat hy graag saam met die seuns dinge wil doen wat hy ook in sy eie jeug gedoen het.”

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

Klara en Marie – beide entrepreneurs en deel van groep 1, is dit eens dat die tendens meer in die stad voorkom as in die platteland, vanweë die materialistiese ingesteldheid van stedelinge. “Materialisme veroorsaak verandering in jou waardestelsel, wat daartoe lei dat mense nooit tevrede is met dit wat hulle bereik het nie.”

Levinson (1996:35) het daarop geïndikeer dat hy bewus is, blykend uit die massamedia en akademiese literatuur, dat die term “mid-life crises” aan hom toegeskryf word. Hy wys egter daarop dat hierdie skrywers nie ’n ontwikkelingskrisis in gedagte het nie, maar ’n aanpassingskrisis, waar hantering van ’n stresvolle situasie problematies van aard is. ’n Aanpassingskrisis kan enige tyd gedurende die middeljare voorkom. Om te bepaal of ’n persoon ’n ontwikkelingskrisis beleef is dit nodig om verby ’n enkele stresvolle gebeurtenis, en die emosionele gedragaanpassing wat daarmee saamgaan, te kyk.

We must consider the person’s life more broadly, identify the current period in life structure development, and assess the extent of difficulty she[he] is having with the developmental tasks of that period (Levinson 1996:36).

Hierdie studie wil nie deelneem aan ’n debat vir of teen die middeljarigheidskrisis nie. Dit ondersoek die middeljarige as ’n herevaluerende en bevraagtekende fase met moontlike sinbeleving as uitkoms. Daar is ’n besondere klem op die betekenis vir die werksplek.

➤ **Waardering vir Levinson se navorsingsbydrae**

Die wyse waarop Levinson en sy kollegas die volwasse lewe geskets het, word as invloedryk bestempel. Dit lei tot belangrike bruikbare idees in die ondersoek van patroondinamika wat mense volg. ’n Sleutelaspek van Levinson se werk is die voorgestelde bestaan van vier tydperke van die menslike lewensiklus, wat gekenmerk word deur verskeie stabiele en oorgangsperiodes, waartydens individue major ontwikkelingsake moet afhandel. Fowler (2000:26-27) wys daarop dat Levinson se werk ’n wysheid illustreer, wat die individu noop om die wisselwerking tussen welsyn

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

en tyd ernstig op te neem. Menslike lewe word as 'n evolusionêre proses gesien, wat stadig oor tyd ontplooi en waartydens lewensbesluite en verpligtinge ernstige aandag en evaluering moet geniet.

Nog sleutelkonsepte, wat deel geword het van taal oor volwasse ontwikkeling, sluit die “droom” en die “mentor” in. Droom, volgens Levinson, verwys na die jong volwassene se vorming van 'n visie van die self vir 'n eie persoonlike lewe, maar ook 'n toekomsblik en –verwagting aangaande 'n eie loopbaan. Dit wakker jong individue aan en bied rigting en die moed om doelgerig die twyfelagtighede van die volwasse lewe te hanteer. 'n Mentor word gesien as 'n ouer persoon, wat leiding en inspirasie, asook wysheid, morele ondersteuning en praktiese hulp in beide loopbaan- en persoonlike sake bied (Levinson et al. 1978:97-101; Fowler 2000:26; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:413).

Levinson se werk het kritiese vrae en bevraagtekening ontlok, wat as stimulant vir verdere navorsing aangaande die lewenstruktuur, asook ander aspekte van sy werk, gedien het. Capps (2000) lewer in die verband 'n bydrae wanneer hy van mening is dat die lewenstruktuur wel universeel van aard kan wees, met biologiese gronde vir persoonlike oorlewing. Die verouderingsproses leer dat oorlewing op sigself betekenisvol is, aangesien lengte en lewenskwaliteit op komplekse wyses interverwant is. Daarom benadruk Capps (2000:9) dat die akademiese afdeling van die pastorale sorg die realiteite van diegene in die hospitaalsektor moet waarneem, en nie eksklusief moet fokus op die individuele/kulturele van menslike identiteit nie, maar ook die individuele/biologiese in ag moet neem. Hy sluit af met die opmerking dat diegene betrokke in “health ministries may discover that theories of human development are more relevant to their work than they may have imagined them to be” (Capps 2000:9).

Die relevantheid van Levinson se werk word deur Greenhaus en sy medekollegas (2010:34) onderstreep. Volgens hierdie skrywers is die tydperkverwante ontwikkelingstake steeds op volwassenheid van toepassing en die wisselende

HOOFSTUK 3 - Daniel Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling

stabile en oorgangsperiodes maak voortdurende groei en ontwikkeling moontlik. Die drie eras van volwassenheid, naamlik vroeë, middel- en laatvolwassenheid, bied 'n bruikbare struktuur vir die ondersoek na loopbaanverwante kwessies gedurende 'n individu se lewensloop. Die ontwikkeling van loopbane en die fases daaraan toegevoeg, word vervolgens in oënskou geneem.

3.5 DIE ONTWIKKELING VAN LOOPBANE

Die veranderende landskap van werk en loopbane kan toegeskryf word aan konstante veranderinge in die wêreld. Hierdie veranderinge geskied op ekonomiese, tegnologiese, historiese, politieke, sosiale en kulturele vlak, met diepgaande effek op die beroepswêreld (Raddon 2005:3-4; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:4). Verandering gaan gepaard met onsekerheid, wat verwoestende gevolge op loopbane en lewens kan hê. Intense kompetisie in alle industrieë word deur toenemende handel wêreldwyd en 'n onseker wêreld ekonomie gestook (Raddon 2005:3-4; Blustein 2006:27-30; Holland 2006:4-7; Pryor & Bright 2009:521-522; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:4-9).

Die vraag is: Wat impliseer die voorafgaande veranderinge? Dit blyk 'n herdefiniëring in die wese van werk te behels, met die fokus tans op beroepsbuigbaarheid en voortdurende leer. Werknemers moet vaardig wees in selfbestuur as lokus van verantwoordelikheid, met proaktiwiteit en 'n openheid vir nuwe ervarings (Hall 1996:8-11; Eby, Butts & Lockwood 2003:689-693; Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:430; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:5-6).

Die verandering in die wese van werk lei ook tot 'n verandering in die wese van die werksmag. Volgens Dohm (2000:17-25) en Cappelli (2005:143-149) was daar 'n geleidelike toename in die mediaan ouderdom van die werksmag en sal na verwagting 40 jaar in 2010 bereik. Dit impliseer 'n ouer werksmag met meegaande gekompliseerdheid, wat produktiwiteit en spesialiskennis insluit.

Die voorafgaande stel uitdagende eise aan die werkende individu en die doeltreffende menslike hulpbronbestuur van organisasies, wat veranderende denke omtrent organisasies en die wêreld van werk beklemtoon.

3.5.1 Betekenis van werk

“Wat doen jy?” is dikwels een van die eerste vrae wat volwassenes mekaar tydens ’n eerste ontmoeting vra. Werk is volledig deel van die volwasse identiteit. Werk is ook deurweef met alle aspekte van ontwikkeling. Intellektuele, fisiese, psigiese, sosiale en emosionele faktore beïnvloed werk en net só kan werk elke ander gebied van die volwassene beïnvloed. Die volwassene se beroepskeuse bepaal wat die gemeenskap verwag in terme van beroepsgedrag en –aktiwiteite, asook sosiale en ontspanningsaangeleenthede, en persoonlike houdings en waardes. Weens die voortdurende verandering in die ekonomie, tegnologie, werksmagsamestelling en sosiale klimaat kan die rol van die werker nie as staties beskryf word nie (Hayslip, Panek & Patrick 2007:119; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:278; Whitbourne, 2007:246; Bjorklund & Bee 2008:202).

In die 1960’s is die frase “different strokes for different folks” gebruik ter verduideliking dat mense ten opsigte van motiewe en behoeftes verskil (Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:428). Die belangrikheid van werk is vir sommige volwassenes nie net geleë in die inkomste wat dit meebring nie, maar dit verskaf ook ’n lewensraamwerk wat die dae, weke en maande van die jaar afbaken, en bepaal die grootste deel van mense se interaksie met andere. Dit is ’n bron van status en identiteit, selfagting, sosiale erkenning, uitdrukking van persoonlike belangstelling en vermoëns, asook die geleentheid om iets van hulself te gee ten einde betekenisvolheid te ervaar. Vir die meeste volwassenes is die hoofdoel van werk wel die geleentheid om ’n inkomste te verdien. Die betekenis van werk word gekoppel aan geld verdien in ruil vir lewensnoodsaaklike middele (asook luukshede) en die moontlikheid van persoonlike groei. Hierdie beroepsprioriteite weerspieël kulturele waardes en is onderhewig aan verandering (Louw 2005:505; Raddon 2005:5-6; Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:428; Whitbourne, 2007:246). Die betekenis van werk kan verstaan word in “a

web of relationships: in the interplay of person and material, and in a larger context that makes it more or less meaningful” (Mirvis 1997:199).

Studs Terkel, die outeur van die fassinerende boek “Working” (1974) skryf dat werk “a search for daily meaning as well as daily bread, for recognition as well as cash, for astonishment rather than torpor; in short, for a sort of life rather than a Monday through Friday sort of dying” (Terkel 1974:xiii) is. Kahlil Gibran stel dit in sy bekende boek, “The prophet” (2006) dat “Work is love made visible” (Gibran 2006:12). Die gespreksgenote sluit hierby aan en maak die volgende opmerkings:

Rentia (biokinetikus en groep 1) merk: “Ek doen nie net ’n ‘job’ nie, maar leef ’n roeping uit. Enige beroep het sy frustrasies en geld kan my net tot op ’n punt motiveer. Daarna is dit my roepingsgevoel wat my laat vasbyt om die ekstra myl te loop.”

Bruwer (landboukundige en groep 2) sê: “Ek is mal oor my werk. Dit bied stimulerende uitdagings aan my. Ek kan soggens nie wag om met my werk te begin nie. Die mensfaktor is soms frustrerend, maar dit is deel van die pakket.”

In aansluiting by die voorafgaande kan die betekenis wat die werkende individu aan werk heg, van persoon tot persoon verskil. Daarom is dit van belang om vir doeleindes van hierdie studie ’n bepaalde betekenis aan werksverwante begrippe te heg.

3.5.2 Loopbaan en loopbaanontwikkeling

Die term loopbaan bly ’n ontwykende begrip vanuit ’n akademiese perspektief. Die betekenis daarvan het, saam met die veranderende wese van die werksomgewing, ontwikkeling ondergaan. Die tema loopbaanbestuur word deur navorsers en skrywers vanuit bepaalde verwysingsraamwerke belig. Sodoende word bepaalde betekenis aan die term loopbaan en loopbaanontwikkeling geheg, wat as basis en beligtingspunt vir

HOOFSTUK 3 - Loopbaan en loopbaanontwikkeling

onderskeie publikasies dien, soos byvoorbeeld die volgende navorsing: Donald Super en Martin Bohn (1970) in "Occupational psychology"; John Arnold (1997) met "Managing careers into the 21st century"; Douglas Hall (2002) in "Careers in and out of organizations" en David Blustein (2006) met "The psychology of working". Op Suid-Afrikaanse bodem word Graham Stead en Mark Watson (2006) met hulle werk getiteld, "Career psychology in the South African context," gevind.

In hierdie studie wil ek graag fokus op die betekenis toevoeging aan die genoemde begrippe, soos gedoen deur Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:10). Die genoemde skrywers se definisie is soortgelyk aan Gutteridge (1986:54-56) se definisie aangaande loopbane. Die rede vir my vereenselwiging is dat hierdie skrywers 'n breë definisie bied, wat in 'n voortdurende veranderende wêreld van werk kan aanpas.

'n Loopbaan word gedefinieer as die patroon van werksverwante ervarings, wat die lewensloop van 'n individu oorspan (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:10). Volgens hierdie skrywers (Greenhaus, Callanan en Godshalk 2010:10) word werksverwante ervarings breedweg gekonstrueer om die volgende in te sluit:

- i) objektiewe gebeurtenisse of situasies, soos werksposisies, werkspligte of werksaktiwiteite, en werksverwante besluite;
- ii) subjektiewe interpretasies van werksverwante gebeure, soos werksasperasies, verwagtinge, waardes, behoeftes en gevoelens omtrent spesifieke werkservarings.

Beide objektiewe en subjektiewe komponente is nodig en dra by tot die komplekse en ryk begrip van 'n persoon se loopbaan. 'n Loopbaan kan bestuur word deur die objektiewe omgewing te verander deur byvoorbeeld van beroep te verander, of 'n persoon se persepsie aangaande 'n situasie, soos bepaalde verwagtinge, aan te pas. Die ontplooiing of ontwikkeling van 'n loopbaan sluit die sistematiese verandering in objektiewe gebeure (beperkte geleentheid vir toekomstige bevordering) en subjektiewe reaksies tot gebeure (verandering in waardes en doelwitte) in.

HOOFSTUK 3 - Loopbaan en loopbaanontwikkeling

Dié definisie van Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:10) vereis nie in wese professionele werksrolle, stabiliteit in 'n enkele beroep of organisasie, of karakterisering deur opwaartse mobiliteit nie. Volgens die skrywers is enige persoon betrokke in 'n werksverwante aktiwiteit besig met die beoefening van 'n loopbaan. Werner en DeSimone (2009:384) sluit hierby aan en onderstreep instemmend dat die definisie van Greenhaus, Callanan en Godshalk konsekwent is met die argument dat loopbane oor tyd ontwikkel en dat alle persone oor loopbane beskik, ongeag beroep, vlakke van bevordering of werkspatroonstabiliteit.

Loopbaanontwikkeling het verandering ondergaan dienooreenkomstig die rol wat organisasies in werknemers se loopbane gespeel het (Hall 1996:8-16; Eby, Butts & Lockwood 2003:689-708). Dit het ontwikkel vanaf paternalisme, waar organisasies volle verantwoordelikheid vir werknemers se loopbane aanvaar het, tot ondersteuning van individue waar persoonlike verantwoordelikheid vir eie toekomstige loopbaanontwikkeling beklemtoon word. Dus behels loopbaanontwikkeling twee aparte, maar ook interverwante funksies, naamlik loopbaanbeplanning, wat 'n individuele proses is en loopbaanbestuur, wat 'n institusionele proses is (Gutteridge 1986:54-56; Robbins 2001:483). Loopbaanontwikkeling behels nie net bevordering en die klim van die loopbaanleer nie, maar dui ook op die wyse waarvolgens individue se loopbane ontvou (Arnold 1997:18-19).

Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:13) definieer loopbaanontwikkeling as 'n voortdurende proses waar individue deur 'n reeks stadia beweeg, wat elk gekarakteriseer word deur 'n relatief unieke stel kwessies, temas en take. Dié definisie demonstreer kruisbestuwing tussen individuele verantwoordelikheid geneem vir eie formulering van geskikte loopbaandoelwitte, tot 'n spesifieke tyd in die loopbaan en lewe van die individu. Daarmee saam kan die organisasie verantwoordelikheid neem ten opsigte van ontwikkelingsprogramme, wat aansluit by werknemers se loopbaanfases.

HOOFSTUK 3 - Loopbaan en loopbaanontwikkeling

Wolfe en Kolb (1980:1-2) erken die voortdurende tussenverhouding tussen loopbaan en lewe, waar werk en lewe ononderskeibaar is. Daarom bied hierdie skrywers 'n steeds relevante beskrywing oor loopbaanontwikkeling, en wel soos volg:

Career development involves one's whole life, not just occupation. As such it concerns the whole person... More than that, it concerns him or her in the ever-changing context of his or her life. The environmental pressures and constraints, the bonds that tie him or her to significant others, responsibilities to children and aging parents, the total structure of one's circumstances are also factors that must be understood and reckoned with. In these terms, career development and personal development converge. Self and circumstances – evolving, changing, unfolding in mutual interaction – constitute the focus and the drama of career development.

Dit is 'n dinamiese en allesomvattende definisie, wat die individu, omgewing, interaksie en verandering as sleutelemente van 'n definisie vir loopbaanontwikkeling daarstel. Beide definisies van Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:13), sowel as Wolfe en Kolbe (1980:1-2) bied vir my 'n breë verwysingsraamwerk aangaande loopbaanontwikkeling, waar lewe en werk 'n integrale deel van mekaar vorm en in 'n voortdurende tussenverhouding tot mekaar staan.

3.5.3 Die fases van loopbaanontwikkeling

Is loopbaanfases en lewensfases steeds vandag relevant? Ontvou loopbane in die 21^{ste} eeu werklik in ordelike of reëlmatige fases van ontwikkeling?

Die antwoord op hierdie vrae blyk nie maklik beantwoordbaar te wees nie en het dus onsekerheid tot gevolg. Gegewe die uiters turbulente, komplekse en vinnig veranderende besigheidswêreld kan die antwoord nee wees. Ekonomiese, demografiese en wêreldwye veranderinge affekteer die ordelikheid van ideale vordering deur loopbaanfases (Hall 2002:90; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:28). Diskontinuiteit, hetsy as gevolg van afleggings en werksverlies, of vrywillige

HOOFSTUK 3 - Die fases van loopbaanontwikkeling

of nie-vrywillige tydelike staking van 'n loopbaan, soos vroue wat verkies om kinders groot te maak, kan 'n negatiewe impak hê. Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:28) skryf “the evolving worldwide economy is having immediate and long-term effects on many individual’s progression through career and life stages, which might make the seamless progression between career stages an obsolete concept.”

Die antwoord op bogenoemde vraag aangaande die relevantheid en ontplooiing van loopbaan- en lewensfases kan egter ook instemmend wees. Loopbaanfases kan nie vandag as slegs gewoon en voorspelbaar beskryf word nie. Die ervarings en situasies van individue verander met tyd en ouderdom, wat 'n nuwe blik op loopbane vereis. Dit is dalk gepas om 'n loopbaan te sien as 'n reeks unieke fases of stadiums (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:28). Loopbane kan ook as leerfases beskou word, aangesien loopbane 'n proses van voortdurende leer vereis (Hall 2002:90). Begrip van die ontwikkelingsimplikasies van verskillende loopbaanfases kan individue, sowel as organisasies, met effektiewe loopbaanbestuur en –ontwikkeling help. Daarom is dit belangrik om die konsep van loopbaanfases en hoe dit binne die groter konteks van volwasse lewensontwikkeling pas, te verstaan.

Die doel van hierdie studie is nie om in 'n intensiewe bespreking aangaande loopbaanontwikkelingsteorieë vasgevang te word nie. Graag wil ek egter erkenning gee aan die bekendste loopbaanontwikkelingsteoretikus, voordat die gekose loopbaanontwikkelingstadia vir dié studie belig word.

➤ **Donald Super**

“It is more important to have a good path and several alternative goals than to have a good goal.” Hierdie is die leuse of grondbeginsel van Donald Edwin Super soos weergegee deur Savickas (1995:794). Super het dit gebruik “to counsel others as well as to guide his own professional life” (Savickas 1995:794).

Die beroepsielkundige Donald Super word erken as een van die invloedrykste skrywers in die veld van loopbaanontwikkeling (Savickas 1995:794-795; Weinrach 1996:5; Patton & McMahon 1999: 40). Super was die outeur van die bekendste teorie

HOOFSTUK 3 - Die fases van loopbaanontwikkeling

in die veld van die beroepsielkunde naamlik die “life-span/life-space theory.” Dit is gebaseer op die konsep dat loopbane in stadiums ontwikkel en dat loopbaankeuses nie van ander lewensaspekte geïsoleer is nie. Hy beeld sy “life-span/life-space”-benadering aan die hand van twee diagramme uit, wat onderskeidelik “life career rainbow” en “archway model” genoem word (Super 1990:200, 212). Hierdie teorie is vir die eerste keer in 1974 neergepen (Super 1990). Steeds word dit deurgaans hersien en opgradeer om in pas met veranderinge in die werksplek te bly (Super, Savickas & Super 1996:121-178; Savickas 1997:247-259; Patton & McMahon 1999:40; Giannantonio & Hurley-Hanson 2006:318-330; Stead & Watson 2006:51-52). Blustein (1997:261-263) beklemtoon die voorafgaande en is van mening dat een van die merkwaardigste kenmerke van Super se bydrae tot loopbaansielkunde sy voortdurende aanpasbaarheid betreffende sy teorie is.

Lewensloop of “life-span,” die eerste komponent van Super se teorie, verteenwoordig die inhoud en proses van loopbaanontwikkeling en word in vyf onderskeibare loopbaanstadia verdeel, elk met spesifieke ontwikkelingstake en kwessies wat aandag vereis. In tabel 3.4 word die vyf stadia met geraamde ouderdomme uiteengesit. Hierdie stadia veronderstel die ontwikkelingspad van die lewensloop. ’n Sikliese heen-en-weer-beweeg tussen stadia gedurende bepaalde tye in loopbane is moontlik, soos byvoorbeeld met verandering van werk, verdere studies of aftrede (Super & Bohm 1970:134-152; Savickas 1997:247-257; Patton & McMahon 1999:40-49; Cavanaugh & Blanchard-Fields 2006:433-434; Stead & Watson 2006:51-60; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:281-282; Whitbourne 2007:257; Bjorklund & Bee 2008:202-203). Tabel 3.4 is saamgestel uit Super en Bohn (1970:136-137) sowel as Super, Savickas en Super (1996:130-135) en sien as volg daarna uit:

Tabel 3.4: Super se vyf stadia van loopbaanontwikkeling

Stadium	Geraamde ouderdom	Taak en kwessies om te hanteer
Groei	4 - 14	Identifiseer met ander en ontwikkel selfkonsepte. Spontane leer oor die wêreld. Ontwikkel

		werksverwante houdings, soos 'n oriëntasie tot die toekoms, vestiging van kontrole oor die lewe, ontwikkel 'n sin van oortuiging en doel, verkryging van houding en bevoegdheid vir werk.
Ontdekking	15 – 24	Kristalliseer loopbaanvoorkeure. Spesifiseer en implementeer beroepskeuse.
Vestiging	25 – 44	Stabiliseer in 'n beroep. Konsolideer werk. Vorder in die betrokke loopbaan.
Onderhoud	45 – 65	Behou verkrygte werk. Opdatering en innovering van take. Ervaar ook reëvaluering en hernuwing.
Onttrekking	65+	Vermindering van werkslas en produktiwiteit. Beplan vir en implementeer aftrede. Verskuif energie na ander lewensaspekte.

Die tweede komponent, naamlik lewensruimte of te wel “life-space”, voorsien 'n kontekstuele dimensie. Dit handel oor lewensrolle soos oor die lewensloop gespeel, waar die werksrol nie in afsondering van ander lewensrolle hanteer word nie (Savickas 1997:247-257; Patton & McMahon 1999:40-49; Stead & Watson 2006:51-60; Bjorklund & Bee 2008:202-203). Super (1990:212-219) het nege lewensrolle geïdentifiseer, naamlik kind, student, “leisurite,” wêreldbürger, werker, huweliksmaat, tuisteskepper, ouer en pensionaris, sowel as vier kontekste of “theaters” waarin hierdie rolle afspeel, naamlik die huis, gemeenskap, skool (kollege en universiteit) en werkplek. Die werksrol word verstaan binne die konteks van die totale lewensrolle van 'n individu, “while making a living, people live a life” (Super, Savickas & Super 1996:128).

Die middelloopbaanfase is 'n belangrike fokuspunt in hierdie studie en veronderstel die lewensloop tussen 40 en 55 jaar. Dit word later ter motivering meer breedvoerig in die betrokke hoofstuk bespreek. Wanneer tabel 3.4 beskou word, sal gemerk word dat beide die vestigings- en onderhoudstadium verteenwoordigend is van die middelloopbaanfase. Met die voorafgaande inaggenome word Super se middeljarigheidsbelewenis onderstreep. Super het in 1961 die ouderdom van 50 jaar bereik en het herevaluering en hernuwing beleef, soos veronderstel in stadia drie en vier:

HOOFSTUK 3 - Die fases van loopbaanontwikkeling

After questioning his future path, Super concluded that he did not want to spend the second half of his career revising what he did during the first half...midlife renewal led Super to increase his participation in worldwide psychology forums (Savickas 1995:795).

Super se werk het 'n blywende bydrae tot die veld van loopbaanontwikkeling en beroepsielkunde gemaak. Die konstante hersiening van sy werk en ontvanklikheid vir aanpassing het hiertoe bygedra. Super se werk is verantwoordelik vir die stimulasie van verdere denke en navorsing (Blustein 1997; Savickas 1997; Weinrach 1996; Giannantonio & Hurley-Hanson 2006). In Suid-Afrika fokus Stead en Watson (2006:60-62) op die toepaslikheid van Super se teorie binne 'n Suid-Afrikaanse konteks en kom hulle tot die gevolgtrekking dat praktisyns en navorsers meer "career adaptable" in plaaslike kontekste en veranderende omstandighede moet wees. Ter afsluiting die woorde van Savickas (1995:795):

Super's...recent ideas about adaptability, values and life roles may well provide the principles by which vocational psychology reinvents itself for the 21st century.

Die gekose loopbaanstadia vir hierdie studie behels die werk van Jeffrey Greenhaus. Ek kies sy werk omrede hy en sy medeskrywers (2010:34) van mening is dat die bydrae van Daniel Levinson steeds vandag relevant is. Die vordering van loopbane is baie meer kompleks in die 21^{ste} eeu as in die 1970's, maar tydperkverwante ontwikkelingstake blyk steeds op volwassenheid van toepassing te wees. Daarmee saam bied die alternatiewe stabiele en oorgangsfases voortdurende groei en ontwikkeling dwarsdeur 'n persoon se volwasse lewe.

➤ **Jeffrey Greenhaus**

Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:34-37) beskou die ontwikkeling van loopbane in vier stadia. Hulle siening is eerstens gedeeltelik gebaseer op die literatuur aangaande loopbaanontwikkeling en tweedens op Levinson se siening oor volwasse lewensontwikkeling. Die navorsers verkies om loopbaanstadia rondom geraamde

HOOFSTUK 3 - Die fases van loopbaanontwikkeling

ouderdomme te organiseer; nie omrede hulle van mening is dat dit die beste wyse is om loopbaanontwikkeling te beskou nie, maar omrede dit 'n betekenisvolle struktuur aan hulle kennis van loopbane verleen.

Die middelloopbaanfase word ingelei deur die middellewe-oorgang, wat as brug tussen die vroeë en middelvolwassenheid dien. Hierdie tydperk word gekenmerk deur 'n herevaluering van leefstyl en eise met moontlike minor of radikale veranderinge. 'n Nuwe leefstyl kan moontlik die uitkoms wees met spesifieke werksverwante kwessies wat gekonfronteer moet word (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2000:117-121; 2010:36).

Die middelloopbaanfase sal later in hierdie hoofstuk meer breedvoerig bespreek word, met spesifieke verwysing na die dinamika van loopbaanverandering, die gevare van veroudering en die moontlikheid van die middelloopbaanplato.

In tabel 3.5 (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:35) word die vier stadia kortliks bespreek met spesifieke verwysing na die derde stadium, naamlik die middelloopbaanfase en die fokuspunt van hierdie betrokke navorsing, in die vorm van 'n geskakeerde gedeelte.

Tabel 3.5 Greenhaus se vier stadia van loopbaanontwikkeling

<p>1. Beroeps- en organisatoriese keuse <i>Tipiese ouderdomspeling:</i> 18 – 25 <i>Major take:</i> Ontwikkel beroepselfbeeld, assesseer alternatiewe beroepe, ontwikkel aanvanklike beroepskeuse, gaan voort met die nodige studie, werf werksaanbiedinge van geskikte organisasies.</p>
<p>2. Vroeë loopbaan <i>Tipiese ouderdomspeling:</i> 25 – 40 <i>Major take:</i> Leer werk, leer organisatoriese reëls en norme, pas aan in gekose beroep en organisasie, verhoog bevoegdheid, streef loopbaandoelwitte na.</p>
<p>3. Middelloopbaan <i>Tipiese ouderdomspeling:</i> 40 – 55</p>

Major take: Herevaluering van die vroeë loopbaan en vroeë volwassenheid, herbevestig of pas loopbaandoelwitte aan, maak keuses geskik vir die middelvolwasse jare, behou werksproduktiwiteit.

4. Laat loopbaan

Tipiese ouderdomspeling: 55 – aftrede

Major take: Behou werksproduktiwiteit, behou selfbeeld, voorbereiding vir effektiewe aftrede.

➤ **Struikelblokke in die toepassing van 'n loopbaanfase perspektief**

Daar is faktore wat die gebruik van stadia, om loopbaanprogressie te illustreer, bemoeilik.

Eerstens, moet in gedagte gehou word dat alle ouderdomspelinge geraamde skattings is. Die aanvang en beëindiging van stadia verskil. Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:37) meen dat ouderdom, of meer algemeen lewenservaringe, verantwoordelik is vir die vorming van loopbaanstrewes en -ondervinding. Daarom speel dit 'n kritiese rol in die identifikasie van loopbaanstadia.

'n Tweede kwessie wat problematies van aard is, is die aanname dat loopbaanstadia-ontwikkeling 'n "normale" loopbaan beskryf. 'n "Normale" loopbaan sou beskou kon word as 'n loopbaan waar 'n persoon 'n beroepskeuse op 'n vroeë ouderdom uitoefen en dan in die gekose beroepsveld (of dieselfde organisasie) vir die totale tydperk van werkslewe bly. Dit is egter problematies omdat loopbaansiklusse in die 21^{ste} eeu korter is en meer gereeld herhaal. Loopbaansiklusse is meer kompak as gevolg van gereelde en dramatiese veranderinge of oorgange, wat geassosieer word met die volg van 'n grenslose ("boundaryless") loopbaan. Arthur, Inkson en Pringle (1999:59-119) demonstreer hoe individue periodiek hulle loopbane herbenut met die verandering van projekte, werkgewers, organisasies en beroepe in 'n "boundaryless" loopbaan.

Wat is die komplikasies wanneer van 'n "normale" of "ideale" loopbaansiklus afgewyk word? Kyk na die volgende voorbeelde, soos beskryf deur Greenhaus, Callanan en Godshalk (2000:122; 2010:38):

HOOFSTUK 3 - Die fases van loopbaanontwikkeling

- 'n 42-jarige vrou betree die beroepswêreld vir die eerste keer in twintig jaar. Begin sy met haar middelloopbaan of betree sy die vestigingsfase van 'n vroeë loopbaan?
- 'n 38-jarige bankier aanvaar bevordering as senior vise-president by 'n ander bank. Is hy ingegrawe in sy vroeë loopbaan of begin hy weer by die toetredingsfase?
- 'n 55-jarige rekenarspesialis verlaat sy beroep en word 'n skrywer. Betree hy sy laat loopbaan of sukkel hy om homself in 'n nuwe literêre vroeë loopbaan te vestig?

Hierdie tipe voorbeelde is beskrywend van die problematiek wat geassosieer word met alle ouderdomsverwante loopbaanontwikkelingsteorieë. Die doel is nie die klassifisering van individue in spesifieke loopbaanstadia nie, maar wel die begrip van hoe loopbane ontvou en hoe werk in verband gebring word met verskillende stadiums van loopbane en lewens.

Bogenoemde illustrasies kan kortliks verhelder word. Die nuut aangestelde vrou moet primêr die vroeë loopbaankwessies van sosialisasie en vestiging hanteer, maar vanuit die perspektief van 'n 42-jarige persoon. Die 38-jarige bankier moet wel die probleme van indiensneming by 'n nuwe organisasie hanteer, maar nou met die ervaring van iemand wat gevorderd in sy vroeë loopbaan is. Die 55-jarige rekenarspesialis moet homself vestig in 'n nuwe loopbaanveld. Hy kan dit doen vanuit die voordeelspunt van 'n man wat amper in sy laat loopbaan is. Afwykings van 'n netjiese klassifikasiestelsel moet nie as problematies beskou word nie. Dit weerspieël die ryk diversiteit van loopbane en lewens.

Ek volstaan by die werk van Greenhaus en sy kollegas. Dit word aangewend as basis vir hierdie navorsingstuk, omrede ek myself met voorafgaande opmerkings aangaande loopbaanontwikkeling kan vereenselwig. Dit handel spesifiek vir my daaroor dat individue nie streng in kategorieë van stadiums ingeforseer kan word nie.

HOOFSTUK 3 - Die fases van loopbaanontwikkeling

Dus gaan dit nie om 'n streng hiërargiese struktuur nie, maar is dit eerder buigsaam, wat kongruent is aan beweging. Dit bied slegs 'n aanduiding van waar 'n persoon hom-/haarself in die ervaring van werk en die lewe bevind.

➤ **Loopbaanstadia: Ooreenkomste en verskille**

Die voorafgaande benaderinge tot loopbaanontwikkeling verskil van mekaar, maar deel ook algemene elemente:

- In die eerste plek veronderstel dié benaderinge dat individue op 'n ordelike wyse verskillende stadia, bestaande uit take en uitdagings, deurloop.
- Tweedens word elke stadium met wisselende ouderdomspeling geassosieer.
- Laastens word individue in lewenstotaliteit beskou met werk, familie en selfontwikkeling as interverwant. Loopbaankwessies mag beklemtoon word, maar 'n algemene siening word gehandhaaf dat werk en lewensaspekte onlosmaaklik van mekaar is.

Die middelloopbaanjare oorspan rofweg 'n 15-jaar tydperk tussen die ouderdomme van 40 en 55 jaar. Hierdie ouderdomspeling is arbitrêr van aard met korporatiewe afleggings, onseker toekomstige inkomste vir individue en langer lewensverwagting, wat die onderskeid tussen middel- en laatloopbaanstadia vervaag (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:230). Die middelloopbaanjare handel om twee major loopbaan- en lewenstake. Die eerste behels die konfrontering van die middeljarige-oorgang. Soos reeds bespreek in die afdeling 3.4.2 (Levinson se benadering tot volwasse lewensontwikkeling en spesifiek middelvolwassenheid) en in aansluiting daartoe afdeling 3.5.3 (Greenhaus se vier stadia loopbaanontwikkelingsfase), gaan dit om 'n tydperk van herevaluasie ten opsigte van die persoonlike en professionele lewe. Ten tweede word die individu in die middelloopbaan gekonfronteer met die handhawing van produktiwiteit. Die vraag hier behels die soeke na groei, stagnering of volhoubare funksionering ten opsigte van produktiwiteitsvlakke. Voordat die uitdagings wat die middelloopbaanfase bied, met spesifieke verwysing na nuwe betekenis vir werk en groeiemoontlikhede, in diepte bespreek word, is dit nodig om die konfronterende middeljarige-oorgang te begryp.

3.6 DIE FENOMENOLOGIE VAN DIE MIDDELJARE

Volgens die aanlyn Oxford Dictionary (2010:elektroniese bron) word die middeljare gedefinieer as “the central period of a person’s life, between around 45 and 60 years old.” Die grense vir die middeljare is nie duidelik afgebaken nie. Volgens Lachman (2004:310) is die mees algemene opvatting dat die middeljare op 40 begin en op 60, of selfs 65, eindig. Hierdie navorsingstuk fokus op die middeljare as die tydperk tussen 40 en 55 jaar, soos bepaal deur Levinson en oorgeneem deur Greenhaus vir die indeling van sy vier stadia loopbaanontwikkelingsfasies.

Midway upon the journey of our life I found myself within a forest dark,
For the straightforward pathway had been lost (Dante 1867:1).

Iets van die akteur se belewenis word weerspieël in die openingsparagraaf van Dante se *Inferno*. Dit bied ’n metafoor vir die toestand van die hart, verstand en siel van diegene in die middellee.

Verskillende betekenis word aan die middeljare geheg. Dié lewensfase word gekenmerk deur selfondersoek, ’n herevaluering van oortuigings en waardes, heraanpassing by fisiese veranderinge en ’n hersiening van lewenstyl, loopbaanrigting en prioriteite (Collins 2005:220). Vir sommige mans en vroue kan die middeljare ’n tydperk van krisis inhou. Dit kan egter ook ’n tyd wees wat die beste helfte van die lewe inlui, afhangende van die sienswyse omtrent die middeljare. Navorsers wat belangstel in optimisme, stel voor dat verskillende uitkomst die resultaat is van verskillende sienswyses rakende die middeljare as ’n lewe, wat halfpad verby is, óf ’n lewe waarvan die helfte nog oor is (Isaacowitz, Charles & Carstenson 2000). Dié sienwyses kan ’n positiewe of negatiewe ingesteldheid meebring. Die negatiewe kan lei tot moontlike depressiewe gevoelens, terwyl die positiewe ’n verbintenis tot ’n meer betekenisvolle lewe verhoog (Kets de Vries 1978:47). Gespreksgenote deel hulle mening aangaande hulle middeljarige-belewenis.

HOOFSTUK 3 - DIE FENOMENOLOGIE VAN DIE MIDDELJARE

Klara (entrepreneur en deel van groep 1), hou van kinders. Sy is die ma van vier dogters en is geheg aan haar groot gesin.

Klara merk: "Dit was vir my erg om 40 te word. Ek het altyd gedink dit is 'n afsnypunt en dit was ook so. Baie dinge het in my lewe verander, nie noodwendig alles sleg nie. Die gedagte dat ek nie weer sal kinders hê nie, was vir my die slegste."

Marie (entrepreneur en ook deel van groep1), is nou betrokke in haar verskeie sakebelange. Die vind van balans tussen werk en gesien is vir haar 'n uitdaging.

Marie sê: "Dit is 'n tydperk waarin ek voel of ek nie tyd kry om oor my lewe te dink nie. Daar is nie tyd om vorentoe te beplan en keuses uit te oefen nie, want alles gebeur té vinnig. Daar is eenvoudig nie tyd nie."

Ronel is 'n tuisteskepper (groep 1) en ma van twee dogters. Sy is tans in die proses om moontlikhede in die voedselvoorsieningsbedryf te ondersoek.

Ronel merk: "Veertig is fantasties – dit is halfpad na 80 toe!"

Beide die gespreksgroepe is dit egter eens aangaande twee sake:

1) In hulle vroeë twintigs is diegene in hulle veertigs as oud beleef. Noudat hulle self die middeljarige tydperk betree, voel hulle nie oud nie en sien generasieverskille in 'n ander lig.

2) Gedurende die twintigerjare maak die mens bepaalde planne vir die lewe om soms gedurende die veertigerjare met 'n skok tot die besef te kom dat hierdie planne nie noodwendig gerealiseer het nie.

Vanuit 'n lewensloop perspektief verteenwoordig die dinamiese aard van verandering in die middeljare beide wins (groei), sowel as verlies (afname) (Baltes 1987). Die volgende lewensterreine is 'n illustrasie van die variasie in patrone en trajekte in die middeljare, met beide wins en verlies as bewys. Dit word slegs kortliks bespreek aan

die hand van die volgende afdelings: gesondheid en fisiese veranderinge, kognitiewe veranderinge en sosiale verhoudings.

3.6.1 Gesondheid en fisiese veranderinge

Fisiese verandering, wat hand aan hand met die middeljare gaan, bring vir sommige opstandigheid mee vanweë die samelewing se ingesteldheid jeens jeugdigheid. Tekens van fisiese veroudering en agteruitgang, en dus 'n ervaring van verlies, behels kortliks die volgende (Kets de Vries 1978:47; Kail & Cavanaugh 2004:490-501; Lachman 2004:318-325; Collins 2005:222-223; Hayslip, Panek & Patrick 2007:123-124; Bjorklund & Bee 2008:352; Strenger & Ruttenberg 2008:85):

- verandering in sig, wat lei tot die gebruik van 'n leesbril;
- 'n verlies aan elasticiteit van die vel, wat plooië meer sigbaar maak;
- verminderde reprodktiewe kapasiteit, veral by vroue, maar ook teenwoordig by mans;
- veranderende liggaamsbou, met gewigstoename;
- been- en gewrigsprobleme soos osteoporose;
- tand en tandvleisprobleme;
- verhoogde risiko vir major siektes, soos kardiovaskulêre siektes, diabetes en kanker;
- stadiger, meetbare reaksietyd in voetspoed.

Die voorafgaande word deur die reaksie van gespreksgenote onderstreep. Wim (veearts en deel van groep 2) is 'n uiters fikse persoon, wat graag fietsry en bergklim. Hy is ook 'n wêreldreisiger met 'n liefde vir die natuur. Sy bergklimvermoëns kom hom handig te pas wanneer hy natuurtonele kreatief op film verewig.

Wim sê: Ek is die helfte van wat ek was. Dit voel asof my fisiese vermoëns gehalveer is."

HOOFSTUK 3 - Gesondheid en fisiese veranderinge

Scott (ingenieur en deel van groep 2) is ook 'n fikse persoon en 'n kranige muurbalspeler. Hy hou ook van roei en bergfietsry.

Scott: "Ek is van mening dat my fisiese vermoëns nie só 'n erge afname toon nie, maar wat ek wel agterkom is dat my liggaam langer neem om te herstel na intense oefening."

Mada, 'n tuisteskepper (groep 1), is 'n pragtige en stylvolle vrou. Tans kom haar drie seuns vir haar eerste, maar sy oorweeg dit om haarself as voorkomskonsultant in die toekoms te vestig.

Mada merk: "My kinders sê die frons tussen my oë raak al hoe duideliker en ek lyk soveel kwaaier."

Ilse is 'n joernalis van beroep (groep 1) wat eers haar werkslewe opsy geskuif het om volle aandag aan haar drie kinders te wy.

Ilse sê: "Ginekologiese afspraak het voorheen gegaan om 'pro-creation,' iets wat by lewe gee betrokke is. Nou gaan dit oor mammogramme en hormoonbehandelings. Dit is aaklig! Vanaf lewe gee na instandhouding."

3.6.2 Kognitiewe veranderinge

Navorsing bewys dat sekere aspekte van kognitiewe funksionering in stand gehou word en selfs verbeter in die middeljare, wat beide die ervaring van verlies, sowel as wins, impliseer. Die pragmatiese aspekte van funksionering, soos 'vanselfsprekende kennis' ("tacit knowledge") toon 'n skakeling met ervaring. Daarteenoor wys die navorsing van Baltes, Staudinger en Lindenberger (1999) dat aspekte van die meganiese funksionering van kognisie, insluitend die prosessering van spoed en "working memory," 'n beduidende afname gedurende die middeljare toon. Kognitiewe verandering geskied geleidelik en lei nie noodwendig tot gestremdheid of funksionele benadeling of aantasting nie. Ervaring kompenseer vir aspekte van kognisie wat wel 'n

afname toon (Kail & Cavanaugh 2004:506-507; Lachman 2004:319; Bjorklund & Bee 2008:352). In die verband merk Cohen (2006:83):

The most important difference between older brains and younger brains is also the easiest to overlook: older brains have learned more than young ones....There is no substitute for acquired learning.

Die mees algemene klagte van middeljariges omtrent kognitiewe funksionering handel oor 'n afname in geheue (Lachman 2000:106-107). Navorsingsbewyse steun nie dié klagte nie. Dit toon wel 'n afname in geheue funksionering in laatvolwassenheid (Lachman 2000:107). Daarteenoor bereik verbale geheue, woordeskat, induktiewe redenering en ruimtelike oriëntasie 'n hoogtepunt gedurende die middeljare (Martin & Zimprich 2005:179-206). Rentia, biokinetikus en deel van groep 1 beklemtoon die voorafgaande. Sy is tans besig met 'n verdere nagraadse kwalifikasie aan die Universiteit van Pretoria.

Rentia: "Soms voel dit of my kapasiteit om hope inligting in 'n kort tyd deur te werk, verswak het. Ek kon altyd geweldige hoeveelhede werk memoriseer en weergee. Ek dink egter my vermoë om werk te integreer en verbande te trek het verbeter."

Karaktereienskappe van wysheid word in die middeljare geïdentifiseer, hoewel dit eerder met persoonlike karaktertrekke as kognitiewe vermoëns in verband gebring word (Baltes & Staudinger 1993:75-80). Sternberg (2005:5-26) beslis in sy studie aangaande die verhouding tussen wysheid en ouderdom dat hoewel navorsing die vermoë om meer wys te word te kenne gee, wysheidstoename nie van ouderdom afhanklik is nie, "whether wisdom actually will develop depends not so much on age as upon cognitive variables, personality variables, and life experiences" (Sternberg 2005:21). Nog 'n belangrike ontwikkeling is die verbeterde geïntegreerdheid tussen die linker- en regterhemisfere van die brein, wat verhoogde kreatiwiteit meebring (Cohen 2006:82). Neuro-wetenskaplike navorsing bewys dat die menslike brein meer buigsaam en aanpasbaar na 40 is as wat voorheen vermoed is (Cohen 2006:82).

Dit wil blyk of die middelwensfase geleentheid vir intellektuele bydrae bied, gegewe die posisie van die middeljarige in die familie, werksplek en gemeenskap (Lachman 2004:319). Die “use or lose it” spreekwoord is wetenskaplik bewys as waar wanneer individue hulself intellektueel uitdaag en hulle kognitiewe vermoëns versterk. Dus bring die middelwensfase nie net ’n verlieservaring aan intellektuele vermoëns mee nie, maar bied dit ook ’n tyd vir nuwe moontlikhede, met die uitdaging om eie potensiaal te erken en te ontwikkel as wins.

3.6.3 Sosiale verhoudings

Die herstrukturering van sosiale rolle, veral op die gebied van werk en familie, is een van die uitdagings in die middelwensfase (Lachman 2004:322). Op sosiale vlak word middeljarige pare deur major kwessies gekonfronteer, soos byvoorbeeld, die huwelik, ouerskap, asook verantwoordelikheid vir en versorging van ouerwordende ouers. Newman en Newman (2003:417) is van mening dat “although people derive a significant sense of personal identity from their jobs...happiness in an intimate relationship is a stronger predictor of overall well-being.” Dit word onderstreep deur navorsingsbevindinge van Markus, Ryff, Curban en Palmershein (2004:286-287) waar een major komponent van welstand positiewe verhoudings met ander, veral ouers, gades en nageslag, veronderstel. Langtermyn, intieme verbintenisse veronderstel en behels dinamiese verhoudings. In hierdie afdeling word drie tipes verhoudings kortliks belig, naamlik die huwelik, ouerskap en die versorging van ouers:

➤ **Huwelik**

Die huwelik in die middelwensfase word met unieke uitdagings gekonfronteer. Middeljarige pare bevind hulself in die middel van twee generasies, ’n jonger en ’n ouer generasie, met moontlike gepaardgaande verantwoordelikheid vir beide kinders en ouers, en heel moontlik ook kleinkinders en grootouers (Lachman & James 1997:4).

Hierdie tydsweg kan nuwe geleentheid vir groei en hernude intimiteit in die huwelik inhou, maar negatiewe ervarings soos siekte, werksverlies, problematiese verhoudings met volwasse kinders en versorgingsverantwoordelikhede teenoor ouers

kan ook voorkom (Waldron & Kelley 2009:xv). Die voorafgaande blyk uiteenlopende gevolge te hê, met positiewe groeimoontlikhede aan die een kant en negatiewe ervarings- en verhoudingsprobleme aan die anderkant, wat tot ongewone huwelikstres kan lei.

Middeljarige mans en vroue kom dikwels tot die slotsom dat hulle huwelik in 'n onstabiele toestand is as gevolg van verveling met gesinsroetines, asook 'n afname in intimiteit, belangstellings wat begin verskil en 'n afname in kommunikasievermoëns (Collins 2005:226).

Uit gesprekke met die gespreksgroep was daar 'n duidelike onderskeid tussen die eerste groep, wat 38-45 jaar oud is en die tweede groep met 'n ouderdom van 46-55 jaar. Die eerste groep was van mening dat uiterste moeite met hulle huwelik belangrik was, aangesien die kinders nog inhuisig is en baie aandag verg. Gepaardgaande loopbaanverantwoordelikhede bemoeilik die taak om huweliks- en familieverhoudinge gesond te hou en te balanseer. Deelnemers van die groep het 'n behoefte aan 'meer tyd benodig' geïdentifiseer. Die tweede groep daarteenoor het 'n nuwe fase betree, met kinders wat die huis verlaat. Hierdie groep het skielik die ervaring van 'te veel tyd' op hande wat sinvol gevul moet word.

Carina is 41 jaar oud (groep 1) en 'n finansiële bestuurder: "Ons moet hard werk aan ons huweliksverhouding. Voorheen het ek en my man spontaan saam gekuier – nou verloop twee weke en dan besef ons skielik dat ons nie genoeg tyd saam deurgebring het nie."

Marelle, is 50 jaar oud (deel van groep 2 en 'n musiekonderwyseres): "Ek kyk nou anders na ons. Meer verdraagsaamheid is deel van ons verhouding. Ons doen soveel dinge saam. Om die waarheid te sê, dit is nou die lekkerste ooit!"

➤ Ouerskap

Die jare waartydens kinders die huis verlaat word die “lanseerfase” (launching period) genoem. Dit staan ook bekend as die “leë nes-sindroom” (McCullough & Rutenberg 1989:285; Newman & Newman 2003:423). Wanneer kinders die huis verlaat kan dit ’n emosionele tyd vir ouers wees. Ouers kan dikwels terneergedruk en leeg voel, asook geneig wees om te treur (Collins 2005:225). Dit laat ouers soms met herevaluerende vrae rakende hulle eie betekenis. Waldron en Kelley (2009:xvi) stel dit: “How do I find meaning in life now that I am no longer at the centre of my kids’ universe?” Die leë nes lei tot veranderde gesinsdinamika, met die herevaluering van rolle tuis (McCullough & Rutenberg 1989:285; Newman & Newman 2003:423).

Soms is daar ’n gevoel van verligting, vryheid en hernude lewenskragtigheid. Ouers soek nuwe teikens vir energie en toewyding, wat voorheen slegs op die versorging van kinders gerig was (Newman & Newman 2003:423; Collins 2005:225). In die algemeen blyk dit dat die oorgangsfase, waartydens kinders die huis verlaat, nie ’n negatiewe tyd vir volwassenes is nie (Newman & Newman 2003:423). Ouer-kind verhoudings verbeter wanneer kinders die jong volwasse fase bereik (Kail & Cavanaugh 2004:517). Vir vroue kan die middellewe-fase nuwe geleenthede vir persoonlike groei en uitdagings buitenshuis bring (Werner & Smith 2001:79).

Die vroue in die tweede groep (46-55 jaar) bevestig die voorafgaande en met meer tyd tot beskikking is hulle gereed vir nuwe uitdagings en die uitleef van ander belangstellings. Marelle, die musiek-onderwyseres merk: “Ek en my kinders is vriende en dit is baie lekker. Ek is gereed vir nuwe uitdagings en wil graag by ander projekte betrokke raak.”

Gedurende die jong volwasse fase van kinders is ouers steeds primêr finansieel vir studies, nagraadse kwalifikasies en hulp met die begin van ’n loopbaan verantwoordelik. Dit lei soms tot swaar finansiële druk, wat ouers kan noop om ekstra werk aan te pak ten einde finansiële druk te verlig (Newman & Newman 2003:423-424; Kail & Cavanaugh 2004:517).

Dit gebeur soms ook dat jong volwassenes terugkeer huistoe, vanweë egskeiding of die voltooiing van studies (Kail & Cavanaugh 2004:519; Lachman 2004:322). In aansluiting hierby beklemtoon 'n gespreksgenoot, Elizé (finansiële adviseur en deel van groep 2) die voorafgaande. Elizé inspireer ander met haar positiewe lewens ingesteldheid. Sy is geliefd onder mense en glo daarin om 'n bydrae te lewer deur gemeenskapsbetrokkenheid.

Elizé merk: “My seun het huistoe gekom – hy sleep steeds vakke en het steeds nie sy graad voltooi nie. Ons het hom 'n jaar kans gegee om te besin. In die begin was dit vir my baie sleg. Nou besef ek, ek gaan hom erg mis volgende jaar. Hy maak sulke lekker kos en help met soveel dinge in en om die huis.”

Andersins betree jong volwassenes die huwelikslewe, wat veranderende verhoudings, asook nuwe verhoudings met die aangetroude familie meebring (Newman & Newman 2003:424; Lachman 2004:322). Grootouerskap, die tyd wanneer volwassenes die getuie van 'n nuwe generasie geboorte is, mag beskou word as die begin van 'n addisionele fase in familie ontwikkeling (Newman & Newman 2003:424).

➤ **Versorging van ouers**

Die middelvolwasse-fase word dikwels gesien as 'n tyd wat aan toekomstige generasies toegewy is. Een van die grootste uitdagings van middelvolwassenheid is egter die stryd om effektiewe verhoudings tussen middeljarige se ouers, eie kinders en moontlik ook kleinkinders te bewerkstellig. Dus is middeljarige vasgevang in 'n situasie tussen eie ouers en kinders, waar albei geslagte 'n behoefte aan leiding en hulp benodig. Dit verduidelik waarom daar dikwels na middeljarige volwassenes verwys word as die 'toebroodjie-generasie' (Newman & Newman 2003:425; Kail & Cavanaugh 2004:516; Lachman 2004:322; Cavanaugh & Blanchard-Field 2006:415). In die middeljare kan dit bykomende druk veroorsaak, tesame met die gedurige prikkels wat herinner aan die ouerwording van beide geslagte (Collins 2005:226).

Navorsing bewys dat dogters drie keer meer as seuns die versorgingsrol van ouerwordende ouers hanteer. In geval van slegs seuns in 'n familie, sal die rol deur die skoondogter oorgeneem word. Hierdie geslagsverskil word ook in ander kulture waargeneem. In byvoorbeeld Japan, waar die oudste seun vir ouerversorging verantwoordelik is, is dit die skoondogter wat die dag-tot-dag versorgingsrol inneem (Newman & Newman 2003:425-426; Kail & Cavanaugh 2004:520; Cavanaugh & Blanchard-Field 2006:416).

Sommige situasies noodsaak dat ouers by hulle middeljarige kinders intrek. Dit gebeur na dekades waartydens twee generasies onafhanklik gebly en geleef het. Die resultaat is aanpassingsprobleme by die skikking van twee verskillende lewenstyle. In die meeste gevalle voorsien middeljarige kinders versorging aan moeders na die verlies van 'n eggenoot, of weens swak gesondheid (Kail & Cavanaugh 2004:520; Cavanaugh & Blanchard-Field 2006:416; Hayslip, Panek & Patrick 2007:171). Mada, tuisteskepper en deel van groep 1, merk in die verband:

“My skoonma het na my skoonpa se dood by ons gebly. Ek was toe in my twintigerjare en dit was vir my baie moeilik. Ek het gesukkel om die situasie te hanteer. Ek dink vandag sal dit makliker hanteerbaar wees.”

Ouerversorging bied 'n dilemma omrede “Most adult children feel a sense of responsibility, termed filial obligation, to care for their parent if necessary” (Kail & Cavanaugh 2004:521). Volwasse kinders handhaaf die mening dat hulle dit aan hulle ouers verskuldig is. Die rede hiervoor aangevoer is die versorging wat ouers jare lank aan kinders gebied het. Die gevoel blyk universeel van aard te wees, soos in studies oor alle Westerse, sowel as nie-Westerse kulture gesien kan word (Cavanaugh & Blanchard-Field 2006:416).

Ouerversorging bring psigologiese, sowel as finansiële druk mee. Die mees toegewyde volwasse kind-versorger voel by tye depressief, gebelgd, kwaad en skuldig. Finansiële druk is die gevolg wanneer die middeljarige ouers vir eie kinders se kinderopvoeding of na-skoolse opleiding verantwoordelik is en nie genoegsaam vir

eie aftrede kan spaar nie. Kroniese siektetoestand van die middeljarige se ouers kan 'n verdere finansiële las meebring (Cavanaugh & Blanchard-Field 2006:417).

Marie (entrepreneur en deel van groep 1) merk: “n Groot deel van my vriendekring sorg finansieël vir hulle ouers. In sommige gevalle lei dit tot geweldige druk om begrotings te laat klop.”

Hoewel ouerversorging as uiters stresvol beskou word en dit dus as verlies in terme van die lewensloop perspektief gesien word, is die wins geleë in die ervaring van beloning ontvang. Die post-kinderopvoedingsfase is dikwels 'n tyd vir konsolidasie en funksionering, soos uitgedruk in volwassenheidservaring en finansiële kredietwaardigheid (geldend vir die middel en hoër klas). Dié nabetragtingstydperk hou beide wins en verlies vir die middeljarige ouer in, wat verhoudings in terme van eie potensiaal, huweliksband en verbintenis met eie kinders en ouerwordende ouers moet beoordeel. Volgens McCullough en Rutenberg (1989:307) verloor die meeste individue in die middelgenerasie een of beide ouers en beleef dus 'n verlieservaring, met implikasie dat hulleself die volgende ouer generasie word.

Met die fenomenologie van die middeljare as agtergrond, word die middelloopbaanjare vervolgens in oënskou geneem. Die middelloopbaan vergestalt 'n tydperk van herondersoek betreffende drome en prestasies bereik.

3.7 DIE MIDDELLOOPBAANJARE

Tydens die middelloopbaanjare gaan dit nie net om die werk wat gedoen moet word nie, maar om die verhouding met die beroep. In die woorde van Levinson (1996:374):

We experience work and career from a more private, personal perspective. It becomes less important to ask, 'How successful am I in the eyes of the world?' and more important to ask, 'What do I give to and receive from my work?' 'How satisfying is my relationship with work?'

HOOFSTUK 3 - DIE MIDDELLOOPBAANJARE

Dit gaan om die tweede major loopbaan- en lewenstaak, naamlik die handhawing van produktiwiteitsvlakke. Dit toon deurweefdheid met betekenis geheg aan die verhouding met die beroep. Middelloopbaanwerknemers en –bestuur is veronderstel om die hoogste produktiwiteitsvlakke te handhaaf, maar die teendeel is waar. Hierdie segment word beskou as die mees onvergenoegde van die werksmag (Morison, Erickson & Dychtwald 2006:79). Dié periode word as “middlescence” deur Morison, Erickson en Dychtwald (2006:80) beskou. Die skrywers stel dit dat “middlescence” net soos adolessensie ’n tydperk van frustrasie en verwarring verteenwoordig. Middelloopbaan-individue worstel met “middlescence” in die soeke na balansering van verantwoordelikhede betreffende werk, familie en ontspanning, met die hoop om nuwe betekenis tot werk te vind.

Loopbaanstadia-teorieë, soos dié van Super (bespreek in afdeling 3.5.3) het die middellewe, en dan spesifiek die onderhoudsfase, as ’n tyd van relatiewe stabiliteit beskou, waar die individu “does not attempt to break new ground, to open up new fields of work” (Super 1957:147). Hierdie stabiliteitsienswyse is gewysig deur voortdurende snelle veranderinge en kompleksiteite rakende nuwe tegnologieë en nuwe interaksie tussen ekonomiese, politieke, religieuse, sosiale en private sfere, asook die inneem van veelvoudige lewensrolle en werk ten einde te kan oorleef (Hall & Mirvis 1995:278).

Middeljarige rusteloosheid is niks nuuts nie. Dit blyk egter asof die voorkoms daarvan in verskillende generasies verskil (Morison, Erickson & Dychtwald 2006:80). Toenemende langslwendheid, uitgestelde en meervoudige huwelike, groot getalle twee-loopbaan huishoudings en die ‘toebroodjie-generasie’-situasie, waar middeljariges verantwoordelik is vir die grootmaak van kinders, sowel as die versorging van ouerwordende ouers, het ’n veranderende invloed op familiepatrone. Daarmee saam word hierdie tydperk ook gekenmerk deur ’n hoogtepunt wat werksverantwoordelikheid betref (Morison, Erickson & Dychtwald 2006:80; Bown-Wilson & Parry 2009:75). Die “baby boom”-generasie het egter ’n ingesteldheid, wat ’n totale lewensperspektief voorstaan, naamlik dat die balans tussen werk en familie belangrik is. Die houding wat gehandhaaf word is: “I work to live, I don’t live to work”

HOOFSTUK 3 - DIE MIDDELLOOPBAANJARE

(Hall & Richter 1990:11). Die implikasie van toenemende langslwendheid is dat die gemiddelde persoon van 50 jaar kan uitsien na 30 jaar van 'n meer gesonde en aktiewe lewe. Dus, 'n tydsefase van die aanleer van nuwe vaardighede, die begin van 'n nuwe loopbaan of die skuif van prioriteite ten einde aan die samelewing terug te gee (Morison, Erickson & Dychtwald 2006:80; Bown-Wilson & Parry 2009:77). Die volgende opmerking van Kimbarow (2004:4) onderstreep die voorafgaande en beklemtoon die veranderde siening rondom die tydsaspek. Dit word ook uit dié opmerking duidelik dat geen ruimte gelaat word vir stagnering en stabiliteit nie:

Our culture measures time in nano-seconds. Complex news stories are distilled to less than two minutes or two paragraphs, matching a seemingly endlessly shortening attention span. Society celebrates the transitory nature of the workplace and casts a suspicious eye on those opting for stability (Kimbarow 2004:4).

Greenhaus, Callanan en Godshalk (2010:233) is van mening dat hoewel menige individu in die middeljare groei en ontwikkeling begeer, daar egter ook diegene is wat 'n periode van onderhoud, stagnasie en afname betree; 'n "checking out" uit die organisasie. Twee middelloopbaan-ervaringe kan produktiwiteit affekteer, naamlik die loopbaanplato en loopbaanveroudering. Die loopbaanplato word gedefinieer as 'n tyd in 'n loopbaan waar die waarskynlikheid van addisionele hiërargiese bevordering laag is. Loopbaanveroudering behels 'n tekort aan nuwe kennis en werksvaardighede om effektief mededingend volhoubaar te funksioneer (Kets de Vries 1978:50; Tan & Salomone 1994:291-302; Betz 2003:205-209; Bown-Wilson & Parry 2009:76; Werner & DeSimone 2009:415-416; Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:233-238).

Wim (veearts, groep 2) voel vasgevang in sy werksituasie wat hoofsaaklik uit roetine-take bestaan. Hy is iemand wat van fisieke- en intellektuele uitdagings hou.

Wim sê: "Ek is op 'n groot afdraande pad. Ek sal dinge moet doen om my loopbaan interessant te hou."

Rentia (biokinetikus, groep 1) hou van die verskeidenheid wat haar werk bied. In haar beroep is sy nie net by rehabilitasie betrokke nie, maar ook by sportafrigting, die opstel van oefenprogramme vir kinderontwikkeling en die aanbied van pilates-klasse.

Rentia (biokinetikus) merk: “Ek raak gou verveeld en soek gedurig nuwe uitdagings. Gelukkig is my werk van so ’n aard dat ek dit uitdagend kan hou. Ek sal nie kan werk as ek jaar in en uit dieselfde goed moet doen nie. Dit sal my depressief maak.”

Gedurende die middeljare is die rol van werk sentraal. Die aard van werk kan die kognitiewe kapasiteit en intellektuele buigbaarheid van ’n individu affekteer (Lachman 2004:232). Realiteite in die wêreld van werk, soos ekonomiese onsekerheid, afleggings, koste-behoudende pogings en die globalisering van besighede het ’n dramatiese effek op loopbane. Die verhouding tussen werkgewer en werknemer het tans ’n korttermyn fokus en word gekenmerk deur lae vlakke van verbintenis en lojaliteit. Die werknemer kan daarom nie die verwagting koester dat die werkgewer aanspreeklikheid sal aanvaar vir loopbaanontwikkeling nie. Dit is die individu se eie verantwoordelikheid om voortdurend te groei en te ontwikkel, met moontlike toevoeging van betekenis en sinbeleding. Dit is veral geldend vir die individu in die middelloopbaanjare om sin te maak van dié herevaluerende fase, deur ’n terugblik na die verlede aan die een kant en nuwe moontlikhede in die toekoms aan die anderkant.

3.8 FINALE - ’n GEÏNTEGREERDE GEHEEL

In dié derde bedryf van die libretto is die tweede deelnemende domein as gespreksgenoot van die veronderstelde interdissiplinêre gesprek, naamlik middelloopbaan-ontwikkeling, voorgestel.

In hierdie hoofstuk is gepoog om die konsep van lewensloopontwikkeling te belig, met ’n spesifieke fokus op die stadia van volwasse lewensontwikkeling en die fases van loopbaanontwikkeling binne die groter konteks van die volwasse lewe. Hiermee

wou ek graag 'n breë oorsig oor lewens- en loopbaanontwikkeling bied, asook die verskillende loopbaanfases, en meer spesifiek die middelloopbaanfase, belig.

Volwasse ontwikkeling veronderstel 'n kontinue proses, wat nie by adolessensie eindig nie, maar lei tot volwassenheid. Volwassenheid kan in drie periodes verdeel word (Atchley & Barasch 2004:8-9; Louw & Ewads 2005:493; Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:8), naamlik:

- Vroeë volwassenheid – ongeveer 20 tot 40 jaar;
- Middelvouwsenheid – 40 tot 65 jaar;
- Laatvolwassenheid – vanaf 65-jarige ouderdom.

Ontwikkeling veronderstel verandering, wat per implikasie dui op 'n verskil in iets of iemand, wat met tydsverloop gepaardgaan (Papalia, Sterns, Feldman & Camp 2007:4). Vier benaderinge is geïdentifiseer om ontwikkeling te omskryf, naamlik biologiese, psigologiese, sosiokulturele en integrerende perspektiewe (Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:299). 'n Antropologiese beskouing van die mens sluit hierby aan omrede dit handel met die vraag na hoe die mens verstaan moet word ten einde tot 'n proses van sinontsluiting by te dra. Praktiese teologie, met pastorale sorg, tree toe tot die interdisiplinêre gesprek en wil bepaalde antropologiese perspektiewe vanuit die teologie bied in aansluiting tot die bogenoemde vier benaderinge. Hierdie gesamentlike antropologiese perspektiewe bepaal nie net die pastorale ontmoeting nie, maar ook die uitkoms daarvan.

Die werk van Erik Erikson en Daniel Levinson in verband met volwasse lewensontwikkeling is breedvoerig beskryf ten einde 'n breë verwysingsraamwerk aangaande die verskillende lewenstadia te kon bied. Aangesien die fokus van dié betrokke studie die middelloopbaanfase en daarmee saam die middeljarige impliseer, ontstaan die vraag na die middeljarigheidskrisis. Alhoewel hierdie studie nie aan 'n debat vir of teen die middeljarigheidskrisis wil deelneem nie, word dié tydperk erken as 'n herevaluerende en bevraagtekende fase. Pastorale antropologie is hierby

betrokke om begrip van die middelvolwasse mens in sy/haar soeke na lewensin, te bied.

Die relevantheid van Levinson se werk word onderstreep, omrede dit 'n bruikbare struktuur vir die ondersoek na loopbaanverwante kwessies gedurende 'n individu se lewensloop bied. Loopbaanontwikkeling veronderstel 'n voortdurende proses, waar individue deur 'n reeks stadia beweeg, elk gekarakteriseer deur 'n relatief unieke stel kwessies, temas en take (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:13). Hierdie navorsing kies die loopbaanfases soos uiteengesit deur Jeffrey Greenhaus, met 'n fokus op die middelloopbaanfase en die ouderdomspeling van 40 tot 55 jaar. Die loopbaanstadia word rondom geraamde ouderdomme georganiseer ten einde struktuur te bied en sodoende te kan bepaal waar 'n persoon hom-/haarself in die ervaring van werk en die lewe bevind.

Werk of beroepsbeoefening is deel van die volwasse identiteit en daarom kan die betekenis wat die werkende individu aan werk heg, van persoon tot persoon verskil. Die rol wat organisasies in werknemers se loopbane ten opsigte van loopbaanontwikkeling gespeel het, het verandering ondergaan. Tans is die fokus ondersteuning aan individue waar persoonlike verantwoordelikheid vir eie toekomstige loopbaanontwikkeling beklemtoon word.

Die fenomenologie van die middeljare is aan die hand van gesondheid en fisiese veranderinge, kognitiewe veranderinge en sosiale verhoudings bespreek, waarna die middelloopbaanjare aan die beurt gekom het. Die handhawing van produktiwiteitsvlakke is hanteer, met twee middelloopbaan-ervaringe, naamlik loopbaanplato en loopbaanveroudering wat produktiwiteit negatief kan beïnvloed. Die middelloopbaanfase is 'n tydperk wat met middeljarige rusteloosheid geïdentifiseer word. Dit word beleef as 'n herevaluerende fase rondom die soeke na balansering van verantwoordelikhede betreffende werk, familie en ontspanning. Dit handel met eksistensiële vraagstukke in die hoop om nuwe betekenis en sinbeleving te vind.

Die stem van gespreksgenote kon duidelik gehoor word in die ondersteuning van die literatuur, asook in unieke bydraes ten opsigte van eie ervarings beleef. Die twee gespreksgroepe is verteenwoordigend van die middelloopbaanfase, met die eerste groep wat die ouderdomspeling van 38 tot 45 jaar verteenwoordig en die tweede groep met die ouderdomme, 46 tot 55 jaar. Die twee groepe bestaan uit 'n totaal van veertien persone, onderskeidelik agt persone in die eerste gespreksgroep en ses persone in die tweede gespreksgroep. 'n Onderskeid kan tussen die eerste en tweede groep rakende sosiale verhoudings, getref word. Die gespreksgenote van die eerste groep beleef 'n behoefte aan 'meer tyd' ten einde gesins- en werksbelange te balanseer. Daarteenoor betree die gespreksgenote van die tweede groep 'n nuwe lewensfase waar groterwordende kinders die huis verlaat en meer tyd beskikbaar is vir nuwe werksuitdagings en sosiale verhoudinge.

Die middelloopbaantydperk word erken as 'n fase waar bestekopname rakende die lewensverloop aandag geniet. Die sinvraagstuk is vir die pastorale antropologie van groot belang, omrede pastorale sorg die mens veronderstel en wil bystaan in die worsteling met 'n eie identiteit en funksiebestemming. Dit handel met die kern van menswees en menslike moontlikhede, met die oog op die ontdekking van humaniteit en verandering van lewe.

In die volgende en vierde bedryf word spiritualiteit in die stem van spirituele intelligensie aan die woord gestel. Dit poog om eksistensiële vraagstukke tydens 'n ondersoekende en bevraagtekende fase te beantwoord, met betekenis en sinbelewing as doel.

HOOFSTUK 4

DIE VIERDE BEDRYF: SPIRITUELE INTELLIGENSIE

4.1 DIE ONTSTAAN

One day a man came across three stonecutters working in a quarry. Each one was cutting a block of stone. Curious, he asked the first stonecutter what he was doing. "What? Are you blind?" the stonecutter shouted, "Can't you see, I'm cutting this stupid piece of stone." Shocked, but still no wiser, the man turned to the second stonecutter and asked him what he was doing. "I am cutting this block of stone to make sure that its sides are straight and smooth so that the builder can build a straight wall." Feeling a lot better, but still not really any wiser, the man turned to the third stonecutter, who seemed to be the happiest of the three, and asked him what he was doing. "I am building a cathedral," the third stonecutter replied (Marques, Dhiman & King 2007:5).

Hierdie verhaal impliseer iets van 'n groter begrip, 'n verstaan van betekenis en sinbeleving in dit wat ek is en dit wat ek doen. Dit handel met die wete dat my werksbetrokkenheid vir my betekenis- en sinvol is. Die verhaaltjie impliseer aksente van die teenwoordigheid of afwesigheid van werkstevredenheid, en die begrip van 'n werknemer se aandeel in die groter geheel van 'n organisatoriese opset, met duidelike doelwitbereiking. Gegewe die opmerkings van die drie werknemers ontstaan die vraag oor hoe betekenis en sin verkry kan word?

Geldend ook vir hiërdie hoofstuk is dat die agtergrondinkleding eie aan die betrokke bedryf is, met sub-afdelingbenaminge identifiseerbaar met die deelnemende gespreksgenoot. 'n Opeenstapeling van bronverwysings dien om feite in 'n betrokke paragraaf te ondersteun, aangesien feite dienooreenkomstig in onderskeie bronne voorkom.

Hoofstuk 4 neem deel aan die interdisiplinêre gesprek vanuit 'n spiritueel intelligente oogpunt en poog sodoende om die bogenoemde vraag op 'n sinvolle wyse te

beantwoord. Die begrippe spiritualiteit en intelligensie is moeilik definieerbare begrippe. Beide dié begrippe word in gestelde perspektiewe en dimensies geplaas vir 'n breër verstaan in 'n groter konteks. Spiritualiteit en religieusiteit geniet gefokusde aandag, waarna die verskynsel, spiritualiteit in die werkplek, uitvoerig bespreek word. Spiritualiteit en intelligensie word in spirituele intelligensie gekombineer as 'n transformerende en integrerende paradigma, met moontlike betekenis en sinbelewing as uitkoms.

David Hay (2006:26-29) skrywer van die titel, "Something There," skets 'n kleurvolle prentjie omtrent twee soorte boeke aangaande spiritualiteit, wat in sy boekrakke gevind kan word. Die een soort is maklik om raak te vat. Versprei tussen helderkleurige slapbandboeke "are the hardbacks with dark and battered covers, usually published in the early years of the twentieth century...They are a poignant illustration of the statistics of institutional decline." Hierdie boeke veronderstel dat terme soos "spirit" en "spirituality" eenvoudig en voor die handliggend na Christenskap verwys. Die tweede soort verteenwoordig 'n wye spektrum onderwerpe, soos die "New Age"-beweging, holistiese gesondheidspraktyke, psigoterapie, feminisme, homoseksualiteit, wetenskaplike ondersoek en ekologiese aktivisme, wat met spirituele aspekte in verband gebring word en nie noodwendig met formele geloofspraktyk verband hou nie.

Die boekrak van David Hay is beeldend van die onbetwisbare feit dat belangstelling in die fenomenologie van spiritualiteit tans verskeie velde dek. Die ekonomiese- en bestuurwetenskappe, mediese professie, sielkunde, regte, opvoedkunde, sosiologie, antropologie, kunste, politieke wetenskap en andere, benewens teologiese en religieuse velde "are all 'tapping-in' to the importance of spirituality in everyday life" (Kourie 2006:75). Die magdom literatuur, populêr en wetenskaplik, tans beskikbaar oor spiritualiteit is bevestigend van dié verskynsel.

Spiritualiteit word ook as 'n akademiese dissipline by verskeie universiteite wêreldwyd bestudeer. Kourie (2006:76) beskryf dit as een van die mees "exciting endeavours for those involved, as it is not often that we see the birth of a new academic discipline."

Op Suid-Afrikaanse bodem het die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Vrystaat spiritualiteit as akademiese dissipline gevestig, met 'n Magistergraadkursus in Bybelse Spiritualiteit (<http://www.uovs.ac.za>).

David Miller is die projekdirekteur van die Princeton Universiteit se Faith & Work Initiative, asook die skrywer van die boek, "God at work" (2007). Die Princeton Faith & Work Initiative het ten doel die generering van intellektuele raamwerke en praktiese bronne ten einde kwessies en geleenthede rakende geloof en werk, aan te spreek. Die Institute for Spirituality and Organizational Leadership aan die Santa Clara Universiteit se Leavy Skool vir Sake en Administrasie bied die "Bridging the Gap between Spirituality and Business" aan (Cavanagh 1999:188; Smith 2006:16). Marques, Dhiman en King (2007:8) noem dat 30 MBA-programme in die VSA kursusse omtrent dié kwessie aanbied. 'n Verdere uitvloeisel van spiritualiteit as 'n akademiese dissipline in Suid-Afrika is die stigting van verenigings soos die Spirituele Vereniging van Suid-Afrika (Spiritual Association of South Africa - Spirasa) in Januarie 2004 en 'n akademiese joernaal getiteld "South African Journal of Spirituality" (Kourie 2006:76).

Verskeie internasionale konferensies, met spiritualiteit as fokustema, word aangebied. In 1998 het die jaarlikse Academy of Management in San Diego 5 000 bestuursdosente, studente en bestuurders se aandag en bywoning van oor die wêreld getrek. Die hooftema was: "What Matters Most," met sewe sessies wat uitdruklik die interverhouding tussen spiritualiteit en/of religie met leierskap en werk beskou het (Cavanagh 1999:187). 'n Multidissiplinêre konferensie oor gesondheidsorg en spiritualiteit is in 2004 deur die Universiteit van Aberdeen aangebied, getiteld "Integrating spirituality into healthcare practices: Remembering the 'forgotten dimension.'" Die British Society for the Sociology of Spirituality in Bristol, Verenigde Koninkryk, was die gasheer van die konferensie oor "The sociology of Religion" in April 2004. Meer onlangs, in Januarie 2006, is 'n "African spirituality"-konferensie deur die Spirituele Vereniging van Suid-Afrika (Spiritual Association of South Africa) en St. Augustine Kollege van Suid-Afrika, in Johannesburg aangebied (Kourie 2006:75-76). Die voorafgaande is 'n illustrasie van die toenemende gewildheid van spiritualiteit en

die kruisbestuiwing daarvan met ander akademiese velde. Een van hierdie geïdentifiseerde velde is, volgens Duffy (2006), die studie van die manier waarop spiritualiteit 'n interverwantskap met loopbaanontwikkeling, werk en die werkplek toon. Voordat die ondersoek na spiritualiteit in die werkplek egter aandag kan geniet, is dit noodsaaklik vir begripsverkryging om spiritualiteit en die betekenis daarvan in perspektief te plaas.

4.2 SPIRITUALITEIT EN BETEKENIS TOEGEVOEG

Die term 'spiritualiteit' is afkomstig van die Latynse *spiritus*, wat wasem, lug, wind of asem van die lewe beteken, dus 'n lewenskrag (Neal 1997:123; Hill *et al.* 2000:57; Waaijman 2002:361; Carette & King 2005:34; Marques, Dhiman & King 2007:9). Die Latynse *spiritulis* verwys na persoon "van die gees." Beide die Griekse *pneuma* en die vroeëre Hebreeuse *ruah* is gewortel in die begrippe 'lug' en 'asem.' Hierdie twee begrippe is histories na verwys in 'n konteks van religie en word steeds beide ervaar en uitgedruk in 'n konvensionele religieuse verstaan (McGrath 1999:1-2; Hill *et al.* 2000:57; Waaijman 2002:361; Carette & King 2005:34-35). Die Engelse en Franse terme 'spirituality' en 'spiritualité' is ontleen aan die Latynse terme *spiritus*. Die Franse woord *spiritualité* dui op vroomheid of die oordenkende lewe in die algemeen. Dit is aan hierdie woord wat die moderne Engelse term *spirituality* ontleen is (Carette & King 2005:35-37).

In die bestudering van die term spiritualiteit het ek tot die besef gekom dat daar geen tekortkoming aan definisies is nie. Elke veld, wat deur spiritualiteit kruisbestuif word, definieer die term op 'n eiesoortige wyse. Die term bied weerstand teen 'n presiese definiëring; enersyds vanweë die verskeidenheid wyses waarop dit aangewend word, en andersyds vanweë die twis binne dissiplines om dit in 'n definitiewe raamwerk te plaas. Die diversiteit van opinies verryk die begrip daaromtrent, maar bring ook verwarring en frustrasie mee. Dit was nie altyd vir my duidelik watter definisie ek as akkuraat kon beskou nie. Daarom vind ek aanklank in die woorde van Carette en King (2005:31):

HOOFSTUK 4 - SPIRITUALITEIT EN BETEKENIS TOEGEVOEG

One of the most intriguing features of the burgeoning literature on spirituality is the way that authors go to extraordinary levels to define the term and yet face complete exasperation in trying to pin down a definite meaning.

Volgens Miller (2000:6) en West (2000:7) vind navorsers en skrywers die presiese definiëring van spiritualiteit uiters problematies. Neal (1997:123) stel voor dat die problematiek rondom die definiëring van spiritualiteit daarin lê om 'n ervaring en eksistensie te objektiveer en kategorieer, wat in die kern subjektief en nie kategorieerbaar is nie. Die resultaat hiervan is dat daar soveel definisies van spiritualiteit is, as wat daar skrywers is. Mohamed, Wisnieski, Askar en Syed (2004:103) glo egter dat die moeilike definieerbaarheid en menigvuldigheid van definisies normaal en na verwagting is vir 'n veld in die kinderskoene. Met verdere ontwikkeling en volwassewording sal konsensus materialiseer.

Soos reeds genoem, word spiritualiteit vanuit vele akademiese velde gedefinieer, wat die daarstel van een werkbare definisie onmoontlik maak. Dit is nie die doel van die studie om in 'n intensiewe, spirituele definisie-bespreking betrokke te raak nie. Daarom wil ek graag wys op die breë trekke, perspektiewe of dimensies waarop spiritualiteit deur navorsers en skrywers beskryf word.

Krishnakumar en Neck (2002:154-156) poog om spiritualiteit te verklaar vanuit drie oogpunte of sienswyses, naamlik:

- Die intrinsiek-oorspronklike sienswyse

Die intrinsiek-oorspronklike sienswyse van spiritualiteit redeneer dat spiritualiteit 'n konsep of 'n beginsel is wat van binne die individu ontspring. Dit gaan om 'n innerlike bewustheid ("inner consciousness"), met krag wat van binne afkomstig is. Dit behels 'n gevoel van behoort tot, en verbintenis met ander en werk wat 'n onderlinge verbondenheid ("interconnectedness") veronderstel. Mitroff en Denton (1999:83) definieer spiritualiteit as "the basic feeling of being connected with one's complete self, others, and the entire universe."

HOOFSTUK 4 - SPIRITUALITEIT EN BETEKENIS TOEGEVOEG

- Religieuse sienswyse

Die religieuse siening omtrent spiritualiteit hou verband met 'n besondere religie of geloof. Alister McGrath (1999:2) omskryf spiritualiteit binne die Christelike geloof as Christen spiritualiteit. Breedweg behels Christen spiritualiteit “the quest for a fulfilled and authentic Christian existence, involving the bringing together of the fundamental ideas of Christianity and the whole experience of living on the basis and within the scope of the Christian faith” (McGrath 1999:2). Schneiders (2005:17) beklemtoon dat spiritualiteit nie net die Christen geloof bestudeer nie, maar “the lived experience of Christian faith.” Waaijman (2006:14) wys daarop dat spiritualiteit 'n verhoudingsproses behels “which constitutes an original whole in which God and man are reciprocally related.” Dit behels 'n bewuswording van God se teenwoordigheid en die wyse waarop mense daarop reageer (Conradie 2006:17).

- Eksistensialistiese sienswyse

Hierdie sienswyse behels die soeke na sin en betekenis. Dit handel om self-evaluerende vraagstelling en om identiteit in die werkplek. Dit sluit redes vir 'n bepaalde beroepskeuse, die betekenis van werk, asook vroeë rondom rigting in, byvoorbeeld waarheen lei hierdie loopbaanpad my?

Literatuurhersiëning lei Hill *et al.* (2000:57) tot die gevolgtrekking dat die kontemporêre begrip van spiritualiteit in drie dimensies verdeel kan word, naamlik:

- i) God-georiënteerde spiritualiteit, waar gedagte en praktyk in teologieë met 'n breë of eng denkbeeld berus;
- ii) 'n Wêreld-georiënteerde spiritualiteit, waar verhouding met die ekologie of natuur benadruk word; en
- iii) 'n Humanistiese of mens-georiënteerde spiritualiteit, met menslike prestasie of potensiaalbereiking as fokus.

Spiritualiteit is 'n breë konsep met verskeie dimensies (Atchley & Barusch 2004:297). Eerstens, vanuit die gesigspunt van die persoonlike konstruk-sielkunde spruit spiritualiteit voort uit 'n persoonlike, kognitiewe integrasie van die vele dimensies van religieusiteit. Tweedens, hanteer 'n filosofiese sienswyse spiritualiteit nie as 'n

HOOFSTUK 4 - SPIRITUALITEIT EN BETEKENIS TOEGEVOEG

persoonlike, kognitiewe konstruksie nie, maar as 'n holistiese integrasie van liggaam, verstand en gees.

In die lig van die voorafgaande, in samehang met die navorsing van Mohamed, Wisnieski, Askar en Syed (2004:103), word tot die slotsom gekom dat verskeie skrywers van mening is dat spiritualiteit tot vyf dimensies behoort, naamlik 1) oortuigings, houdings en persepsies; 2) transendentale ervaringe; 3) sin en betekenis vir menslike bestaan; 4) geloof in die paranormale; en 5) godsdienstige gedrag en praktyk. Die voorafgaande word onderstreep wanneer die onderskeie betekenis wat gespreksgenote aan spiritualiteit heg in aanmerking geneem word:

Rentia (biokinetikus en groep 1): "Spiritualiteit, soos ek dit altyd verstaan het, is 'n bewustheid of wete dat daar buiten die stoflike ook 'n nie-stoflike werklikheid is, jou uitlewing daarvan en die effek wat die nie-stoflike op jou stoflike bestaan het."

Scott (ingenieur en groep 2): "Spiritualiteit is eweredig aan jou verhouding met God. Jou persoonlikheid speel 'n rol in die wyse waarop jy jou godsdienst wil beoefen en uitleef. Dit gaan om die belewing van godsdienst in jou. Mense beleef dit verskillend en dit is nie te sê hulle het nie 'n verhouding met God nie."

Klara (entrepreneur en groep 1): "Spiritualiteit beteken vir my: 'Here help, Here help!' 'n Totale afhanklikheidsbesef voor God, met die wonderlike wete dat my gesin veilig in Sy hande is."

Ilse (joernalis en groep 1): "Spiritualiteit beteken vir my 'n geestelike verdieping. Ek ervaar dit met my groterwordende kinders, omrede hulle geestelike opvoeding aandag vereis wat by my tot 'n geestelike verdieping lei."

HOOFSTUK 4 - SPIRITUALITEIT EN BETEKENIS TOEGEVOEG

Dit is dus duidelik dat die definisies meer onvoltooid as foutief is. Elke definisie fokus op 'n faset van spiritualiteit. Al die fasette saamgevoeg is dus 'n aanduiding dat spiritualiteit 'n multidimensionele verskynsel is (Miller 2000:6). Hill *et al.* (2000:57-58) dring daarop aan dat spiritualiteit as 'n multidimensionele konstruk beskou moet word ten einde 'n raamwerk vir verdere studie daar te stel:

A profile analysis involving each element individually and all elements collectively within a multidimensional framework may be a fruitful way to approach the study of spirituality.

Schneiders (2005:29) wys daarop dat die kontemporêre studie van Christen spiritualiteit interdissiplinêr van aard is, asook fundamenteel induktief en hermeneuties in metodologie. Volgens Sheldrake (2005:460) word Christen spiritualiteit as 'n interdissiplinêre veld met 'n spesiale verhouding tot teologie, beskou. 'n Verskeidenheid van metodes word aangewend en "thus demands a sophisticated rather than simple approach to interpretation" (Sheldrake 2005:460).

'n Kwessie wat nie geïgnoreer kan word nie, is die interverwantskap tussen spiritualiteit en religieusiteit. Religieusiteit is sinoniem met godsdienstigheid en so ook religie, wat ook godsdiens impliseer. Hierdie begrippe sal afwisselend gebruik word. Die literatuur gaan met spiritualiteit en religieusiteit op 'n tweeledige wyse om. Eerstens, word dit in samehang tot 'n geheelkonsep gebruik, met die terme wat as 'n eenheid aangedui word, naamlik spiritualiteit/religieusiteit. In die tweede plek word die terme teenoor mekaar gestel in 'n poging tot duidelike onderskeibare definiëring van beide begrippe. Vervolgens geniet spiritualiteit en religieusiteit aandag.

4.2.1 Spiritualiteit en Religieusiteit

Volgens Amerikaanse navorsing plaas statistiese bewys religie en spiritualiteit in 'n veranderde landskap. Die 1960's en 1970's getuig van 'n grootskaalse afname in georganiseerde religieuse betrokkenheid, veral onder die sogenaamde "baby-boom"-generasie. Navorsing toon dat 60% van hiërdie nagevorsde groep vir twee of meer

jaar gedurende dié periode geen betrokkenheid by georganiseerde religie getoon het nie, maar eerder 'n toename in “nuwe gelowe” wat direkte spirituele ervarings bo institusionele religie benadruk. Die “baby-boom”-generasie het georganiseerde religie en tradisionele vorme van geloof verwerp ten gunste van 'n persoonlike geloof, wat 'n “spirituele reis” of “spirituele soeke” karakteriseer. Met die afname van hoofstroom religieuse instellings het alternatiewe tot hierdie tradisionele instellings, asook nuwe vorme van geloof onder die vaandel van “spiritualiteit” in gewildheid toegeneem. Gedurende die 1980's en 1990's word die term spiritualiteit gekoppel aan, en in verband gebring met vele dissiplines. In hierdie landskap van religieusiteit en spiritualiteit het daar spanning tussen dié twee konstruksies ontstaan. Dit word toegeskryf aan 'n afname in tradisionele instellings, 'n toename in verpersoonlikte en geïndividualiseerde vorme van geloofsuitdrukking, 'n beweging weg van geloofsklem na 'n direkte ervaring van die heilige, en 'n kultuur wat religieuse pluralisme toon, (Zinnbauer, Pargament & Scott 1999:890-892; Hill *et al.* 2000:58-63; Musick, Traphagen, Koenig & Larson 2000:73-74; Zinnbauer & Pargament 2005:24).

In die verlede is geen onderskeid tussen godsdienstigheid/religieusiteit en spiritualiteit getref nie. Met die opgang van sekularisme en populêre ontugnugtering, met religieuse instellings wat as 'n hindernis tot persoonlike ervaring van die heilige beskou is, het dit verander. Die gevolg is dat spiritualiteit onderskeibare betekenis en konnotasies begin verkry het. Spiritualiteit het godsdienstigheid in populêre gebruik vervang, soos geïllustreer deur die toenemende massaproduksie van boeke aangaande spiritueel- verwante onderwerpe (Zinnbauer *et al.* 1997:550; Zinnbauer & Pargament 2005:24). Een van die redes wat aangevoer word vir die ontploffing in die mark, verwys na die invloedryke “baby-boom”-generasie. Hierdie generasie-soekers poog om die transendente via 'n persoonlike, eksperimentele en eklektiese pad te vind, in plaas van tradisionele georganiseerde godsdiens. Die “baby-boom”-generasie het spirituele ontdekking buite die mure van tradisionele kerke en sinagoges geneem. Daarmee saam het uitgewers tot die besef gekom dat religieuse en spirituele boeke vir die algemene mark bemarkbaar is en nie slegs tot religieuse aanhangers beperk is nie (Schlumpf 1999:54-59).

Met die differensiëring tussen spiritualiteit en religieusiteit het spiritualiteit elemente, wat voorheen tot die religie behoort het, oorgeneem. Daarom is definisies van godsdiens/religie tans meer eng en minder inklusief. Histories is godsdiens/religie as 'n breëband konstruk gesien, wat beide individuele en konstitusionele elemente geïnkorporeer het. Tans word dit as 'n eng konstruk gesien, met die fokus op die institusionele alleen. Spiritualiteit, daarenteen, blyk die meer verkose term te wees om individuele ervaring te beskryf. Dit word ook met persoonlike transendensie, superbewuste sensitiwiteit en betekenisvolheid geïdentifiseer (Zinnbauer *et al.* 1997:550-551; Zinnbauer, Pargament & Scott 1999:897; Hill *et al.* 2000:60).

Die ontluiking van spiritualiteit het gelei tot die ontstaan van 'n spanningsverhouding tussen religieusiteit en spiritualiteit. In die mees ekstreme vorm, word die twee terme gedefinieer in 'n rigiede, dualistiese raamwerk waar die konstrukte gepolariseer word. Die mees opvallende polarisasies word vervolgens in oënskou geneem (Zinnbauer *et al.* 1997:550-551; Zinnbauer, Pargament & Scott 1999:901-903; Hill *et al.* 2000:60-63; Wink & Dillon 2002:79-80; Zinnbauer & Pargament 2005:24-27):

➤ **Substantiewe religie versus funksionele spiritualiteit**

Funksionele beskrywings, wat aanvanklik op religieusiteit van toepassing was, karakteriseer nou spiritualiteit. Spiritualiteit verteenwoordig individue se pogings tot heilige en eksistensiële doelwitbereiking, byvoorbeeld die vind van betekenis, heelheid, innerlike potensiaal en interverwantskap met andere. Spiritualiteit word uitgebeeld as 'n vorm van geloof, wat die individu en die wêreld in verhouding plaas deur betekenisgewing en eksistensiële definiëring. In teenstelling daarmee word religieusiteit met formele geloof, groepspraktyk en instellings geassosieer. Dit word uitgebeeld as perifeer tot eksistensiële funksies.

➤ **Statiese religie versus dinamiese spiritualiteit**

Tradisionele godsdiens was as 'n werkwoord gekonseptualiseer. Dit is egter onlangs tot 'n selfstandige naamwoord getransformeer. Dit impliseer 'n statiese entiteit, gereduseer tot elemente en gestroop van funksie. Dit dui op "what religion is, not what it does or how it works. What is lost...is the dynamic operation of religion in the life of

the individual” (Zinnbauer, Pargament & Scott 1999:904). In teenstelling daarmee word spiritualiteit met dinamiese werkwoorde en byvoeglike naamwoorde geassosieer.

➤ **Institusionele objektiewe religie versus persoonlike subjektiewe spiritualiteit**

Dit kan ook georganiseerde religie teenoor persoonlike spiritualiteit genoem word, waar navorsers onderskei tussen die “institusionele,” “georganiseerde” en “sosiale” aspekte van godsdiens, en die “persoonlike,” “transendente” en “verwantskap of behorende tot”-kwaliteite van spiritualiteit. Hier kan die werk van Miller en Thoreson (2003) “Spirituality, religion and health: An emerging research field” as voorbeeld genoem word. Hill *et al.* (2000) gebruik ook die individueel-institusionele dimensie om tussen spiritualiteit en religiositeit te kan onderskei. Hulle stel dit dat heiligheid die kern van beide konstrunkte is, waar religie ook insluit “the means and methods of [a] search [for the sacred] that receive validation and support from within an identifiable group of people” (Hill *et al.* 2000:66).

In ’n inhoudsanalise van religieuse en spirituele definisies blyk dit dat persoonlike geloof in die heilige algemeen tot die definisies van beide konstrunkte is (Zinnbauer *et al.* 1997). Definisies van religiositeit sluit verwysings na georganiseerde praktyke of aktiwiteit, bywoning van dienste, uitvoering van rituele, kerklidmaatskap, verbintenis tot organisatoriese gelowe, of die nakoming van institusionele gebaseerde geloofstelsels in. Daarteenoor verwys definisies van spiritualiteit na gevoelens of ervarings omtrent interverwantskap en verhoudings met heilige wesens of kragte.

➤ **Geloof-gebaseerde religie versus emosioneel/eksperimenteel-gebaseerde spiritualiteit**

Hierdie polariteit blyk duidelik uit teoretiese skrywes en empiriese navorsing. Religie word met geloof, die institusionele, dogmatiek en die teologiese geassosieer. Spiritualiteit, daarenteen, word met ’n manier van wees, transendente ervarings, konneksies of verhoudings met ander, verhouding met God, gevoelens van die hart en keuse in verband gebring.

➤ **Negatiewe religie versus positiewe spiritualiteit**

Religieusiteit en spiritualiteit verkry 'n direkte gepolariseerde stand in populêre en wetenskaplike skrywes. Spiritualiteit word gekrediteer met die positiewe: “the loftier side of life, the highest in human potential, and pleasurable affective states” (Zinnbauer & Pargament 2005:26). In godsdiens word die negatiewe benadruk: “mundane faith, outdated doctrine, or institutional hindrances to human potentials” (Zinnbauer & Pargament 2005:26).

Uitgewers ervaar in die bemarking van boeke ook 'n negatiewe of positiewe konnotasie met godsdiens/religie en spiritualiteit, wat die plasing van titels in kategorieë bemoeilik. Hulle is van mening dat die term religie negatiewe bagasie dra en met reëls en regulasies, asook doktrine en dogma geassosieer word. Sommige is selfs van mening dat die godsdiens-afdeling in 'n boekwinkel 'n akademiese ghetto blyk te wees. Die ontluikende kategorie – spiritualiteit - word daarteenoor wyd gelees, met die voorwaarde dat God of die heilige met die daaglikse lewe in verband gebring word, sonder naby verwysing aan institusionele strukture of sektariese beperkings, aldus Schlumph (1999:54).

Alhoewel sommige navorsers die kontras tussen godsdiens en spiritualiteit verkennend aanwend, is die tweedeling van die begrippe gevaarlik en wel om die volgende redes: Eerstens, vind Zinnbauer, Pargament en Scott (1999:904), en Zinnbauer en Pargament (2005:27) dat die polarisasie van substantiewe religie en funksionele spiritualiteit dié twee konstrunkte onnodig beperk. Substantiewe definisies van godsdienstigheid reduceer die konstrukt tot 'n rigiede entiteit, wat nie die wyse waarop godsdiens werk en in die lewe van individue ontwikkel, insluit nie. Die beperking van spiritualiteit tot funksionele definisies is problematies omrede dit tot probleme in verband met grense aanleiding gee. Die vraag ontstaan hoe die sielkunde van religie van ander dissiplines onderskeibaar is, wat ook handel met vroeë rondom betekenis, self en waarde. “Without its sacred substantive core, functional spiritualities become unduly broad and bland” (Zinnbauer, Pargament & Scott 1999:904). Dus, die polarisasie van godsdiens en spiritualiteit in die substantiewe en funksionele lei tot 'n statiese, bevrore godsdiens (“frozen religion”) en 'n spiritualiteit sonder kern.

Tweedens, die polarisasie van institusionele religieusiteit en persoonlike spiritualiteit as onverenigbare teenoorgesteldes is ook problematies. Die rede daarvoor is in die eerste plek dat alle vorme van spirituele uitdrukking in 'n sosiale konteks geskied (Zinnbauer & Pargament 2005:27). In die tweede plek is feitlik alle georganiseerde geloofstradisies gemoeid met die bestel van persoonlike sake, naamlik persoonlike geloof, emosie, gedrag en ervaringe. Sommige skryf dat die primêre doel van religieuse organisasies is om individue nader aan God te bring, of andersins dít wat as transendent gesien word. Die konseptualisering van spiritualiteit as 'n enkele persoonlike fenomeen ignoreer die kulturele konteks waarin hierdie konstruk ontluk het. As 'n individuele uitdrukking is spiritualiteit nie kultuurvry nie; dit word steeds in 'n kulturele konteks ingebed (Zinnbauer, Pargament & Scott 1999:903; Hill & Pargament 2003:64; Zinnbauer & Pargament 2005:27)

Derdens, blyk dit dat polarisasie met 'n verkeerde woordkeuse verbind word. Miller en Thoresen (2003:27-29) sien geloof as 'n institusionele, materiële verskynsel, terwyl religieusiteit dikwels in terme van individuele geloof of praktyk uitgebeeld word. Gees word as 'n eksterne transendent, met spiritualiteit as 'n heilige menslike aktiwiteit gesien. Zinnbauer en Pargament (2005:28) merk dat 'n vergelyking tussen godsdiens en gees, en tussen religieusiteit en spiritualiteit meer geskik is, en dat verwarring verminder kan word wanneer navorsers aandui of konstruke op dieselfde vlak (byvoorbeeld religieusiteit en spiritualiteit), of oor vlakke van analise (byvoorbeeld godsdiens en spiritualiteit), vergelyk word.

Sommige studies oor taalgebruik illustreer die perspektief dat spiritualiteit en religieusiteit oorvleuelende konstruke met gedeelde eienskappe en ook eie, behoudende-ongedeelde funksies, beskryf. Miller en Thoresen (2003:27) beskryf godsdiens/religie as “social entities or institutions, and unlike spirituality, they are defined by their boundaries.” Dus is dit in wese 'n sosiale verskynsel, teenoor spiritualiteit, wat gewoonlik op 'n individuele vlak binne spesifieke kontekste verstaan word. Volgens dié skrywers kan religieusiteit ook op die vlak van die individu gekonseptualiseer word. Ter illustrasie kan die navorsing van Zinnbauer *et al.* (1997) as voorbeeld dien. Navorsers het ondersoek ingestel na die waargenome

ooreenkomste en verskille tussen religieusiteit en spiritualiteit in die vorm van 'n vraelys, asook skale wat geloof en houding omtrent God, die self en ander gedek het. In hierdie verband is 346 deelnemers in Pennsylvania en Ohio nagevors. Ter bevestiging is gevind dat religieusiteit en spiritualiteit oorvleuel; maar nie dieselfde is nie (42%). Spiritualiteit word gesien as die breër konsep, wat religieusiteit insluit (39%), teenoor diegene (slegs 10%) wat religieusiteit as die breër, inklusiewe konsep beskou.

Vierdens, is die onderskeiding tussen kognitiewe religie en emosionele spiritualiteit belaaï met beperkings. Gedagtes en gevoelens gebeur gelyktydig en beïnvloed mekaar. Passielose religieuse geloof en gedagtelose spirituele ervaringe is moontlik, maar nie verteenwoordigend van die ryk wyse waarop gedagtes, gevoelens, gedrag, motivering en ervaringe tot 'n geheel in religieusiteit en spiritualiteit bymekaar kom nie (Zinnbauer & Pargament 2005:28).

Laastens, is die tweedeling met spiritualiteit as goed en godsdiens/religie as slegs 'n oorvereenvoudigde perspektief, wat potensieel nuttig, maar ook skadelik kan wees vir beide begrippe (Hill & Pargament 2003:64). Die aanname "goeie" spiritualiteit kan die destruktiewe kant van die spirituele lewe ignoreer. Teenoor die soeke na die nabyheid van God deur altruïsme en medelye, is voorbeelde van spirituele-soekers wat ekstreme self-strawwende asketisme, selfmoordbomme en massamoorde gebruik om hul heilige doel te bereik (Zinnbauer, Pargament & Scott 1999:904-905; Zinnbauer & Pargament 2005:28). Uit die studie van Zinnbauer *et al.* (1997:561), blyk dit dat respondente hulself as beide spiritueel en religieus bestempel (74%). Daarenteen identifiseer 19% hulself as spiritueel, maar nie religieus, en 4% noem hulself religieus, maar nie spiritueel nie. Die tweeledige verdeling van spiritualiteit en religieusiteit in onversoenbare teenoorgesteldes weerspieël dus nie die perspektiewe van alle respondente nie.

In aansluiting by die voorafgaande is 'n studie deur Mitroff en Denton (1999) geloods aangaande die verhouding tussen spiritualiteit en godsdiens/religie in die werkplek. Daar is bevind dat ongeveer 60% van die respondente positief is omtrent spiritualiteit,

maar negatief oor georganiseerde godsdienste. Ongeveer 30% van die deelnemers handhaaf 'n positiewe siening jeens spiritualiteit saam met godsdienste/religie, terwyl slegs 10% negatief is teenoor beide. Vir diegene in 'n pluralistiese samelewing, waar daar nie een dominante godsdienste is nie, is daar dus nie 'n enkele religieuse tradisie wat aanspraak op spiritualiteit kan maak nie.

Hoewel spiritualiteit as persoonlik, inklusief en positief, en religieusiteit as ekstern, eksklusief en negatief gesien word, is Mohamed, Wisnieski, Askar en Syed (2004:103-104) van mening dat 'n onderskeiding tussen die twee begrippe kunsmatig en onnodig is. Die redes hiervoor aangevoer is in die eerste plek dat alle major godsdienste oor 'n spirituele dimensie beskik, aldus Zinnbauer, Pargament en Scott (1999:903). Tweedens, is religieuse praktyke soos vas 'n private en persoonlike aangeleentheid, terwyl spirituele aktiwiteite soos joga en meditasie in groepsverband gedoen kan word. Laastens, is die evaluasie van godsdienste/religie as negatief en spiritualiteit as positief 'n produk van breë veralgemenings.

Hill *et al.* (2000) en Hill en Pargament (2003) wys daarop dat godsdienste/religie en spiritualiteit verwante eerder as onafhanklike konstrunkte verteenwoordig. Spiritualiteit kan volgens dié skrywers verstaan word as 'n soektog na die heilige of heiligheid. Hierdie soektog geskied binne 'n groter religieuse konteks, tradisioneel of nie-tradisioneel. Die heilige of heiligheid is dié faktor wat godsdienste/religie en spiritualiteit van ander verskynsels onderskei. Die heilige sluit konsepte van God, die goddelike, "Ultimate Reality," die transendente en enige ander aspek van die lewe in, wat 'n buitengewone karakter toon as gevolg van die assosiasie daarmee, of teenwoordigheid van sulke konsepte. Die heilige of heiligheid is die gemene deler van die godsdienste/religie en spirituele lewe. Dit verteenwoordig "the most vital destination sought by the religious/spiritual person, and it is interwoven into the pathways many people take in life" (Hill & Pargament 2003:65).

Opsommend blyk dit dat die konstrunkte van religieusiteit en spiritualiteit in algemene gebruik wel oorvleuel, maar dat dit egter ook beduidend in betekenis kan verskil. Miller en Thoresen (2003:28) wys daarop dat die betekenis van dié woorde voortdurend

ontwikkel, met konsepte aangaande godsdiens/religie wat neig tot engheid, en konsepte omtrent spiritualiteit wat neig tot 'n breër begrip.

Navorsing omtrent die begripsverskille tussen religieusiteit en spiritualiteit in die werkplek toon dieselfde uitkomst tot dusver in hierdie afdeling (4.2) bespreek. Mitroff en Denton het in 1999 een van die eerste empiriese studies oor spiritualiteit in die werkplek gepubliseer, getiteld "A spiritual audit of corporate America." Dié studie was primêr betrokke by die persoonlike betekenis wat respondente aan die konsepte van godsdiens/religie en spiritualiteit koppel, met 'n spesifieke belang in die ontluikende definisies aangaande godsdiens/religie en spiritualiteit van bestuurders. Die definisies en gevoelens uitgedruk in die 1999-studie is steeds verteenwoordigend van die mees onlangse studie in 2009 deur dieselfde navorsers (Mitroff, Denton & Alpaslan). Godsdiens/religie word steeds primêr as 'n dogmatiese en institusionele fenomeen beskou, met spiritualiteit as 'n individuele verskynsel. Godsdiens/religie word ook steeds in negatiewe terme soos, dogmaties en onverdraagsaam gesien, teenoor die meer positiewe terme van spiritualiteit, wat as oop en verdraagsaam bestempel word.

Die ontluiking van spiritualiteit in die werkplek in die organisatoriese wetenskappe is afkomstig "from a very different mind-set than one would expect" (Giacalone, Jurkiewicz & Fry 2005:516). Die veld van werkplekspiritualiteit is gebore in die organisatoriese en sosiale sielkunde, etiek en bestuur. Navorsing uit die opkomende ontologiese tradisie, byvoorbeeld die werk van Biberman en Whitty (1997), het gelei tot belangrike en toonaangewende style in komplekse en ontluikende kwessies in die sosiale wetenskappe (Mirvis 1997; Neal 1997, Mitroff & Denton 1999). Met 'n beter begripsverkryging omtrent spiritualiteit kan werkplekspiritualiteit bestudeer word.

4.3 SPIRITUALITEIT IN DIE WERKPLEK

Met die opgang van die Humanistiese sielkunde (spesifiek die werk van Maslow) en die stygende belangstelling in professionele berading en psigedeliese kultuur, verwerf spiritualiteit in die 1950's en 1960's gewildheid. Gedurende die 1980's ondergaan

HOOFSTUK 4 - SPIRITUALITEIT IN DIE WERKPLEK

spiritualiteit 'n tweede major skuif met die selfverbeteringsbeweging as fokus (Carette & King 2005:44-45). Sedert die begin 1990's het belangstelling in spiritualiteit 'n paddastoelbeweging getoon. Boeke, tydskrifte, webwerwe en beeldmateriaal oor werkplekspiritualiteit blyk 'n uiters winsgewende bedryf vir uitgewers te wees. Organisatoriese konsultante gryp die waarde wat werkplekspiritualiteit bied as geleentheid vir hul kliënte aan. Sommige volg 'n pragmatiese, datagebaseerde benadering en ander voorsien opleidingseminare en afrigting rondom die tema (Cavanagh 1999:186; Hicks 2003:27; Mohamed, Wisnieski, Askar & Syed 2004:102; Giacalone, Jurkiewicz & Fry 2005:515-516; Smith 2006:14; Van der Walt, Du Plessis & Barker 2006:264; Marques, Dhiman & King 2007:8; Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:199-200). Die werkplek dien ook as publieke forum met positiewe uitkomst, soos blyk uit die volgende opmerkings (Hicks 2003:47). Werkplekseminare met verskillende religieuse wêreldbeskouings as fokus word in reaksie op die terrorisme-aanvalle van September 2001 aangebied. Maatskappye, soos byvoorbeeld, Ford Motors, bied gesprekvoering rondom Islam en religieuse verdraagsaamheid tussen werkers aan. Met die voorafgaande in gedagte merk Giacalone en Jurkiewicz (2003:4) met reg op:

workplace spirituality has spurred curiosity beyond the capacity to scholars to keep pace either theoretically or methodologically.

Die ontwikkeling van korporatiewe belangstelling in spiritualiteit word nie as 'n tendens beskou nie, maar as 'n beweging. Spiritualiteit in die werkplek is nie 'n enkele of eenmalige, georganiseerde beweging nie. Dit is 'n basisbeweging, met verskuifde klem na werk as betekenisvol en sinvol (Hicks 2003:27; Smith 2006:6). Die beweging is nie net tot die Verenigde State van Amerika beperk nie, maar geniet wêreldwyd aandag (Smith 2006:13). Hicks (2003:27) vra, met reg, vanwaar die nuwe belangstelling in die verskynsel? Antwoorde vanuit verskillende dissiplines en benaderinge toon dat 'n verskeidenheid faktore tans belangstelling in werkplekspiritualiteit beïnvloed. Slegs die vernaamste ooreenstemmende faktore sal vir doeleindes van hierdie studie kortliks bespreek word. Die onderstaande opgestapelde bronne dien ten einde tot bepaalde merkers te kom en die verskeie

faktore word vervolgens uiteengesit (Biberman & Whitty 1997:130-131; Neal 1997:121-122; Mirvirs 1997:198; Cavanagh 1999:186-187; Ashmos & Duchon 2000:134-135; Giacalone & Jurkiewicz 2003:3-4; Hicks 2003:27-47; Kinjerski & Skrypnik 2004:26-27; Mohamed, Wisnieksi, Askar & Syed 2004:102; Giacalone, Jurkiewicz & Fry 2005:515-516; Smith 2006:6-8; Marques, Dhiman & King 2007:viii-x):

➤ **Verhoogde werksonekerheid**

Die stabiliteit van die werknemer-werkgewer-verhouding ly skipbreuk wanneer die vertrouensverhouding tussen werknemers en organisasies geskend word, weens personeelvermindering as gevolg van negatiewe ekonomiese siklusse. Dit het 'n tweeledige effek. Eerstens, lei dit tot die verbreking van wedersydse vertrouwe, lojaliteit en werknemers se verwagting dat organisasies omgee en sorg. Tweedens, laat herstrukturering oorblywende werknemers in 'n oorwerk-sindroom. 'n Toestand van personeelvermindering en herstrukturering ontmoedig werkers om te belê in verhoudings met medewerkers, aangesien kollegaskap van korte duur kan wees. Die uitkoms hiervan is demoralisering van werkers, konstante vrees, stres, onsekerheid en gedagtes van tydelikheid en verganklikheid. Die gevolg van dié kultuur is 'n negatiewe effek op die geestelike gesondheid van werkers, asook die aantasting van 'n gesonde sosiale lewenstyl.

➤ **Die middel-lewe introspeksie van die “baby-boom”-generasie**

Die mees aangehaalde demografiese verandering, wat bydra tot 'n verhoogde belangstelling in spiritualiteit in die werkplek en elders, is die feit dat die “baby-boom”-generasie hulle middeljarige bereik het. Die “baby-boom”-generasie is, in vergelyking tot ander generasies, 'n groot populasie kohort en omvat diegene wat tussen 1946 en 1960 gebore is. Karakteristieke houdings en gedrag kenmerkend van die groep het 'n disproporsionele impak op instellings, insluitende die werkplek. Jong volwassenes het, volgens die religieuse lewensklussiening, min belangstelling in godsdienste en spirituele kwessies. Die bereiking van die middeljarige lei egter tot 'n verhoogde belangstelling in geloof, waar dit nie gaan om 'n “searching...for extrinsic measures of success, but for guides to life's intrinsic values and meanings” (Fuller 1988:63). Hicks (2003:28) merk dat “from the life-cycle perspective, the aging of the boomer-

dominated workforce has been a prime factor in the rise in spirituality in the office.” Dit blyk asof ’n groot segment van die populasie ’n gedeelde middeljarigheidskrisis meemaak. Die “baby-boom”-generasie beleef ’n spirituele ontwaking vanaf die laat 1980’s en vroeë 1990’s, met spirituele self-evaluerende vrae soos “wat het ek tot dusver in my lewe bereik en wat wil ek doen met die res van my lewe?” Die ouerwordende “baby-boomers” toon ’n groeiende belangstelling in die oordink en oorweeg van lewensbetekenis met die naderende konfronterende onsekerheid genaamd die dood.

➤ ’n Ontluikende paradigma

Judy Neal, uitvoerende direkteur van die Association for Spirit at Work, verskaf ’n oorsigtelike blik aangaande die ontwikkeling van bestuursdenke oor die afgelope eeu, in haar Voorwoord tot die titel: “Spirituality in the workplace,” geskryf deur Joan Marques, Satinder Dhiman en Richard King (2007). Hierdie oorsig bied konteks betreffende die ontwikkeling van bestuursteorie en word kortliks opsommend weergegee vir ’n beter begrip.

Die vroegste bestuursteorieë is hoofsaaklik vanuit ’n ingenieursbenadering deur Frederick Taylor ontwikkel. Fisiese effektiwiteit en doeltreffendheid van die werker was sy fokus, met ’n beeld van die menslike liggaam as uitbreiding van die masjien. Hy het maniere bestudeer wat sou lei tot die optimale aanwending van die menslike masjien. Die daaropvolgende fase in bestuursdenke was afkomstig van die Hawthorne-studies in die 1930’s en 1940’s. Die oorsprong van die studies was die Tayloristiese industriële ingenieurstudies aangaande die effek van beligting op werkerdoeltreffendheid. Anachronistiese bevindings het egter gelei tot die gevolgtrekking dat emosionele en sosiale behoeftes net so noodsaaklik vir prestasie as fisiese doeltreffendheid is. In die laat 1970’s tot en met die 1990’s beklemtoon bestuursteorie-ontwikkeling die werker nie net as ’n fisiese of emosionele wese nie, maar ook as ’n denkende wese. Dit lei tot die erkenning dat die werker ’n kundige op ’n bepaalde werksgebied is, met die veronderstelling dat die werker ’n beter bydrae as die ingenieur lewer. Bestuursteorie-uitbreiding geskied dienooreenkomstig die ontwikkeling van die konsep omtrent wat dit beteken om menslik te wees. Navorsing

HOOFSTUK 4 - SPIRITUALITEIT IN DIE WERKPLEK

in kwantum fisika en holistiese medisyne lei tans tot die aanvaarding dat die mens ook 'n spirituele wese is met twee veronderstellings omtrent spiritualiteit, naamlik 'n konneksie tot iets groter as die self en tweedens, sin tot betekenis en doel as rigtingwyser. Tereg bevraagteken Neal organisasies se vermoë om die mens as spirituele wese te bereik (Marques, Dhiman & King 2007:ix):

As crass as this may sound, spirituality is the new competitive edge. Most organizations are physically efficient, and they attend to the emotional and social needs of employees to some degree. They have learned how to involve employees in decision-making and to tap their intellectual abilities. But how many have learned to tap into the human spirit?

Die verwerping van die rasonele en meganistiese siening omtrent werk, waar bestuurders as “impersonal instruments to achieve material ends” (Ashmos & Duchon 2000:135) beskou is, lei tot vernuwende denke. Daarmee saam bring die groter erkenning, dat werkers deur méér gemotiveer word as slegs eie belang en rasionaliteit, 'n paradigmaskuif mee.

Die nuwe ontluikende paradigma is 'n spirituele paradigma. Jerry Biberman en Michael Whitty (1997) redeneer dat hierdie spirituele paradigma die vroeë moderne paradigma vervang. Die moderne paradigma het die simplistiese siening gehandhaaf dat die menslike wese 'n rasonele dier is, wat tot doeltreffendheid gekondisioneer kon word. Biberman en Whitty (1997) bied 'n raamwerk vir dié paradigmaskuif in hulle artikel getiteld “A postmodern spiritual future for work.” Die moderne paradigma veronderstel dat mense gemotiveer word deur 'n eie belang en kompetisie met medewerkers, as gevolg van skaarsheid aan bronne as die grondliggende geloofsiening “that preservation of the self, even if it is at the expense of the other, is paramount to survival” (Biberman & Whitty 1997:131). Die spirituele paradigma perspektief is oop vir verandering. Dit inkorporeer ontwikkelinge rondom die verstaan van die werkplek, nie net as 'n konglomeraat van individue nie, maar in terme van groepsdinamika en interverwantskapsverhoudings. 'n Oorvloedsgeloofsiening impliseer oorvloedige bronne beskikbaar vir almal, met die beklemtoonde uitkoms dat

kompetisie onnodig is. Dié skrywers (Biberman & Whitty 1997:133) handhaaf die standpunt dat die spirituele paradigma in toekomsjare voortdurend sal ontluik, en dat die “existing stress that managers and organizations are experiencing may actually produce the catalyst for organization spiritual transformation, in ways similar to that in which personal crisis have led to personal spiritual growth and transformation.”

➤ **Beweging vanaf ’n moderne na ’n post-moderne kulturele wêreldsiening**

Hierdie beweging behels ’n ander blik op die navorsing. ’n Hoë premie is aanvanklik op empiriese kennis geplaas. Enige bewerings aangaande ’n werklike stand van sake, moes wetenskaplik aan die hand van empiriese gegewens getoets word. Dit blyk egter dat empiriese navorsing nie alleen meer verantwoordelik is vir die voorsiening van antwoorde nie, aangesien spiritualiteit ’n integrasie van die sekulêre en die spirituele in ’n nuwe wêreldsiening impliseer, met geen vinnige klassifikasie van die sekulêre en die spirituele nie. Hicks (2003:47) stel dit treffend wanneer hy opmerk:

The commitment to treat workers as whole persons, and not merely as inputs to a production process, can lead to genuine and beneficial progress toward creating a human workplace.

’n Kulturele wêreldsiening impliseer ook ’n groeiende belangstelling in Westerse en Oosterse filosofieë. Dit kan moontlik toegeskryf word aan ’n samelewingskuif na diversiteit en stygende belangstelling in ander kulture. Korporatiewe multinasionalisme en gevolglike poging tot integrasie van Westerse en Oosterse bestuurspraktyke blyk ’n bydraende faktor te wees. Globalisering is, volgens Conradie (2006:53), vandag waarskynlik die kragtigste kulturele stroming. “Globalisering het te make met ’n pluralistiese kultuur waardeur musiek, kos, kleredrag, sportsoorte en tegnologie dwarsoor die wêreld versprei geraak het” (Conradie 2006:53). Oosterse invloed op die Weste kan deurgetrek word na kookkuns, mode en argitektuur (Giacalone & Jurkiewicz 2003:4).

Hierdie faktore vorm deel van die “spirituele beweging.” Dit is nie moontlik om die presiese impak van elk van die faktore te spesifiseer nie. Uit die bogenoemde blyk dit

dat spiritualiteit in die werkplek nie 'n geïsoleerde of enkel kontekstuele realiteit is nie, maar dat omgewingstoestande “are causing them to emerge much more rapidly than ever before” (Biberman & Whitty 1997:134). Die kwessie van werkplekspiritualiteit kan ook nie beperk word tot 'n aantal individuele leiers, wat spirituele taal en gesprek ontdek en ruimte gelaat het vir eie organisatoriese gewin nie. Dit is noodsaaklik om die konsepte, persepsies en praktyke, wat as spiritualiteit in die werkplek geklassifiseer word, meer spesifiek te analiseer. Uit die analise sal die wyd uiteenlopende betekenis vir verskillende individue, gekoppel aan spiritualiteit in die werkplek, duidelik blyk.

4.3.1 Wat behels “spiritualiteit” in die werkplek?

In die voorafgaande afdeling (4.2), is tot die slotsom gekom dat elke domein poog om spiritualiteit te definieer. Dus blyk dit dat hierdie definisies onvoltooid is en slegs op verskillende fasette van spiritualiteit fokus. Hierdie fasette saamgevoeg, is 'n aanduiding dat spiritualiteit 'n veeldimensionele fenomeen is (Miller 2000:6). Die presiese neerpen van dié begrip kan as wollerig bestempel word. Kundiges in die veld van werkplekspiritualiteit verkies om nie 'n definisie te voorsien nie. Die rede daarvoor is 'n poging tot konflikvermyding, want met dié uitgangspunt kan die aanbod van 'n definisie juis dogmatiese rigiditeit impliseer. Hicks (2003:53) beweer dat die moeilike presiese definiëring van spiritualiteit bestaan as gevolg van die onderliggende dubbelsinnighede in die term self. Krishnakumar en Neck (2002:154) is van mening dat die veelvoudige sienswyses van spiritualiteit natuurlik en logies is (gegewe die diversiteit van die werkplek) en dat 'n soektog na 'n definitiewe beskrywing van die term, nie die beste oefening is nie. As alternatief bied die navorsers 'n groter begrip tot die “wat” (die betekenis) van die veelvoudige sieninge omtrent spiritualiteit in die werkplek, die voordele (“hoekom”) vir 'n organisasie wanneer bestuurders verskillende sienswyses tussen organisatoriese lede aanmoedig en die wyse waarop spiritualiteit in organisasies geïmplementeer word (die “hoe”). Gespreksgenote heg 'n eie betekenis aan werkplekspiritualiteit en wel as volg.

HOOFSTUK 4 - Wat behels “spiritualiteit” in die werkplek?

Johannes is ’n kunsmis-agent van beroep en behoort tot die eerste gespreksgroep. Hy is van mening dat elke persoon se geloofsoortuigings in die daaglikse leefwyse van die individu, uitdrukking moet vind.

Johannes sê: “Dit gaan vir my om ’n leefwyse. My werk is ook vir my ’n bedieningsveld, daarom jok ek nie vir kliënte nie en buig ek nie die reëls nie. Mens moet op ’n etiese wyse sake bedryf.”

Liné (internasionale projekbestuurder en deel van groep 2) handhaaf dieselfde uitgangspunt as Johannes. Dit is vir haar belangrik om in elke lewensfaset eerlik met haarself en haar medemens te handel.

Liné merk: “Mens moet jouself spiritueel tuis, sowel as by die werk kan uitleef. Mens kan nie maskers dra nie.”

Mitroff en Denton (1999:83-92) het ’n studie geloods om te bepaal wat spiritualiteit in die werkplek beteken. Eenhonderd indiepte-onderhoude is met senior en uitvoerende bestuurders gehou, waartydens gesprekke gevoer is rondom die betekenis en doel van spesifiek hulle werk, en in hulle lewens in die algemeen. ’n Belangrike bevinding is dat ondervraagdes in staat was om ’n eie spirituele definisie weer te gee, sonder dat ’n definisie deur onderhoudvoerders voorgehou is. Meer belangrik egter is dat die meeste persone dieselfde definisie geformuleer het. Die sleutelemente van spirituele definisies, soos deur respondente weergegee, is kortliks as volg:

- nie formeel, gestruktureerd of georganiseer;
- geen denominasies;
- breedweg inklusief, omhels elke persoon;
- universeel en tydloos;
- uiterste bron en voorsiener van betekenis en doel in die lewe;
- die bewondering wat in die teenwoordigheid van die transendente gedeel word;
- die heiligheid van alles, die alledaagsheid van alles;

HOOFSTUK 4 - Wat behels “spiritualiteit” in die werkplek?

- die interverwantskap met alles;
- innerlike vrede en kalmte;
- ’n onuitputlike bron van geloof en wilskrag; en
- die “ultimate end in itself.”

Die navorsers (Mitroff & Denton 1999:89) beklemtoon dat nie alle respondente met elke element van die definisie saamstem nie, maar dat die meeste “endorsed the existence of a supreme guiding force and interconnectedness as the fundamental components of spirituality.”

Die meeste van die bestuurders in die studie het ’n ontvanklikheid vir spiritualiteit in die werkplek getoon. Daarteenoor het godsdiens/religie teenkating ontvang. Daar is nie ’n enkele godsdiens/religie wat in ’n pluralistiese samelewing ’n dominante aanspraak op spiritualiteit kan maak nie. Dus kan spiritualiteit in die werkplek nie tot ’n spesifieke religieuse tradisie verbind word nie (Cavanagh 1999:190; Mitroff & Denton 1999:86; Hicks 2003:48-49).

Nog ’n belangrike uitkoms van Mitroff en Denton (1999) se baanbrekerswerk gaan om die “hele persoon.” Die skrywers postuleer dat die skeiding tussen spiritualiteit en werk problematies en selfs futiel is. Die rede daarvoor aangevoer, is die erkenning dat individue die hele self na die werkplek bring. In respondente se reaksie op die vraag, naamlik watter deel(e) van hulself hulle kan uitleef of uitdrukking gee aan in die werk, is “totale intelligensie” en “algehele kreatiwiteit” beduidend meer as “totale gevoelens,” “hele wese/siel” of “vol humor.” Die aanduiding hiervan is duidelik dat intelligensie, eerder as emosies of gevoelens in die werkplek gewys word. Die navorsers merk op: “It is clear from the total context of the interviews that a decisive majority wished to be able to express and develop their complete self at work” (Mitroff & Denton 1999:85-86). Die vereistes wat organisasies in die 21^{ste} eeu aan werkgewers en werknemers stel vereis “that people bring their whole selves to work rather than just their muscles and/or brains” (Sparrow & Knight 2006:6). Smith (2006:1) sluit hierby aan en beklemtoon dat meer en meer werknemers daarop aandring dat nie n t hulle

HOOFSTUK 4 - Wat behels “spiritualiteit” in die werkplek?

intelligensie nie, maar ook hulle spiritualiteit in die werkplek verwelkom word: “Like intelligence, our spirituality is part of what we bring with us to work.”

In my navorsing aangaande die tema tans onder bespreking, blyk dit dat die meerderheid navorsing dít, wat die werkplek bied in terme van spiritualiteit, benadruk. Dit sluit in studies, wat die toepaslikheid van spiritualiteitsintegrering in organisatoriese bestuur ondersoek (Mitroff & Denton 1999), die voordele wat spiritualiteit inhou met winsgewindheid as doel (Krishnakumar & Neck 2002), die betekenis van werk met meer produktiewe organisasies as einddoel (Mirvis 1997; Ashmos & Duchon 2000), maniere waarop organisasies religieus of spiritueel kan wees (Mitroff & Denton 1999), asook leierskap en die bevordering van spiritualiteit (Groen 2001). Dit gaan dus om dit wat die werkplek kan bied, die erkenning van die individu as spirituele wese, die uitlewing van ’n eie spiritualiteit en die aanbied van ’n spiritueel-vriendelike werksomgewing. Die aanmoediging van spiritualiteit binne organisatoriese opset kan lei tot die versterking van kreatiwiteit, eerlikheid, vertrouwe, persoonlike vervulling en toewyding, en eindelijk ook verhoogde prestasielewering. Krishnakumar en Neck (2002:162) is oortuig dat spirituele werkplekke beter vaar ten opsigte van winsgewindheid. Daarteenoor is hoë afwesigheidsyfers, hoë personeelomset en hoë stres, wat met sperdatums en depressie geassosieer word, die resultaat van organisasies sonder spiritualiteit (Krishnakumar & Neck 2002:161). Die voorafgaande word deur die volgende aanhaling bevestig en versterk:

We believe that the workplace is one of the most important settings in which people come together daily to accomplish what they cannot do on their own, that is, to realize their full potential as human beings. For organizations to erect walls in the way of everyday spiritual development goes against the grain of deep human needs and puts an intolerable burden on individuals. Unless organizations become more spiritual, the fragmentation and ambivalence felt by individuals cannot be repaired (Grant, O’Neil & Stephens 2004:266).

HOOFSTUK 4 - Wat behels “spiritualiteit” in die werkplek?

'n Groeiende getal werknemers is soekend na meer as slegs ekonomiese beloning. Beloning, in die vorm van inspirerende en betekenisvolle werk is eerder die oogmerk (Mitroff & Denton 1999; Ashmos & Duchon 2000; Bloch 2005).

Uit die voorafgaande blyk dit dat studies primêr fokus op die organisasie as eenheid vir analise. Die meeste artikels is teoreties van aard en sluit in die veranderende werkspaaradigma, waarde van spiritualiteit, leierskap en die hantering van organisatoriese transformasie. Min navorsing is gedoen met die individu as eenheid van analise, óf waar die navorsingsvraag fokus op die betekenis van spiritualiteit op 'n individuele vlak (Ashmos & Duchon 2000; Kinjerski & Skrypnek 2004; Kinjerski & Skrypnek 2008). Hierdié navorsingswerk fokus op die individu, die persoon in die middeljare (met 'n geraamde ouderdom van tussen 40 en 55 jaar) en meer spesifiek, die persoon tydens die middelloopbaanfase. Die middelwele individu is reeds volledig in hoofstuk 3 beskryf, maar geniet hier, ter herinnering en 'n begrip van die groter konteks, die nodige aandag.

4.3.2 Die middelwele individu

I felt desolate, disinterested in my work. How did this happen to me?

Dit is wat Richard Dreyfus op 55-jarige ouderdom van homself sê. 'n Onverwagte opmerking gegewe dat die persoon 'n uiters suksesvolle Amerikaanse akteur op die kruin van sukses is (Bloch 2005:194).

Die studie van Kinjerski en Skrypnek (2008) is insiggewend betreffende die waarneming van respondente tydens die middeljare. Spiritualiteit word deur respondente as 'n middelwele fenomeen erken. Byvoorbeeld, Rowena, 'n professor, rapporteer dat sy 'n spirituele lewe lei en dat geloof 'n beduidende rol speel in hoe sy werk. Dit was egter eers tydens die middelwele dat sy spiritualiteit ervaar het. Met die toename in jare het sy ander vrae begin vra en is “more interested in what legacy we are going to leave” (Kinjerski & Skrypnek 2008:323). Soortgelyk merk Maureen op: “I was just a late bloomer...I have come to a place where I know how I want to do

things, how I want it to be done...I am just happy with who I am now” (Kinjerski & Skrypnek 2008:323-324).

Dit blyk dus dat die ontwikkeling van spiritualiteit 'n reis is, wat neig om gedurende die middelwe 'n toppunt te bereik. Ontwikkelsielkundiges sover terug as Carl Jung het beweer dat wanneer volwassenes die middelwe bereik, 'n inwaartse beskouing met indiepte denke oor die betekenis van die lewe en spirituele aspekte van die self, plaasvind (Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:199). In 'n longitudinale studie van spirituele ontwikkeling in volwassenheid wys Wink en Dillon (2002:79) “all participants, irrespective of gender and cohort, increased significantly in spirituality between late middle (middel 50's tot vroeë 60's) and older adulthood.” Wat betref geslagverskille, blyk dit uit dieselfde studie van Wink en Dillon (2002) dat vroue gedurende die tweede helfte van volwassenheid vinniger in spiritualiteit as mans toeneem. Spirituele ontwikkeling behels 'n samekoms en integrering van passie, waardes, vermoëns en ervarings, gekombineer met reflektiwiteit en selfontdekking, asook 'n betrokke raak by betekenisvolle aktiwiteite (Kinjerski & Skrypnek 2008:327). Vir sommige individue is spiritualiteit 'n middelwe fenomeen wat deur spirituele groei en transendensie bevorder kan word, soos blyk uit die navorsing van Piedmont (2001), met die spesifieke fokus op spirituele transendensie waar dit as “an evolving dimension of the individual over the adult life span” veronderstel word (Piedmont 2001:13). Gespreksgenote sluit hierby aan en merk:

Liné (internasionale projekbestuurder, groep 2): “Dit is 'n proses waar ervarings, pyn en verlies, lief en leed jou skoei, waar jy geleer het uit jou foute en ondervindings en dan 'n plek van rus en vrede in jou gemoed bereik. Dit gaan vir my oor 'n geestelike volwassenheid. Spiritueel het ek gegroei – sou myself baie pyn en lyding gespaar het as ek die kennis en ervaring in my jonger dae kon hê. Dit is 'n plek waar jy meer fokus op die geestelike en emosionele aspekte van menswees, eerder as die materiële en die aardse – my waardes en prioriteite het verander.”

Ilse (joernalis, groep 1): "Dit is 'n groeiproses – ek besef nou my afhanklikheid van God. Ek besef ek is deel van die volgende generasie na wie ander opkyk. Ek is nou op 'n goeie plek – baie beter as voorheen."

Die vraag na betekenis en sinbeleving gedurende die middeljare en meer spesifiek die middelloopbaanfase, behels die integrering van verskeie konstrunkte, waaronder die intelligensie wat werkers na die werkplek bring, maar ook die volle self, wat 'n spirituele dimensie impliseer. Betekenis en sinbeleving, intelligensie en spiritualiteit, is onderskeibare konsepte en saamgevoeg vorm dit 'n geïntegreerde geheel, met moontlik veronderstelde positiewe ontwikkeling tydens die middelloopbaan. Verskeie navorsers wonder oor die rol wat intelligensie, en spesifiek spirituele intelligensie, kan speel ten einde die beleving van spirituele groei, spiritualiteit en spirituele ervaring moontlik te maak (Tischler, Biberman & McKeage 2002:211; Wink & Dillon 2002:81; Kinjerski & Skrypnek 2008:326).

Die noodsaaklikheid van integrasie word beklemtoon deur Mitroff en Denton (1999:91) se opmerking in die slotparagraaf van hulle studie:

A characteristic of earlier stages of human development is that critical elements are so merged together that they have no separate identity. Thus, for development, the key elements need to be separate. However, at our current stage of human development, we face a new challenge. We have gone too far in separating the key elements. We need to integrate spirituality.

Tot dusver is van die sleutelkonsepte in afsonderlike hoedanighede hanteer, naamlik die middelwe en middelloopbaanfase (in hoofstuk 3), die soeke na betekenis en sinbeleving (hoofstukke 2 en 3), asook spiritualiteit (dié hoofstuk). In die volgende afdeling gaan die sleutelkonsep van spirituele intelligensie met onderafdelings, eers afsonderlik aangebied word, voordat 'n geïntegreerde geheel as slotsom sal dien.

4.4 SPIRITUELE INTELLIGENSIE

Dit is moontlik om spiritualiteit as 'n tipe intelligensie te beskryf en te begryp (Emmons 1999; 2000a; 2000b; Hyde 2004; Kwilecki 2000; Zohar & Marshall 2000; Adams & Hyde 2008). Die soeke na betekenis en sinbeleving kan moontlik met spirituele intelligensie in verband gebring word (Zohar & Marshall 2000; 2004). In die jaar 2000 het 'n Oxford-akademikus, filosoof en spirituele skrywer, Danah Zohar, die begrip of term "spirituele intelligensie" meer bekend gemaak. Sy beweer dat dit die sentrale deel van intelligensie vorm. Zohar redeneer ook dat spirituele intelligensie 'n bydrae tot 'n beter begrip van betekenis en sinbeleving ten opsigte van werk en die wêreld kan lewer.

Ten einde 'n beter verstaan van dié begrip teweeg te bring, is dit noodsaaklik om die beskrywings van 'n paar skrywers en navorsers in oënskou te neem. Ek doen dit aan die hand van 'n volledige definiëring, om 'n breë perspektief daar te stel vir verdere gesprekvoering. Zohar en Marshall (2000:3-4) definieer spirituele intelligensie as die vermoë:

with which we address and solve problems of meaning and value, the intelligence with which we can place our actions and our lives in a wider, richer, meaning-giving context, the intelligence with which we can assess that one course of action or one life-path is more meaningful than another.

In diskoerse, wat voortspruit uit teorieë van motivering en persoonlikheid, beweer Emmons (1999:163) dat spirituele bronne aangewend kan word vir die oplos van probleme:

The adaptive processing of spiritual information is a part of intelligence, and individual differences in the skills with which such processing occurs constitute core features of personality. Spirituality can serve as a source of information to individuals, and, as a function of interests and aptitudes, individuals become more or less skilled at processing this information.

Spirituele intelligensie is vir Brian Draper (2009) 'n nuttige denkwysse omtrent eie identiteit, “who we are” en lewensdoel, “why we are here.” Dit gaan oor tyd om na te dink, en om te kan ontdek:

who we really are, and to find meaning and purpose within our seemingly random, fragmented and ordinary existence; ... that helps us to make those soulful reconnections that so many of us, deep down, yearn to make – with the world around us, with each other, with ourselves, and with the higher power often called God (Draper 2009:12).

Spiritualiteit veronderstel vir my, en vir die doeleindes van dié navorsingswerk (soos na verwys in hoofstukke 2 en 3), betekenis en sinbelewing. Dit kan nie verwerf word nie, dit is nie die uitkoms van 'n proses nie, maar dit is 'n wesenlike deel van die lewensproses self. Dit is as lewensproses nie staties nie. Dit beskryf die kwaliteit van lewenskuns en lewensvaardighede. Dit beskryf 'n lewens- en reisverhaal en is nie die uitkoms óf eindbestemming van die verhaal nie. 'n Mens is nooit klaar met spiritualiteit nie. Nuutgevonde sin en betekenis word in elke nuwe situasie weer aangeveg en vanuit die kernverhaal van die lewe met die self onderhandel.

Dit gaan om nuut-geformuleerde vraagstukke. Dit handel met vrae aangaande betekenis en sinbelewing, soos byvoorbeeld: Het my eie lewe relevantheid? Watter betekenis kan ek aan die werksituasie koppel? Wat beteken my verhouding met myself, die familie, kollegas en wyer samelewing? Wat beteken dit om 'ek' te wees? Wat is die betekenis wat aan my dood geheg kan word? Waarom is dit van belang om toewyding te toon aan ander individue of tot iets spesifieks? Dit gaan om 'n krisis van betekenis. Zohar en Marshall (2000:20) wys daarop dat twee van die top tien oorsake van dood in die Westerse wêreld, naamlik selfmoord en alkoholisme, dikwels aan die krisis van betekenis gekoppel word.

Intelligensie bied moontlikhede rondom probleemoplossing. Vandaar die aanname dat spirituele intelligensie probleme van betekenis kan oplos, met die vermoë om die

uitkomst in die breë lewenskonteks van 'n ryker begrip te kan plaas. Viktor Frankl (1959:105) noem dit 'n “will to meaning:”

Man's search for meaning is the primary motivation in his life and not a 'secondary rationalization' of instinctual drives. This meaning is unique and specific in that it must and can be fulfilled by him alone; only then does it achieve a significance which will satisfy his own will to meaning.

'n Totaliteitsblik word vereis ten einde spirituele intelligensie te kan integreer. Daarom volg 'n oorhoofse bespreking van intelligensie en die verskeie sieninge daaromtrent.

4.4.1 Intelligensie

Sommige konsepte van intelligensie dateer uit die antieke Griekse wêreld. Ter inleiding en aansporing tot 'n verdere perspektief, word kortliks na die vroegste opmerkings aangaande intelligensie gekyk. Twee bronne is nuttig in die verband, naamlik Robert Sternberg se “Metaphors of mind” (1990:23-24) en Ken Richardson se “Understanding intelligence” (1991:4-5). Homer, een van die mees antieke Griekse skrywers, erken intelligensie as 'n entiteit en onderskei dit van ander vaardighede. In Odyssey, word Euryalus oor die vingers getik deur Ulysses, weens sy onbeholpenheid:

You are an insolent fellow – so true is it that the Gods do not grace all men alike in speech, person, and understanding. One man may be of weak presence, but heaven has adorned this with such a good conversation that he charms every one who sees him; his honeyed moderation carries his hearers with him so that he is leader in all assemblies of his fellows, and where ever he goes he is looked up to. Another may be as handsome as a God, but his good looks are not crowned with discretion. This is your case. No God could make a finer looking fellow than you are, but you are a fool (Sternberg 1990:23).

Plato het groot bydraes omtrent intelligensie in die vierde eeu voor Christus gemaak. Hy was van mening dat een aspek van intelligensie, die vermoë om te leer is. In die verband stel Socrates 'n vraag aan Glaucon:

When you spoke of a nature gifted or not gifted in any respect, did you mean to say that one man will acquire a thing easily, another with difficulty; a little learning will lead the one to discover a great deal; whereas the other, after much study and application, no sooner learns than he forgets (Sternberg 1990:24)?

Plato gebruik 'n interessante metafoer om sy omvattende siening oor intelligensie uit te brei. Hy stel die menslike verstand voor as 'n blok was. Hierdie blok was kan verskillende grotes in verskillende mense aanneem. Die blok was kan ook verskil in hardheid, sagtheid en suiwerheid. As die was suiwer, duidelik of helder genoeg is, sal die verstand maklik leer en onthou sonder om geneig te wees tot verwarring. Wanneer die was egter modderig of onsuiver, baie sag of baie hard is, sal defekte van die intellek teenwoordig wees. Diegene met sagte was sal goeie leerders wees, maar gou vergeet. Diegene met harde was sal stadig leer, maar goed onthou. Diegene wie se was as ruig, wollerig en lomp beskryf word, sal slegs onduidelike indrukke hê (Sternberg 1990:24; Richardson 1991:4-5).

Die presiese definiëring van intelligensie blyk, soos in die geval van spiritualiteit wollerig, onduidelik en moeilik te wees. Woorde soos 'slim,' 'dom' en 'intelligent' word in daaglikse spreektaalvorm gebruik. Wanneer 'n verduideliking egter vereis word, lei dit tot die besef dat dit nie so vanselfsprekend is as wat oënskynlik aanvaar is nie. Die gewone mens se kennis oor intelligensie is deurspek met valse aannames en halwe waarhede tot só 'n mate dat belangrike sielkundige konsepte selde tot volle wetenskaplike reg kom, aldus Louw en Edwards (2005:306), asook Sparrow en Knight (2006:13-24). In kort, 'n paar wanopvattinge:

- Intelligensie neem nie toe ná vyfjarige ouderdom nie;
- 'n Hoë intelligensiekwasiënt is 'n waarborg vir goeie prestasie;

- Individue met buitengewone hoë intelligensie is geneig om psigies versteurd te wees;
- Mans se intelligensie is hoër as dié van vrouens;
- Intelligensie word oorgeërf.

Hierdie stellings sou dalk deur die algemene bevolking as waar bestempel word, maar dit is nie korrek nie. Al die stellings is foutief. 'n Verdere foutiewe aanname is die veronderstelling dat intelligensie 'n spesifieke meting is van die vermoë om te leer (Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:359; Whitbourne 2007:175). Sonder om presies te weet wat 'n eie intelligensietelling behels, het volwassenes 'n vae herinnering aan etikette van 'gemiddeld,' 'bo-gemiddeld' en 'onder-gemiddeld.' Nog erger is die gebruik van intelligensietoetse om leerlinge in 'n 'stadige' lees- of wiskunde-groep te plaas.

Die onkunde aangaande intelligensie en die fasette daarvan word verstaan wanneer dit uit wetenskaplike literatuur blyk dat weinige eensgesindheid daarvoor bestaan (Sternberg 1990:33; Richardson 1991:1-4; Erber 2005:208; Louw & Edwards 2005:306; Whitbourne 2007:175). Ten einde 'n beter begrip van die verskillende tipes intelligensies daar te stel, is dit vervolgens noodsaaklik om 'n begrip vir beide die tradisionele, asook die alternatiewe siening rondom intelligensie te ontwikkel.

4.4.2 Tradisionele siening

Verstandelike aktiwiteite vereis intellektuele vermoëns. Intelligensie handel met verstandelike vermoë. Dit dui op die vermoë om kennis te verkry en toe te pas wat beide gebeurlik en aktueel is. Dit veronderstel ook intelligensie as 'n meetbare konstruk. Dit gaan om toetsing vir individuele verskille en is aanvanklik vir kinders en adolessente aangewend (Atchley & Barusch 2004:107; Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:362; Hayslip, Panek & Patrick 2007:55-56; Whitbourne 2007:175). Hierdie vorm van toetsing het 'n beduidende invloed op hoe volwassenes "continue to be sorted, left out, or included in educational, work, and even living situations" (Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:362). Die aanwending van die

psigometriese benadering tot intelligensie analiseer die tellings van intelligensietoetse (met behulp van 'n tegniek bekend as 'faktoranalise') om sodoende die struktuur van intelligensie te kan beskryf. Hierdie benadering poog om die vraag na intelligensie as 'n enkele vermoë of as veelvoudige faktore te beantwoord; met ander woorde, of intelligensie 'n enkele vermoë is en of dit eerder 'n eienskap is wat uit verskeie vermoëns saamgestel is. Met die gebruik van die psigometriese benadering, is daar twee primêre wyses waarop individuele verskille in intelligensie gekonseptualiseer word, naamlik algemene intelligensie (die "g"-faktor) en veelvoudige faktore (Louw & Edwards 2005:306; Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:362).

Die intelligensiekwosiënt-benadering (IK) is vroeg in die twintigste eeu deur Francis Galton ontwerp en is getoets deur die Stanford-Binet Intelligensieskale te gebruik (Sternberg 1990:79; Eysenck 1998:17-18; Erber 2005:218; Leaf 2005:4; Louw & Edwards 2005:316). Hierdie eerste intelligensietoets, die Stanford-Binet, is aanvanklik ontwerp om die verstandelike vermoëns van kinders te evalueer. Dit het egter geblyk dat hierdie toets nie 'n geskikte instrument vir die meting van volwasse intelligensie is nie, wat aanleiding gegee het tot die soeke na geskikte toetse en normatiewe standaarde vir ondersoeke na die prestasie van volwassenes op verskillende ouderdomme. Die uitkoms hiervan was die Wechsler Volwasse Intelligensieskaal (WAIS), wat deur David Wechsler in die 1930's ontwikkel is (Sternberg 1990:80-82; Erber 2005:223; Louw & Edwards 2005:314-318; Hayslip, Panek & Patrick 2007:56; Whitbourne 2007:176). Ander psigometriese toetse, wat ook vir volwasse intelligensiemeting ontwikkel is, is die Kaufman Adolescente en Volwasse Intelligensietoets (KAIT) en die Primêre Verstandelike Vermoëtoets (PMA) (Hayslip, Panek & Patrick 2007:56-57; Merriam, Caffarella & Baumgartner 2007:364-165; Whitbourne 2007:180-181).

Volwasse intelligensie word wyd nagevors, soos blyk uit die aantal toetse ontwikkel om volwasse intelligensie te meet. Die kern van die navorsing behels 'n vraag na die verlies of wins van intellektuele vermoëns by die toename in ouderdom. In die verband wys navorsing, wat vroeë en middelvolwassenheid betref, nie 'n afname nie, maar 'n toename gedurende die 30's en vroeë 40's, met stabiliteit tot die laat 50's en vroeë 60's (Atchley & Barusch 2004:107-108; Merriam, Caffarella & Baumgartner

2007:368-369). Die voorafgaande word onderstreep deur die opmerking van Merriam, Caffarella en Baumgartner (2007:369) dat “some intellectual functions, no matter what testing procedures are employed, seem to increase over the course of the years.” Die tradisionele siening, gegrond op die psigometriese tradisie, blyk steeds die fondament van paradigmas aangaande intelligensie te wees, waar die konsep van intelligensie as ’n meetbare konstruk beskou word.

Andrew Johnson (2006:40), Professor van Holistiese Opvoedkunde, verbonde aan die Minnesota State Universiteit, Mankato, is van mening dat die tradisionele psigometriese siening van leer en intelligensie juis dié een faktor is wat studente se besef omtrent hulle eie potensiaal beperk. Kritici van die tradisionele intelligensie-sieninge het alternatiewe beskouings voorgestel, wat gebaseer is op die veronderstelling dat intelligensie gedefinieer moet word in terme van kennis aangaande die wêreld en die vermoë om daarby aan te pas.

4.4.3 Alternatiewe sieninge

Vir diegene in die kader van alternatiewe sienswyses omtrent intelligensie in volwassenheid is dit van belang om die ‘werklike wêreld’ (“real-world”) en ‘daaglikse’ (“everyday”) intelligensie in ag te neem. Hiérvan teoretici beskou intelligensie as ’n kombinasie van biologiese, psigologiese, sosiale, kulturele, lewenservaringe en omgewingsfaktore. In stede daarvan om slegs op een of twee van hierdie perspektiewe te fokus, redeneer dié groep dat intelligensie uit veelvoudige domeine bestaan en dat interaksie tussen meer van die perspektiewe begryp moet word. Ek verwys hier spesifiek na die studies en navorsing van Howard Gardner en sy teorie van meervoudige intelligensies (1983; 1999); praktiese intelligensie, en later ook suksesvolle intelligensie, soos geïllustreer deur Robert Sternberg en sy kollegas (1986; 1990; 1997; 2003); emosionele intelligensie beskryf deur Daniel Goleman (1995) en spirituele intelligensie soos voorgestel deur Danah Zohar en Ian Marshall (2000; 2004; 2005). Uitgebreide sieninge omtrent intelligensie beskryf individue as nie meer intelligent of minder intelligent nie, maar as “intelligent in different ways” (Johnson 2006:41).

Tennant en Pogson (1995) bied redes waarom hierdie uitdagings rondom intelligensie vir so lank oor die hoof gesien is, veral deur geleerdes in die Westerse kulture. Hulle beweer dat “historically, Western culture has taken a lower view of manual work than of cognitive activity” (Tennant & Pogson 1995:37). Dit het aanleiding gegee tot “the exaltation of the theoretical or contemplative over the practical” (Tennant & Pogson 1995:39). Hulle noem spesifiek dat kenmerke van verbale, abstrakte en komplekse denke van meer waarde gereken word as beide konkrete en sensuele gedagtes of die aktiewe gebruik van kennis.

In die bespreking van alternatiewe sienswyses rondom intelligensie is die fokus slegs op Gardner se teorie van meervoudige intelligensie (waar “multiple intelligences” as MI afgekort word) en Daniel Goleman se emosionele intelligensie (EI). Die rede hiervoor is dat in gedagte gehou moet word dat die skopus vir dié betrokke navorsingswerk, spirituele intelligensie behels met die veronderstelde aanname van Zohar (2005:46) dat spirituele intelligensie beide die intelligensiekwosiënt (IK) en emosionele intelligensie (EI) ondervang en die nodige fondasie vir effektiewe funksionering bied (Zohar & Marshall 2000:4). Die agtergrond tot Gardner se teorie is van belang vir latere gesprekvoering in paragraaf 4.4.4 in die ‘intelligente’ debat.

❖ **Howard Gardner se teorie van meervoudige intelligensie**

Howard Gardner se boek, “Frames of mind” (1983), was instrumenteel tot veranderende denke omtrent intelligensie in breër terme. Hy definieer intelligensie as “the ability to solve problems, or to create products, that are valued within one or more cultural settings” (Gardner 1983:x). ’n Verskeidenheid vermoëns is geïdentifiseer en gegroepeer, wat ‘intelligensies’ genoem is. Gardner het aanvanklik sewe verskillende soorte intelligensie geïdentifiseer met ’n agtste, wat hy in die mid-1990’s bygevoeg het. Hy wys daarop dat al agt intelligensies teenwoordig kan wees in enige aktiwiteit, maar binne ’n bepaalde kultuur kan sekere van die intelligensies hoogs ontwikkelde wees betreffende spesifieke beroepe of areas van funksionering (Gardner 1999:82-83). Dus bepaal die betrokke kultuur waarin ’n persoon grootword grootliks welke soorte intelligensie meer sal ontwikkel. Die agt geïdentifiseerde intelligensies, soos

getabuleer in tabel 4.1, is saamgestel uit Gardner (1983:277-279; 1999:41-44) asook Erber (2005:209); Louw en Edwards (2005:311) en Johnson (2006:42):

Tabel 4.1: Die agt intelligensies van Gardner

<p>Linguistiese intelligensie is die vermoë om deur middel van woorde, taal, hetsy geskrewe of gesproke taal, te kommunikeer. Voorbeelde: letter- en taalkundiges, skrywers, regsgeleerdes, politici, joernaliste en professore.</p>
<p>Logies-wiskundige intelligensie is die vermoë om op 'n logiese en analitiese wyse probleme op te los, patrone in nommers te sien en nommers effektief te gebruik. Dit handel ook oor redenasievermoë. Voorbeelde: natuurwetenskaplikes, filosowe, wiskundiges, statici, rekenaarprogrammeerders en speurders.</p>
<p>Ruimtelike intelligensie is die vermoë om die ligging, vorm, grootte en oriëntasie van voorwerpe in die gedagte te manipuleer en akkuraat te beoordeel. Voorbeelde: argitekte, kunstenaars, navigators, jagters en skrynwerkers.</p>
<p>Musikale intelligensie is die vermoë om musiek te evalueer, te analiseer en te komponeer, of 'n musiekinstrument te bespeel. Gebruik musiek om 'n idee oor te dra. Voorbeelde: musici, komponiste en musikale tegnisië.</p>
<p>Liggaams-kinestetiese intelligensie is die vermoë om liggaamsbewegings te beheer. Voorbeelde: sportmense, dansers en akteurs.</p>
<p>Interpersoonlike intelligensie is die mate van begrip en sensitiwiteit wat persone in verhoudings ten opsigte van ander handhaaf. Dit sluit in 'n bewustheid van ander se temperamente, buie en motiverings. Voorbeelde: dominees, beraders, onderwysers, afrigters, medekollegas en ouers.</p>
<p>Intrapersoonlike intelligensie is die mate waartoe kennis van die self en eie gedrag verstaan word. Dit handel oor toegang tot die eie innerlike lewe, kennis van sterkpunte en beperkinge. Voorbeelde: religieuse leiers, sielkundiges, psigiaters, skrywers en filosowe.</p>

Naturalistiese intelligensie is die vermoë om lewende dinge, soos plante en diere, te herken en te klassifiseer. Toon ook 'n sensitiwiteit vir ander verskynsels van die natuurlike wêreld soos klippe en wolke. Voorbeelde: boere, omgewingskundiges, jagters en natuurwetenskaplikes.

Gardner (1983:277-279; 1999:41-44), Louw en Edward (2005:311-312), en Merriam, Caffarella en Baumgartner (2007:374-375) maak 'n aantal beweringe omtrent die agt tipes intelligensie. Eerstens, hoewel die verskillende tipes intelligensie onafhanklik van mekaar funksioneer, vind daar interaksie tussen die tipes plaas. In die tweede plek beskik elke 'normale' persoon oor 'n mate van elkeen van die soorte intelligensies. Weens oorerwing of opleiding (of 'n kombinasie van beide) sal sekere van die reeds genoemde soorte intelligensies in 'n meerdere of mindere mate by 'n individu aanwesig wees. Derdens, die eerste drie tipes intelligensie (linguistiese, logies-wiskundige en ruimtelike intelligensie), waarna in tabel 4.1 verwys is, word deur tradisionele intelligensietoetse geëvalueer. Die oorblywende vyf soorte intelligensie-tipes is ewe belangrik, maar word afgeskeep. Ek wil saam met Louw en Edwards (2005:312) stem dat Gardner se teorie 'n eklektiese kleur toon en moontlik meer omvattend as die tradisionele sieninge is.

❖ **Emosionele intelligensie van Daniel Goleman**

Die term emosionele intelligensie het amper 'n huishoudelike woord geword danksy die publisering van Goleman se populêre boek: "Emotional intelligence" (1995). Emosionele intelligensie is 'n tipe sosiale intelligensie, verwant aan intrapersoonlike en interpersoonlike intelligensies, soos voorgestel deur Gardner (Goleman 1995:39). Die skrywer beweer dat daar twee fundamenteel verskillende "ways of knowing" is, en dit behels die rasonele en die emosionele (Goleman 1995:8). Interaksie tussen die twee konstrueer die verstandelike lewe en is die meeste van die tyd verstrengel "exquisitely coordinated; feelings are essential to thought, thought to feeling" (Goleman 1995:9). Goleman is oortuig dat emosionele intelligensie dié major bepaler van sukses in die lewe is. Sy model van emosionele intelligensie sluit vermoëns in, wat in vyf dimensies gekategoriseer kan word. Tabel 4.2 is saamgestel uit Goleman (1995:43-44), Robbins (2001:109) en Johnson (2006:43-44) en tabuleer die vyf dimensies van emosionele intelligensie as volg:

Tabel 4.2: Emosionele intelligensie in vyf dimensies

Dimensie	Beskrywing
Selfbewustheid	Die vermoë om jouself waar te neem en gevoelens te herken. Weet wat jy voel (intrapersoonlike intelligensie).
Bestuur van emosies	Die vermoë om eie emosies en impulse te bestuur. Hantering van emosies op 'n geskikte wyse; verstaan die oorsprong van emosies. Vind wyses om negatiewe emosies te hanteer (vrese, angs, woede en hartseer).
Selfmotivering	Die vermoë om aan te hou ten spyte van terugslae en mislukkings. Kanaliseer emosies in diens van 'n doelwit; die vermoë om bevrediging uit te stel ten einde 'n groter doel te bereik.
Empatie	Sensitiwiteit teenoor ander se gevoelens en besorgdhede; die vermoë om ander se perspektiewe te respekteer en waardering te hê vir individuele verskille ten opsigte van gevoelens en dade.
Sosiale vaardighede	Die vermoë om die emosies van ander te hanteer; sosiale bevoegdheid en sosiale vaardighede (interpersoonlike intelligensie).

Sparrow en Knight (2006) gebruik Goleman se konsep van emosionele intelligensie om die belangrikheid van houdings in die ontwikkeling van emosionele intelligensie te beklemtoon. Dié skrywers handhaaf die siening dat emosionele intelligensie 'n karakterisering van die gebruikelike stand of houding jeens die self en die wêreld behels, wat grootliks deur eie houdings bepaal word met die gevolg dat dit volkome veranderbaar en ontwikkelbaar is (Sparrow & Knight 2006:xiii). In aansluiting hierby merk Wall (2007:2) dat emosionele intelligensie vloeibaar is met konstante groei en ontwikkeling en met ouderdomstoename voortduur. Lewenservaring vorm persepsies van die self, persoonlike dissipline en karakter en die hantering van interpersoonlike aspekte.

4.4.4 Die 'intelligente' debat

Emmons (2000a) vra tereg: Is spiritualiteit 'n vorm van intelligensie? Hy beredeneer die saak vanuit die domein van die psigologie van godsdienst en spiritualiteit. Verskeie betekenisse word met die begrippe spiritualiteit en religieusiteit (soos gesien in paragraaf 4.2.1), in verband gebring wat tans die fokus van teoretiese en empiriese toetsing is. 'n Konsep, wat moontlik oor die potensiaal beskik om die verskeie literature te verenig, sal 'n belangrike integrerende funksie dien. Dit blyk uit die beredenering van Emmons (2000a:4) dat spirituele intelligensie dalk só 'n integrerende konsep mag wees.

Emmons (2000a:3-4) sê sy motiveringsrede vir die skryf van die artikel is om gesprek en debat uit te lok aangaande die egtheid van spirituele intelligensie as konsep, asook in gesprektrading oor die samestelling van spirituele intelligensie en die implikasie daarvan vir die psigologie en religie. Drie kommentatore (Gardner 2000; Mayer 2000; Kwilecki 2000) het verliggende en uitdagende response gelewer, met insig en kritiek wat onduidelikhede verhelder het.

Emmons (2000a) evalueer spiritualiteit as 'n stel interverwante kapasiteite, vaardighede en vermoëns, wat individue tot probleemoplossing en doelwitbereiking in die daaglikse lewe in staat stel. Vyf komponente van spirituele intelligensie word geïdentifiseer:

- Kapasiteit vir die transendentale;
- Vermoë om 'n verhoogde spirituele staat van bewustheid te betree;
- Die vermoë om daaglikse aktiwiteit en verhoudings met 'n sin van heiligheid te klee;
- Die vermoë om spirituele hulpbronne vir probleemoplossing aan te wend; en
- Die vermoë om deugsame gedrag te toon (vergewensgesindheid, dankbaarheid, nederigheid, meegevoel).

Emmons (2000a) verkies die teorie van Gardner oor meervoudige intelligensie om drie primêre redes: a) die gewildheid en familiariteit daarvan onder sielkundiges, opvoedkundiges en leke; b) die omvattende stel kriteria wat aangewend word in die evaluering van 'n kandidaat se intelligensie; en c) deur navorsing het Gardner die meriete van spiritualiteit as 'n intelligensie bevestig.

Om te bepaal watter bevoegdhede en vermoëns kwalifiseer as 'n intelligensie, het Gardner (1999:35-41) die volgende agt kriteria daargestel:

- 'n Identifiseerbare kernwerking of stel werkinge;
- 'n Evolusionêre geskiedenis en evolusionêre aanneemlikheid;
- 'n Karakteristieke patroon van ontwikkeling;
- Potensiële isolasie deur breinbesering;
- Die bestaan van onderskeiding deur die buitengewone teenwoordigheid of afwesigheid van die vermoë;
- Vatbaarheid vir kodering in 'n simboolstelsel;
- Ondersteuning van eksperimentele psigologiese ondersoeke;
- Ondersteuning van psigometriese bevindinge.

Emmons (2000a:8) stel dit duidelik dat die lys van intelligensies onderhandelbaar is, maar nie die agt kriteria nie: "For a human capacity to be considered an intelligence in the MI framework, it must satisfy the majority of the criteria."

Op die vraag of spiritualiteit aan Gardner (1993) se kriteria voldoen, stel Emmons (2000a:9) dit dat spiritualiteit 'n enorme ryk en diverse konstruk is "that defies easy definition, simple measurement, or easy identification in the life of another person." Emmons (2000a) is van mening dat spiritualiteit wel aan die kriteria vir 'n intelligensie, soos deur Gardner se teorie van meervoudige intelligensies veronderstel, voldoen.

Die drie kommentatore se reaksie op Emmons se vraag is uiteenlopend van aard. Gardner het definitief negatief gereageer, terwyl Kwilecki, 'n teenstellende reaksie toon en saam met Emmons stem. Daarteenoor reageer Mayer met onsekerheid

(Emmons 2000b). Na die kommentaar het Emmons die vyf kernvermoëns aangepas deur die vyfde vermoë weg te laat. Gegewe die veeldimensionaliteit van spiritualiteit word alle moontlike teoretiese gereedskap benodig omrede een enkele benadering inherent beperkend is.

Mayer (2000) verskil van Emmons (2000) ten opsigte van spiritualiteit en intelligensie. Sy denke rondom spiritualiteit behels 'n mindere fokus op intelligensie, maar eerder 'n verhoogde spirituele bewustheid. Die idee van spirituele bewustheid ontspring van die moontlike strukturering van bewustheid deur meditasie, kontemplasie en ander, ten einde te fokus op eenheid, bereiking van 'n transendentale staat en uiterste sorg.

Gardner (2000) het Emmons (2000a; 2000b) se bewyse rakende spirituele intelligensie oorweeg, maar tot die gevolgtrekking gekom dat dié tipe intelligensie problematies van aard is: "We read the data somewhat differently, and my criteria for an intelligence are less flexible than his" (Gardner 2000:33). In die proses is hy egter oortuig dat daar wel moontlik 'n eksistensiële intelligensie mag wees. Die rede daarvoor aangevoer is dat eksistensiële intelligensie, in die lig van die agt kriteria, kwalifiseer (Gardner 2000:29). Sy versigtigheid om 'n negende vermoë of eksistensiële intelligensie te proklameer "derives chiefly from the lack of convincing evidence about brain structures and processes dedicated to his form of computation" (Gardner 2000:30).

Kwilecki (2000) pas spirituele intelligensie, soos deur Emmons (2000a) veronderstel, toe in die lewensraamwerk van 'n enkele individu, Gladys Day. Emmons (2000b) ervaar die uitkoms hiervan verblydend, sienende dat die kernkomponente van spirituele intelligensie wel in die lewe van die betrokke individu identifiseerbaar was.

Met die voorafgaande in gedagte het Edwards (2003:51-52) tot die intelligente debat toegetree en kom hy tot die gevolgtrekking dat drie vrae rondom spirituele intelligensie beantwoord moet word voordat oorentoesiasme aangaande die konsep seëvier:

- Is spirituele intelligensie waarlik outonoom ten opsigte van ander intelligensies?
- Impliseer die gebruik van spiritualiteit tot probleemoplossing dat sekere probleme spesifiek as spiritueel onderskei kan word?
- Kan “spiritual knowing” onderskei word van kennis omtrent spiritualiteit?

Die eerste vraag kan moontlik met empiriese navorsing en die tweede en derde met konseptuele analise beantwoord word. Positiewe antwoorde kan 'n oortuigende basis vir die konsep, spirituele intelligensie, bied.

4.4.5 Spirituele intelligensie as transformerende en integrerende paradigma

Zohar en Marshall (2000:5) maak die aanname dat nie intelligensiekwasiënt of emosionele intelligensie apart, of in kombinasie, genoeg is om die volle kompleksiteit van menslike intelligensie te verduidelik nie. Diéselfde twee skrywers (Zohar & Marshall 2004:99-101) beskou spirituele intelligensie as die paradigmaskeppende (“paradigm-making”) en die paradigmaprekkende (“paradigm-breaking”) intelligensie. Intelligensiekwasiënt word beskryf as 'n formele intelligensie, wat die manipulasie en gebruik van reëls behels, en emosionele intelligensie word beskou as 'n aanpassende intelligensie, met geskikte aangepaste gedrag dienooreenkomstig die situasie vereis. Spirituele intelligensie word as 'n transformerende intelligensie gesien “that allows us to break old paradigms and to invent new ones. From its ability to recontextualize problems and situations and to see them from a wider point of view” (Zohar & Marshall 2004:100). Spirituele intelligensie beskik oor die vermoë om ou patrone en ou maniere van dink te transformeer. Elke individu beskik in 'n mindere of meerdere mate oor al drie tipes intelligensie. Die drie tipes intelligensie word in tabel 4.3 getabuleer en inligting is aangepas uit Zohar en Marshall (2004:6) en Zohar (2005:47).

Tabel 4.3: Drie tipes intelligensie

Intelligensie	Funksie
IK: Rasionele intelligensie	Wat ek dink
EI: Emosionele intelligensie	Wat ek voel
SI: Spirituele intelligensie	Wat ek is

Zohar en Marshall (2004:111-112) redeneer dat hoewel intelligensiekwosiënt relatief stabiel oor die lewensloop bly, kan emosionele intelligensie aangeleer en verbeter word, terwyl spirituele intelligensie verbeter of herleer kan word. Menslike wesens word gebore met die potensiaal vir 'n hoë spirituele intelligensie, maar “spiritually dumb culture and educational system, and our often spiritually deadening work patterns and pressures, reduce our capacity to practice our SQ” (Zohar & Marshall 2004:112). Twaalf transformerende benaderinge word geïdentifiseer (Zohar & Marshall 2004:118-160; Zohar 2005:47-50) en in tabel 4.4 opgesom:

Tabel 4.4: Die twaalf beginsels van spirituele intelligensie

Beginself	Betekenis
Selfbewustheid	Kennis van eie geloof, waardesisteen en motiveringsaksie.
Spontaneïteit	Die vermoë om in die oomblik te leef en responsief daarteenoor te wees.
Visie- en waarde-oriëntasie	Optrede geskied vanuit beginsels en oortuigings, en leef daarvolgens.
Holisme	Die vermoë om groter patrone, verhoudings en verbintenisse in te sien met 'n sterk sin van 'behoort.'
Medelye	'n Kwaliteit van 'meegevoel met' en diep empatie. Die basis vir universele simpatie.
Viering van diversiteit	Waardeer ander mense en onbekende situasies vir hulle verskille.
Veld-onafhanklikheid	Die vermoë om jouself te handhaaf en eie oortuigings te behou.

Fundamentele vraagstelling	Vra waarom en hoekom vrae. Die behoefte om dinge werklik te verstaan.
Herbedink ("Reframe")	Die vermoë om terug te kan staan van 'n probleem of situasie en die groter prentjie en wyer konteks te kan insien.
Konstruktiewe gebruik van teëspoed	Die vermoë om uit foute te leer, om probleme as geleenthede te sien. Veerkragtigheid.
Nederigheid	Bewus wees van jouself as 'n speler in 'n groter drama, ware plek in die wêreld. Basis vir selfkritiek en oordeel.
Roepingsbewustheid	Geroepenheid. Dankbaarheid teenoor diegene wat oor die lewenspad behulpsaamheid getoon het. Wens om iets te kan teruggee.

In die verbouing en beoefening van hierdie kwaliteite en transformasieprosesse is die vermoë teenwoordig om die hele brein te gebruik, die vermoë om die diepste betekenis en doel uit te leef en die vermoë om 'n eie lewe te transformeer (Zohar & Marshall 2004:119). Dié beginsels is ontleen aan kwaliteite, wat die komplekse aanpassende stelsels definieer. In biologie is komplekse aanpassende stelsels lewendig, insluitend die mens, wat orde uit 'chaos' skep (Zohar & Marshall 2004:11-12; Zohar 2005:47). In 'n komplekse aanpassende stelsel heers beide orde en kompleksiteit. 'n Komplekse aanpassende stelsel bestaan uit 'n groep dinamiese, veranderende en interaktiewe heterogene agente. Die denkende stelsels in 'n menslike organisme vorm 'n komplekse aanpassende stelsel, waar nuwe inligting voortdurend aangepas word ten einde 'n passing deur selforganisering en/of mede-ontwikkeling teweeg te bring (Yick 2004:174-175).

Zohar en Marshall (2000:11-12) meen spirituele intelligensie is 'n moeilike konsep vir akademië omrede bestaande wetenskappe nie bevoeg is om dinge, wat nie objektief gemeet kan word, te bestudeer nie. Hulle is egter van mening dat spirituele intelligensie wel bestaan as gevolg van wetenskaplike bewyse in neurologiese, psigologiese en antropologiese studies betreffende denkende en linguistiese prosesse. Neurologiese studies dui op die bestaan van 'n "God spot" in die brein (Peterson 2003:99). Hierdie ingeboude spirituele sentrum is tussen neurale konneksies in die temporale lobbe van die brein geleë, wat menslike wesens in staat

HOOFSTUK 4 - Spirituele intelligensie as transformerende en integrerende paradigma

stel om 'n sin vir die heilige en 'n verlange na dieper dinge in die lewe te ervaar (Peterson 2003:99; Zohar & Marshall 2004:11).

Spirituele intelligensie gaan om met eksistensiële vrae en probleme. Spirituele intelligensie is die intelligensie wat aangewend kan word om sinvolle antwoorde op lewensvraagstukke te verkry:

We have a longing to see our lives in some larger, meaning-giving context, whether this is the family, the community, a football club, our life's work, our religious framework or the universe itself (Zohar & Marshall 2000:4).

Spirituele intelligensie kan dien as 'n kompas in 'n deurmekaar gemoed met teisterende, herevaluerende vrae rondom die self en die soeke na betekenis en sinbeleving in 'n groter konteks van die letterlike, sowel as figuurlike verstaan.

4.5 FINALE – 'n GEÏNTEGREERDE GEHEEL

In die skep van die libretto word die derde domein, naamlik spiritualiteit as gespreksgenoot in die vierde bedryf van die veronderstelde interdisiplinêre gesprek voorgestel. Die epistemologiese en metodologiese ontwikkeling van 'n breë en interdisiplinêre gesprek is steeds die tuisadres waar verskeie stemme in die gestalte van verskillende domeine saamgesels, ten einde 'n geïntegreerde geheel daar te stel.

Die belangstelling in die fenomenologie van spiritualiteit dek tans verskeie velde met geen tekortkoming aan definisies en verklarings nie. Elke domein poog om spiritualiteit op 'n eiesoortige wyse te definieer, wat presiese definiëring bemoeilik. Die studie het nie die stel van een werkbare definisie ten doel nie, maar dui op die breë trekke, perspektiewe of dimensies waarop spiritualiteit deur navorsers en skrywers beskryf word. Elk hiervan fokus op 'n faset van spiritualiteit, wat 'n aanduiding is dat dit as 'n multidimensionele verskynsel beskou kan word.

Die interverwantskap tussen spiritualiteit en religieusiteit is 'n kwessie wat nie geïgnoreer kan word nie. Weens die tweeledige wyse waarop die literatuur met spiritualiteit en religieusiteit omgaan, is dit eerstens in samehang tot 'n geheelkonsep gebruik, en tweedens is die twee terme teenoor mekaar gestel in 'n poging tot onderskeibare definiëring van beide begrippe. Die mees opvallende polarisasies is in oënskou geneem, naamlik:

- Substantiewe religie versus funksionele spiritualiteit;
- Statiese religie versus dinamiese spiritualiteit;
- Institusionele objektiewe religie versus persoonlike subjektiewe spiritualiteit;
- Geloof-gebaseerde religie versus emosioneel/eksperimenteel-gebaseerde spiritualiteit; en
- Negatiewe religie versus positiewe spiritualiteit.

Opsommenderwys kan dit gestel word dat die konstrakte van religieusiteit en spiritualiteit in algemene gebruik wel oorvleuel, maar dat daar ook 'n beduidende betekenisverskil teenwoordig is. Navorsing deur Mitroff en Denton omtrent begripsverskille tussen religieusiteit en spiritualiteit wat in 1999 en tien jaar later, in 2009 uitgevoer is, toon ooreenkomste ten opsigte van definisies en gevoelens uitgedruk. Bevindinge het daarop gedui dat godsdiens/religie primêr as 'n dogmatiese en institusionele fenomeen beskou word, met spiritualiteit as 'n individuele verskynsel. Godsdiens/religie word in 'n negatiewe lig beskou as dogmaties en onverdraagsaam teenoor 'n positiewe ingesteldheid jeens spiritualiteit wat as oop en verdraagsaam bestempel word.

Spiritualiteit in die werkplek geniet wye korporatiewe belangstelling. Dit behels 'n wêreldwye beweging waarin die klem verskuif na werk as betekenis- en sinvol. Verskeie faktore is bespreek, wat tans die belangstelling in werkplekspiritualiteit beïnvloed. Volgens die werk van Biberman en Whitty (1997) is die fokus 'n spirituele paradigma as nuwe ontluikende paradigma waar verskeie ontwikkelinge rondom die verstaan van die werkplek geïnkorporeer word.

Werkplekspiritualiteit veronderstel 'n bepaalde beskouing rakende die “werkende” mens. As deel van 'n “postfoundational” praktiese teologie is dit nodig om verskillende kontekste te verreken. 'n Oriëntasie ten opsigte van die kontekstuele begrip van die mens binne sistemiese verband kan hierin bevestig word. Dit toon dat die wêreld van werk ook 'n bepaalde antropologie veronderstel en dat die verdiskontering hiervan 'n hermeneutiese probleem behels. Individue verkies om die hele self na die werkplek te bring, wat die aanvanklike siening rakende 'n dualistiese skeiding tussen liggaam en siel problematies maak. Daarom word 'n vernuwende pastorale antropologie beklemtoon, wat 'n belangrike rol kan speel as dit verstaan word as 'n nuwe kartering van 'n teologiese antropologie, waarin die mens as 'n “beliggaamde siel en 'n besielde liggaam” binne die konteks van werk verstaan word (Van den Berg 2010:110).

Praktiese teologie kan binne die paradigma van sosiale vergestaltung verstaan word, wat gerigtheid op die samelewing toon en in terme van die verryking en sinduiding van die lewe as sodanig, 'n bydrae lewer (Cilliers 2009:629; 634-635). Spiritualiteit toon aksente van lewenskuns en lewensvaardigheid, wat intens rekening hou met die teenwoordigheid van God. Die pastoraat het die fasilitering van betekenis en sinbeleving ten doel, ten einde eksistensiële vraagstukke te kan beantwoord.

Die soeke na betekenis en sinbeleving kan moontlik met spirituele intelligensie in verband gebring word. Die rede hiervoor is dat spiritualiteit as 'n tipe intelligensie beskryf en begryp word. Intelligensie bied moontlikhede rondom probleemoplossing. Vandaar die veronderstelling dat spirituele intelligensie probleme van betekenis kan oplos, met die vermoë om die uitkomst in die breë lewenskonteks van 'n ryker begrip te plaas.

Ten einde tot 'n begrip van intelligensie te kom is beide die tradisionele, sowel as die alternatiewe sieninge rondom intelligensie ontwikkel. In die bespreking van die alternatiewe sienswyses rondom intelligensie is gefokus op Gardner se teorie van meervoudige intelligensie en Goleman se emosionele intelligensie. Die skopus vir dié studie behels spirituele intelligensie, met die veronderstelde aanname dat dit beide die

intelligensiekwasiënt en emosionele intelligensie ondervang en daarom die bespreking van alternatiewe sieninge rakende intelligensie regverdig. In die 'intelligente debat' is navorsing verder gestimuleer in 'n poging om die vraag te beantwoord aangaande spiritualiteit as 'n moontlike intelligensie.

Twaalf benaderings is geïdentifiseer, wat spirituele intelligensie onderskei, naamlik selfbewustheid (dit verskil van emosionele intelligensie), spontaniteit, visie en waarde oriëntasie, holisme, medelye, viering van diversiteit, veld-onafhanklikheid, fundamentele vraagstelling, vermoë om te herbedink, konstruktiewe gebruik van diversiteit, nederigheid, en roepingsbewustheid. In die beoefening van hierdie kwaliteite, is die vermoë geleë om die hele brein te gebruik, die vermoë om die diepste betekenis en doel uit te leef, asook die vermoë om 'n eie lewe te transformeer.

Op die vraag wat in hoofstuk 1 in die afdeling, domeine in gesprek, gestel is oor die moontlikheid of spirituele intelligensie tot die sin en betekenisvolle ervaring van die middelloopbaanfase kan bydra, kan voorlopig instemmend geantwoord word. Die vraag sal met die bevindinge van hoofstuk 5 moontlik volledig bevestigend geantwoord kan word.

Die vyfde bedryf handel met die vraag of lewenstylafrigting as 'n fasiliteringsproses 'n moontlike bydrae kan lewer tot betekenis en sinbelewing. Die veld van afrigting word beskou as jonk en multidissiplinêr van aard. Daarom word dit beskryf as 'n ontluikende dissipline, waar afrigtingspesifieke teorie en bewysgebaseerde praktyk 'n uitdaging aan akademië, navorsers en praktisyns bied. Lewenstylafrigting is 'n interaktiewe proses, wat 'n wye verskeidenheid vaardighede en tegnieke aanwend om die kliënt tot leer en ontwikkeling aan te spoor, met die oog op persoonlike groei en sinbelewing. Vervolgens tree die vierde gespreksgenoot, lewenstylafrigting, tot die interdissiplinêre gesprek toe.

HOOFSTUK 5

DIE VYFDE BEDRYF: LEWENSTYLAFRIGTING

5.1 DIE AANVANG

Kliënt: Ek is nie juis meer gelukkig met my werk nie. Ek is op 'n groot en lang afdraande pad.

Afrigter: Wat beteken - nie juis meer gelukkig nie?

Kliënt: Ek is verveeld en dit voel nie vir my asof my werk 'n verskil maak nie. Dit is slegs roetine én roetine.

Afrigter: Kom ons begin met 'verveeld.' Dit is wat jy nie wil beleef nie. Wat wil jy graag hê?

Kliënt: Ek wil graag soggens wakker word met opgewondenheid oor die dag. Ek wil graag meer kreatief wees. Ek mis die energie van stimulerende en uitdagende werk.

Afrigter: Wat nog?

Kliënt: Ek wil graag voel of my talente gebruik word en my werk van betekenis is – dat ek 'n waardevolle bydrae lewer.

Afrigter: Hoe dink jy is dit tans moontlik om dit wel in jou werk te laat gebeur?

Kliënt: Ek is nie seker nie. Ek moet erken, ek het nog nooit voorheen daaraan as 'n moontlikheid gedink nie.

Afrigter: Kom ons probeer. Wat dink jy is moontlik?

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n gesprek wat tydens die lewenstylafrigtingsproses plaasgevind het, en verskaf die nodige agtergrond vir die betrokke bedryf. Die voortsetting van lewensverbetering, persoonlike ontwikkeling en die ontginning van betekenis het aanvanklik by die vroeë Griekse samelewing begin. Dit word weerspieël in Socrates se bekende aanhaling: "The unexamined life is not worth living" (Williams & Menendez 2007:xv).

Sedertdien is verskeie wyses ontwikkel om van hulp te wees in die ondersoek na die menslike lewe. Sommige modelle en tegnieke is nuttig en is gewortel in

bewysgebaseerde teorie, teenoor ander hulpverleningsgebruike wat as vinnige, nuttelose samevoegings beskou word. Tans, soos ook in die antieke Griekse tye, beleef die mens steeds 'n intense begeerte na persoonlike betekenis en sinbeleving. Die agtergrondinkleding van hierdie hoofstuk is eie aan dié betrokke bedryf. 'n Opstapelning van bronne dien ter staving van al die gegewe feite in 'n bepaalde paragraaf.

Afrigting word beskou as 'n multidissiplinêre benadering bestaande uit verskeie teorieë en die aanwending van toegepaste gedragsveranderinge. Vanweë die siening dat afrigting 'n nuwe fenomenologie is, word in die eerste gedeelte van hoofstuk 5 verduidelik wat afrigting behels, die moeilike saak rondom afrigting as profesie wat tans 'n vurige debat wêreldwyd ontketen, word bespreek, en die passing van afrigting met ander dissiplines, verskillende teoretiese benaderinge asook die toepassing daarvan in verskeie kontekste, word ondersoek. Lewenstylafrigting word in die tweede gedeelte van die hoofstuk belig, met literatuurverwysing asook praktiese toepassing in die aanbod van verskeie hulpmiddels.

Die literatuur rapporteer die groei van 'n opkomende 'afrigtingsbedryf' in verskeie lande oor die wêreld, met die verwagting van verdere vinnige uitbreiding (Hamlin, Ellinger & Beattie 2009:13). Volgens sommige kommentatore het afrigting die afgelope dekade wêreldwyd 'n oplewing getoon (Naughton 2002:26). Definiëring van die totale afrigtingsveld raak moeiliker weens die vinnige groei van die profesie en toenemende verbreding en variasie in die proses. Die belangstelling in afrigting lei tot honderde nuwe publikasies en ontwikkelingsprogramme, asook die vermenigvuldiging van opleidingskole en organisasies in die veld (Dembkowski, Eldridge & Hunter 2006:13; Grant 2006a:15-16; Spence 2007:256; De Haan 2008:21; Lane, Stelter & Rostron 2010:257). Die gebruik van afrigting in die werkplek of organisatoriese instellings, ten einde prestasieverbetering en uitvoerende ontwikkeling te verhoog, het in gewildheid toegeneem. 'n Bewys hiervan is die aantal gepubliseerde artikels aangaande besigheidsliteratuur wat sedert 1996 toegeneem het. Tussen 1955 en Desember 2005, is 'n totaal van 393 artikels gepubliseer, waarvan 318 sedert 1996 gepubliseer is (Grant 2006b:368). Die vinnige groei van afrigting as domein is 'n

aanduiding van die fundamentele behoefte om mense se lewens en werk meer betekenisvol, gebalanseerd en holisties te maak (Orem, Binkert & Clancy 2007:xv).

Verskeie redes word aangevoer vir dié verskynsel. Sosiale, kulturele, organisatoriese en ekonomiese faktore is onderliggend aan die groeiende afrigtingsbedryf wêreldwyd. De Haan (2008:24) merk in die verband: “We live in unusual times, where we are perhaps both the most actively learning generation and the one most resistant to learning.” Die volgende langtermyn tendense toon ’n verband met afrigting:

➤ **Verhoogde rykdom in die Ontwikkelde Wêreld**

Verhoogde inkomste in die Eerste Wêreld maak selfondersoek en potensiaal-ontwikkeling bekostigbaar (Dembkowski, Eldridge & Hunter 2006:14).

➤ **Globalisering**

Moderne telekommunikasietegnologie stel ‘wêreldburgers’ in staat om privaat en ekonomies wêreldwyd met mekaar in verbinding te wees, ongeag kulturele en sosiale verskille (De Haan 2008:24). Hierdie blootstelling aan oorweldigende hoeveelheid invloed lei tot verhoogde verandering en verantwoordelikheid (De Haan 2008:24).

➤ **Die uitoefening van keuses**

Daar is toenemende druk om opinies te vorm en besluite te neem aangaande eksistensiële vraagstukke, waar keuses verreikende gevolge meebring (De Haan 2008:24).

➤ **Afname in tradisionele godsdienste**

Tradisionele ‘spirituele sorg’ is onder druk geplaas weens die ontwikkeling van moderne alternatiewe soos terapie, berading en afrigting. Ondersteuning en leiding word buite godsdienste gevind omrede individue ’n keuse kan uitoefen (Dembkowski, Eldridge & Hunter 2006:15; De Haan 2008:24).

➤ **Toenemende kompleksiteit van die werkende lewe**

Die tradisionele werkskonteks is onder druk omrede die werksverhouding in die Westerse wêreld radikaal verander het. Dit het gelei tot meegaande veranderende houdings jeens werk. Die grense van werk is minder duidelik definieerbaar, met werkskeuse as vrye persoonlike keuse en 'n toenemende oorvleueling van private belangstelling en aktiwiteite (Crane 2002:17-18; Dembkowski, Eldridge & Hunter 2006:15; De Haan 2008:24).

Die verlies aan lewenslange loopbane (“careers for life”) is 'n groot bron van stres en onsekerheid. Die aanname word gemaak dat individue minstens drie keer van loopbaan sal verander en vir vyf verskillende organisasies in een leeftyd sal werk (Dembkowski, Eldridge & Hunter 2006:16). Dit lei tot die erkenning van die feit dat individue “have to assume responsibility for their own individual development rather than relying on organizational support” (Dembkowski, Eldridge & Hunter 2006:16). Die gevolg is 'n groeiende behoefte aan lewenslange leer.

➤ **Verandering in familiestrukture en sosiale netwerke**

Die kern-familiestruktuur is 'n model van die verlede. Egskeidingsyfers in Europa is ongeveer 50% van alle huwelike. Dus is die tradisionele familie-ondersteuningstruktuur besig om te verkrummel. Individue vind hulp buite die onmiddellike familiesirkel (Dembkowski, Eldridge & Hunter 2006:16).

Volgens Naughton (2002:30-32) verskaf die geleidelike afbreking van sosiale netwerke in die Westerse wêreld gedurende die 1990's (veral merkbaar in die Verenigde State van Amerika) 'n verduideliking vir die gewildheid van afrigting. Verhoogde inkomstes (soos reeds genoem) bring hoër lewenstandaarde mee, met meer opsies vir individue rakende lewensrigtingskeuses. Daarteenoor is stygende sosiale diskonneksie 'n werklikheid wat individue beroof van sosiale ondersteuning by belangrike lewensbesluitneming. Naughton (2002:29) doen aan die hand:

anxiety, ambition, and the challenges of modern life had combined to create a market for men and women who could provide, for a fee, a service

that older generations have once performed for younger generations as a part of the social contract.

Individuele verantwoordelikheid vir eie ontwikkeling op professionele en persoonlike vlak, met implikasie van verandering en lewenslange leer, is toeskryfbaar aan onderliggende organisatoriese, ekonomiese en kulturele faktore, asook sosiale tendense wat bydra tot die ontwikkeling van afrigting as domein.

Daar is tans 'n groeiende belangstelling in die ou tradisie van werksverwante leer, wat primêr op een-tot-een gesprekke gebaseer word. Soos reeds in die voorafgaande hoofstukke (hoofstukke 2, 3 en 4) bespreek is, worstel die mens met eksistensiële vraagstukke. Hoe moet die lewe geleef word? Watter tipe werk verkies ek? Waar wil ek werk? Watter rol wil ek speel in my familie, werk en gemeenskap? Die mees persoonlike en individuele van die verskeidenheid leer-inisiatiewe is afrigting en, in die oë van De Haan (2008:26), is dit die vinnig-groeiendste van alle vorme van organisatoriese ontwikkeling. Orem, Binkert en Clancy (2007:11) wys daarop dat die mens die lewe as 'n eie konstruksie sien, en nie as aparte dele van 'n masjien wat saam funksioneer in die vorm van 'n maatskappy of familie nie. Dié eie konstruksie inkorporeer professionele, religieuse, familie of kulturele agtergrond en die vinnige groei van afrigting is 'n direkte gevolg op die begeerte na selfkonstruksie (Orem, Binkert & Clancy 2007:11).

5.2 DIE TERM: AFRIGTER

Die term 'afrigter' (coach) word in die Oxford aanlynwoordeboek (Oxforddictionaries 2010:elektroniese bron) op tweërlei wyse gedefinieer. In die eerste plek word dit beskou as "a comfortably equipped single-decker bus used for longer journeys." Die afrigter is dus 'n voertuig, 'n manier om van punt A na punt B te kom. In die tweede plek word dit omskryf as "an instructor or trainer in sport." Dit is dus 'n persoon wat 'n bydrae lewer in die vorm van kennis of ervaring, of wat instruksies gee.

In Engels is die woord “coach” beide ’n selfstandige naamwoord en ’n werkwoord. As selfstandige naamwoord beskryf dit ’n persoon wat ander inlig (Ulrich 2006:145). Die klem is dus op die persoon wat betrokke is in die proses van kennisoordrag. As werkwoord dui dit op die handeling van ’n opvoeder of opleier, wat iemand leer om iets te doen (Ulrich 2006:145). Dit is dus die handeling van ’n persoon wat iemand tot verandering en meegaande aksie inspireer. Die woordspeling in Afrikaans sien anders daarna uit met betrekking tot “afrigter” en “afrig.” In Afrikaans is “afrigter” dié persoon wat ander inlig, met “afrig” as die werkwoord wat die handeling veronderstel.

Dit is interessant om, volgens die Online Etymology Dictionary (Etymonline 2010: elektroniese bron), kennis te neem dat die term ‘afrigter’ (coach) afkomstig is van ’n dorpje met die naam Kocs in die noordelike dele van Hongarye. In dié dorpje is ’n spesifieke populêre houtrytuig in die vyftiende eeu vervaardig. Die woord is vir die eerste keer gedurende die middel-negentiende eeu gebruik om ’n tipe opvoeder te beskryf. In 1830 aan die Oxford Universiteit, is ’n ander betekenis egter aan die woord toegevoeg, naamlik ’n tutor, wat ’n student deur die eksamen begelei. Afrigter is vir die eerste keer in 1867 in verband met sport, en spesifiek roei, gebruik (De Haan 2008:22).

Vir De Haan (2008:22) simboliseer die woord ‘afrigter’ die geleidelike verandering in die gemeenskap, vanaf “craftsmanship (Kocs carriage) to industrial (railway coach) to knowledge-intensive (educator-coach) to emotionally intelligent (executive coach) production methods.” Uit die literatuur bestudeer kan ek met dié skrywer saamstem, maar wil ook graag hier die volgende, naamlik ’n waarde-gebaseerde en holistiese benadering, byvoeg. Dit sluit persoonlike en professionele ontwikkeling met die klem op betekenis en singewing in wat met verloop van dié hoofstuk verder omskryf en ontwikkel sal word.

In die volksmond roep die term ‘afrigter’ beelde op van iemand wat leidend instruksies uitdeel. Dit kan iemand langs die sportveld wees, of ’n onderwyser wat ekstra geld verdien deur kinders met spesifieke vakke te help, of sogenaamde ‘kundiges’ op die gebied van gewigsverlies tot huis skoonmaak en die hantering van moeilike tieners.

Jenny Rogers (2004:5), wat gereken word as een van die Verenigde Koninkryk se mees senior uitvoerende afrigters, skryf dat kliënte soms na haar as hul ghoeroe verwys. Hudson (1999:6) is van mening dat die tema eerder fasilitering, as instruksiegewing, behels:

A coach is a person who facilitates experiential learning that results in future-oriented abilities...[a coach] refers to a person who is a trusted role model, adviser, wise person, friend mensch, steward, or guide – a person who works with emerging human and organizational forces to tap new energy and purpose, to shape new vision and plans, and to generate desired results. A coach is someone trained and devoted to guiding others into increased competence, commitment, and confidence.

Dit blyk dus dat die woord 'afrigter' verskillende beelde en betekenisse, gekoppel aan die beelde, by individue uitlok. Willekeurige vraagvorming betreffende afrigting lei tot vrae soos: Wat is afrigting? Wat behels afrigting? Is afrigting 'n professie en hoe kan dit gedefinieer word? Vervolgens sal aandag aan die betrokke kwessies gegee word ten einde 'n geheelheidsblik te verkry.

5.3 WAT IS AFRIGTING?

I was rambling on about my inability to cope with a work challenge. My coach said, 'We've worked together for quite a while now and I know that you are someone who can cope, actually, can do more than that, someone who can rise to the occasion.' I was stopped in my tracks. Here was someone who truly believed in me, more than I could believe in myself at that moment, someone who could see my strengths when I couldn't (Connor & Pokora 2007:4).

Hierdie persoonlike ervaring is 'n beskrywing van die afrigtingsituasie, waar die nodige aanmoediging en inspirasie tot motiverende aksie en insig lei. Menige het al die ervaring gehad dat 'n ouer of onderwyser 'n eie agenda eenkant geskuif het en

uitsluitlik gefokus het op hulpverlening, ten einde die volle potensiaal van 'n ander te ontwikkel. Afrigting is 'n ingebore menslike kapasiteit (Dembkowski, Eldrige & Hunter 2006:10). Dit kan verbeter en ontwikkel word om vlakke van professionele uitmuntendheid te bereik. Afrigting is in wese 'n vorm van individuele ontwikkeling, waar 'n afrigter help om 'n individu se potensiaal uit te bring. Die afrigter handel daarmee op 'n ondersteunende en aanmoedigende wyse. Die belangrikste egter in die verband is dat die afrigter verantwoordelikheid vir ontwikkeling in gelyke hoeveelheid met die individu deel (Dembkowski, Eldrige & Hunter 2006:10). Afrigting gaan om leer en gepaardgaande verandering, wat oorgaan in sigbare aksie, in nuut aangeleerde vaardighede of 'n veranderde siening of lewenswyse.

Diegene, wat afrigting ontvang, ervaar soms vorme van persoonlike en professionele onstuimigheid, soos afleggings, nuwe bestuur, kulturele of werksverandering, gesondheid, familie of psigologiese probleme. In hierdie genoemde situasies word moontlike aanpassing daarby en hantering daarvan as opsies beskou (Guthrie & Alexander 2006:65). In aansluiting hierby vind Schein (2006:17) afrigting as 'n opsie in een van twee situasies, naamlik 1) wanneer 'n kliënt hulp benodig rakende persoonlike kwessies en self die keuse uitoefen om hulp te verkry; of 2) wanneer 'n bestuurder iemand versoek om 'n afrigtingsrol in te neem, ter verbetering van 'n ander individu se werksprestasie of ter wille van die oorkoming van ondoeltreffende ontwikkeling. Dit word egter dikwels ervaar as indoktrinasie of dwingende oorrading.

Veelvoudige definisies van afrigting bemoeilik die presiese definiëring van die domein. 'n Rede vir hierdie kompleksiteit is 'n aanduiding van 'n ontluikende profesie, waar die ooreenkoming van kernstandaarde en bevoegdheid ontbreek.

5.3.1 Afrigting as profesie

In gesprekke rondom die toekoms van die afrigtingsbedryf word geredeneer dat dit geloofwaardigheid sal bou indien 'n verbintenis tot hoë standaarde van praktyk getoon word (Grant & Cavanagh 2004:1-4; Grant 2006a:13-16; Linley 2006:1-7; Kets de Vries, Korotov & Florent-Tracy 2007:xivii; Spence 2007:261). Die term profesie

verwys na 'n beroep, gewoonlik voltyds in beoefening, met die insluiting van akademiese opleiding, formele kwalifikasies, lidmaatskap van 'n professionele gereguleerde liggaam, wat professionele status aan lede verleen, onderwerping aan 'n vorm van staatsgesanksioneerde regulasie en 'n gedeelde, algemene liggaam van kennis en vaardighede (Grant & Cavanagh 2004:3; Spence 2007:261; Hamlin, Ellinger & Beattie 2009:14; Lane, Stelter & Roston 2010:358).

Grant en Cavanagh (2004:1-2) is van mening dat die afrigtingsbedryf 'n sleutelpunt in volwassenheidsvlak bereik het. Hierdie skrywers redeneer dat die volwassenheid van die bedryf deur drie verbandhoudende kragte gedryf word:

- ✓ Afrigtings-ervaringe het gelei tot die verhoogde bewustheid onder afrigters vir die nodigheid om praktyk in teorie en empiries getoetste modelle te grondves, eerder as 'n gestandaardiseerde implementering van 'n "one size fits all"-afrigtingstelsel.
- ✓ Die profiel van afrigters in die bedryf is besig om te verander. Die rasionaal daarvoor behels die toenemende toetrede van individue uit ander professionele velde, soos psigologie, psigiatrie, volwasse leer asook organisatoriese verandering en ontwikkeling tot die veld van afrigting. In hierdie verband het Grant en Zackon (2004) 'n studie geloods waaraan 2 529 professionele afrigters deelgeneem het. Daar is bevind dat afrigters vanuit 'n wye verskeidenheid professionele agtergronde afkomstig is, naamlik konsultante 40.8%, bestuurders 30.8%, uitvoerende bestuurders 30.2%, onderwysers 15.7%, en verkoops persone 13.8%. Slegs 4.8% van die respondente het oor 'n agtergrond in sielkunde beskik. Diversiteit in professionele agtergrond kan tweeledig van aard wees: In die eerste plek bied diverse professionele agtergronde geleentheid aan die afrigtingsbedryf om te kies tussen die wye verskeidenheid metodologiese benaderinge en opvoedkundige dissiplines. In die tweede plek kan diversiteit tot onduidelikheid aanleiding gee betreffende die vraag: Wat is professionele afrigting werklik (Grant 2006a:13)?

- ✓ Die verbruikers van afrigtingsdienste het progressief meer gesofistikeerd geword. Menslike hulpbronnkundiges beskik oor 'n deeglike begrip van wat afrigtingsdienste kan bied en die toepaslikheid daarvan betreffende organisatoriese behoeftes. Daarom toon menslike hulpbronnkundiges toenemend behoedsaamheid teenoor pseudo-gekwalifiseerde afrigters, waar die teoretiese grondslag van afrigteropleiding en die geldigheid van empiriese bewys, bevestig word.

Desnieteenstaande bogenoemde is daar lede van die afrigtingsbedryf wat die mening huldig dat afrigting reeds as profesie erken kan word. In die verband merk Grant en Cavanagh (2004:3) dat die wanpersepsie om twee redes problematies is:

- ✓ Eerstens, verberg en vertroebel dit belangrike kwessies wat deur die bedryf uitgeklaar moet word, byvoorbeeld 'n etiese kode en opvoedkundige standaarde.
- ✓ Tweedens, deur daarop aan te dring dat afrigting 'n profesie is, terwyl dit nie die geval is nie, word die geloofwaardigheid van die bedryf in die oë van professionele persone, wat die status van afrigting wel verstaan, aangetas.

Die antwoord op die vraag omtrent afrigting as profesie lê moontlik in bewysgebaseerde praktyk (Grant & Cavanagh 2007b; Orem, Binkert & Clancy 2007:11; Spence 2007; Grant 2008). Bewysgebaseerde afrigting verwys na die “intelligent and conscientious use of best current and relevant scientific knowledge integrated with practitioner expertise in making decisions about how to deliver coaching to coaching client, and in designing and teaching coach training programs” (Grant 2008:54). Dit gaan om 'n beweging na 'n “scientist-practitioner”-model. Dié model vereis dat afrigting-opleidingsprogramme uitdruklik die teoretiese en empiriese grondslag van afrigting blootlê, met die verdere voorsiening van opleiding in navorsingsmetodologie, basiese statistiese en data-analitiese vaardighede, asook die kweek van kritiese denke by leerlingafrigters (Grant & Cavanagh 2004:4). Liggame soos die Association for Coaching (AC), die International Coach Federation (ICF) en die European Mentoring and Coaching Council (EMCC) ondersteun navorsing

aangaande afrigting aktief. Hoewel meer navorsing benodig word, produseer dié liggame 'n kennisbasis van die teorie, praktyk en effektiwiteit van afrigting (Grant & Zackon 2004:12; Grant 2006a:14; Grant 2008:55). Die onlangse vestiging van die Australian Psychological Society Interest Group in Coaching Psychology en die British Psychological Society Special Group in Coaching Psychology is tydig en 'n belangrike stap in die ontwikkeling van professionele afrigting, sowel as afrigtingsielkunde (Grant 2006a:14). Deelname aan internasionale gesprekke was die gevolg van 'n groeiende bewustheid rakende die voordeel wat die verkryging van professionele status vir die bedryf inhou. Die Global Convention on Coaching (GCC) is gevestig met die uitdruklike doel om die konsultasie en ondersoek rakende die professionalisering van afrigting te bevorder. Die International Coaching Research Forum (ICFR) werk om die waarde van navorsing, kritiese selfondersoekende praktyk en die ontwikkeling van 'n afrigtingskennisbasis daar te stel (Lane, Stelter & Rostron 2010:357).

Afrigting, sê Seligman (2007:266), "is a practice in search of a backbone, two backbones actually," naamlik wetenskaplik, bewysgebaseerde praktyk en teorie. Hy handhaaf die opinie dat positiewe sielkunde in hierdie behoefte kan voorsien. Teorie ingebed in positiewe sielkunde behels die studie van positiewe emosie, van verbintenis en betekenis. Dié drie aspekte maak sin van die wetenskaplike "unwieldy notion of 'happiness.'" Positiewe sielkunde is geanker in empiriese navorsing. Afrigting met behulp van hierdie bewysgebaseerde intervensies en psigometriese metings, sal grense vir 'n afrigtingspraktyk stel (Seligman 2007:266). Die laaste woorde van Seligman (2007:267) ter bevordering van dié saak is as volg:

People who are adequately trained in the techniques of coaching, in the theories of positive psychology, in valid measurement of the positive states and traits, in the interventions that work, and who know when to refer a client to someone who is better trained will be, by my lights, bona fide coaches of positive psychology.

Die Global Convention on Coaching (GCC) beklemtoon die noodsaaklikheid van empiriese bewys betreffende die effektiwiteit van afrigting op 'n individuele,

organisatoriese en gemeenskapsvlak. Wêreldwye navorsing is nodig om die bevoegdheid wat benodig word vir die opleiding en ontwikkeling van afrigters te bepaal, asook die daarstel van 'n afrigtingsdefinisie, wat vir die wêreldgemeenskap aanvaarbaar sal wees (Lane, Stelter & Roston 2010:366). Die status van afrigting is tans afhanklik van selfregulerende liggame soos die ICF, EMCC, AC en die Coaches and Mentors Association of South Africa (COMENSA). Selfregulasie word ondersteun deur onderliggende beginsels en waardes, vrywillige etiese kodes, aanbevole standaarde vir bevoegdheid en ander riglyne (Lane, Stelter & Roston 2010:366). Dus blyk dit duidelik dat die ontwikkeling van 'n afrigtingspesifieke teorie en bewysgebaseerde praktyk 'n major uitdaging vir akademië, navorsers en praktisyns bied (Grant & Cavanagh 2007b:241).

5.3.2 Omskrywing van die begrip 'afrigting'

Soos reeds genoem is afrigting nie definieerbaar in 'n enkele definisie nie. Dit word gestaaf deur die opmerking van Grant (2006a:13): "Definitions of coaching vary considerably and have been the subject of much debate." Vervolgens word aandag gegee aan 'n paar gekose definisies, waarna 'n bespreking van die onderliggende beginsels, sowel as ooreenstemmings en verskille kortliks sal volg. Definisies word in tabel 5.1 getabuleer om lees te vergemaklik, met die oog op noukeurige bestudering en nabetraging.

Tabel 5.1: Definisies van afrigting

Skrywers	Definisies
Rogers (2004:7; 2007:176)	Die afrigter werk met kliënte deur middel van gefokusde leer, ten einde spoedige, verhoogde en volhoubare effektiwiteit in lewens en loopbane te bereik. Die afrigter se enkele doel is die bereiking van die kliënt se potensiaal – soos deur die kliënt gedefinieer.

Bachkirova, Cox en Clutterbuck (2010:1)	Dit is 'n menslike ontwikkelingsproses, wat gestruktureerde en gefokusde interaksie insluit, met die gebruik van geskikte strategieë, hulpmiddels en tegnieke ten einde verlangde en volhoubare verandering te bevorder tot voordeel van die kliënt en potensiële aandeelhouers.
McCluskey (2008:266)	Afrigting is 'n voortdurende verhouding tussen 'n afrigter en 'n kliënt, met die fokus op die kliënt wat aksie neem en visies, doelwitte en begeertes realiseer.
Hamlin, Ellinger en Beattie (2009:18)	Afrigting is 'n helpende en fasiliteringsproses, wat individue, groepe/spanne en organisasies in staat stel om nuwe vaardighede te verkry, om bestaande vaardighede, bevoegdhede en prestasie te verbeter, asook die verhoging en versterking van persoonlike effektiwiteit, persoonlike ontwikkeling of persoonlike groei.

Die definisie, soos weergegee deur Hamlin, Ellinger en Beattie (2009), is 'n samestelling uit vyftien definisies. Die betrokke skrywers het 'n studie geloods om die konseptuele ooreenkomste en verskille in die veelvuldige beskrywings, definisies en variante van afrigting aan die orde te stel. Die uitkoms was die breë daarstelling van 'n afrigtingsdefinisie, soos getabuleer.

Die kernbeginsels van afrigting, soos verkry uit bogenoemde definisies in samehang met die noukeurige bestudering van die literatuur, lyk soos volg:

✓ **Afrigting gaan om 'n verhouding**

Die afrigtingsverhouding is in wese 'n medewerkende verhouding, waar die afrigter en die kliënt saamwerk, met leiding en groei as uitkoms (White 2006:62; De Haan 2008:53-54). Dit behels 'n vennootskap (McCluskey 2008:266), waar 'n persoonlike verhouding, 'n wedersydse deling ("a two-way street"), 'n vergestaltende kernkomponent is (Wall 2007:94-95). McCluskey (2008:266) som dit op wanneer hy merk: "Coaches walk alongside people."

HOOFSTUK 5 - Omskrywing van die begrip 'afrigting'

✓ Afrigting behels 'n fasiliteringsproses

Fasilitering is 'n nie-direktiewe vorm van ontwikkeling, met gefokusde leiding gedurende die proses. Dit gaan nie om eenvoudige advies of die uitdeel van instruksies nie (Dembkowski, Eldrige & Hunter 2006: 11). Dit wil ook nie oplossings namens die individu vind nie, omrede sulke optrede aanleiding kan gee tot moontlike afhanklikheid en die ontneming van self leer. Die rol van die afrigter is juis om indringende vrae te vra ten einde die kliënt by 'n plek te bring waar verskeie opsies oorweeg kan word (Rogers 2004:7; 2007:176). Goeie vrae is belangriker as die regte antwoorde, omrede goeie vraagstelling tot die ontsluiting van nuwe perspektiewe kan lei (Connor & Pokora 2007:9).

Die konsep en toepassing van afrigting het gegroei tot 'n groot verskeidenheid modelle en benaderinge, wat meer nie-direktief van aard is (Bachkirova, Cox & Clutterbuck 2010:2). Die onderskeid tussen direkte en indirekte benaderinge word soos volg in tabel 5.2 getabuleer (Bachkirova, Cox & Clutterbuck 2010:3):

Tabel 5.2: Oorgange van tradisionele afrigting

Vanaf	Tot
Afrigter vereis kundigheid/kennis van die taak.	Afrigter vereis kundigheid/kennis rakende die afrigtingsproses.
Word gedryf deur die afrigter se agenda, of soos ooreengekom.	Word gedryf deur die agenda van die kliënt.
Afrigter presteer – doen.	Kliënt beweeg na self-aktualisering – “becoming.”
Vaardigheidsverkryging – verkry en bou kennis van die taak.	Ontwikkeling van vermoëns – bou insig en selfkennis as stapstene na beduidende verandering.
Behaal standaard soos deur ander daargestel.	Behaal die standaard soos deur die kliënt bepaal.

✓ **Die kliënt is vindingryk en vernuftig**

Die kliënt beskik reeds oor die vernuftigheid en potensiaal om eie probleme op te los. Die kliënt het nie nodig "to be fixed or patronized" nie (Rogers 2007:176). Kliënte dink volgens Rogers (2007:176), soms dat dit wel die geval is en stel vrae soos: "Vertel my wat om te doen?" of "As jy ek was, wat sou jy doen?" Rogers (2004:7) handhaaf die siening dat kliënte weet wat om te doen omrede die kliënt bewus is van 'n eie verledeverhaal. Dit is ook nêr die kliënt wat die aksie kan implementeer en met die resultate daarvan saamlewe. Waardevolle inligting van die afrigter se kant word nie uitgesluit nie, maar dit is steeds die kliënt se alleenreg en keuse in die besluit om dit te gebruik, al dan nie (Rogers 2004:7).

✓ **Afrigting beskou die persoon in geheel**

Afrigters werksaam in die korporatiewe veld beskou hulle rol soms streng tot werk beperk. Rogers (2004:8) glo só 'n siening is foutief, omrede sy gevind het dat moeilikhede in die professionele lewe van die kliënt soms parallel loop met die kliënt se persoonlike lewe. Vir White (2006:62) gaan dit om 'n geïntegreerde geheel, ten einde 'n uniforme, komplekse siening van die hele mens daar te stel. Daarteenoor is Connor en Pokora (2007:8) se fokus die individu in geheel binne die werkskonteks. Aandag word gegee aan die kliënt se huidige en toekomstige ervarings, probleme, geleenthede en ontwikkeling. Beide skrywers is dit eens dat afrigting nie psigo-analise, berading of terapie behels nie. Duidelike grense word gestel (Rogers 2004:8; Connor & Pokora 2007:8). My sienswyse, soos deur noukeurige literatuurbestudering geïnformeer, behels 'n inkorporasie van die verlede, hede en toekoms. Die hede en toekoms geniet in afrigting 'n verskerpte fokus met groei, ontwikkeling, verandering en uiteindelijke aksie, as doelwit. Die mens word in totaliteit beskou, in al die fasette van menswees, soos volledig bespreek is in hoofstukke 2, 3 en 4.

✓ **Die kliënt stel die agenda**

Die agenda begin by die kliënt. Die hooftema in hierdie leerverhouding is die kliënt se agenda. Dit is juis hier waar die verskil met opleiding en onderwys lê, naamlik die feit dat daar geen vooropgestelde agenda is nie. Die kliënt is verantwoordelik om te bepaal waarmee hulpverlening benodig word. Dus is die keuse van agenda uitsluitlik

dié van die kliënt (Rogers 2004:8; Schein 2006:18; Rogers 2007:188; Connor & Pokora 2007:8).

✓ **Die afrigter en kliënt is gelyk**

'n Kollegiale model word gehandhaaf, omrede dit op totale respek gebaseer is. Die grondslag van die verhouding berus op algehele respek, waar oordeel geen doel dien nie. Gevoelens van hiërargie, superioriteit, asook inferioriteit in areas soos ouderdom, agtergrond, intellek of status moet verban word (Rogers 2004:8; 2007:176; Somers 2008:4).

✓ **Afrigting gaan om leer, verandering en aksie**

Die versoek om afrigting word voorafgegaan deur verandering. Major uitdagings in persoonlike en professionele status kan lei tot verandering. Vaardighede, wat voorheen as geskik en voldoende beskou is, kan dalk verouderd raak en vernuwing benodig (Rogers 2004:9-10). Suksesvolle verandering sluit beide die aanleer van nuwe modelle, sowel as die afleer van ou modelle, in. Dit behels die aanleer van nuwe patrone omtrent denke en gedrag, en die afleer van ou, familiêre patrone (White 2006:77-78). Samevattend kan in die woorde van Grant (2006a:13) gesê word dat:

Coaching is thus, collaborative, individualised, solution-focused, results orientated, systematic, stretching, fosters self-directed learning, and should be evidence-based, and incorporate ethical professional practice.

5.4 AFRIGTING EN ANDER DISSIPLINES

Afrigting deel 'n stewige grondslag van vaardighede met ander susterdissiplines (Rogers 2007:177). Die vraag ontstaan of 'afrigting' nie dieselfde terminologie vir berading, terapie of mentorskap veronderstel nie. Afrigting deel nie dieselfde assosiasie betreffende geheimhouding en skaamte, wat met terapie en berading gepaardgaan nie. Daarom geniet afrigting soms hoër aansien in die oë van individue, wat moontlik by terapie sou baatvind (Naughton 2002:29; Bayne 2004:135; Rogers 2004:6; Williams & Menendez 2007:8; McCluskey 2008:268). Daar is egter

oorvleuelings. Alhoewel terminologie vir die verskillende dissiplines interverwant gebruik word (Crane 2002:35; Bayne 2004:135) glo Rogers (2007:177) nie dat afrigting, terapie en berading verskillende benamings vir dieselfde proses is nie. Ooreenkomste behels respek vir die kliënt, uitstekende luistervaardighede van die afrigter, asook “a generous quantity of personal presence” en die vermoë om uitmuntende vrae te stel (Rogers 2007:177). Nodigheid vir hierdie vereistes is geldend vir afrigter, terapeut, berader, mentor of opleier. Onderskeiding tussen afrigting, berading, mentorskap en opleiding lê in die doel, proses en inhoud (Crane 2002:35).

Afrigters se kundigheid lê in die afrigtingsdomein, met die toekoms as fokus en doelwitte vir leer, verandering en aksie. Vervolgens word afrigting en verwante dissiplines, naamlik psigoterapie, berading, mentorskap en opleiding aan bod gestel.

5.4.1 Afrigting en psigoterapie

Afrigting en psigoterapie verskil grootliks in terme van opleiding. Psigoterapie word aan streng regulasies en toesig onderwerp. Dit vereis die nodige onderrig, opleiding en supervisie, per implikasie universiteitsgebaseerde opleiding oor 'n aantal jaar, onderwerping aan supervisie deur 'n ander terapeut en registrasie by 'n professionele liggaam, ten einde standaarde en etiese kode te handhaaf. Daarteenoor is die afrigtingsdomein relatief ongereguleerd en gefragmenteerd, en blyk dit dat hierdie beperkinge nie vir afrigting geld nie (Rogers 2004:15; Kets de Vries, Korotov & Florent-Treacy 2007:xxxvii; De Haan 2008:47).

Sielkunde het tradisioneel gefokus op die verligting van disfunksionaliteit of die behandeling van psigopatologie in kliniese of beradingspopulasies (Grant 2003:253). Terapie is op 'n reaktiewe model gebaseer, met ander woorde, daar word gefokus op dít wat verkeerd is. Dit gaan om die “regmaak” van 'n probleem of krisis. Dit impliseer verlede en huidige verhale, wat belang toon by en gemoeid is met die beantwoording van die vraag: Hoekom? Dit is gebaseer op 'n dokter-pasiënt-model, omrede psigoterapeute na kliënte as pasiënte verwys. Daarteenoor behels afrigting die oplossing van funksionele probleme. Dit gaan om die verbetering van normale

volwasse populasies se lewenservaring. Afrigting is proaktief, beginnende met die hede, aksie-georiënteerd, toekomsgerig en is meer gemoeid met die vraag: Wat om te doen? Terapie gaan om genesing en kwessies van gebrokenheid. Afrigting behels groei en visie, wat soms lei tot prikkelbaarheid in die sin dat kliënte aanmoediging benodig om die gemaksones te verlaat en verantwoordelikheid vir geïdentifiseerde visies te neem. Psigoterapie kan dus beskryf word as 'n helpende dissipline, teenoor afrigting wat beskryf word as werk in samewerking met die kliënt (Grant 2003:253; Rogers 2004:14-15; De Haan 2008:47; Ives 2008:100; McCluskey 2007:44; 2008:267-268).

'n Verdere differensiële punt tussen afrigting en ander areas van psigologiese praktyk, is die multidissiplinêre aard van afrigting. Hoewel die gedragwetenskappe 'n major bron van kennis en praktyk vir afrigting is, leen afrigters ook tegnieke en beter begrip uit diverse areas, soos besigheid en ekonomie, opvoedkunde, filosofie en godsdiens (Grant & Cavanagh 2007b:241).

Die psigologiese domein raak deurweef met ander domeine danksy die aanwending van psigoterapeutiese raamwerke en vaardighede binne 'n spesifieke domein. Dit bring vir De Haan (2008:12) een van die vernaamste verskille tussen afrigting en terapie na vore, naamlik dat afrigting werk- en organisasie-georiënteerd is, terwyl terapie nie organisatories betrokke is nie. In aansluiting hierby is Connor en Pokora (2007:27) dit eens dat terapie 'n gekwalifiseerde professionele terapeut behels, wat persoonlike kwessies deurtastend bespreek, teenoor afrigting waar die fokus die individu binne 'n werksopset is.

Daar is ook verskille betreffende die praktiese uitvoering van psigoterapie en afrigting. Die afrigtingsituasie is meer buigsaam as in die geval van psigoterapie. Afrigting vind plaas in verskeie omgewings: gesig-tot-gesig afsprake, epos, telefoniese gesprekke, groepsontmoetings of telekonferensies. Terapie geskied in die terapeut se kantoor en duur gewoonlik 45 tot 50 minute per week. Daarteenoor kan afrigting twee of meer ure duur vir 'n gemiddelde hoeveelheid van ses sessies oor 'n tydperk versprei, en nie

HOOFSTUK 5 - Afrigting en psigoterapie

noodwendig in weeklikse opvolging nie (Rogers 2004:15; Kets de Vries, Korotov & Florent-Treacy 2007:xlix; De Haan 2008:47)

'n Breër perspektief is nodig wat uitvoerende afrigting betref, as in die geval van psigoterapie. Om doeltreffend te wees moet afrigters 'n sistematiese benadering volg, wat holisties eerder as beperkend is. Die implikasie hiervan is dat inligtingsversameling kollegas sowel as vriende en familie insluit. Psigoterapeutiese inligting word slegs vanaf die kliënt verkry. Dit bring implikasies mee ten opsigte van die handhawing van grense tussen die terapeut en die kliënt, asook tussen die afrigter en die kliënt. Terapeute vermy sosiale verhoudings met pasiënte weens die aanname dat dit toekomstige interaksie kan kontamineer. Verhoudingsgrense met afrigters, en veral uitvoerende afrigters, is meer onduidelik en wasig omrede afrigters kliënte graag in verskillende kontekste waarneem, ten einde 'n holistiese beeld daar te stel (Kets de Vries, Korotov & Florent-Treacy 2007:xlvi). In tabel 5.3 (Williams & Davis 2007:60) word die verskille tussen terapie en afrigting uiteengesit ten einde 'n vinnig oorsig te verkry.

Tabel 5.3: Verskille tussen afrigting en terapie

Terapie	Afrigting
Fokus	
Verlig pyn, simptome Herstel funksionering, aanpassing Geskiedenis, verlede "Hoekom?" Pasiënt wil weg beweeg van pyn	Bereik spesifieke doelwitte, begeertes Skep persoonlike vervulling Visie, toekoms "Hoe?" Kliënt wil beweeg na aantreklike doelwitte
Konteks	
Mediese/kliniese model Diagnoseer siekte	Opvoedkundig/ontwikkende model Begeerlike doelwitte, lewensorgange of persoonlike groei Paradigma van moontlikhede
Verhouding	
Terapeut die kundige, kliënt as pasiënt	Afrigter en kliënt - 'n gelyke verhouding

Oriëntasie	
Oriëntasie behels proses: gevoelens en die innerlike wêreld	Oriëntasie behels uitkoms, aksie: innerlik na die uiterlike wêreld
Verantwoordelikheid	
Terapeut is verantwoordelik vir die proses, rigting, uitkoms	Afrigter is verantwoordelik vir die proses; die kliënt vir resultate
Styl	
Bepaalde persoonlike blootstelling Werk met heling, emosies, katarsis	Persoonlike blootstelling is aanvaarbaar as hulp in leer Werk met aksie, talente, sterkpunte, gedrag, insig in aksie

Skibbins (2007:29-30) het twintig afrigters gevra om 'n verskil in betekenis betreffende terapie en afrigting daar te stel. Twintig variasies op die tema is verkry en die samestelling en integrering van die betrokke antwoorde blyk as volg:

Terapie behels die implementering van 'n behandelingsplan met die hulp en leiding van 'n opgeleide terapeut ten einde die kliënt in staat te stel om 'n lewensprobleem op te los. Daarteenoor behels afrigting die ontwerp van 'n lewensplan met spesifieke doelwitte, insluitend 'n week-tot-week verantwoordelikheid, ten opsigte van doelwitbereiking met die ondersteuning van 'n afrigter wat die kliënt vir sukses vertrou (Skibbins 2007:31).

5.4.2 Afrigting en berading

In praktyk blyk dit dat berading 'n korttermyn verbintenis behels rakende 'n spesifieke krisis, waar die kliënt voorheen in staat was tot selfhandhawing. 'n Krisis-gebeurtenis kan egter 'n veranderende impak tot gevolg hê, wat tot hulpbenodiging lei (Rogers 2004:17). Berading gaan om persoonlike en interpersoonlike kwessies waar hantering- en genesingstrategieë ten opsigte van fisiese en psigiese gesondheid aangewend word (Crane 2002:36).

Die vaardighede van die afrigter en die berader stem grootliks ooreen ten opsigte van luister, vraagstelling en waarneming, ten einde kliënte te help om eie oplossings te vind. Die verskil tussen dié twee benaderings is in die inhoud van die gesprek en die

verlangde uitkoms, nie in die vaardighede nie. Berading plaas die klem op nie-veroordeelde luister in die moment. Dit beteken om omvattend oor die aangeleentheid of gebeurtenis te praat sonder die verpligting om op te tree, wat beide afrigting sowel as psigoterapie impliseer (Rogers 2004:17).

Beraders is betrokke by die identifisering van sleuteloorsake deur ondersoek in te stel na verledeverhale. Afrigters daarenteen help kliënte om verlangde omstandighede te skep en ondersoek die kontras tussen huidige en verlangde toekomstige omstandighede. Die afrigter begin by die hier en die nou en poog om beweging en momentum te skep ten einde kliënte tot aksie te motiveer (Somers 2008:10).

5.4.3 Afrigting en mentorskap

Mentorskap behels die “off-line help from one person to another in making significant transitions in knowledge, work or thinking” (Megginson & Clutterbuck 1995:13; Clutterbuck 2004:12-13). In die definisie van Bell (2002:xxi) kan aksente van wederkerigheid in ’n nie-hiërargiese struktuur, ter fasilitering van verdere leer, gehoor word:

Mentoring is about Surrendering (meaning surrendering to the process rather than controlling the process), Accepting (meaning using actions that create a safe haven for experimentation and risk taking), Gifting (meaning providing the gifts of advice, feedback, story, support, and focus), and Extending (meaning helping the protégé become a self-directed learner).

Mentorskap impliseer ’n verhouding tussen twee persone, naamlik die mentor en die mentee. ’n Oordrag van kennis, ervaring, wysheid, waardes en normes, perspektief, ondersteuning en vaardighede vind plaas. Mentorskap se fokus is op persoonlike of professionele ontwikkeling (Fourie 2007:96-99).

In aansluiting by die voorafgaande is verskeie skrywers dit eens dat mentorskap ’n uitruil van wysheid behels. Wysheid vloei vanaf die meer ervare en ouer mentor na die

HOOFSTUK 5 - Afrigting en mentorskap

minder ervare en jonger mentee op 'n een-tot-een basis (Crane 2002:37; Stone 2007:158; McCluskey 2008:268; Somers 2008:8).

Connor en Pokora (2007: 11) beskou afrigting en mentorskap as komplimentêr van aard. Tucker (2007:vi) voel dieselfde en beskou mentorskap en afrigting as lede van dieselfde familie. Somers (2008:9) merk in die verband:

The European Mentoring and Coaching Council (EMCC) has given up trying to separate the two, hence the name. The Coaching and Mentoring Network similarly combines the two and organisations may be best advised to adopt a similar tactic.

Vaardighede van mentors en afrigters stem grootliks ooreen waar dit gaan om goeie luistervaardighede en vaardige vraagstelling (Connor & Pokora 2007:11; Somers 2008:9). Beide afrigting en mentorskap is gemoeid met 'n groeiproses en het potensiaalontwikkeling ten doel, met persoonlike en professionele transformasie as uitkoms (Connor & Pokora 2007:11; Tucker 2007:vi; Somers 2008:9). Ooreenkomste tussen afrigting en mentorskap word kortliks deur Zeus en Skiffington (2000:18) soos volg in tabel 5.4 getabuleer.

Tabel 5.4: Ooreenkomste tussen afrigting en mentorskap

- Beide vereis goed-ontwikkelde interpersoonlike vaardighede.
- Beide vereis die vermoë om vertrouwe, ondersteuning en verbondenheid te genereer, asook opnuut aksie te inspireer deur luister- en dialoog-vaardighede.
- Beide verkort die leerkurwe.
- Beide het ten doel die verbetering van prestasie en produktiwiteit van 'n individu.
- Beide moedig 'n individu aan om buite die gemaksone te beweeg, met die nodige ondersteuning.
- Ondersteuning word gebied sonder die wegneem van verantwoordelikheid.
- Beide vereis 'n graad van organisatoriese kennis.
- Beide fokus op leer en ontwikkeling ten einde vaardighede en bevoegdhede te verbeter.

- Beide stimuleer persoonlike groei en die ontwikkeling van nuwe kundigheid.
- Beide kan loopbaanleiding bied deur die hersiening van loopbaandoelwitte en die identifisering van waardes, visie en sterkpunte.
- Beide is rolmodelle.

Die vernaamste verskil tussen 'n mentor en 'n afrigter lê, volgens De Haan (2008:22), daarin dat eersgenoemde 'n meer ervare, professionele persoon is, wat 'n bydrae in die vorm van eie kundigheid lewer. Laasgenoemde dien as instrument in die leerproses van die kliënt, waar die afrigter nie noodwendig vertrouwd is met, óf ervaring in die veld van die kliënt besit nie.

Die verskil tussen afrigting en mentorskap behels vir Tucker (2007:vi) die tydsduur van die verhouding. Mentorskap is, volgens hom, 'n langer termyn verhouding met breë doelwitte soos ooreengekom tussen die betrokke partye. Afrigting daarenteen is meer intens en meer spesifiek betreffende doelwitte, asook vir 'n korter tydsduur. Connor en Pokora (2007:13) wys op die verskille tussen afrigting en mentorskap in tabel 5.5.

Tabel 5.5: Verskille tussen afrigting en mentorskap

Mentorskap	Afrigting
Deurlopende verhouding wat vir 'n lang tydperk kan voortduur.	Verhouding het in die algemeen 'n afgebakende tydperk.
Meer informele ontmoetings kan plaasvind soos die mentee advies, leiding en ondersteuning benodig.	Meer gestruktureerde ontmoetings op 'n geskeduleerde tydsbasis.
Meer langtermyn met 'n breër sienswyse omtrent die persoon.	Korttermyn (sometyds tydsgebonde) met fokus op spesifieke ontwikkeling in sekere areas of kwessies.
Die mentor is gewoonlik meer ervare en gekwalifiseerd as die kliënt. Meestal 'n senior persoon in die organisasie wat kennis en ervaring kan oordra.	Die afrigter benodig nie direkte ervaring van die kliënt se formele beroepsrol nie, tensy die afrigting spesifiek op vaardighede gefokus is.
Die fokus is loopbaan- en persoonlike ontwikkeling.	Die fokus behels ontwikkeling en werkskwessies.

Agenda word deur die kliënt gestel met die mentor wat leiding voorsien.	Die agenda fokus op spesifieke, onmiddellike doelwitbereiking.
Mentorskap draai rondom die professionele ontwikkeling van die mentee.	Afrigting draai om spesifieke ontwikkeling in sekere areas en omtrent kwessies van belang.

'n Verdere verskil tussen afrigting en mentorskap word deur Garvey (2010:350) aangeraak, wat daarop dui dat afrigting poog om as 'n professie, met kodes van praktyk en standaarde, beskou te word, teenoor mentorskap wat as 'n ondersteunende aktiwiteit met die minimum opleidingsvereistes gesien word.

Garvey (2010:351-352) redeneer dat afrigting die meer dominante term geraak het, "the one with greater and more direct commercial interest." Afrigting as 'n konsep, is egter van mentorskap ontleen, "In practice, mentoring, is coming to seem like an older-fashioned word for coaching" (Rogers 2004:24).

5.4.4 Afrigting en opleiding

Opleiding is die instruksionele proses waartydens spesifieke kennis en vaardighede aan leerlinge oorgedra word. Dit gaan om tegniese en werksverwante vaardighede. In 'n hoëprestasie leerorganisasie is opleiding 'n deurlopende proses, met die voortdurende verbetering van kapasiteit en kwaliteit van die organisasie se grootste bate, naamlik die werknemers, 'n prioriteit. Opleiding geskied gewoonlik in 'n generiese en groepsverband, wat diepgaande hantering van interpersoonlike vaardighede bemoeilik. Daarteenoor hanteer afrigting persoonlike vaardighede op individuele vlak. Afrigting volg nie 'n spesifieke leerplan nie en vakkundigheid is irrelevant, behalwe waar dit aan die afrigter geloofwaardigheid verleen (Crane 2002:36; Rogers 2007:178). In die artikel van Lawton-Smith en Cox (2007) word die vraag gestel of afrigting nie net 'n nuwe naam vir opleiding is nie? Die skrywers beklemtoon die belangrikheid daarvan om afrigting as 'n persoon gesentreerde ontwikkelingsproses te verstaan en nie as 'n "new more fashionable and acceptable name for training" nie (Lawton-Smith & Cox 2007:8). Hulle is oortuig dat opleiding steeds 'n plek het, maar stel voor dat 'n onderskeid tussen afrigting en opleiding getref word deur die leertegniese wat deur die onderskeie dissiplines aangewend word.

5.5 VERSKILLENDE TEORETIESE BENADERINGE

Afrigting, soos dit hedendaags beoefen word, is 'n nuwe domein. Vinnige groei in dié domein is 'n aanduiding dat dit die fundamentele behoeftes van die mens ten opsigte van 'n betekenisvolle lewe en werk, balans en holisme aangryp (Orem, Binkert & Clancy 2007:xv). Afrigting het 'n toenemend aanvaarde kruisdissiplinêre metodologie geword. Mense, vanuit 'n wye verskeidenheid professionele agtergronde, werk as afrigters. Hierdie agtergronde sluit gedrags- en sosiale wetenskappe, organisatoriese verandering en ontwikkeling, psigoanalitiese terapie, kognitiewe- en gedragsielkunde, volwasse leer/opvoedkunde, sowel as ekonomiese- en bestuurswetenskappe in. Elk van hierdie dissiplines beskik oor eie teoretiese raamwerke en praktyke (Grant & Stober 2006:1). Postmoderne filosofieë, soos sosiale konstruksionisme, wat reeds in hoofstuk 2 bespreek is, beïnvloed die denkwysse aangaande die aard van realiteit en die afrigter se vermoë om 'n kliënt by te staan in die skep van 'n toekoms.

Gegewe afrigters se dissiplinêre agtergrond, word afrigting volgens die afrigter se gekose kernmetodologie gepraktiseer (Orem, Binkert & Clancy 2007:xvi; Bachkirova, Cox & Clutterbuck 2010:9). Die teoretiese benaderinge beskryf elemente van ontwikkelingsverandering in individue, wat suksesvol vir afrigting aangewend kan word. Afrigters, in teenstelling met beraders of psigoterapeute, etiketteer nie die afrigtingstyl in terme van 'n teoretiese tradisie nie, maar in terme van die konteks waarin dienste aangebied word. Afrigting is 'n eklektiese dissipline saamgestel uit veelvuldige modelle en tegnieke (Lee 2010:29).

Vervolgens word kortliks aandag gegee aan enkele teoretiese benaderinge. 'n Volledige bespreking van alle teoretiese benaderinge val buite die skopus van hierdie studie. Graag wil ek egter hiermee poog om 'n aanduiding te gee van enkele van die verskillende domeine, om sodoende 'n breë perspektief daar te stel en helderheid te verleen aan die passing van lewenstylafrigting en die pastoraat. Die verskillende teoretiese benaderings is as volg:

5.5.1 Die kognitiewe ontwikkelingsbenadering tot afrigting

Hierdie benadering is gebaseer op uitgebreide navorsingstudies. Kognitiewe ontwikkelingsteorieë dui aan dat mense in kapasiteit ten opsigte van betekenis toevoeging verskil. Verandering van hierdie kapasiteit geskied in 'n logiese volgorde ooreenkomstig die verskillende lewenstadiums van die individu (Bachkirova 2010:13-14; 133-145).

5.5.2 Die positiewe sielkunde-benadering tot afrigting

Positiewe sielkunde-afrigting is 'n wetenskaplik-geankerde benadering om kliënte te help ten opsigte van verhoogde welstand en die verbetering en toepassing van sterkpunte, prestasieverbetering en die bereiking van doelwitte. Dit gaan hier om 'n wegbeweeg van probleme en swakhede na geleenthede en sterkpunte. Hierdie benadering dui daarop dat die afrigter die kliënt as 'n 'geheel' beskou, met die fokus op sterk, positiewe gedrag en doelgerigtheid (Kauffman, Boniwell & Silberman 2010:158).

5.5.3 Eksistensiële afrigting

Spinelli (2010:13; 94-106) se weergawe van eksistensiële afrigting is gebaseer op drie beginsels betreffende die menslike toestand: verwantskap, onsekerheid en eksistensiële ang. Die fokus van hierdie oriëntasie is primêr gerig op 'n beskrywende ondersoek van die kliënt se wêreldsiening binne die konteks van die betrokke bekommernis of probleem. Dit gaan om lewendilemmas wat voorkom as gevolg van verandering en omstandighede in 'n organisatoriese konteks, wat persoonlike en interpersoonlike verhoudinge raak. Hierdie benadering is veral nuttig ten opsigte van kwessies rakende oorgange, of vooruitgang en bevordering in werksituasies, waar dilemmas handel oor rekonstituering van identiteit, die herwinning van betekenis of die hantering van verspeelde geleenthede. Eksistensiële afrigting is veral van waarde in 'n situasie waar 'n kliënt 'n krisispunt bereik het, met 'n verlies van betekenis, óf poog

om by skielike en dramatiese verandering in professionele of persoonlike omstandighede aan te pas.

5.5.4 Narratiewe afrigting

In hierdie benadering tot afrigting word kliënte as vertellers beskou met die afrigter wat help om nuwe konneksies tussen vertelde stories te identifiseer. Narratiewe afrigters nooi kliënte om stories vanuit verskillende perspektiewe te beskou. Dit behels die verbinding van persoonlike stories met die sosiale konteks van die kliënt. Die narratiewe benadering is 'n kragtige metode om kliënte van hulp te wees om: 1) meer bewus te raak van eie stories, 2) te herken hoe die stories identiteit en gedrag vorm op beide bewuste en onbewuste vlakke, 3) te verstaan dat stories persoonlik en sosiaal gekonstrueer is, 4) stories met identiteit en aksies te vereenselwig “to authentically embody a new way of being in the world” (Drake 2010:130). Hierdie benadering is gefokus op die hede, nie-direktief en eksperimenteel van aard, eerder as toekoms-gefokus, aksie-georiënteerd en doelwit-gedrewe (Drake 2010:13; 120-131).

5.5.5 Kognitiewe gedragsafrigting

Dit word gedefinieer as 'n integrerende benadering, wat die gebruik van kognitiewe gedrag, verbeelding en probleemoplossende tegnieke en strategieë binne 'n kognitiewe gedragsraamwerk kombineer (Williams, Edgerton & Palmer 2010:37). Hierdie benadering beklemtoon die belangrikheid om realistiese doelwitte te identifiseer en fasiliteer selfbewustheid van onderliggende kognitiewe en emosionele hindernisse tot doelwitbereiking. Dit poog om kliënte toe te rus met meer effektiewe denk- en gedragsvaardighede (Williams, Edgerton & Palmer 2010).

5.5.6 Die oplossing-gefokusde benadering tot afrigting

Hierdie benadering handhaaf die uitgangspunt dat om te weet hoe 'n probleem ontstaan het, dit nie noodwendig sal help om die regte oplossing te kry nie. Die oplossing-gefokusde benadering tot afrigting plaas “primary emphasis on assisting the

HOOFSTUK 5 - Die oplossing-gefokusde benadering tot afrigting

client to define a desired future state and to construct a pathway in both thinking and action that assists the client in achieving that state” (Cavanagh & Grant 2010:54). Oplossings word verkry deur nuttige vraagstelling deur die afrigter. Vrae is die resultaat van samewerkende denke en die afrigter se kundigheid omtrent die afrigtingsproses. Die kern van die benadering is geleë in hulpverlening ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling in ’n poging om enige ander bekommernisse of doelwitte, wat deur hierdie benadering ontdek is, te kan uitklaar. (Cavanagh & Grant 2010:12; 54-67).

5.5.7 Die persoon-gesentreerde benadering tot afrigting

Die teoretiese grondslag van die persoon-gesentreerde benadering is die aktualiseringstendens. Dit word gedefinieer as ’n universele menslike motivering, wat uitkoms vind in die individu se groei, ontwikkeling en outonomie. Dit is ’n biologiese neiging, nie ’n morele imperatief nie. Die metafoor, wat gebruik word in die oordrag van die teoretiese beginsel, is hoe ’n akker oor die potensiaal beskik om in ’n eikeboom te kan ontwikkel. Wanneer die akker voldoende voeding verkry uit die grond, asook die regte balans tussen sonlig en skaduwee ontvang, stel dit die eikeboom tot volle potensiele groei in staat. Die teendeel is egter ook waar, naamlik met ’n tekort aan voeding uit die grond en die verkeerde balans tussen sonlig en skaduwee, sal die groei van die boom belemmer word en sal slegs gedeeltelike potensiaal bereik word. Die metaforiese betekenis is ook geldend vir die mens. Die term selfaktualisering in persoon-gesentreerde terminologie verwys na die proses van ‘word’ of “becoming,” in ’n positiewe, sosiaal-konstruktiewe rigting of ’n negatiewe, sosiaal-destruktiewe rigting, afhangende van die sosiale omgewing (Joseph 2010:12; 68-77).

Persoon-gesentreerde afrigting is gebaseer op die filosofiese aanname dat die kliënt oor ’n intrinsieke motivering na groei, ontwikkeling en optimale funksionering beskik, “and that this will be given expression when the client’s psychological processes are trusted and encouraged in the context of a facilitative person-to-person relationship” (Joseph 2010:77).

5.5.8 Die psigodinamiese benadering

Die term 'psigodinamika' verwys na 'n wye afstamming van modelle wat fokus op die rol van onbewuste prosesse in menslike gedrag, en meer spesifiek, op die dinamiese verhouding tussen die verskillende dele van die verstand (Lee 2010:23). Dit bied 'n perspektief op afrigting, waar die rol van die onbewuste en verlede ervarings beklemtoon word "in shaping present ways of relating, whether to oneself or to others" (Lee 2010:24).

Afrigting is dus 'n eklektiese dissipline waarbinne afrigters nie net werksaam is vanuit een teoretiese benadering, kernmetodologie of oriëntasie nie, maar idees en beginsels uit ander benaderinge leen. Dit is interdissiplinêr van aard, wat verweefdheid met verskeie benaderinge tot afrigting toon. Hierdie benaderinge is van toepassing in bepaalde kontekste.

5.6 TOEGEPASTE KONTEKSTE

Genres is vorme van afrigting, wat die doel van afrigting in die titel identifiseer, byvoorbeeld prestasie-afrigting, ontwikkelingsafrigting of transformasie-afrigting. Die konteks verwys na die vakinhoud of aanslag van die afrigter, byvoorbeeld 'bestuurder as afrigter' of 'lewenstylafrigter.' Elk hiervan toon nuanses soos onttrek uit verskeie kruisdissiplinêre teorieë, wat in spesifieke kontekste van toepassing gemaak word, soos byvoorbeeld bestuur, leer, loopbaanontwikkeling en spanbou (Bachkivora, Cox & Clutterbuck 2010:15). Vervolgens word die mees algemene genres en kontekste slegs kortliks van naderby beskou.

5.6.1 Vaardigheid en prestasie-afrigting

Vaardigheid en prestasie-afrigting is die oorspronklikste en mees algemene genre van afrigting: "assisting someone to learn how to do something better" (Tschannen-Moran 2010:203). Dit is ook waarskynlik die mees algemene vorm van afrigting in 'n organisatoriese konteks, waar nodige vaardighede en prestasie benodig word om aan

bepaalde organisatoriese vereistes te voldoen (Tschannen-Moran 2010:15-16; 203-216).

5.6.2 Ontwikkelingsafrigting

Alle vorme van afrigting (insluitend teoretiese benaderinge of toegepaste konteks dimensies) fokus op kliëntontwikkeling en vooruitgang. Ontwikkelingsafrigting gaan om verandering en ontwikkeling, wat rondom 'n waarde-gebaseerde begrip van verbetering sentreer. Die veronderstelling van beweging is inherent deel van hierdie vorm van afrigting; vanwaar die kliënt tans is en waarheen die kliënt wil beweeg. Dit kan praktiese verandering in verband met die werksomgewing, verandering in respons tot emosionele druk of verandering in verstaansvlakke van die wêreld in nabye konteks behels (Cox & Jackson 2010:217-218).

Om volwasse te word, verg 'n ontwikkelingsproses. Die lewensloop-teorieë van Erikson (hoofstuk 3, afdeling 3.4.1) en Levinson (hoofstuk 3, afdeling 3.4.2) soos reeds bespreek, is 'n bewys van dié ontwikkelingsproses. Die primêre doel van ontwikkelingsafrigting is om nie slegs een area in 'n individu se lewe of werk in oënskou te neem nie, maar om persoonlike groei in verskeie lewensareas te bereik en buigbaarheid in respons tot die omgewing te ontwikkel (Cox & Jackson 2010:219-229).

5.6.3 Transformasie-afrigting

Transformasie-afrigting word deur Crane (2002:31) gedefinieer as “the art of assisting people enhance their effectiveness, in a way they feel helped.” Hawkins en Smith (2010:231) is dit eens dat hierdie vorm van afrigting kliënte in staat stel om fundamentele skuiwe te maak deur hulle wyse van dink, gevoel en gedrag te transformeer. Beduidende verandering in lewe en werk kan gemaak word teen 'n vinnige tempo. Dit gebeur deur te fokus op die benodigde skuif, wat gedurende 'n sessie moet plaasvind, sodat volgehoue verandering wel realiseer (Hawkins & Smith 2010:231-244).

5.6.4 Uitvoerende en leierskapafrigting

Uitvoerende afrigting is 'n breë term wat gebruik word om aan te dui met wie gewerk word, naamlik die uitvoerende bestuur, vanaf middelvlakbestuur opwaarts en selfs junior bestuur wat hoë potensiaal toon (Stokes & Jolly 2010:245). Om doeltreffend te wees vereis uitvoerende afrigting uitsonderlike leierskap en vraagstellingsvaardighede. Leierskap is egter nie belangriker as hulpverlening aan 'n kliënt met prestasie kwessies nie (Hersey & Chevalier 2006:26). Uitvoerende afrigting word deur Dembkowski, Eldrige en Hunter (2006:11) gedefinieer as “the art and science of facilitating the personal and professional development, learning and performance of an executive by expanding his options for behaving authentically.” Stokes en Jolly (2010:245-246) beskou dié tipe afrigting as 'n vorm van persoonlike leer en ontwikkeling, wat deur iemand ekstern tot die organisasie voorsien word. Die fokus is verbetering van individuele prestasie, asook die balansering van samewerking en kompetisie in 'n organisasie.

5.6.5 Spanafrigting

'n Span word deur Dolny (2009:232) gesien as 'n “small number of people with complementary skills, who are committed to a common purpose, performance goals and approach, for which they hold themselves mutually accountable.” Alhoewel spanafrigting goed in die sportwêreld gevestig is, is dit 'n relatief nuwe konsep in die werkplek, met min bewysgebaseerde literatuur. Clutterbuck (2010:271) definieer die nuwe vorm van afrigting as “a learning intervention designed to increase collective capability and performance of a group or team, through application of the coaching principles of assisted reflection, analysis and motivation for change.” Die kontras in teoretiese benadering is tussen korttermyn prestasie-oriëntasie en die konsep van die span as 'n leerorganisme (Clutterbuck 2010:271-272).

5.6.6 Loopbaanafrigting

Loopbaanbestuur is 'n proses waaraan alle werkers, bewustelik of onbewustelik, deelneem. Loopbaanafrigters bied die voordeel van insig, inligting en beplande aksie in die uitoefening van doelwitte, naamlik 1) werkskeuse, 2) ontwikkelingstrategie om opwaartse beweging in 'n organisasie te verseker, 3) loopbaan-veranderingstrategie vir die vind van nuwe werk of die skep van entrepreneurswerk, 4) ondersoek nuwe werksmoontlikhede na werksverlies, 5) fokus op die ontwikkelingskwessies van die nuwe generasies (Hazen & Steckler 2010:311).

5.6.7 Lewenstylafrigting

Grant en Cavanagh (2010:17) stel lewenstylafrigting voor as “a way of enhancing well-being in a whole life context, rather than as a strategy to increase functionality in the workplace.” Die oorkoepelende doel van lewenstylafrigting is die onderhouding van kognitiewe, emosionele en gedragsveranderinge wat doelwitbereiking en die verbetering van prestasie en welsyn fasiliteer. 'n Waarde-gebaseerde en holistiese benadering tot professionele en persoonlike ontwikkeling en verandering word ingeneem (Grant & Cavanagh 2010:297).

Met die voorafgaande verskillende teoretiese benaderinge tot afrigting, sowel as die kontekste waarin afrigtingsdienste aangebied word, in gedagte, word vir doeleindes van hierdie studie 'n keuse ten opsigte van lewenstylafrigting uitgeoefen. Die motiveringsrede daartoe is dat lewenstylafrigting veelvuldige perspektiewe rakende die kliënt met die inagneming van 'n holistiese lewensloop benadering, bied. Dit behels gefokusde aksie met verhoogde lewenservaring wat moontlik tot die middelloopbaan-individu kan spreek.

In die ouverture, as inleiding tot die libretto, is 'n tweede en derde uitdaging gestel, wat vra na 'n gepaste wyse(s) om die spirituele in die vorm van spirituele intelligensie van die middelloopbaan-individue te ontwikkel, en spirituele lewenstylafrigting as 'n moontlike fasiliteringsproses ten einde middelloopbaan-ontwikkeling te bevorder. In 'n

poging tot beantwoording van die gestelde uitdagings, tree lewenstylafrigting as die vierde domein tot die interdisiplinêre gesprek toe.

5.7 LEWENSTYLAFRIGTING

Lewenstylafrigting word gedefinieer as 'n samewerkende, oplossing-gefokusde, resultaat-georiënteerde en sistematiese proses, waartydens die afrigter die verhoging van lewenservaring en doelwitbereiking in die persoonlike en/of professionele lewe van normale, nie-kliniese kliënte fasiliteer (Grant 2003:254; Spence & Grant 2007:186). In aansluiting hierby definieer Williams en Davis (2007:xiii) lewenstylafrigting as 'n "powerful human relationship in which trained coaches help people design their future rather than get over their past." Afrigters verleen hulp aan kliënte in die skep van visies en doelwitte geldend vir alle lewensaspekte. "Coaches recognize their client's brilliance and their personal power to discover their own solutions when provided with support, accountability, and unconditional positive regard" (Williams & Davis 2007:xiii). Lewenstylafrigting behels dus 'n verhouding tussen 'n afrigter en 'n kliënt met die bereiking van persoonlike ontwikkelingsuitkomst as doel. Dit is gebaseer op dialoog, maar aksie-georiënteerd. Doelwitbereiking word bespoedig omrede afrigters individue met die ontwikkeling en implementering van oplossings help, danksy die aanwending van oplossing-gefokusde tegnieke (Spence & Grant 2007:186).

Dié betekenis toegevoeg tot lewenstylafrigting stem grootliks ooreen met voorafgaande gestelde afrigtingsdefinisies in tabel 5.1, asook die kernbeginsels verkry uit die genoemde definisies. Dieselfde geld vir lewenstylafrigting met 'n spesifieke fokus op 'n holistiese benadering tot persoonlike ontwikkeling en verandering, ten einde 'n vervullende en doelgerigte lewe te lei (Rogers 2004:11; Grant & Cavanagh 2010:298).

In 'n lewenstylafrigtingsverhouding neem die afrigter primêr die rol van 'n veranderingsfasiliteerder in. Dit is egter die kliënt se verantwoordelikheid om die verandering te laat geskied. Onderliggend aan die praktyk van lewenstylafrigting is die

volgende veronderstellings, slegs kortliks uiteengesit (Williams & Davis 2007:78-82; Grant & Cavanagh 2010:300):

- ✓ Mense beskik oor aansienlike verborge potensiaal;
- ✓ Betekenisvolle menslike verandering is moontlik;
- ✓ Die kliënt is vindingryk en vernuftig;
- ✓ Die afwesigheid van ernstige geestelike gesondheidsprobleme in die kliënt;
- ✓ Lewenstylafrigting fokus nie op die herstel van psigopatologieë nie;
- ✓ Lewenstylafrigting is inherent 'n doelwitgeoriënteerde proses;
- ✓ Verandering kan in 'n kort bestek van tyd geskied; en
- ✓ Die kliënt is gewillig om die verandering te implementeer.

Verskillende terminologieë word aan lewenstylafrigting gekoppel. Die populêre media, soos die vrouetydskrif *Finesse*, verwys daarna as 'n lewensadviseur. Ander terme is persoonlike afrigter, persoonlike konsultant en lewenstrateeg of lewensafrieter. Ek verkies om lewenstylafriger te gebruik om die holistiese benadering ten opsigte van professionele en persoonlike veranderingsontwikkeling te onderstreep. Daarmee saam gebruik ek beginsels onderliggend aan die narratiewe benadering, wat 'n subjek-subjek skema volg en nie direkte, reglynige advies uitdeel, soos vir my veronderstel in die benaminge adviseur, konsultant en strateeg nie.

Williams en Davis (2007:9) is oortuig dat lewenstylafrigting deel is van 'n groter paradigma, "a movement away from the paradigm of pathology to one of possibility." Redes daarvoor aangevoer is dat veranderinge teen 'n vinnige tempo geskied, die moeilike handhawing van verhoudings, asook 'n begeerte na die vervulling van 'n lewensdoel (Williams & Menendez 2007:xxvi). Dit word deur die volgende opmerking beklemtoon:

Life coaching has evolved because it makes sense to people today to have a partner who elicits their unique greatness and who helps them move from mediocrity to excellence in living. Life coaching exists because it is helpful, and it prospers because it is transformational (Williams & Davis 2007:9).

5.7.1 Die ontwikkelingsproses

“WILD GEESE”

by Mary Oliver

You do not have to be good.
You do not have to walk on your knees.
For a hundred miles through the desert, repenting.
You only have to let the soft animal of your body
love what it loves.
Tell me about your despair, yours, and I will tell you mine.
Meanwhile the world goes on.
Meanwhile the sun and the clear pebbles of the rain
are moving across the landscapes,
over the prairies and the deep trees,
the mountains and the rivers.
Meanwhile the wild geese, high in the clean blue air,
are heading home again.
Whoever you are, no matter how lonely,
the world offers itself to your imagination,
calls to you like the wild geese, harsh and exciting –
over and over announcing your place
in the family of things.

Die proses van ontwikkelingsverandering word ingelei deur die aanhaling van die gedig “Wild Geese” deur Mary Oliver (Oliver 2010:elektroniese bron). Mary Oliver is ’n Pulitzer-pryswenner en skryf gedigte, wat die verbondenheid van die mens met die heelal in hulle soeke na betekenis en sinbeleving beklemtoon. Hierdie gedig inspireer individue om die sirkel te voltooi, waar die verlede en toekoms gekombineer word om die beste in die menslike gees na vore te bring (MegaEssays 2010:elektroniese bron). Die perspektief van die gedig vind aanklank by diegene in die middelwêreld, omrede die menslike lewensreis gedurende die middelwêreldfase moontlik ’n nuwe rigting kan

in slaan. Die “wild geese, high in the clean blue air, are heading home again” wys op die lewensiklus en dat die mens nie alleen is nie (MegaEssays 2010:elektroniese bron).

Lewenstylafrigters ondersteun kliënte op hulle lewenspad na verlangde veranderinge. Dit word moontlik gemaak deur die aanbod van veelvuldige perspektiewe, met die inagneming van hoe kliënte “fits within the context of how human beings generally develop over the course of a life span” (Williams & Menendez 2007:71).

Daar is reeds vroeër in dié hoofstuk daarop geïndikeer dat afrigting geïntegreer is in verskeie konseptuele en professionele grondbronne. Twee major bronne, waardeur afrigting geïntegreer is, is eerstens, psigologiese teorie van volwasse ontwikkeling, insluitend die psigososiale stadiateorieë, en tweedens, die sosiale teorie van volwasse ontwikkeling wat loopbaanontwikkelingsteorieë insluit (Hudson 1999:67; Williams & Menendez 2007:78). Kennis aangaande volwasse ontwikkelingsteorieë is van belang, omrede “clients in the coaching field are typically adults, it is important to look at ways the adult development profession can inform the practice of coaching” (Hudson 1999:74). Berger (2006:78) onderstreep die voorafgaande en noem dat die ontwikkelingsfase van ’n kliënt ’n sleutelfaktor is, wat dikwels nie in ag geneem word nie. Daarom beklemtoon sy dat teorieë van volwasse ontwikkeling juis die nodige insig kan bied in die wyse waarop intervensies gerig word (Berger 2006:78).

Die lewensiklusstadia poog om individuele ontwikkeling te verduidelik aan die hand van die wyse waarop individuele aanpassingsvermoëns oor die lewensloop ontvou. Die psigologiese benadering fokus, soos reeds in hoofstuk 3 beskryf, op die interne prosesse van die individu, waar veranderinge aangaande individuele selfbegrip, en die vermoë om dienoooreenkomstig aan te pas ten opsigte van lewensuitdagings en wêreldperspektiewe, van waarde is (Whitbourne 2007:32).

Erik Erikson se benadering tot lewensontwikkeling fokus op agt verskillende ontwikkelingsfases, waarvan die sewende fase, naamlik middelvolwassenheid, met generatieweit teenoor stagnasie, veral vir hierdie betrokke studie van waarde is.

Hudson (1999:70) is van mening dat die relevantheid van generatieweet van groot belang is aangesien dit 'n "major theme in our society [is] today, as the number of older adults increases at a rapid rate during the next thirty years." Vir afrigting is die waarde van Erikson se werk geleë in die begrip van die beginsels van groei en ontwikkeling (Hudson 1999:69). Die benadering van Erikson het volledige aandag in afdeling 3.4.1 van hoofstuk 3 geniet.

Die volwasse lewensontwikkelingsbenadering van Daniel Levinson is ouderdomspesifiek en daarom ook kronologies voorspelbaar. Levinson se benadering is volledig in afdeling 3.4.2 van hoofstuk 3, bespreek. Hy plaas veral klem op die middelste met die middeljarigheidskrisis, wat as 'n aanpassingskrisis verstaan word. Die tweede helfte van die lewe verteenwoordig vir hom 'n herevaluerende tydperk met betrekking tot interne betekenis, bydrae gelewer en die vind van 'n universele menslike perspektief rakende die menslike lewensreis. Die werk van Levinson is van belang vir afrigters, omrede dit perspektiewe aangaande die lewenstruktuur en oorgange bied. Oorgange word gekenmerk as tydperke van groei en leer. Hudson (1999:72) meen "many coaching clients are in transition from one chapter of their lives to another, coaches can learn from Levinson the inner workings of transition." Oorgange is, volgens Levinson, normaal en onvermydelik. Dit bied die motiveringsrede waarom kennis hieromtrent van belang is, ten einde kliënte tot betekenisvolle oorgange te kan lei.

Loopbaanontwikkelingsteorieë toon ooreenkomste met die teorieë van volwasse ontwikkeling, wat die werk van Donald Super en Jeffrey Greenhaus insluit en in afdeling 3.5.3 van hoofstuk 3 bespreek is. Die werk van Greenhaus is eerstens gedeeltelik op loopbaanontwikkelingsliteratuur gebaseer en tweedens handhaaf dit Levinson se siening oor volwasse lewensontwikkeling. Kennis rondom loopbaanfases is vir afrigting van belang ten einde 'n heelheidskonsep rakende loopbane te ontwikkel. Williams en Davis (2007:73) stel dit duidelik dat indien afrigters menslike ontwikkelingskwessies ignoreer, "they miss great opportunities for zeroing in on what may be a source of the client's drive toward change." 'n Kritiese aspek van afrigting word juis beskou as die afrigter se vermoë om die kliënt se kapasiteit en bevoegdheid

oor die langtermyn te bou (Williams & Davis 2007:78). In aansluiting by die voorafgaande word verskeie benaderinge aangewend, met die beklemtoning dat afrigting 'n eklektiese perspektief handhaaf rakende die gebruik van veelvuldige modelle en tegnieke (Grant & Stober 2006:1; Grant & Cavanagh 2007:241; Williams & Davis 2007:79; Lee 2010:29).

5.8 AGTERGROND TOT VERSKEIE BENADERINGS

We need a song to sing, a story to tell, a dance to dance so that we know where we are and who we are. But we seem to have lost the art of storytelling and dreaming... There is an overall theme played in the heart of God. We have to listen to that tune and share in the larger drama if we are to make sense of our own (Anderson & Reese 1999:41).

Ten einde die fasilitering van spirituele betekenis en sinbeleding in lewensstories en drome weer moontlik te kan maak, word die aanwending van verskeie benaderinge benodig. Agtergrond tot die benadering, wat vir hierdie navorsingsdoeleindes aangewend is, gaan vervolgens bespreek word, alvorens die twee afrigtingskliënte, Lizette en Bruwer, aan die woord gestel word. Geldend vir dié fasiliteringsproses is twee breë verwysingsraamwerke aangewend, waarbinne bepaalde modelle en tegnieke figurerende komponente is. Die verwysingsraamwerke word vervolgens belig.

5.8.1 Die narratiewe benadering

Die lewenstylafrigtingsproses is gerig volgens beginsels onderliggend aan die narratiewe benadering. In die narratiewe benadering gaan dit om gesprekvoering en kommunikasie, wat die uitruil van stories behels (Müller 2000:70). Die narratiewe benadering is 'n nie-blamerende benadering (Morgan 2000:2), waar die afrigter aan die gesprek deelneem as “representatives of professional knowledge, not as authorities on what constitutes a normal or healthy relationship, but as people with skills in facilitating a co-research project” (Freedman & Combs 2002:25). Beide

gespreksgenote word dus as gelyke vennote beskou, wat 'n subjek-subjek skema volg. Dit bied aan die kliënt die geleentheid om afstand van die probleem te verkry en die hooffiguur, die kundige, van 'n eie lewe te word (Pearce 1996:xiii; Morgan 2000:2). Sween (1999:192) is van mening dat indien die narratiewe benadering een slagspreuk kon hê, dit sou wees: "The person is never the problem; the problem is the problem."

Die denk- en werkswyse waarin die probleem beliggaam en verpersoonlik word, is deur die bekende narratiewe terapeut White ontwikkel (White & Epston 1990:38). Dit staan bekend as die eksternalisering van die probleem, waar die kliënt en probleem apart van mekaar gestel word met die siening "that a problem is something operating on or having an impact on or pervading a person's life, something separate and different from the person" (Morgan 2000:18-23; Freedman & Combs 2002:28). Dit is 'n intersubjektiewe benadering, waar die pastor 'n nie-wetende posisie inneem (Müller 2000:71) en die gesprek fasiliteer of lei ten einde 'n onvoorsiene uitkoms met toegevoegde sin en betekenis te ontgloop.

Die ontwikkelingsproses, verteenwoordigend van die verskillende lewensfasies, behels 'n diepgaande ondersoek na kliëntekwessies "and cannot help but draw on a narrative approach" (Cox & Jackson 2010:227). Die narratiewe benadering in verhaalanalise bied verskeie moontlikhede, met die afgrigter wat werk "within the expressed language of the client's story," ten einde lewensveranderende sin en betekenis deur nie-veroordelende vraagstelling te ontdek (Hudson 1999:75-76). Die narratiewe benadering dien dus as 'n veranderingsagent om spirituele sinbeleving te fasiliteer.

5.8.2 Die 'siklus van hernuwing'

"No matter what stage of development a client is at, midlife seems to be a time of transition and change" (Williams & Menendez 2007:93). Dit dien as motiveringsrede vir die gebruik van Frederic Hudson se voorgestelde 'siklus van hernuwing.' Frederic Hudson is die president van die Hudson Instituut in Santa Barbara, asook die stigter en voormalige president van die Fielding Instituut (Hudson 1999:agterblad). Hy is van mening dat elke persoon eie verantwoordelikheid ten opsigte van die uitoefening van

die beste keuse geleer moet word, ongeag die sosiale konteks waarin die persoon hom- of haarself bevind. Hy huldig verder die mening dat afrigters kliënte juis hiermee van hulp kan wees (Hudson 1999:105).

Die voorgestelde 'siklus van hernuwing' kom herhaaldelik gedurende die volwasse lewensloop voor, omrede dit 'n nimmereindigende lewensproses behels. Volwasse lewenservaringe word in twee basiese patrone verdeel, naamlik 'n lewenshoofstuk ("life chapter") of 'n lewensoorangang ("life transition"):

➤ **Lewenshoofstukke**

In 'n lewenshoofstuk sien die wêreld stabiel daarna uit, met geleentede vir groei. Die dominante gedragspatroon van individue in 'n lewenshoofstuk blyk energiek en optimisties van aard te wees. Verandering word beskou as "a reliable flow of resources and opportunities for fulfilling life's purpose" (Hudson 1999:107).


➤ **Lewensoorangange**

In 'n lewensoorangang ervaar individue die wêreld as onbetroubaar en chaoties. Die dominante gedragspatroon wys individue voel mismoedig, met lae energievlakke en pessimisme as hoofkenmerke. Dit is 'n bevraagtekende en herevaluerende tydperk, waar die individu poog om te onttrek van "busyness" en hoofsaaklik te fokus op "the inner journey of a life transition deconstructs the former chapter...and...grows into a new chapter, much as a butterfly does when it cocoons" (Hudson 1999:107).

Die voorgestelde 'siklus van hernuwing' beskou verandering en kontinuïteit as deurlopende en positiewe moontlikhede gedurende die volwasse en sosiale lewe. Die sikliese benadering dui daarop dat volwassenes geleer moet word ten einde beide lewenshoofstukke, sowel as -oorangange te kan bestuur. Hudson (1999:107) beklemtoon: "We learn from all places in the change cycle, and the most important lesson of this model is that there are no permanent arrival points, only a continuous journey as we navigate continuous change." Die fases van die siklus is nie rigied, met vaste etiketterende posisionering nie, maar is bedoel om rigtinggewend van aard te

wees. 'n Siklus veronderstel vloei met deurlopendheid en kontinuïteit. Figuur 5.1 is 'n voorstelling van die siklus van hernuwing (Hudson 1999:106):

Figuur 5.1: Die 'siklus van hernuwing'



Hierdie benadering verteenwoordig vier fases van die volwasse lewe. Elke lewenshoofstuk bestaan uit twee fases: Gaan daarvoor en Neerslagtigheid. Die lewensoorngange bestaan ook uit twee fases, naamlik: Kokon-vorming en Maak gereed. Die vier fases word soos volg, kortliks bespreek:

➤ **Fase 1: Gaan daarvoor**

Fase een verteenwoordig 'n tydperk van stabiliteit en sukses (Hudson 1999:108). Dié droom word geleef en die kliënte voel hulle het 'n doel en dit blyk dat die lewe tog uitwerk (Williams & Menendez 2007:93).

➤ **Fase 2: Neerslagtigheid**

Hierdie fase word gekenmerk deur verveling en rusteloosheid. Fase twee eindig met óf 'n mini-oorgang, wat dien as die verbetering van die lewe in fase een, óf 'n langer lewensorgang, wat kliënte lei na soeke in moontlike nuwe lewensrigtings. Dít wat aanvanklik gedurende die eerste fase as belowend beskou is, word nou ervaar as 'n las. Volgens Hudson (1999:108) kan individue in hierdie fase 'n “been-there-done-that” gevoel ervaar met vrae, soos: “Is this all there is?” Hierdie fase dien as 'n “wake-up call, an invitation to restructure or reinvent life so that it works again” (Williams & Menendez 2007:94).

Mini-oorgange behels dus die herstrukturering van dit wat reeds bestaan, ten einde van diens te wees in die verbetering daarvan. Hudson (1999:108) wys daarop dat mini-oorgange nie minderwaardig teenoor lewensorgange is nie: “They are simply different and serve to renew the chapter a person is in, whereas a life transition renews and transforms the person.”

➤ **Fase 3: Kokon-vorming**

Die fase word gekenmerk deur selfondersoekend te verkeer (Hudson 1999:111). Dit behels 'n tydperk van nabetragting en die ontdekking van moontlike nuwe lewensrigtings (Williams & Menendez 2007:95). Hudson (1999:111) beskryf dit as 'n tydperk vir spirituele afrigting, waar die wins geleë is in 'n ontologiese, spirituele en transformerende belewing. Hierdie fase bied die geleentheid vir die skep van 'n nuwe teks en 'n nuwe storie vir die volgende lewenshoofstuk, wat geanker is in betekenis en sinbelewing.

➤ **Fase 4: Maak gereed**

Hierdie fase word gekenmerk deur 'n stadige uitbeweeg uit die oorgangsruiimte om gereed te maak vir nuwe uitdagings. Hudson (1999:111) wys daarop dat die fase omgaan met “investigating options, investing in learning, experimenting with ideas, networking, and getting trained.”

Die narratiewe benadering en die 'siklus vir hernuwing' is die twee verwysingsraamwerke waarvolgens die fasiliteringsproses vir lewenstylafrigting in hierdie studie gerig is. Vervolgens word die praktiese afrigtingsproses binne hiérdie verwysingsrame geplaas.

5.9 LEWENSTYLAFRIGTING AS FASILITERINGSPROSES

Die afrigtingsproses begin deur 'n assessering van die kliënt ten einde die individu ten opsigte van 'n eie persoonlike en professionele lewe te kan posisioneer (Rogers 2004:80; Williams & Davis 2007:103-104). Verskeie tegnieke en hulpmiddels is beskikbaar om die afrigter in staat te stel om die relevante data te versamel. Vanweë die hoeveelheid beskikbare hulpmiddels, is dit nie moontlik om vir die omvang van hierdie studie, al die tegnieke te bespreek nie. Hier is slegs gekonsentreer op die hulpmiddels wat wel aangewend is vir die lewenstylafrigtingsproses en sal dienooreenkomstig bespreek word. Die effektiwiteit van die afrigtingsproses is afhanklik van twee vername vereistes gestel aan die afrigter, naamlik:

- ✓ Vaardige vraagstelling (Rogers 2004:55-68; Hardingham, Brearley, Moorhouse & Venter 2004:46-49; Dembkowski, Eldrige & Hunter 2006:42-50; White 2006:154-162; Whitworth, Kimsey-House, Kimsey-House & Sandahl 2007:76-80; Williams & Davis 2007:120-121); en
- ✓ Outentieke, intense luistervaardighede (Rogers 2004:42-49; Hardingham, Brearley, Moorhouse & Venter 2004:44-46; Dembkowski, Eldrige & Hunter 2006:32-41; White 2006:162-166; Whitworth, Kimsey-House, Kimsey-House & Sandahl 2007:31-32; Williams & Davis 2007:106-109).

Met die twee onderskeie benaderings in gedagte, asook die voorafgaande gestelde vereistes aan die afrigter, word die lewenstylafrigtingsprosesse van die twee kliënte in reflekerende vorm weergegee, met direkte aanhalings waar van toepassing. Lizette, die vroulike kliënt word eerste aan die woord gestel, omrede sy my eerste genader het vir hulpverlening in die vorm van lewenstylafrigting. Daarna sal Bruwer, die manlike kliënt, aan die woord gestel word.

5.9.1 Lewenstylafrigting: Lizette

Lizette is 43 jaar oud en behoort tot die ouderdomsgroepeerling van die eerste gespreksgroep soos uiteengesit in hoofstuk 1. Sy is 'n Engelse onderwyseres betrokke by een van die hoërskole in die omgewing waar sy woonagtig is. Haar reputasie as 'n vriendelike, sensitiewe, warm, omgee-persoon, dra by tot haar gewildheid as onderwyseres by die kinders, ouers, sowel as medepersoneel. Lizette het my genader weens die onvervulde situasie waarin sy haarself bevind het rakende haar professionele en persoonlike lewe. Ten opsigte van haar professionele lewe het sy vir 'n geruime tyd 'n rusteloosheid en ontevredenheid in haar werksituasie ervaar. In haar persoonlike lewe het sy pas, voordat sy my genader het, haar verlowing verbreek. Daarmee saam het die gesondheid van haar grootouers, veral haar ouma, agteruitgegaan. Sy het gedeeltelik verantwoordelik vir hulle gevoel, omrede sy langs hulle woon en groot bewondering vir hulle het. Dit het haar gelaat met gevoelens van neerslagtigheid, verlies, hartseer en baie vrae aangaande haar lewensituasie tans.

Lizette se lewensituasie het vereis dat 'n onderskeid getref moes word tussen aspekte wat met behulp van óf terapie óf lewenstylafrigting hanteer moes word. Die nodigheid om 'n onderskeid te tref tussen afrigting en terapie word onderstreep, aangesien die fokus en werkswyse van albei verskil. Afrigting en ander dissiplines is in hierdie hoofstuk onder afdeling 5.4 bespreek, met 'n spesifieke verwysing na afrigting en psigoterapie (afdeling 5.4.1), en afrigting en berading (afdeling 5.4.2). Terapie is gemoed met 'n reaktiewe model, waar die fokus handel met dít wat as verkeerd beskou word en 'n gepaardgaande helingsproses. Daarteenoor is afrigting pro-aktief, met 'n visionêre, aksie-georiënteerde fokus en doelwitbereiking.

Wanneer ek Lizette se lewensituasie in oënskou neem, wou my terapeutiese agtergrond die oorhand kry. Ek moes daarop konsentreer om gefokus te bly, ten einde getrou binne die grense van 'n afrigtingsdomein te handel. In dié verband kan ek aansluit by Williams en Menendez (2007:97), wat my eie paradigmaskuiwende situasie die beste verwoord:

Many therapists become very aware at this time of how deeply ingrained their habits of thinking and behaving as a therapist have become. They may habitually move to ask clients about their feelings first. They may avoid challenging clients because their habit is to see clients as fragile and in need of extensive support to make changes. They may not hold clients accountable. These are all habits the therapist will need to change in their coaching (Williams & Menendez 2007:97).

'n Afrigtingsverhouding is 'n gelykmakende, aktiewe vennootskap, wat as kollegiaal en gebalanseerd beskryf word, indien dié verhouding suksesvol wil wees. Afrigters erken dat kliënte oor die nodige kennis en oplossings beskik en dat die grootste taak van afrigters juis geleë is in die ontsluiting van die kliënt se eie briljantheid. Die volgende dialogiese verskil bied 'n blik op die onderskeid tussen 'n terapeutiese en 'n afrigtingskliënt:

Terapeutiese kliënt: “Ek voel onseker van myself en weet nie wat met my aangaan nie – ek voel so depressief.”

Afrigtingskliënt: “Ek is nie seker wat die volgende stap behels nie, ek wil graag meer tyd saam met my familie deurbring. Ek is egter nie seker hoe om my werks- en huislike lewe te balanseer nie” (Williams & Davis 2007:49).

Die afrigtingsproses begin met die insameling van data oor die kliënt. Verskeie hulpmiddels kan nuttig aangewend word in die assessering van die kliënt. Soos in die geval van Lizette bring kliënte 'n aantal kwessies na afrigting wat beskou word “as urgent dilemmas or as nagging background puzzles” (Rogers 2004:80). Werks- en lewenskwenne word tegelykertyd aangebied, wat nie 'n verrassing blyk te wees nie, aangesien afrigting met die hele persoon handel (Rogers 2004:80). Dit vereis 'n bepaalde siening aangaande die mens, wat in hierdie navorsing vra om 'n beliggamde siel en 'n besielde liggaam antropologiese beskouing.

Lizette is 'n kranige skrywer wat daarvan hou om haar vriendekring per epos te vermaak met pittige vertellings van haar huislike leefwêreld, gedeel met drie worshonde. Daarom het ek haar aan die einde van die eerste ontmoetingsessie, na die aanvanklike mededeling van haar lewensverhaal, gevra om as huiswerk haar lewensverhaal kortliks neer te skryf. Huiswerk is 'n belangrike komponent van afrigting, wat dien as 'n proses tot stimulering van voortdurende nabetragting, ontdekking en leer (Whitworth, Kimsey-House, Kimsey-House & Sandahl 2007:262). In aansluiting hierby merk Skibbins (2007:23): "Assigning life-changing homework between sessions is essential to impactful coaching."

Die lewensverhaal van Lizette word aan die hand van die 'siklus van hernuwing' in bepaalde fases onderskei, met verwysing na die gepaardgaande afrigting. Vetgedrukte letters dien as merkers van die lewensverhaal en proses van verandering.

Gedurende die **eerste fase** blyk dit asof Lizette sin kon maak van haar eie lewensverhaal. Sy het in 'n gebroke huis grootgeword, wat bepaalde emosionele letsels gelaat het. Op skool was sy 'n toppresterder wat Suid-Afrika as tiener ambassadeur (as 'n Rotariër-uitruilstudent) in 1987 na Australië, verteenwoordig het. Na haar terugkoms het sy onderwys aan die Universiteit van Johannesburg (toe Randse Afrikaanse Universiteit) studeer. Met 'n skok het sy tot die besef gekom dat onderwys dalk nie haar loopbaanrigting moes wees nie. Vanweë die finansiële implikasie het haar pa haar voor 'n keuse gestel, óf onderwys, óf "die tille by Checkers." Sy het op eersgenoemde besluit en haar onderwysloopbaan op Warmbad begin.

Aan die einde van haar eerste jaar as universiteitstudent het sy tot bekering gekom. Lizette verduidelik dat sy in Australië 'n intense belangstelling in astrologie en die Hare Krishna-beweging gehad het, omrede sy die geloof se aanhangers as toegewyd ervaar het, en tuis in haar eie land die Christelike geloof as kragteloos beleef het. Tydens 'n kamp ontvang sy die gawe van profesie (deur woorde van kennis en wysheid te kan spreek, drome en visioene), asook die gawe van tale. Sedertdien is sy

by die Verenigende Christen Studente Vereniging (VCSV) betrokke, wat sy as 'n voorreg beskou en aan haar die geleentheid bied om as geestelike mentor op te tree.

In 1998 bedank sy om sendingwerk in Malawi by die Grace Farming Foundation te doen. Intussen besoek sy Israel by twee geleenthede, wat as 'n spirituele belewenis beskryf word. Met die minderwordende pensioengeld het sy teruggekeer na die onderwys en haar uiteindelik in die Vrystaat gevestig, waar sy steeds woon en werksaam is. Sy woon verskeie kursusse, seminare en opleidingsessies by en sorg dat sy op hoogte van haar vakgebied is. Sy word ook aangestel as adjunk-hoofnasiener vir Engels eerste addisionele taal, Vraestel een, tydens die matriek-eindeksamen. Sy glo dat die voorafgaande aantal jaar gerig is deur 'n profetiese woord, wat verskeie kere uitgegaan het, wat sê dat “ek 'n leraar is, met kinders sal werk, baie internasionaal sal reis, 'n lied van genesing vir Christus se liggaam sal sing. Selfs dat ek nooit sou trou nie en dat die Vader my die genade sou gee om daarmee vrede te maak.”

'n Uittreksel uit 'n persoonlike joernaalinskrywing twee jaar terug, dui op die moontlike aanvang van **fase 2**. Dit lees soos volg:

I've felt overwhelmed, rebellious, discontentment, depressed, unappreciated, irritated, critical, explosive, pressurized...

Duration: 2 – 3 weeks

Reason: stacks of marking; have worked early mornings and late nights, even Saturdays and Sundays trying to catch up, without success. Have neglected family, friends, relaxation, ministry, self-time, prayer, Bible study, etc. [Lord, there MUST be more to life than this!!!]

Aan die einde van verlede jaar ontmoet sy die man van haar drome. Naweke spandeer hulle saam op sy familieplaas en maak planne om 'n ander plaashuis te bou. Sy leer sy seun en skoondogter ken, asook 'n uitgebreide vriendekring, wat diep in haar hart kruip. Dan maak 'n opgewonde liefdevolheid stelselmatig plek vir ontnugtering. Sy beskryf die situasie:

Hy raak nie meer liefdevol aan my nie. Sê nooit meer waarderende dinge nie en ek voel soos 'n pêl, net in 'n vroulike liggaam. My emosionele tenk word leer en leer. Ek besef – ek sal nie vir tien, twintig of dertig jaar in hierdie atmosfeer in 'n huwelik kan bly nie.

Die uiteinde van die verhouding is dat sy besluit om die verlowing te verbreek. Sy bevraagteken haar optrede en wonder of sy die regte keuse uitgeoefen het. Dit is een van die motiveringsredes wat sy voorhou waarom sy besluit het om my te besoek. In die huiswerkstuk, waar sy haar lewensverhaal kortliks neergepen het, skryf sy:

KRISIS:

Is ek nog waar ek moet wees?

Is ek wie ek moet wees?

Waarheen is ek op pad?

43 Hmm...

Wil ek vir die res van my lewe 'n onnie wees?


Is ek nog lus vir sukkel met balhorige kinders?

Ek huur 'n vodde huis. Wil 'n plek van my eie hê, maar beskik nie oor die finansies daarvoor nie.

Moet my kar klaar betaal...

Ten einde 'n geheelblik van Lizette se lewensituasie te verkry, het ek die assesseringshulpmiddel, “The wheel of life”, ook genoem die “Life balance wheel” aan haar verduidelik, met die opdrag om intensief daaroor na te dink met die oog op verdere gesprekvoering. Hierdie hulpmiddel moedig kliënte aan om hulle lewe as 'n geheel te sien, “often for the first time” (Rogers 2004:102). Dit dui aan dat die afrigter in alle aspekte van die kliënt se lewe belangstel, persoonlik en werkgeoriënteerd. Dit bied ook die geleentheid vir kliënte om alle lewensaspekte in oënskou te neem en die lewenservaringe, wat tans beleef word, te beskryf (Rogers 2004:102-104; Whitworth, Kimsey-House, Kimsey-House & Sandahl 2007:24-25; Williams & Davis 2007:34-35). Figuur 5.2 is 'n visuele voorstelling van ‘die lewenswiel,’ soos voorgestel deur Williams en Davis (2007:35):


Figuur 5.2: Die lewenswiel



Hierdie oefening vra 'n kliënt om eie lewenstevredenheid te assesser. Die middel van die sirkel verteenwoordig 'n nul tevredenheid. Die buitenste rand verteenwoordig 'n tien vir totale tevredenheid. Elke wig moet op 'n skaal van nul tot tien beoordeel word sodat 'n lyn verbind kan word met elke toegekende telling. Die vraag ontstaan: Hoe sal die wiel ry? Dit lok verdere gesprekvoering uit en is van hulp in die stel van doelwitte, ten einde transformasie moontlik te maak.

Lizette se lewenswiel is beeldend van 'n wiel wat nie funksioneel is nie. Sy beskryf dit vir my as die “tref en trap” wiel of die “hinke pink” wiel. Figuur 5.3 bied 'n visuele voorstelling van Lizette se lewenswiel:

Figuur 5.3: Lizette se lewenswiel



Met die waardes toegevoeg tot elke gewig, is Lizette die geleentheid gebied om daaroor na te dink ten einde doelwitte in elke area van haar lewe te stel. Sy was egter onder geen verpligting om wel indringend oor elke area na te dink nie. Dit is belangrik om by afrigting in gedagte te hou dat die kliënt verantwoordelik is vir die agenda. Die kliënt identifiseer waarmee hulp benodig word en dus berus die keuse vir 'n agenda uitsluitlik by die kliënt (Rogers 2004:8; Schein 2006:18; Rogers 2007:188; Connor & Pokora 2007:8).

Lizette het verkies om kortliks aandag te skenk aan elke wig in die lewenswiel, waarna spesifieke areas vir moontlike verandering geïdentifiseer is en spesifieke doelwitte dienoooreenkomstig gestel is. Vanweë die omvangrykheid van die proses, gaan ek hier slegs oordenkende bevindinge, insig van die daargestelde doelwitte en uitkomste, weergee. Die gedagte aan daadwerklike doelwitstelling het aanvanklik angs by haar meegebring. Sy skryf:

Ek beleef vrees en onwilligheid om doelwitte te stel. Weet dit gaan iets van my verg. Dalk juis dinge waaraan ek vashou. Dalk juis “comfort zones” prysgee...

Sy wou aanvanklik geen verantwoordelikheid neem nie. Soos reeds genoem, neem die kliënt tydens die afrigtingsproses verantwoordelikheid vir eie verandering en transformering. Ek het vermoed dat sy sukkel met ernstige depressiewe gevoelens, juis na afloop van die verbreekte verlowing. Op aanbeveling het sy haar dokter besoek en die nodige medikasie ontvang. Stelselmatig het sy die moed bymekaar geskraap om die “comfort zones” te takel en het die angs plek gemaak vir ’n vasberadenheid om dinge aan te roer wat sy nog altyd wou aanroer.

In hierdie tydperk het ’n stadige oorbeweeg na die **derde fase** geskied, naamlik kokon-vorming. Ek het haar gevra om haarself, metafories gesproke, in watter toe te draai. Sy kon daarmee identifiseer en het vir haarself ’n visuele beeld geskep van ’n veilige plekkie waar sy toestemming het om na haarself in al haar lewensfasette om te sien. Die skoolvakansie het dit vir haar moontlik gemaak om tuis te bly en haarself vir ’n wyle van alle sosiale betrokkenheid te kon onttrek. Die tydperk is gekenmerk deur selfondersoekend en introspektief te verkeer. Sy het ou joernale weer begin lees en ook oordenkende gedagtes begin neerskryf. Die wins vir haar was eindelijk geleë in die ontdekking van moontlike nuwe lewensrigtings waarmee sy kon identifiseer en wat haar tot deelnemende transformasie kon aktiveer.

Die eerste op haar agenda was die **romanse/intimiteit** wig. Romanse/intimiteit is vir haar aan ’n lewensmaat gekoppel. Die feit dat sy self verantwoordelik is vir die verbreking van die verlowing, laat vrae in terme van haar eie oordeel ontstaan. Sy wonder of sy die regte keuse uitgeoefen het. Elke naweek die afgelope jaar was gevul met liefde en sosiale aangeleenthede. Nou word sy weereens met haar eie geselskap gekonfronteer. Lizette stel dit: *“’n Jaar is weg – dit voel soos ’n feëverhaal. Ek weet nie waarheen die tyd gegaan het nie.”*

Verskillende kwaliteite is geïdentifiseer, wat vir haar in 'n verhouding van belang is en as onontbeerlik beskou word, ten einde as 'n suksesvolle verhouding gekenmerk te word. In die proses het sy geleer dat sy 'n aanrakingsmens is. Warmte en aanraking is, volgens haar, kernvereistes vir 'n suksesvolle verhouding en indien dit nie figurerende komponente van haar verhoudingslewe is nie, sal sy liever verkies om alleen te wees. Sy het ook geleer (in haar eie woorde) dat *“dit nie nodig is om 'n kompromie aan te gaan, net om getroud te kom nie.”* Sy stel dit duidelik dat sy nie weer in ongelyke verhoudings betrokke wil raak nie, spesifiek wat die geestelike betref. Sy sê: *“Not being unequally yoked – moenie in 'n ongelyke juk met iemand trek nie.”* Tekstevse waarmee sy identifiseer, en vir haar persoonlike betekenis het, is 2 Korintiërs 6:14, 17 en 18. Samevattend beskryf sy dié verhoudingservaring as 'n tyd waartydens sy nuwe insigte omtrent haarself geleer het.

Lizette se **loopbaan** is die tweede saak wat aandag vereis. Sy beskryf haar werk as 'n gevoel van absolute verveling, wat ook erge verveeldheid met 'n klomp ongedissiplineerde kinders impliseer. Sy beskik tans oor geen visie rakende haar loopbaan nie. 'n Insident, wat die voorafgaande onderstreep, behels 'n oogoperasie wat sy moes ondergaan. Terwyl Lizette in die hospitaalbed gelê en wag het vir haar operasie, het sy iemand, 'n verpleegster die gang hoor afstap. Sover as wat hierdie persoon in die gang afgestap het, het sy almal vriendelik en hartlik gegroet. Hierdie persoon het energie en vreugde met haar saamgebring. Lizette het die pasiënte en medepersoneel se goedgesindheid jeens hierdie persoon ervaar en wou haar graag sien. Dié verpleegster het met haar kom gesels en Lizette het die geleentheid gebruik om haar te vra na haar borrelende, aansteeklike vriendelikheid. Die reaksie was eenvoudig: sy is absoluut gaande oor haar werk en kan soggens nie wag om werk toe te kom nie. Dit was vir Lizette 'n groot aantrekkingskrag – die passievolheid waarmee hierdie verpleegster haar werkslewe bejeën het.

Gegewe die lewensfase waarin sy haar tans bevind, naamlik die middelloopbaanfase, wat gekenmerk word as 'n herevaluerende en bevraagtekende fase, is haar vertwyfeling en ontevredenheid jeens haar werk verstaanbaar. In 'n ondersoek na Lizette se werksposisie tans, identifiseer sy die standvastigheid van haar werk met

mediese en pensioenvoordele as voordelig. Sy wil egter daardie verpleegster se opgewonde passievolheid jeens haar werk uitleef.

Ek vra haar: As geld en tyd geen kwessie was nie – wat sou jy graag wou doen?

Sy antwoord vinnig, sonder om te huiwer of te aarsel: *“Ek sou graag voltyds juwele wou maak. Ek sou graag my eie winkel wou bedryf – eers plaaslik verkoop en dan later uitvoer.”* Ons het gedagtes hieromtrent ondersoek. Kursusse is geïdentifiseer om haar vaardighede te slyp. Sy kon uitvind van markte en kersuitstallings om meer inligting rakende die juweliersmark uit te vind en te leer. Hierdie belangstelling kon uitgeleef en gevestig word, sonder om haar standvastige werk te bedank.

'n Verdere self-geïdentifiseerde sterkpunt is haar uitstekende taalvaardighede. Sy kan ook kursusse in taalversorging oorweeg ten einde 'n loopbaanskuif te maak na 'n veld wat reeds goed bekend is aan haar. Lizette het haar huiswerk begin doen, deur navrae te rig en meer uit te vind. Geld is 'n kwessie en die koste van kursusse moet oorweging geniet.

Die **finansiële** wig, sowel as die **fisiese omgewing** wig, sluit aan by die voorafgaande opmerking. Sy betree 'n lewensfase waar sy voel dat sy erns moet maak om finansiëel volkome selfversorgend te wees. In dié opsig het sy haar mediese behoeftes laat herevalueer en dienoreenkomstig veranderinge aangebring. Die feit dat haar motor die einde van die volgende maand afbetaal sou wees, het verdere geleentheid vir die hantering van ander finansiële behoeftes gebring. 'n Bron van verdere kommer is dat sy nie oor eie eiendom beskik nie. Dit is 'n saak wat haar kwel en onrustig stem. Sy huur tans 'n woning van haar grootouers, woonagtig op dieselfde erf. Die huisie beskryf sy as 'vodde' en benodig dringend onderhoud en vernuwing. Die toestand van die plek stem haar soms tot terneergedruktheid. Haar daaglikse, fisiese omgewing is nie vir haar mooi nie. 'n Besluit word geneem om die bank te besoek ten einde te kan vasstel vir watter leninggrootte sy kwalifiseer en dalk die hulp van 'n finansiële beplanner oor die saak in te roep.

'n Volgende kwessie is die wig rakende **familie en vriende**. Haar grootouers is hier spesifiek die fokus. In hoofstuk 3, afdeling 3.6.3, is die saak van ouerversorging bespreek. Dit bring psigologiese, sowel as finansiële druk mee, wat die versorger by tye depressief, kwaad en skuldig laat voel. In Lizette se geval blyk dit waar te wees en sukkel sy as enkelopende persoon om finansiëel haar grootouers se las te probeer verlig, veral ten opsigte van gereelde uitgawes soos medikasie en kos. Sy voel ook die verantwoordelikheid berus alleen by haar, omrede ander familieledede nie aktief by hulle versorging betrokke is nie. Ten spyte van haar intense betrokkenheid by hulle, voel sy steeds dat sy meer kan doen. Daarom was dit nodig om ondersoek in te stel na dit wat sy reeds doen en dit wat sy dink moontlik nog gedoen kan word. Lizette beskryf haar ouma as 'n sterk moederfiguur en geestelike mentor. Dit is vir haar erg om iemand, wat nog altyd die toonbeeld van fiksheid en lewenlus was, uitgemergel te sien. Die wins hier is geleë in die leerproses dat sy reeds alles menslik moontlik vir hulle doen, maar dat die moontlikheid om haar ouma te verloor, soos sy dit stel, *“iets is wat my vreugde bly steel.”* 'n Ander betekenis is toegevoeg waar sy geleer het dat alles wat sy vir haar grootouers doen as waardevol beskou kan word. Sy is tans vir hulle van groot waarde.

Die wig, **gesondheid**, bring doelwitte rakende haar lewenswyse mee. Die gevoelens wat sy ervaar kan met depressie geassosieer word. Haar huisdokter het medikasie voorgeskryf wat tans vir haar voldoende is. Dit blyk egter of sy sal baatvind by 'n deeglike, psigiese evaluering en daarom het ek haar na 'n psigiater verwys. Lizette het besluit om die persoon in die toekoms te besoek, sodra sy haar jaarlikse bonus ontvang het. Die gewigkwessie vereis daadwerklike aandag, wat lei tot die evaluering van verskeie eetplanne. Die gevolgtrekking hiervan was om die eetplan te volg wat vir haar werkbaar en maklik volgbaar was. Sy het dit met die ondersteuning van 'n mediese dokter aangepak, wat haar ondersteun, bemoedig en finansiëel gehelp het. Sy vertrou hom volkome en sal graag weer saam met hom werk. Fisiese aktiwiteit is verhoog deur 'n vorm van oefening te identifiseer wat vreugde verskaf, naamlik stap met haar drie worshonde. Sy wou dit graag weer in haar lewe inkorporeer en het verskeie roetes, met die nodige afstande daaraan gekoppel, uitgewerk.

Sy beskryf haarself as 'n spirituele wese en daarom beskou sy die **spirituele** wig as 'n integrering van al haar lewensfasette. Benewens haar betrokkenheid in die gemeente by musiekbediening en die Bybelskool, leef sy haar spiritualiteit ten volle in haar beroep uit, soos vroeër in hierdie gedeelte bespreek. Haar werk beskou sy as 'n bedieningsveld, waar dit haar voorreg is om as geestelike mentor op te tree.

Die laaste en **vierde fase** van hernuwing word betree wanneer Lizette die doelwitte, wat sy in elke geïdentifiseerde lewensarea gegenerereer het, voetjie vir voetjie takel. Sy besef die veranderingsproses kan net aan haar toegeskryf word. Hierdie wete dien as sneller en beweeg haar om tot aksie oor te gaan.

In hierdie tydperk vind sy sin en betekenis in die dagstukkies boek van Oswald Chambers (1992). Dit spreek tot haar en plaas haar lewe met persoonlike en professionele fasette in perspektief. Sy leer weer, soos soveel keer vantevore, dat God haar Vader is en betrokke in haar lewe is op 'n liefdevolle en bemoedigende wyse. Die dagstuk lees soos volg:

September 29 – 1 Corinthians 9:16

If you have ignored, and thereby removed, the great supernatural call of God in your life, take a review of your circumstances. See where you have put your own ideas of service or your particular abilities ahead of the call of God. Paul said, 'woe is me if I do not preach the gospel!' He had become aware of the call of God, and his compulsion to 'preach the gospel' was so strong that nothing else was any longer even a competitor for his strength. If a man or woman is called of God, it doesn't matter how difficult the circumstances may be. God orchestrates every force at work for His purpose in the end. If you will agree with God's purpose, He will bring not only your conscious level but also all the deeper levels of your life, which you yourself cannot reach, into perfect harmony.

Lizette het 'n lewensoorlog gemaak, wat gepaardgaande vernouing veronderstel. Sy is besig met die skep van 'n nuwe lewenshoofstuk, wat haar persoonlike en werkslewe transformeer.

➤ **Nabetragting oor die lewenstylafrigtingsproses**

Dit was vir my 'n voorreg om, saam met Lizette, medekonstrueerder van 'n nuwe lewenshoofstuk te kon wees. Sy is ingestel op die spirituele in alle fasette van haar lewe en het ter bevestiging weereens geleer dat betekenis en sinbeleving vir haar van kardinale belang is. Sy is 'n alleenpersoon, in die middelloopbaanfase, wat 'n dringende behoefte gehad het om haar lewe in 'n ander lig te beskou. Sy wou 'n veranderde lewensperspektief skep waarvolgens sy haar lewe kon rig. Die wins hiervan is geleë in nuutgevonde betekenis en sinbeleving in 'n steeds hernude leerervaring.

5.9.2 Lewenstylafrigting: Bruwer

Bruwer is 48 jaar oud en 'n landboukundige van beroep. Hy het grootgeword in die Kalahari en na skool 'n landboukwalifikasie verwerf. Hy geniet hoë aansien in sy werksomgewing, vanweë sy nougesette werkvermoë, stiptelikheid, toegewydheid en die vriendelike wyse waarop hy kliënte en medepersoneel hanteer. Hy is reeds 25 jaar gelukkig getroud met 'n kunstenaar en twee seuns is uit die huwelik gebore. Bruwer word beskryf as 'n gesinsman, wat sy familie in alles altyd eerste stel. Hy is ook 'n kranige atleet, wat gereeld saam met sy seuns aan langafstandwedlope deelneem. Sy aktiewe betrokkenheid by die kerk strek die gemeente net tot voordeel.

Hy het reeds as twintigjarige vir homself 'n loopbaanpad beplan. Hy wou homself in die landboubedryf vestig, terwyl hy ook 'n beesboerdery opbou. Sy lewensdroom is om grond te besit, met 'n beesboerdery groot genoeg om sy lewenstandaard te handhaaf. Dus het hy sy beroep as landboukundige as 'n middel tot 'n doel beskou, waarna hy sy droom as beesboer voluit sou kon uitleef. Hy was van mening dat hy gedurende sy laat middeljare, wat hy rondom 50 jaar gestel het, sou kon bedank om voltyds te boer.

Hy het egter die afgelope paar maande 'n ongemaklikheid in homself begin ervaar. Hy het vroeë rakende sy droom en ambisie aan homself gerig en ernstig daarmee in 'n worstelstryd omgegaan. Hy beskryf die tydperk as introspektief en 'n tyd vir bestekopname. Hy het tot die besef gekom dat hy sy werkslewe gerig het om eendag hierdie droom te kon uitleef. Soos wat hy egter nader aan sy vyftigs beweeg, het dit hom getref, dat hy nie voltyds wil boer nie. Weereens het hy besin oor die motiveringsrede waarom hy sy eertydse droom nie wou uitleef nie.

Bruwer het 'n dilemma beleef, omrede hy gevoel het dat hy tussen twee wêreldes vasgevang is. In die eerste plek het hy baie van sy werk gehou. Hy is 'n uitstekende en gerekende landboukundige, wat boere tot suksesvolle boerdery lei danksy ingeligte gewesaanbevelings. Hy is in beheer van 'n aantal agente en hou van die onderlinge kompetisie tussen die verskillende streke. Dit bied hom enersyds die nodige dryfkrag om optimaal te presteer, en andersyds dien dit as stimulant vir energieke werksverrigting.

In die tweede plek is 'n voltydse beesboerdery sy droom, maar beleef hy tans beperkinge in sekere opsigte. Hy is trots op die tipe bees wat hy oor die aantal jaar geteel het en geniet die rustigheid van die veld en die diere. Sy beperkinge koppel hy aan die landstoestand in terme van moontlike grondhervorming en die beskikbaarheid van die hoeveelheid grond wat hy benodig ten einde selfstandig te kan boer. As 'n boer is hy 'n produsent en interpreteer hy dit as 'n prysnemer en nie as 'n prysgewer nie. As produsent is hy uitgelewer aan die prys waarteen bees op veilings verkoop, sowel as die prys van die produk om die bees te onderhou. As prysgewer, is hy deel van die middelgroep en voel hy minder uitgelewer. Hy geniet die gedreweheid en kompeterende aard van sy werk, en is onseker of hy die rustigheid van 'n beesboerdery alleen bevredigend sou vind.

In dié oordenkende tyd het Bruwer tot die besef gekom dat hy sy lewenslange droom moes hersien. Dit het hom gelaat met 'n gevoel van rigtingloosheid en onsekerheid ten opsigte van sy werksposisie tans, asook met vroeë oor 'n loopbaanverandering of die ontginning van moontlike verdere potensiaal. Dit is ook die rede waarom hy besluit

het om my te besoek. Hy het homself in die middelloopbaanfase bevind met 'n herevaluering van sy loopbaan, ambisie, drome en toekomsgerigtheid.

Wanneer Bruwer se verhaal in terme van die 'siklus van hernuwing' geëvalueer word, blyk dit kortliks soos volg: Die grootste gedeelte van sy lewe sou in die **eerste fase** geplaas kon word. Bruwer het standvastigheid en doelgerigtheid in sy persoonlike en professionele lewe ervaar. Benewens kursusse en seminare in gewaskunde, wat hy bygewoon het, het hy ook kennis en ervaring ten opsigte van weidingkunde opgedoen. Hy is 'n veelsydige werknemer, wat homself uitstekend van sy taak kwyt.

Die besef en herevaluering rakende sy lewenslange droom, en werksgeoriënteerdheid tans, was die sneller vir die **tweede fase**. Hy het onsekerheid beleef, wat hom tot ongemak en ontevredenheid gestem het. Hy wil graag sy werk as sinvol beleef en daarom was hy gereed om moontlikhede te ondersoek. Dit behels mini-oorgange, wat die herstrukturering van die reeds bestaande impliseer, ten einde van diens te wees in die verbetering daarvan. Die **derde fase**, gekenmerk as 'n tydperk van refleksie word op gereelde grondslag deur Bruwer beoefen, omrede werk met beeste vir hom tye van nabetragting en herevaluering van sy leefwêreld bied. Dus beskik hy oor genoeg tyd om weekliks introspektief te kan verkeer. Hy was gereed vir paradigmatkuiwende denke aangaande sy professionele lewe.

Dit was nodig om die beesboerdery, en sy beroep as landboukundige, in terme van 'n langtermynperspektief te hersien. Daarom is vele toekomstige moontlikhede vir beide fasette gegenereer om sodoende 'n nuwe, sinvolle loopbaanpad, met toegevoegde betekenis, te skep.

Die **vierde fase** behels 'n aksie-georiënteerdheid. Herevaluering in die derde fase het gelei tot die uitkoms dat Bruwer besluit het om die beesboerdery te behou. Dit word steeds in 'n langtermynperspektief geplaas, waarbinne dit dien as 'n bydraende inkomste om vir sy seuns se studies te kan voorsien, asook as aanvulling tot sy pensioenfonds. Die beesboerdery verteenwoordig vir hom 'n ander faset van sy menswees, wat hy as betekenisvol ervaar en wat vir hom genotvol is. Die grootte van

die beesboerdery bemoeilik die alleenhantering en bestuur daarvan. Tans oorweeg hy die aanstelling van 'n bestuurder. Hy ondersoek die moontlikhede om 'n geskikte persoon te vind en is tans in die proses van posadvertering.

Sy beroep as landboukundige is ook in 'n ander lig beskou. Bruwer het besluit om voort te bou op sy uitmuntende loopbaan en verdere kwalifikasies is oorweeg. Die uiteinde hiervan is die keuse om volgende jaar in te skryf vir 'n meestersgraad in agronomie. Bruwer het entoesiasies inligting van verskeie universiteite ingesamel ten einde 'n besluit te neem oor 'n universiteit wat die beste in sy behoeftes sal voorsien.

➤ **Nabetragting oor die lewenstylafrigtingsproses**

Dit was vir my heerlik en 'n voorreg om saam met Bruwer sy loopbaanpad te kon hersien. Alhoewel hy 'n lewensfase ervaar het, wat vir hom worsteling en wroeging meegebring het, het hy entoesiasies aan die afrigtingsproses meegedoen. Sy fokus en gretige doelgerigtheid het gehelp om die hele proses te verhaas en te vergemaklik. Dit was nie nodig om die lewenswiel met hom te behandel nie, omrede alle ander lewensaspekte vir hom bevredigend was. Hy beskik oor genoegsame selfinsig met visie en gepaardgaande aksie-georiënteerdheid. Bruwer betree die tweede helfte van sy lewe met nuutgevonde betekenis en sin.

Graag wil ek kortliks reflekteer op die fasilitering van die lewenstylafrigtingsproses tussen Lizette en Bruwer. Die vernaamste ooreenkoms tussen die twee kliënte is dat beide in die middelloopbaanfase geposisioneer kan word. Beide kliënte het dit as 'n herevaluerende tisperk beleef met die hoop op sinbelewing. Die verskil is daarin geleë dat die aanbieding van Lizette se afrigtingsproses veel langer as die van Bruwer is, weens die kompleksiteit van haar lewensituasie en omrede haar lewe in totaliteit in oënskou geneem moes word. Daarteenoor het Bruwer rigtingsloosheid en onsekerheid jeens een segment van sy lewe, rakende sy toekomstige werksituasie, ervaar. Die afrigtingsuitkoms was vir beide kliënte positief van aard ten opsigte van 'n doelgerigte, gefokusde, aksie-georiënteerde lewe met betekenis en sinbelewing.

5.10 FINALE – GEÏNTEGREERDE GEHEEL

In hierdie hoofstuk tree afrigting tot die interdisiplinêre gesprek toe in die hoedanigheid van lewensstylafrigting as die fasiliteringsproses waardeur persoonlike betekenis en sinbeleving moontlik die uitkoms kan wees.

Afrigting veronderstel proaktiewe, visionêr-gedrewe, groei-oriëntasie en lewensvolheid. Die vinnige groei van afrigting as domein dui op die fundamentele behoefte van die mens om 'n persoonlike en professionele lewe meer betekenisvol, gebalanseerd en holisties te maak. Individue aanvaar verantwoordelikheid vir eie ontwikkeling en 'n groeiende behoefte aan lewenslange leer is die gevolg.

Die hele kwessie rondom afrigting as profesie is só volledig moontlik aangeraak. Bewysgebaseerde praktyk bied moontlik die antwoord tot die vraag omtrent afrigting as profesie, waar die teoretiese en empiriese fondasie van afrigting aangespreek kan word. Seligman (2007:266) is egter van mening dat positiewe sielkunde die nodige wetenskaplike, bewysgebaseerde en teoretiese ondersteuning aan afrigting kan bied.

Veelvoudige definisies van afrigting bemoeilik die presiese definiëring van die domein. Afrigting as 'n ontluikende profesie, waar die ooreenkoming van kernstandaarde en bevoegdheid ontbreek, dien moontlik as 'n motiveringsrede vir dié kompleksiteit. Die kernbeginsels van afrigting, soos verkry uit verskeie definisies, in samehang met die noukeurige bestudering van die literatuur, sien soos volg daarna uit:

- ✓ Afrigting gaan om 'n verhouding;
- ✓ Dit behels 'n fasiliteringsproses;
- ✓ Die kliënt is vindingryk en vernuftig;
- ✓ Afrigting spreek die persoon in geheel aan;
- ✓ Die kliënt stel die agenda;
- ✓ Die afrigter en die kliënt is gelyk; en
- ✓ Afrigting gaan om leer, verandering en aksie.

Afrigting deel vaardighede met ander verwante dissiplines en is belig ten einde die ooreenkomste en verskille duidelik te kon stel. Die onderskeid tussen afrigting, terapie, berading, mentorskap en opleiding is geleë in die doel, proses en inhoud. Ooreenkomste gedeel behels uitstekende luistervaardighede en uitmuntende vraagstelling. Die kundigheid van afrigting lê in die toekoms as fokus, met doelwitte vir leer, verandering, groei en aksie.

In lewenstylafrigting word 'n waarde-gebaseerde en holistiese benadering tot professionele en persoonlike ontwikkeling ingeneem. Die oorkoepelende doel behels die fasilitering van prestasieverbetering en algehele welsyn, ten einde kognitiewe, emosionele en gedragsveranderinge deur middel van doelwitbereiking teweeg te bring. Kliënte word deur lewensafriegers op hulle lewenspad ondersteun in 'n poging om verlangde veranderinge te bewerkstellig. Die aanbod van veelvuldige perspektiewe, met die inagneming van die kliënt se posisie ten opsigte van die lewensloopbenadering, maak ondersteuning moontlik.

Aangesien lewenstylafrigting 'n interaktiewe proses veronderstel, dien verskeie vaardighede en tegnieke as hulpmiddels om die kliënt tot leer en ontwikkeling aan te spoor, met die oog op persoonlike prestasieverbetering en doelwitbereiking. Daarom dat afrigting ook beskryf word as 'n eklektiese dissipline, omrede dit saamgestel is uit veelvuldige benaderinge.

Die afrigtingskliënte se stemme is ook gehoor in 'n poging om 'n geheelbeeld rondom die fasiliteringsproses van lewenstylafrigting te skep. Geldend vir dié fasiliteringsproses is twee breë verwysingsraamwerke, waarbinne bepaalde modelle en tegnieke figurerende komponente is, aangewend. Die narratiewe benadering en die 'siklus van hernuwing' dien as die twee verwysingsraamwerke. Die lewenstylafrigtingsproses is gerig volgens beginsels onderliggend aan die narratiewe benadering, met die inagneming van die lewensfase waarin 'n kliënt verkeer, ten einde 'n posisionering in die 'siklus van hernuwing' moontlik te maak.

Assessering van die kliënt aan die begin van die afrigtingsproses word as 'n noodsaaklikheid beskou, omrede dit die geleentheid bied om die kliënt in terme van 'n eie persoonlike en professionele lewe te kan posisioneer. Afrigting as eklektiese dissipline maak gebruik van 'n verskeidenheid tegnieke en hulpmiddels vir die verkryging van werkbare data aangaande die kliënt, soos bespreek in die voorafgaande hoofstuk. Twee verneme vereistes waaroor die afrigter moet beskik, ten opsigte van effektiwiteit en die uitkomstegenerering, is vaardige vraagstelling en outentieke, intense luistervermoëns.

Die lewenstylafrigtingsproses van die twee afrigtingskliënte, Lizette en Bruwer, verskil beduidend van mekaar ten opsigte van die kliënt se betrokkenheid in die proses van transformasie. Die kliënt stel die agenda en die afrigter bied die nodige, dienoreenkomstige leiding. Die uitkoms vir beide genoemde kliënte, na afloop van die afrigtingsproses, is leer, verandering en 'n nuutgevonde perspektief. Beide kliënte het hulle in die middelloopbaanfase bevind, met herevaluering en nabetrugting rakende 'n eie persoonlike en professionele lewe. Na 'n aanvanklike uitsiglose lewensituasie is betekenis en sinbeleving as wins aan 'n transformerende lewensperspektief toegevoeg.

Lizette en Bruwer is verteenwoordigend van die ouderdomsgroepeerings soos deur die middelloopbaanfase veronderstel. Lizette behoort tot die eerste gespreksgroep met 'n ouderdomspeling van 38 tot 45 jaar en Bruwer word aan die tweede gespreksgroep met die ouderdom van 46 tot 55 jaar, toegedeel. Die stem van gespreksgenote en afrigtingskliënte kon in samehang, duidelik in die ondersteuning van die literatuur, asook in unieke bydraes ten opsigte van eie ervaringsbeleef, gehoor word. Praktikerfaringe soos weerspieël in die verbatim-aanhalings van gespreksgenote en die lewensverhale van die afrigtingskliënte onderstreep en beklemtoon die teorie met nuanses wat verdere moontlike studie-geleenthede uitwys.

Die libretto, verteenwoordigend van die navorsingstudie, is ingelei deur die ouverture, wat 'n kort voorstelling van die onderskeie gespreksgenote se stemme, deelnemend aan die interdisiplinêre gesprek, gebied het. Vier domeine is voorgestel, naamlik praktiese teologie, middelloopbaan-ontwikkeling, spirituele intelligensie en lewenstylafrigting. Alhoewel hierdie vier stemme die hoofkarakters van die libretto vorm, is aksente en nuanses vergestalt in bykarakters, sowel as die onderafdelings van die onderskeie domeine, ook gehoor. In dié laaste finale, word elke deelnemende stem geïntegreer en verweef tot sinvolle verantwoording ten opsigte van die uitdagings gestel en geartikuleerde vrae gevra.

'n Eerste uitdaging het die moontlikheid van 'n interdisiplinêre gesprek tussen die genoemde domeine bevestig. "Postfoundational" praktiese teologie, met transversale rasionaliteit, bied die nodige ruimte om die funksionalisering van 'n interdisiplinêre gesprek tussen verskillende dissiplines en onderskeie domeine wel moontlik te maak. Die pragmatiese fasiliteer 'n oordenkende dialoog en die konstruering van modelle, wat deur die praktiese teologie aangewend word om leiding aan individue en gemeenskappe te bied rakende die uitvoering van aktiwiteite of praktyke. Die transversale benadering veronderstel 'n vloeibare en dinamiese begrip tussen dissiplines, waar die oorsteek van grense tussen dissiplines na 'n aanneemlike vorm van interdisiplinêre gesprek juis deur die "postfoundationalist"-idee van transversale rasionaliteit geëis word.

'n Tweede uitdaging het die vraag gestel na 'n gepaste wyse(s) om die spirituele, in die vorm van spirituele intelligensie, van die middelloopbaan-individu te ontwikkel. Die middelloopbaanfase word as 'n herevaluerende tydperk ten opsigte van persoonlike, professionele en spirituele ontwikkeling beskou. Dit blyk asof verskeie ondernemings wel ondersteuningsmoontlikhede bied en dat mentorskap een van die moontlikhede is waarna die meeste verwys word. Ek het mentorskap as ondersteuningsmoontlikheid bevestig, en lewenstylafrigting gekies, waar gefokusde aksie met daadwerklike doelwitbereiking en verhoogde lewenservaring as motiveringsrede gedien het.

In die ondersoek na lewenstylafrigting as fasiliteringsproses, is die plasing daarvan in 'n pastorale domein bevestig. Binne die kontoere van die praktiese teologie lê die pastorale teologie, wat lewensvraagstukke sinvol vanuit die Christelike geloofsperspektief wil ondersoek. Die soeke na betekenis en sinbeleving is met spirituele intelligensie in verband gebring omrede spiritualiteit as 'n tipe intelligensie beskryf en begryp word. Die ontwikkeling van spirituele intelligensie deur middel van lewenstylafrigting lei tot die transformering van 'n eie lewe, waar betekenis en sinbeleving geleef word. Lewenstylafrigting kan dus in 'n pastorale domein geplaas word ten einde sinvolle leer en verandering te bewerkstellig.

Die moontlikheid om beide narratiewe terapie en afrigting as benadering aan te wend tydens die fasilitering van lewensvraagstukke is ook ondersoek. Afrigting en terapie verskil van mekaar in die opsig dat die laasgenoemde op 'n reaktiewe model gebaseer is, wat hoofsaaklik fokus op die heling en herstel van dit wat as verkeerd beskou word. Afrigting daarenteen fokus op die hantering van funksionele probleme, met die doel om op 'n visionêre en aksie-gedrewe werkswyse tot die verbetering van lewenservaring by te dra. Alhoewel afrigting en terapie grootliks van mekaar verskil, kan die lewenstylafrigtingsproses egter wel gerig word volgens die beginsels onderliggend aan die narratiewe benadering. Die narratiewe benadering, met verhaalanalise as primêre faktor, bied verskeie moontlikhede vir die afrigter, wat die taal van die kliëntestorie ondersoek. Deur nie-veroordelende vraagstelling kan beide afrigter en kliënt medekonstrueerders van 'n toekomstige, transformerende lewensverhaal wees. Die narratiewe benadering kan dan as veranderingsagent dien om spirituele intelligensie te fasiliteer.

Die metode van navorsing, wanneer lewenstylafrigting as fasiliteringsproses aangewend word, is ook onder die soeklig geplaas. Uit bestudeerde akademiese artikels het dit geblyk dat afrigtingseffektiwiteit hoofsaaklik deur middel van kwantitatiewe navorsing gemeet word. Die vraag is gestel na die uitkoms wanneer lewenstylafrigting in 'n eklektiese model nagevors word, waarbinne beginsels onderliggend aan 'n verskeidenheid kwalitatiewe navorsingsmetodes gehuisves word.

Lewenstylafrigting veronderstel 'n interaktiewe proses, met verskeie vaardighede en tegnieke wat uit ander dissiplines ontleen word. Dit word ook as 'n eklektiese dissipline beskryf, vanweë die samestelling daarvan uit dié veelvuldige benaderinge, wat die moontlikheid bied om die kliënt tot persoonlike en professionele leer en ontwikkeling te lei. In die skep van die libretto is spesifiek gekies om van kwalitatiewe metodes gebruik te maak, met meer as een interpreterende praktyk, ten einde die deurweefdheid van stemme in 'n interdissiplinêre gesprek hoorbaar te maak en die moontlikheid van lewenstylafrigting as fasiliteringsproses daar te stel. Lewenstylafrigting kan wel kwalitatief nagevors word en die uitkoms blyk instemmend van aard te wees.

'n Derde en laaste uitdaging behels spirituele lewenstylafrigting as fasiliteringsproses, ten einde middelloopbaan-ontwikkeling te bevorder. Vier domeine verenig in 'n geïntegreerde geheel, waar alle deelnemende gespreksgenote samehangend gehoor word in die veronderstelde interdissiplinêre gesprek. Die eerste tot die vyfde bedryf bied bepaalde perspektiewe ten opsigte van die derde uitdaging. Die verhale van die afrigtingskliënte bevestig 'n lewenstylfasiliteringsproses, waartydens persoonlike en professionele groei met toegevoegde betekenis en sinbeleving die uitkoms is. Die finale bereik 'n hoogtepunt in die instemmende verheldering dat spirituele lewenstylafrigting as fasiliteringsproses wel middelloopbaan-ontwikkeling kan bevorder.

Tydens die skep van hiërdie betrokke libretto, is ook ander moontlikhede ten opsigte van nuwe tekste geïdentifiseer. Hierdie betrokke studie is nie méér spesifiek van aard ten opsigte van 'n geslag, 'n beroep of 'n organisasie nie. Die betrokke beperkinge mag moontlik in verdere navorsing van waarde wees en ondersoek word, ten einde 'n meer gefokusde blik ten opsigte van die voorafgaande te bied.

Twee ouderdomsgroepe, in die middelloopbaanfase, is vir doeleindes van hierdie studie onderskei. Dit sou moontlik wees om die ooreenkomste en verskille rakende

persoonlike en professionele ervaringe tussen individue van die onderskeie ouderdomsgroeperinge verder met uitgebreide navorsing, te ontgin.

Spirituele intelligensie word onderskei deur twaalf benaderinge. 'n Vasstelling na die mate waartoe die kliënt oor die verskillende kwaliteite beskik, kan moontlik 'n bydraende faktor wees in die doeltreffendheid van 'n lewenstransformerende proses. 'n Bydrae kan gelewer word deur die betrokke kwaliteite verder te omskryf en te fokus op die ontwikkeling van elkeen, ten einde die kliënt van hulp te wees in die uitlewing daarvan.

Afrigting veronderstel leer, aksie en verandering, wat vir my 'n vraag aangaande leervermoëns na vore bring. Leer gaan gepaard met afrigting en 'leer om te leer' word beskou as dié hoogste lewensvaardigheid (Klasen & Clutterbuck 2002:3). Waarom word die leerstyl van die kliënt nie in ag geneem by die aanvang van die afrigtingsessie tydens die kliënte-assessering nie? Vasstelling van die wyse waarop 'n kliënt leer en inligting integreer kan moontlik lei tot meer doeltreffende en gefokusde doelwitbereiking tydens die middelloopbaan.

Die bepaling van loopbaanankers sal 'n bepaalde blik bied ten opsigte van verskeie vorme van werksoriëntasie. 'n Loopbaananker word beskryf as "a cluster of self-perceived talents, motives, and values that forms the nucleus of a person's occupational self-concept" (Greenhaus, Callanan & Godshalk 2010:68). Graag sal ek spesifiek wil fokus op die loopbaananker van leefstylintegrasie, in samehang met spirituele intelligensie en die fasilitering daarvan in 'n lewenstylafrigtingsproses.

Middelloopbaan-ontwikkeling deur spirituele lewenstylafrigting is positief beantwoord. Die middel-ervaring bied geleentheid vir 'n toekomsblik van dit wat nog moet kom en 'n verwagting van dit wat moontlik voorlê. Lewenstylafrigting kan leiding bied in die beantwoording van eksistensiële vrae wat in die spirituele opgesluit is. Die uitkoms beloop om toegevoegde betekenis en sinbeleving as vergestaltende komponente in 'n transformerende lewenskuif te wees.

BRONNE GERAADPLEEG

Adams, K & Hyde, B 2008. Children's grief dreams and the theory of spiritual intelligence. *Dreaming* 18(1):58-67.

Anderson, K R & Reese, R D 1999. *Spiritual mentoring: A guide for seeking and giving direction*. USA: Intervarsity Press.

Ariola, M M 2006. *Principles and methods of research*. Mesa Quezon City: Rex Printing Company, Inc.

Arnold, J 1997. *Managing careers into the 21st century*. London: Paul Chapman Publishing Ltd.

Arthur, M B; Inkson, K & Pringle, J K 1999. *The new careers: Individual action & economic change*. London: Sage Publications.

Ashmos, D P & Duchon, D 2000. Spirituality at work: A conceptualization and measure. *Journal of Management Inquiry* 9(2):134-145.

Astley, J 2002. *Ordinary theology: Looking, listening and learning in theology. Explorations in practical, pastoral and empirical theology*. Hampshire: Ashgate.

Atchley, R C & Barusch, A S 2004. *Social forces & aging: An introduction to social gerontology*. Tenth edition. USA: Thomson Wadsworth.

Bachkirova, T 2010. The cognitive-developmental approach to coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 133-145.

Bachkirova, T; Cox, E & Clutterbuck, D 2010. Introduction. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 1-20.

Baker-Fletcher, K; Carr, D; Menn, E & Ramsay, N J 2005. Taking stock at mid-career: Challenges and opportunities for faculty. *Teaching Theology and Religion* 8(1):3-10.

Baldwin, R G & Chang, D A 2006. Reinforcing our strategies to support faculty in the middle years of academic life. *Liberal Education* 92(4):28-35.

Baldwin, R; DeZure, D; Shaw, A & Moretto, K 2008. Mapping the terrain of mid-career faculty at a research university: Implications for faculty and academic leaders. *Change* 40(5):46-55.

Baltes, P B; Reese, H W & Lipsitt, L P 1980. Life-span developmental psychology. *Annual Review of Psychology* 31:65-110.

Baltes, P B 1987. Theoretical propositions of life-span developmental psychology: On the dynamics between growth and decline. *Developmental Psychology* 23(5):611-626.

Baltes, P B & Staudinger, U M 1993. The search for a psychology of wisdom. *Psychological Science* 2(3):75-80.

Baltes, P B; Staudinger, U M & Lindenberger, U 1999. Lifespan psychology: Theory and application to intellectual functioning. *Annual Review of Psychology* 50:471-507.

Barth, K 1963. *Evangelical theology: An introduction*. VSA: Holt, Rinehart and Winston.

Bayne, R 2004. *Psychological types at work: An MBTI perspective*. Great Britain: Thomson.

Bell, C R 2002. *Managers as mentors: Building partnerships for learning*. San Francisco: Berret-Koehler Publishers.

Bentley, E 2007. *Adulthood*. New York: Routledge.

Berger, J G 2006. Adult development theory and executive coaching practice. In: *Evidence based coaching handbook: Putting best practices to work for your clients*. Edited by: D R Stober & A M Grant. New Jersey: John Wiley & Sons, Inc. 77-102.

Betz, N E 2003. A proactive approach to midcareer development. *The Counseling Psychologist* 31(2):205-211.

Biberman, J & Whitty, M 1997. A postmodern spiritual future for work. *Journal of Organizational Change* 10(2):130-138.

Bjorklund, B R & Bee, H L 2008. *The journey of adulthood*. Sixth edition. New Jersey: Pearson Education, Inc.

Bloch, D P 2005. Complexity, chaos, and nonlinear dynamics: A new perspective on career development theory. *The Career Development Quarterly* 53:194-207.

Blustein, D L 1997. A context-rich perspective of career exploration across the life roles. *The Career Development Quarterly* 45:260-274.

Blustein, D L 2006. *The psychology of working: A new perspective for career development, counseling, and public policy*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Bons-Storm, R 1989. *Hoe gaat het met jou? Pastoraat als komen tot verstaan*. Kampen: Kok.

Bosch, D J 1991. *Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission*. New York: Orbis Books.

Bown-Wilson, D & Parry, E 2009. Career plateauing in older workers. In: *Maintaining focus, energy and options over the career*. Edited by: S G Baugh & S E Sullivan. USA: Information Age Publishing, Inc. 75-105.

Brinker, W 2007. *Janus: God of beginnings*. Retrieved from the World Wide Web on 12 May 2010. (<http://www.meridiangraphics.net/janus.htm>).

Browning, D S 1991. *A fundamental practical theology*. Minneapolis: Fortress Press.

Browning, D S 2000. Foreword. In: *Spiritual dimensions of pastoral care: Practical theology in a multidisciplinary context*. Edited by: D Willows & J Swinton. London: Jessica Kingsley Publishers. 9.

Cappelli, P 2005. Will there really be a labor shortage? *Human Resource Management* 44(2):143-149.

Capps, D 1983. *Life cycle theory and pastoral care*. Oregon: Wipf and Stock Publishers.

Capps, D 1993. *The poet's gift: Toward the renewal of pastoral care*. Kentucky: Westminster.

Capps, D 2000. Levinson's theory of the life structure: The case for its universality. *The Journal of Pastoral Care* 54(1):3-9.

Capps, D 2004. The decades of life: Relocating Erikson's stages. *Pastoral Psychology* 53(1):3-32.

Capps, D 2008. *The decades of life: A guide to human development*. Louisville: John Knox Press.

Carette, J & King, R 2005. *Selling spirituality: The silent takeover of religion*. London: Routledge.

Cavanagh, G F 1999. Spirituality for managers: Context and critique. *Journal of Organizational Change Management* 12(3):186-199.

Cavanagh, M J & Grant, A M 2010. The solution-focused approach to coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 54-67.

Cavanaugh, J C & Blanchard-Fields, F 2006. *Adult development and aging*. Fifth edition. USA: Thomson Wadsworth.

Chambers, O 1992. *My utmost for His Highest*. Michigan: Discovery House Publishers.

Cilliers, J 2009. "Fides quaerens societatem": Praktiese teologie op soek na sosiale vergestaltung. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 49(4):624-638.

Clinebell, H 1984. *Basic types of pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon Press.

Clutterbuck, D 2004. *Everyone needs a mentor: Fostering talent in your organisation*. Forth edition. London: Chartered Institute of Personnel and Development.

Clutterbuck, D 2010. Team coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 271-283.

Cohen, G 2006. The myth of the midlife crisis. *Newsweek* 147(3):82-86.

Collins, G R 2005. *Die A tot Z van berading: Die mees omvattende gids*. Kaapstad: Struik.

Connor, M & Pokora, J 2007. *Coaching & mentoring at work: Developing effective practice*. Poland: Open University Press.

Conradie, E 2006. *Waar op dees aarde vind mens God? Op soek na 'n aardse spiritualiteit*. Wellington: Lux Verbi. BM.

Cox, E & Jackson, P 2010. Developmental coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 217-230.

Crane, T G 2002. *The heart of coaching: Using transformational coaching to create a high-performance coaching culture*. Second edition. California: FTA Press.

Dante, A 1867. *The divine comedy*. Cambridge: University Press: Welch, Bigelow & Co.

De Beer, A 2009. *Promissioterapie by vroue na die verlies van 'n eggenoot: 'n Pastoraal-narratiewe studie*. Ongepubliseerde Philosophiae Doctor proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

De Haan, E 2008. *Relational coaching: Journeys towards mastering one-to-one learning*. Chichester: John Wiley & Sons Ltd.

De Jongh van Arkel, J T 1991. Ekosisteedenke as meta-teorie in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1):61-75.

De Jongh van Arkel, J T 2000. Recent movements in pastoral theology. *Religion & Theology* 7(2):142-168.

De Klerk, W J 1975. *Pastorale sensitiwiteit*. Johannesburg: Perskor.

De Lange, M C 2007. Reflections on methodology and interdisciplinarity in the postmodern dialogue between theology and the natural sciences. *Acta Theologica* 27(2):44-62.

Dembkowski, S; Eldrige, F & Hunter, I 2006. *The seven steps of effective executive coaching*. London: Thorogood Publishing.

Denzin, N K & Lincoln, Y S 1998. *The landscape of qualitative research: Theories and issues*. Thousand Oaks: Sage Publications, Inc.

Denzin, N K & Lincoln, Y S 2005. Preface. In: *The SAGE handbook of qualitative research*. Third edition. Edited by: N K Denzin & Y S Lincoln. Thousand Oaks: Sage Publications, Inc. ix-xviii.

Dill, J & Kotzé, D J 1997. Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese konteks vir die praktiese teologie. *Acta Theologica* 17(1):1-26.

Dohm, A 2000. Gauging the labor force effects of retiring baby-boomers. *Monthly Labor Review* July:17-25.

Dolny, H 2009. Sustainability, measurability and design generics. In: *Team coaching: Artists at work*. Edited by: H Dolny. Johannesburg: Penguin Books. 232-259.

Drake, D B 2010. Narrative coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 120-131.

Draper, B 2009. *Spiritual intelligence: A new way of being*. Great Britain: CPI Cox & Wyman, Reading.

Dreyer, J S 2007. The national policy on religion and education in South Africa: Reflections from a public practical theology. *Practical Theology in South Africa* 22(2):40-60.

Duffy, R D 2006. Spirituality, religion, and career development: Current status and future directions. *The Career Development Quarterly* 55:52-63.

Eby, L T; Butts, M & Lockwood, A 2003. Predictors of success in the era of the boundaryless career. *Journal of Organizational Behavior* 24:689-708.

Edwards, A C 2003. Respons to the spiritual intelligence debate: Are some conceptual distinctions needed here? *International Journal for the Psychology of Religion* 13(1):49-52.

Emmons, R A 1999. *The psychology of ultimate concerns: Motivation and spirituality in personality*. New York: The Guilford Press.

Emmons, R A 2000a. Is spirituality an intelligence? Motivation, cognition and the psychology of ultimate concern. *International Journal for the Psychology of Religion* 10(1):3-26.

Emmons, R A 2000b. Spirituality and intelligence: Problems and prospects. *International Journal for the Psychology of Religion* 10(1):57-64.

Erikson, E H 1958. *Young man Luther: A study in psychoanalysis and history*. New York: W W Norton & Co.

Erikson, E H 1964. *Insigh and responsibility*. New York: W W Norton & Co.

Erikson, E H 1965. *Childhood and society*. England: Penguin Books Ltd.

Erikson, E H 1968. *Identity: Youth and crises*. New York: Norton.

Erikson, E H 1969. *Gandhi's truth: On the origins of militant nonviolence*. New York: W W Norton & Co.

Erikson, J M 1997. *The life cycle completed – Erik H Erikson*. New York: W W Norton & Co.

Erber, J T 2005. *Aging and older adulthood*. Toronto: Thomson Wadsworth.

Eysenck, H J 1998. *A new look: Intelligence*. New Brunswick: Transaction Publishers.

Fainsilber, L & Ortony, A 1987. Metaphorical uses of language in the expression of emotions. *Metaphor and Symbolic Activity* 2(4):239-250.

Fouché, C B & Delport, C S L 2002. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. In: *Research at grass roots: For the social science and human service professions*. Second edition. Edited by: A S De Vos. Pretoria: Van Schaik Publishers. 265-269.

Fourie, M C 2007. Die ontwikkeling van pastoraal narratiewe mentorskap-beginsels as effektiewe leerbenadering. *Acta Theologica* 27(2):92-104.

Fowler, J W 1981. *Stages of faith: The psychology of human development and the quest for meaning*. New York: HarperCollins.

Fowler, J W 2000. *Becoming adult becoming Christian: Adult development & Christian faith*. San Francisco: Jossey-Bass.

Frankl, V E 1959. *Man's search for meaning: The classic tribute to hope from the Holocaust*. Johannesburg: Rider.

Freedman, J & Combs, G 1996. *Narrative therapy: The social construction of preferred realities*. New York: W W Norton & Company.

Freedman, J & Combs, G 2002. *Narrative therapy with couples... and a whole lot more! A collection of papers, essays and exercises*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Fuller, R C 1988. *Religion and the life cycle*. Philadelphia: Fortress Press.

Gadamer, H 1976. *Philosophical hermeneutics*. Berkeley: University of California Press.

Gammond, P 1980. *An illustrated guide to composers of opera: A lavishly illustrated reference work describing the lives and major operas of more than 100 famous international composers*. New York: Arco Publishing, Inc.

Ganzevoort, R R 2006. The social construction of revelation. *International Journal of Practical Theology* 10:1-14.

Ganzevoort, R R 2009. *Forks in the road when tracing the sacred: Practical theology as hermeneutics of lived religion*. Presidential address to the ninth conference of the International Academy of Practical Theology, Chicago 2009. Retrieved from the World Wide Web on 24 April 2010. (<http://www.ruardganzevoort.nl>).

Gardner, H 1983. *Frames of mind: The theory of multiple intelligences*. New York: Basic Books.

Gardner, H 1999. *Intelligence reframed: Multiple intelligences for the 21st century*. New York: Basic Books.

Gardner, H 2000. A case against spiritual intelligence. *International Journal for the Psychology of Religion* 10(1):27-34.

Garvey, B 2010. Mentoring in a coaching world. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 341-354.

Geertz, C 1980. Blurred genres: The refiguration of social thought. *American Scholar* 49:165-179.

Gergen, K J 1985. The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist* 40(3):266-275.

Gerkin, C V 1984. *The living human document*. Nashville: Abingdon Press.

Gerkin, C V 1986. *Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society*. Philadelphia: Westminster Press.

Giocalone, R A & Jurkiewicz, C L 2003. Toward a science of workplace spirituality. In: *Handbook of workplace spirituality and organizational performance*. Edited by R A Gaicalone & C L Jurkiewicz. New York: M E Sharpe Inc. 3-28.

Giocalone, R A; Jurkiewicz, C L & Fry, L W 2005. From advocacy to science: The next steps in workplace spirituality research. In: *Handbook of the psychology of religion and spirituality*. Edited by R F Paloutzian & C L Park. New York: The Guilford Press. 515-528.

Giannantonio, C M & Hurley-Hanson, A E 2006. Applying image norms across Super's career development stages. *The Career Development Quarterly* 54:318-330.

Gibran, K 2006. *The prophet*. Middlesex: The Echo Library.

Giri, A K 2002. The calling of a creative transdisciplinarity. *Futures* 34:103-115.

Giri, A K 2004. *Creative social research: Rethinking theories and methods*. USA: Lexington Books.

Goleman, D 1995. *Emotional intelligence & Working with emotional intelligence*. Omnibus. London: Bloomsbury.

Grant, A M 2003. The impact of life coaching on goal attainment, metacognition and mental health. *Social Behavior and Personality* 31(3):253-264.

Grant, A M 2006a. A personal perspective on professional coaching and the development of coaching psychology. *International Coaching Psychology Review* 1(1):12-22.

Grant, A M 2006b. Workplace and executive coaching: A bibliography from the scholarly business literature. In: *Evidence based coaching handbook: Putting best practices to work for your clients*. Edited by: D R Stober & A M Grant. New Jersey: John Wiley & Sons, Inc. 367-388.

Grant, A M 2008. Personal life coaching for coaches-in-training enhances goal attainment, insight and learning. *Coaching: An International Journal of Theory, Research and Practice* 1(1):54-70.

Grant, A M & Cavanagh, M J 2004. Toward a profession of coaching: Sixty-five years of progress and challenges for the future. *International Journal of Evidence Based Coaching and Mentoring* 2(1):1-16.

Grant, A M & Cavanagh, M J 2007a. The goal-focused coaching skills questionnaire: Preliminary findings. *Social Behavior and Personality* 35(6):751-760.

Grant, A M & Cavanagh, M J 2007b. Evidence-based coaching: Flourishing or languishing? *Australian Psychology* 42(4):239-254.

Grant, A M & Cavanagh, M J 2010. Life coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 297-310.

Grant, D; O'Neil, I K & Stephens, L 2004. Spirituality in the workplace: New empirical directions in the study of the sacred. *Sociology of Religion* 65(3):265-283.

Grant, A M & Stober, D R 2006. Introduction. In: *Evidence based coaching handbook: Putting best practices to work for your clients*. Edited by: D R Stober & A M Grant. New Jersey: John Wiley & Sons, Inc. 1-14.

Grant, A M & Zackon, R 2004. Executive, workplace and life coaching: Findings from a large-scale survey of International Coach Federation members. *International Journal of Evidence Based Coaching and Mentoring* 2(2):1-15.

Green, M & Piel, J A 2002. *Theories of human development: A comparative approach*. Boston: Allyn & Bacon.

Greenhaus, J H 1987. *Career management*. Florida: The Dryden Press.

Greenhaus, J H; Callanan, G A & Godshalk, V M 2000. *Career management*. Third edition. USA: Harcourt, Inc.

Greenhaus, J H; Callanan, G A & Godshalk, V M 2010. *Career management*. Forth edition. USA: Sage Publications Inc.

Grigg, R 1990. *Theology as a way of thinking*. Atlanta: Scholars Press.

Groen, J 2001. How leaders cultivate spirituality in the workplace: What the research shows. *Adult Learning* 12(3):20-21.

Gutteridge, T G 1986. Organizational career development systems: The state of the practice. In: *Career development in organizations*. Edited by D T Hall & Associates. San Francisco: Jossey-Bass Publishers. 50-94.

Guthrie, V A & Alexander, J R 2006. Coaching for effective action. In: *Coaching for leadership: The practice of leadership coaching from the world's greatest coaches*. Second edition. Edited by: M Goldsmith & L Lyons. San Francisco: Pfeiffer. 63-70.

Hall, D T 1996. Protean careers of the 21st century. *Academy of Management Executive* 10(4):8-16.

Hall, D T 2002. *Careers in and out of organizations*. California: Sage Publications, Inc.

Hall, D T & Mirvis, P H 1995. The new career contract: Developing the whole person at midlife and beyond. *Journal of Vocational Behavior* 47:269-289.

Hall, D T & Richter, J 1990. Career gridlock: Baby boomers hit the wall. *Academy of Management Executive* 4(3):7-22.

Hamlin, R G; Ellinger, A D & Beattie, R S 2009. Toward a profession of coaching? A definitional examination of 'coaching,' 'organization development,' and human resource development.' *International Journal of Evidence Based Coaching and Mentoring* 7(1):13-38.

Hanson, B C 1997. *Introduction to Christian theology*. Minneapolis: Fortress Press.

Hardingham, A; Brearley, M; Moorhouse, A & Venter, B 2004. *The coach's coach: Personal developments for personal developers*. London: Chartered Institute of Personnel and Development.

Hawkins, P & Smith, N 2010. Transformational coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 231-244.

Hawksley, B 2007. Work-related stress, work/life balance and personal life coaching. *British Journal of Community Nursing* 12(1):34-36.

Hay, D 2006. *Something there: The biology of the human spirit*. Philadelphia: Templeton Foundation Press.

Hayslip, B; Panek, P E & Patrick, J H 2007. *Adult development and aging*. Fourth edition. Florida: Krieger Publishing Company.

Hazen, B & Steckler, N A 2010. Career coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 311-323.

Heitink, G 1999. *Practical theology: History, theory, action domains*. Cambridge: Wm B Eerdmans Publishing Co.

Hersey, P & Chevalier, R 2006. Situational leadership and executive coaching. In: *Coaching for leadership: The practice of leadership coaching from the world's greatest coaches*. Second edition. Edited by: M Goldsmith & L Lyons. San Francisco: Pfeiffer. 26-36.

Heyns, J A 1976. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, J A & Pieterse, H J C 1990. *A primer in practical theology*. Pretoria: Gnosis.

Hicks, D A 2003. *Religion and the workplace: Pluralism, spirituality, leadership*. Cambridge: University Press.

Hill, P C & Pargament K I 2003. Advances in the conceptualization and measurement of religion and spirituality: Implications for physical and mental health research. *American Psychologist* 58(1):64-74.

Hill, P C; Pargament, K I; Hood, R W; McCullough, M E; Swyers, J P; Larson, D B & Zinnbauer, B J 2000. Conceptualizing religion and spirituality: Points of commonality, points of departure. *Journal for the Theory of Social Behaviour* 30(1):51-77.

Hoffman, L 1990. Constructing realities: An art of lenses. *Family Process* 29:1-12.

Hoffman, T 2005. Midcareer kickers. *Computerworld* 39(16):40-41.

Holland, R W 2006. *Are there any good jobs left? Career management in the age of the disposable worker*. VSA: Praeger Publishers.

Hudson, F M 1999. *The handbook of coaching: A comprehensive resource guide for managers, executives, consultants, and human resource professionals*. San Francisco: Jossey-Bass.

Hyde, B 2008. The plausibility of spiritual intelligence: Spiritual experience, problem solving and neural sites. *International Journal of Children's Spirituality* 9(1):39-52.

Immink, F G 2003. *In God geloven: Een praktischtheologische reconstructie*. Zoetermeer: Uitgeverij Meinema.

Isaacowitz, D M; Charles, S T & Carstensen, L L 2000. Emotion and cognition. In: *The handbook of aging and cognition*. Edited by: F I M Craik & T A Salthouse. New York: Lawrence Erlbaum Associates. 593-631.

Ives, Y 2008. What is coaching? An exploration of conflicting paradigms. *International Journal of Evidence Based Coaching and Mentoring* 6(2):100-113.

Janse van Rensburg, J 1996. Verbond en pastoraat: Perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 37(1):152-165.

Janse van Rensburg, J 2000. *The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology*. Pretoria: Van Shaik.

Jaques, E 1965. Death and the mid-life crisis. *International Journal of Psychoanalysis* 46:502-514.

Johnson, A 2006. Become fully intelligent. *Encounter* 19(4):40-46.

Jones, G 1999. *Christian theology: A brief introduction*. Cambridge: Polity Press.

Jonker, H 1983. *Theologische praxis: Problemen, peilingen en perspectieven bij kenterend getij*. Nijkerk: Callenbach.

Jonker, J & Pennink, B 2010. *The essence of research methodology: A concise guide for Master and PhD students in management science*. Heidelberg: Springer.

Joseph, S 2010. The person-centred approach to coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 68-77.

Josselson, R & Lieblich, A 1993. *The narrative study of lives*. California: Sage Publications, Inc.

Jung, C G 1933. *Modern man in search of a soul*. New York: Harcourt, Brace & World.

Kail, R V & Cavanaugh, J C 2004. *Human development: A life-span view*. Third edition. China: R R Donnelley.

Katz, S N 1995. Do disciplines matter? History and the social sciences. *Social Science Quarterly* 76(4):863-877.

Kauffman, C; Boniwell, I & Silberman, J 2010. The positive psychology approach to coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 158-171.

Kennedy, M 1980. *The concise Oxford dictionary of music*. Third Edition. Oxford: Oxford University Press.

Kets de Vries, F R 1978. The midcareer conundrum. *Organizational Dynamics* September 1:45-62.

Kets de Vries, F R; Korotov, K & Florent-Tracy, E 2007. Introduction: A psychodynamic approach to leadership development. In: *Coach and couch: The psychology of making better leaders*. Edited by: M F R Kets de Vries, K Korotov & E Florent-Tracy. New York: Palgrave Macmillan. xxxvii-iii.

Kimbarow, M L 2004. Tending your professional future. *The ASHA Leader* 9(14):4-19.

Kinjerski, V M & Skrypnek, B J 2004. Defining spirit at work: Finding common ground. *Journal of Organizational Change Management* 17(1):26-42.

Kinjerski, V M & Skrypnek, B J 2008. Four paths to spirit at work: Journeys of personal meaning, fulfillment, well-being, and transcendence through work. *The Career Development Quarterly* 56:319-329.

Klasen, N & Clutterbuck, D 2002. *Implementing mentoring schemes: A practical guide to successful programs*. Oxford: Butterworth-Heinemann.

Knowles, M & Moon, R 2006. *Introducing metaphor*. New York: Routledge.

Kohlberg, L & Colby, A 1987. *The measurement of moral judgement*. Cambridge: Cambridge University Press.

Kolbaba, G 2007. Going from good to great. *Marriage Partnership* 24(3):44-45.

Kotzé, E & Kotzé, D J 1997. Social construction as a postmodern discourse: An epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica* 17(1):27-50.

Kourie, C 2006. Postmodern spirituality in a secular society. In: *Secular spirituality as a contextual critique of religion*. Edited by C W du Toit & C P Mayson. Pretoria: The Department of Production, University of South Africa. 75-94.

Krishnakumar, S & Neck, C P 2002. The “what,” “why” and “how” of spirituality in the workplace. *Journal of Managerial Psychology* 17(3):153-164.

Kwilecki, S 2000. Spiritual intelligence as a theory of individual religion: A case application. *The International Journal for the Psychology of Religions* 10(1):35-46.

Lachman, M E 2000. Promoting a sense of control over memory aging. In: *Cognitive rehabilitation in old age*. Edited by: R D Hill, L Bäckman & A S Neely. New York: Oxford University Press. 106-120.

Lachman, M E 2004. Development in midlife. *Annual Review of Psychology* 55:305-331.

Lachman, M E & James, J B 1997. Charting the course of midlife development: An overview. In: *Multiple paths of midlife development*. Edited by: M E Lachman & J B James. Chicago: The University of the Chicago Press. 1-18.

Lakoff, G & Johnson, M 1999. *Philosophy in the flesh: The embodied mind and its challenge to western thought*. New York: Basic Books.

Lane, D A; Stelter, R & Rostron, S S 2010. The future of coaching as a profession. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 357-368.

Lawton-Smith, C & Cox, E 2007. Coaching: Is it just a new name for training? *International Journal of Evidence Based Coaching and Mentoring* Special Issue, Summer:1-9.

Leaf, C 2005. *Skakel jou brein aan. Ontdek jou unieke intelligensieprofiel en ontgin jou potensiaal ten volle*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Lee, G 2010. The psychodynamic approach to coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 23-36.

Lester, A D 1995. *Hope in pastoral care and counselling*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Levinson, D J 1986. A conception of adult development. *American Psychologist* 41(1):3-13.

Levinson, D J; Darrow, C N; Klein, E B; Levinson, M H & McKee, B 1978. *The seasons of a man's life*. New York: Ballantine Books.

Levinson, D J & Levinson, J D 1996. *The seasons of a woman's life*. New York: Knopf.

Linley, P A 2006. Coaching research: who? what? where? when? why? *International Journal of Evidence Based Coaching and Mentoring* 4(2):1-7.

Louw, D A & Edwards, D J A 2005. *Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suid-Afrika*. Tweede uitgawe. Sandton: Heinemann Voortgesette Onderwys (Edms) Bpk.

Louw, D J 1997. Hoe teologies is die praktiese teologie en hoe prakties is die teologie? Ontwerp vir 'n prakties-teologiese hermeneutiek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 12(2):43-63.

Louw, D J 1998. Die konsep "Prakties – Teologiese Spiritualiteit" binne 'n konteks van postmodernisme en globalisering. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 13(2):16-25.

Louw, D J 1999a. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Wellington: Lux Verbi BM.

Louw, D J 1999b. *A mature faith: Spiritual direction and antropology in a theology of pastoral care and counselling*. Louvain Theological & Pastoral Monographs 25. Louvain: Peeters Press.

Louw, D J 2003. The paradigmatic revolution in practical and pastoral theology: From metaphysics (sub-stantial thinking) to empirism (experiential thinking); from teism to theopaschitism (hermeneutical thinking). *Practical Theology in South-Africa* 18(2):33-58.

Louw, D J 2005a. *Ratwerk van die menslike siel: Oor volwassenheid en lewensvaardighede*. Stellenbosch: Sun Press.

Louw, D J 2005b. *Paradigm shifts and new perspectives on antropology in pastoral care and counselling: Cura animarum as cura vitae*. Ongepubliseerde lesing gelewer die 18de Seminaar van die Society for Intercultural Pastoral Care and Counselling 2-7 Oktober 2005, Düsseldorf, Duitsland.

Louw, D J 2008. *Cura vitae: Illness and the healing of life*. Wellington. Lux Verbi BM.

Markus, H R; Ryff C D; Curban, K B & Palmersheim, K A 2004. In their own words: Well-being at midlife among high school and college-educated adults. In: *How healthy are we? A national study of well-being at midlife*. Edited by O G Brim, C D Ryff & R C Kessler. Chicago: The University of Chicago Press. 273-319.

Marques, J; Dhiman, S & King, R 2007. *Spirituality in the workplace: What it is, why it matters, how to make it work for you*. California: Personhood Press.

Martin, M & Zimprich, D 2005. Cognitive development in midlife. In: *Middle adulthood: A life-span perspective*. Edited by: S L Willis & M Martin. California: Sage Publications. 179-206.

Mayer, J D 2000. Spiritual intelligence or spiritual consciousness? *International Journal for the Psychology of Religion* 10(1):47-56.

McAdams, D P 1994. *The person: An introduction to personality psychology*. Second edition. Florida: Harcourt Brace College Publishers.

McAdams, D P & de St. Aubin, E 1992. A theory of generativity and its assessment through self-report, behavioral acts, and narrative themes in autobiography. *Journal of Personality and Social Psychology* 62(6):1003-1015.

McAdams, D P; de St. Aubin, E & Logan, R L 1993. Generativity among young, midlife, and older adults. *Psychology and Aging* 8(2):221-230.

McClintock, D; Ison, R & Armson, R 2003. Metaphors for reflecting on research practice: Researching with people. *Journal of Environmental Planning and Management* 46(5):715-731.

McCluskey, C 2007. Going from good to great. *Marriage Partnership* 24(3):44-45.

McCluskey, C 2008. A Christian-therapist-turned-coach discussing his journey and the field of life coaching. *Journal of Psychology and Christianity* 27(3):266-269.

McCullough, P G & Rutenberg, S K 1989. Launching children and moving on. In: *The changing family life cycle*. Second edition. Edited by: B Carter & M McGoldrick. Boston: Allyn and Bacon. 285-307.

McGrath, A E 1999. *Christian spirituality*. Oxford: Blackwell Publishers Ltd.

McGrath, A E 2007. *Christian theology: An introduction*. Fourth edition. Oxford: Blackwell Publishers Ltd.

Mega essays, 2010. *An analysis of theme in "Wild Geese" by Mary Oliver*. Retrieved from the World Wide Web on 4 November 2010. (<http://www.megaessays.com/viewpaper/560.html>).

Meggison, D & Clutterbuck, D 1995. *Mentoring in action: A practical guide for managers*. England: Clays Ltd, St Ives plc.

Melymuka, K 2008. Why women quit technology. *Computerworld* 42(25):34-35.

Merriam, S B; Caffarella, R S & Baumgartner, L M 2007. *Learning in adulthood: A comprehensive guide*. Third edition. San Francisco: Jossey Bass.

Meyer, M & Fourie, L 2004. *Mentoring and coaching: Tools and techniques for implementation*. Randburg: Knowres Publishing (Pty) Ltd.

Miller, D W 2007. *God at work: The history and promise of the faith at work*. Oxford: Oxford University Press.

Miller, P H 1983. *Theories of developmental psychology*. San Francisco: W H Freeman and Company.

Miller, W R 2000. *Integrating spirituality into treatment*. Washington: American Psychological Association.

Miller, W R & Thoresen, C E 2003. Spirituality, religion, and health: An emerging research field. *American Psychologist* 58(1):24-35.

Mirvis, P H 1997. "Soul Work" in organizations. *Organization Science* 8(2):193-206.

Mitroff, I I & Denton, E A 1999. A study of spirituality in the workplace. *Sloan Management Review* 40:83-92.

Mitroff, I I; Denton, E A & Alpaslan, C M 2009. A spiritual audit of corporate America: Ten years later (spirituality and attachment theory, an interim report). *Journal of Management, Spirituality and Religion* 6(1):27-41.

Mohamed, A A; Wisnieski, J; Askar, M & Syed, I 2004. Towards a theory of spirituality in the workplace. *Competitiveness Review* 14(1/2):102-107.

Morgan, A 2000. *What is narrative therapy? An easy-to-read introduction*. Adelaide: Dulwich Centre.

Morgeson, F; Seligman, M; Sternberg, R; Taylor, S & Manning, C 1999. Lessons learned from a life in psychological science. *American Psychologist* 54:106-116.

Morison, R; Erickson, T & Dychtwald, K 2006. Managing middlecence. *Harvard Business Review* March:78-86.

Müller, J C 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Müller, J C 2000. *Reis-geselskap: Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering*. Wellington: Lux Verbi BM.

Müller, J C 2001. Therapy as fiction writing. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 42(1-2):64-70.

Müller, J C 2005. A postfoundationalist, HIV-positive practical theology. *Practical Theology in South Africa* 20(2):72-88.

Müller, J C 2008. Postfundamentele teologie. In: *Christelike kern-ensiklopedie*. Geredigeer deur: F Gaum, A Boesak & W Botha. Wellington: Lux Verbi.BM (Edms) Bpk.

Müller, J C 2009. Transversal rationality as a practical way of doing interdisciplinary work, with HIV and Aids as a case study. *Practical Theology in South Africa* 24(2):199-228.

Müller, J C; Van Deventer, W & Human, L 2001. Fiction writing as metaphor for research: A narrative approach. *Practical Theology in South Africa* 16(2):76-96.

Musick, M A; Traphagen, J W; Koenig, H G & Larson, D B 2000. Spirituality in physical health and aging. *Journal of Adult Development* 7(2):73-86.

Naughton, J 2002. The coaching boom: Is it the long-awaited alternative to the medical model? *The Psychotherapy Networker* 26:24-33.

Neal, J A 1997. Spirituality in management education: A guide to resources. *Journal of Management Education* 21(1):121-139.

Newlands, G 2006. Public theology in postfoundational tradition. In: *The evolution of rationality: Interdisciplinary essays in honor of J Wentzel van Huyssteen*. Edited by F LeRon Shults. Michigan: Wm B Eerdmans Publishing Co. 394-417.

Newman, B M & Newman, P R 2003. *Development through life: A psychosocial approach*. Eight edition. USA: Thomson Learning, Inc.

Nöthling, E 1982. *Operaverhale*. Pretoria: Erroll Marx Uitgewery.

Ogletree, T W 1983. Dimensions of practical theology: Meaning, action, self. In: *Practical theology*. Edited by: D S Browning. San Francisco: Harper and Row. 83-104.

Oliver, M 2010. *Wild Geese*. Retrieved from the World Wide Web on 4 November 2010. (<http://www.rjgeib.com/thoughts/geese/geese.html>).

Online Etymology Dictionary 2010. *Coach*. Retrieved from the World Wide Web on 24 August 2010. (<http://www.etymonline.com>).

Orem, S L; Binkert, J & Clancy, A L 2007. *Appreciative coaching: A positive process for change*. San Francisco: Jossey-Bass.

Osmer, R R 2006. Toward a transversal model of interdisciplinary thinking in practical theology. In: *The evolution of rationality: Interdisciplinary essays in honor of J Wentzel van Huyssteen*. Edited by F LeRon Shults. Michigan: Wm B Eerdmans Publishing Co. 327-346.

Osmer, R R 2008. *Practical theology: An introduction*. Michigan: Wm B Eerdmans Publishing Co.

Osmer, R R & Schweitzer, F L 2003. Introduction. In: *Developing a public faith: New directions in practical theology*. Edited by: R R Osmer & F L Schweitzer. St Louis: Chalice Press.1-11.

Oxford Dictionary 2010. *Coach*. Retrieved from the World Wide Web on 24 August 2010. (<http://www.oxforddictionaries.com>).

Oxford Dictionary 2010. *Midlife*. Retrieved from the World Wide Web on 10 August 2010. (<http://www.oxforddictionaries.com>).

Oxford Dictionary 2010. *Plasticity*. Retrieved from the World Wide Web on 29 September 2010. (<http://www.oxforddictionaries.com>).

Oxtoby, C 1964. *Wat is musiek*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.

Papalia, D E; Sterns, H L; Feldman, R D & Camp, C J 2007. *Adult development with aging*. Third edition. New York: McGraw-Hill Companies, Inc.

Pattison, S & Woodward, J 2000. An introduction to pastoral and practical theology. In: *The Blackwell Reader in pastoral and practical theology*. Edited by: J Woodward & S Pattison. Oxford: Blackwell Publishing. 1-19.

Patton, W & McMahon, M 1999. *Career development and systems theory: A new relationship*. Ontario: Brooks/Cole Publishing Company.

Pearce, S S 1996. *Flash of insight: Metaphor and narrative therapy*. Massachusetts: Allyn & Bacon.

Peterson, G R 2003. *Minding God: Theology and the cognitive sciences*. Minneapolis: Augsburg Fortress.

Piaget, J 2001. *The psychology of intelligence*. London: Routledge.

Piedmont, R L 2001. Spiritual transcendence and the scientific study of spirituality. *Journal of Rehabilitation* 67:4-14.

Pieterse, H J C 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Pieterse, H J C 1994. Metateorie as wetenskapsbenadering in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9(1):93-100.

Poiton, C 2008. Debt despair. *Therapy today* 19(8):4-7.

Potgieter, P C 2008. Teologie. In: *Christelike kern-ensiklopedie*. Geredigeer deur: F Gaum, A Boesak & W Botha. Wellington: Lux Verbi.BM (Edms) Bpk.

Pryor, R G & Bright, J E H 2009. Good hope in chaos: Beyond matching to complexity in career development. *South African Journal of Higher Education* 23(3):521-536.

Raddon, R 2005. Work: Overview and philosophy. In: *Your career, your life: Career management for the information professional*. Edited by R Raddon. England: Ashgate Publishing Limited. 3-17.

Reader, J 2008. *Reconstructing practical theology: The impact of globalization*. Hampshire: Ashgate Publishing Limited.

Rice, D 2007. Life coaching – can it help fulfilment and happiness? *Irish Veterinary Journal* 60(8):501-503.

Richardson, K 1991. *Understanding intelligence*. Philadelphia: Open University Press.

Robbins, S P 2001. *Organizational behaviour*. Ninth edition. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

Roberts, B 2002. *Biographical research*. Buckingham: Open University Press.

Rogers, J 2004. *Coaching skills: A handbook*. Great Britain: The Cromwell Press.

Rogers, J 2007. *Adults learning*. Fifth edition. England: Open University Press.

Rubin, H J & Rubin, I S 1995. *Qualitative interviewing: The art of hearing data*. Thousand Oaks: Sage Publications, Inc.

Savickas, M L 1995. Obituaries: Donald E Super (1910–1994). *American Psychologist* 50(9):794-795.

Savickas, M L 1997. Career adaptability: An integrative construct for life-span, life-space theory. *The Career Development Quarterly* March 45:247-259.

Schein, E H 2006. Coaching and consultation revisited. In: *Coaching for leadership: The practice of leadership coaching from the world's greatest coaches*. Second edition. Edited by: M Goldsmith & L Lyons. San Francisco: Pfeiffer. 17-25.

Schlauch, C R 2007. Introducing the concepts of "positions," "space," and "worlds": Seeing human being and becoming – and religion – in new ways. *Pastoral Psychology* 55(3):367-390.

Schlumph, H 1999. Religion vs. spirituality: As consumers make this distinction, industry professionals respond to a major development in American life and faith. *Publishers Weekly* August 30:54-59.

Schneiders, S M 2005. Approaches to the study of Christian spirituality. In: *The Blackwell Companion to Christian spirituality*. Edited by: A Holder. Oxford: Blackwell Publishing. 15-33.

Scholes, P A 1970. *The Oxford Companion to music*. Tenth edition. London: Oxford University Press.

Schrag, C O 1992. *The resources of rationality: A response to the postmodern challenge*. Indianapolis: Indiana University Press.

Schrag, C O 1997. *The self after postmodernity*. New Haven: Yale University Press.

Schurink, E 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In: *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions*. Second edition. Edited by: A S de Vos, H Strydom, C B Fouché, M Poggenpoel, E Schurink & W Schurink. Pretoria: Van Schaik. 239-291.

Seligman, M E 2007. Coaching and positive psychology. *Australian Psychologist* 42(4):266-267.

Shakespeare, W 1965. *As you like it*. Great Britain: Western Printing Services Ltd.

Sheehy, G 1976. *Passages; predictable crisis of adult life*. New York: Dutton.

Sheldrake, P F 2005. Interpretation. In: *The Blackwell Companion to Christian spirituality*. Edited by: A Holder. Oxford: Blackwell Publishing. 459-495.

Sherburne, C 2008. Spirituality: The beauty secret of aging. *The LLI Review* Fall:102-108.

Sherrod, L R & Brim, O G 1986. Epilogue: Retrospective and prospective views of life-course research on human development. In: *Human development and the life course: Multidisciplinary perspectives*. Edited by A B Sørensen, F E Weinert & L R Sherrod. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates, Inc.

Skibbins, D 2007. *Becoming a life coach: A complete workbook for therapists*. California: New Harbinger Publications, Inc.

Smith, N R 2006. *Workplace spirituality: A complete guide for business leaders*. Massachusetts: Axial Age Publishing.

Somers, M 2008. *Coaching*. Great Britain: Hodder Education.

Sparrow, T & Knight, A 2006. *Applied EI: The importance of attitudes in developing emotional intelligence*. England: Jossey-Bass.

Spence, G B 2007. Further development of evidence-based coaching: Lessons from the rise and fall of the human potential movement. *Australian Psychologist* 42(4):255-265.

Spence, G B & Grant, A M 2007. Professional and peer life coaching and the enhancement of goal striving and well-being: An exploratory study. *The Journal of Positive Psychology* 2(3):185-194.

Spinelli, E 2010. Existential coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 94-106.

Stead, G B & Watson, M B 2006. *Career psychology in the South African context*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Steinbeck, J 1954. *Sweet Thursday*. London: Mandarin Paperback.

Sternberg, R J 1986. Introduction: The nature and scope of practical intelligence. In: *Practical intelligence: Nature and origins of competence in the everyday world*. Edited by: R J Sternberg & R K Wagner. Cambridge: Cambridge University Press. 1-10.

Sternberg, R J 1990. *Metaphors of mind: Conceptions of the nature of intelligence*. Cambridge: Cambridge University Press.

Sternberg, R J 1997. The concept of intelligence and its role in lifelong learning and success. *American Psychologist* 52(10)1030-1037.

Sternberg, R J 2003. *Wisdom, intelligence, and creativity synthesized*. Cambridge: Cambridge University Press.

Sternberg, R J 2005. Older but not wiser? The relationship between age and wisdom. *Ageing International* 30(1):5-26.

Stokes, J & Jolly, R 2010: Executive and leadership coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 245-256.

Stone, F M 2007. *Coaching, counselling & mentoring: How to choose & use the right technique to boost employee performance*. New York: AMACOM.

Stone, J A 2006. Bookreview: Alone in the world?: Human uniqueness in science and theology by Wentzel J van Huyssteen. *HTS Theological Studies* 62(3):1145-1149.

Strenger, C & Ruttenberg, A 2008. The existential necessity of midlife change. *Harvard Business Review* February:83-90.

Stroup, G W 1981. *The promise of narrative theology: Recovering the gospel in the church*. Atlanta: John Knox Press.

Strydom, H 2002. Participatory action research. In: *Research at grass roots: For the social science and human service professions*. Second edition. Edited by: A S De Vos. Pretoria: Van Schaik Publishers. 419-434.

Super, D E 1957. *The psychology of careers*. New York: Harper & Row.

Super, D E 1990. A life-span, life-space approach to career development. In: *Career choice and development*. Second Edition. Edited by D Brown, L Brooks & Associates. San Francisco: Jossey Bass. 197-261.

Super, D E & Bohn, M J 1970. *Occupational psychology*. California: Wadsworth Publishing Company, Inc.

Super, D E; Savickas, M L & Super, C M 1996. The life-span, life-space approach to careers. In: *Career choice and development: Applying theories to practice*. Edited by D Brown & L Brooks. San Francisco: Jossey-Bass. 121-178.

Sween, E 1999. The one-minute question: What is narrative therapy? Some working answers. In: *Extending narrative therapy: A collection of practice-based papers*. Edited by C White. Adelaide: Dulwich Centre Publications. 191 – 194.

Swinton, J & Mowat, H 2006. *Practical theology and qualitative research*. London: SCM Press.

Tan, C S & Salomone, P R 1994. Understanding career plateauing: Implications for counseling. *Career Development Quarterly* 42(4):291-302.

Tate, Y B & Parker, S 2007. Using Erikson's developmental theory to understand and nurture spiritual development in Christians. *Journal of Psychology and Christianity* 26(3):218-226.

Tennant, M & Pogson, P 1995. *Learning and change in the adult years: A developmental perspective*. San Francisco: Jossey-Bass.

Terkel, S 1974. *Working: People talk about what they do all day and how they feel about what they do*. New York: Pantheon Books.

Tischler, L; Biberman, J & McKeage, R 2002. Linking emotional intelligence, spirituality and workplace performance: Definitions, models and ideas for research. *Journal of Managerial Psychology* 17(3):203-218.

Tschannen-Moran, B 2010. Skills and performance coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 203-216.

Tucker, K 2007. *Establishing a mentoring and coaching programme*. Randburg: Knowres Publishing.

Ulrich, D 2006. Coaching the coaches. In: *Coaching for leadership: The practice of leadership coaching from the world's greatest coaches*. Second edition. Edited by: M Goldsmith & L Lyons. San Francisco: Pfeiffer. 145-152.

Van den Berg, J A 2006. 'n Verandering in tongval...? 'n Verwoord(-beeld)-ing van pastoraal teologiese perspektiewe. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 21(2):164-181.

Van den Berg, J A 2007. 'n Beliggaamde Siel: Voorgestelde perspektiewe vir 'n pastorale antropologie. An embodied soul: Proposed perspectives for a pastoral anthropology. Die artikel is aangebied as 'n Werkswinkel tydens die 8ste Wêreldkongres van die *International Council on Pastoral Care and Counselling* met as tema "Treasure in Earthen Vessels-Care of Souls facing Fragility and Destruction-Individual and Systemic Perspectives," Krzyżowa, Pole, 7-14 Augustus, 2007.

Van den Berg, J A 2008. An embodied spirituality: Perspectives for a bodily pastoral anthropology. *Acta Theologica* 28(2):118-132.

Van den Berg, J A 2010. *'n Autobiografiese theologia habitus – Toekomsperspektiewe vir die werksplek*. Ongepubliseerde manuskrip.

Van der Ven, J 1993. *Practical theology: An empirical approach*. Kampen: Kok Pharos Publishing House.

Van der Walt, E A; Du Plessis, D & Barker, R 2006. Exploring a spiritual intelligence (SQ) model of communication to recontextualise differences between management and employees. *Communicatio* 32(2):264-290.

Van der Walt, J & Joubert, S 2002. Die Boodskap: Die Bybel in hedendaagse Afrikaans. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Vander Zanden, J W 1997. *Human development*. Sixth edition. New York: McGraw-Hill Companies, Inc.

Van Huyssteen, J W 1998. *Duet or duel?: Theology and science in a postmodern world*. Pennsylvania: Trinity Press International.

Van Huyssteen, J W 1999. *The shaping of rationality: Toward interdisciplinarity in theology and science*. Grand Rapids: Wm B Eerdmans Publishing Co.

Van Huyssteen, J W 2000. Postfoundationalism and interdisciplinarity: A response to Jerome Stone. *Zygon* 35(2):427-439.

Van Huyssteen, J W 2006. *Alone in the world?: Human uniqueness in science and theology. The Gifford Lectures*. Grand Rapids: Wm B Eerdmans Publishing Co.

Van Niekerk, A A 2008. Antropologie. In: *Christelike kern-ensiklopedie*. Geredigeer deur: F Gaum, A Boesak & W Botha. Wellington: Lux Verbi.BM (Edms) Bpk.

Van Wyk, A G 1997. "Theology" and interdisciplinary co-operation with other sciences. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 12(2):75-86.

Viau, M 1999. *Practical theology: A new approach*. Brill: Leiden-Boston-Köln.

Vos, C J A 1996. *Die volheid daarvan: Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief*. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Waaïjman, K 2002. *Spirituality: Forms, foundations, methods*. Leuven: Peeters.

Waaïjman, K 2006. What is spirituality? In: *The spirit that moves: Orientation and issues in spirituality*. Edited by P G R de Villiers, C E T Kourie & C Lombaard. Bloemfontein: University of the Free State, Acta Theologica Supplementum 8:1-18.

Wagenseller, J P 1998. Spiritual renewal at midlife. *Journal of Religion and Health* 37(3):265-272.

Waldron, V R & Kelley, D L 2009. *Marriage at midlife: Counseling strategies & analytical tools*. New York: Springer Publishing Company.

Walker, L; Bernal, G; Kaslow, F & Pambookian, H 1996. Awards for distinguished contributors to the International Advancement of Psychology. *American Psychologist* 51(4):349-354.

Wall, B 2007. Coaching for emotional intelligence: The secret to developing the star potential in your employees. New York: AMACOM.

Webb-Mitchell, B 1995. The importance of stories in the act of caring. *Pastoral Psychology* 43(3):215-225.

Weinrach, S G 1996. The psychological and vocational interest patterns of Donald Super and John Holland. *Journal of Counseling & Development* 5:5-16.

Werner, E E & Smith, R S 2001. *Journeys from childhood to midlife: Risk, resilience and recovery*. New York: Cornell University Press.

Werner, J M & DeSimone, R L 2009. *Human resource development*. Fifth edition. USA: South-Western Cengage Learning.

West, W 2000. *Psychotherapy & spirituality: Crossing the line between therapy and religion*. London: Sage Publications Inc.

Wethington, E 2000. Expecting stress: Americans and the "midlife crisis." *Motivation and Emotion* 24(2):85-103.

Wethington, E; Kessler, R C & Pixley, J E 2004. Turning points in adulthood. In: *How healthy are we? A national study of well-being at midlife*. Edited by O G Brim, C D Ryff & R C Kessler. Chicago: The University of Chicago Press. 586-613.

Whitbourne, S K 2007. *Adult development & aging: Biopsychosocial perspectives*. Third edition. USA: John Wiley & Sons, Inc.

White, D 2006. *Coaching leaders: Guiding people who guide others*. San Francisco: Jossey-Bass.

White, M & Epston, D 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. New York: W W Norton & Co.

Whitworth, L; Kimsey-House, K; Kimsey-House, H & Sandahl, P 2007. *Co-active coaching: New skills for coaching people toward success in work and life*. Second edition. Boston: Davies Black.

Williams, H; Edgerton, N & Palmer, S 2010. Cognitive behavioural coaching. In: *The complete handbook of coaching*. Edited by: E Cox, T Bachkirova & D Clutterbuck. London: Sage Publications Ltd. 37-53.

Williams, P 2006. Becoming a life coach. *American Fitness* 24(4):64-65.

Williams, P & Davis, D C 2007. *Therapist as life coach: An introduction for counselors and other helping professionals*. New York: W W Norton & Company.

Williams, P & Menendez, D S 2007. *Becoming a professional life coach: Lessons from the Institute for Life Coach Training*. New York: W W Norton & Company.

Willows, D & Swinton, J 2000. Introduction. In: *Spiritual dimensions of pastoral care: Practical theology in a multidisciplinary context*. Edited by: D Willows & J Swinton. London: Jessica Kingsley Publishers. 11-16.

Wink, P & Dillon, M 2002. Spiritual development across the adult life course: Findings from a longitudinal study. *Journal of Adult Development* 9(1):79-94.

Wolcott, J 2001. Get a life! *Christian Science Monitor* 93(90):11.

Wolfe, D M & Kolbe, D A 1980. Career development, personal growth and experimental learning. In: *Issues in career and human resource development*. Edited by: J W Springer. Madison, WI: American Society for Training and Development. 1-2.

Woodward, J & Pattison, S 2000. *The Blackwell Reader in pastoral and practical theology*. Oxford: Blackwell Publishing.

Yick, L T 2004. *Organizing around intelligence: Leading, managing and nurturing intelligent human organizations that constantly exploit innovation and creativity embedded at the edge of chaos*. Singapore: World Scientific.

Zeus, P & Skiffington, S 2000. *The complete guide to coaching at work*. Australia: McGraw-Hill.

Zinnbauer, B J & Pargament, K I 2005. Religiousness and spirituality. In: *Handbook of the psychology of religion and spirituality*. Edited by R F Paloutzian & C L Park. New York: The Guilford Press. 21-42.

Zinnbauer, B J; Pargament, K I; Cole, B; Rye, M S; Butter, E M; Belavich, T G; Hipp, K M; Scott, A B & Kadar, J L 1997. Religion and spirituality: Unfuzzing the fuzzy. *Journal of the Scientific Study of Religion* 36:549-564.

Zinnbauer, B J; Pargament, K I & Scott, A B 1999. The emerging meanings of religiousness and spirituality: Problems and prospects. *Journal of Personality* 67(6):889-919.

Zohar, D 2004. How the Bush Administration has diminished America's spiritual capital. *Tikkun* 19(5):40-44.

Zohar, D 2005. Spiritually intelligent leadership. *Leader to Leader* 2005(38):45-51.

Zohar, D & Marshall, I 1994. *The quantum society: Mind, physics, and a new social vision*. New York: William Morrow and Company, Inc.

Zohar, D & Marshall, I 2000. *Spiritual intelligence: The ultimate intelligence*. London: Bloomsbury.

Zohar, D & Marshall, I 2004. *Spiritual capital: Wealth we can live by*. London: Bloomsbury.

OPSOMMING

Die veranderende landskap van werk en loopbane word toegeskryf aan konstante wêreldveranderinge. Dit vereis van werknemers vaardigheid ten opsigte van selfbestuur as 'n lokus van verantwoordelikheid, met 'n proaktiewe gees en 'n openheid vir nuwe ervarings. Die bevolkingsontploffing van middeljarige volwassenes, en toenemende kennis aangaande die middelloopbaanfase, het gelei tot die identifisering van die middellewe as 'n tydperk van die lewensloop, wat die moeite werd is om te bestudeer.

In dié studie speel die metafoor van opera 'n belangrike rol. Die navorsing beoog om self libretto (operateks) te word, met die begeleiding en die aanwending van metaforiese betekenis as brug tussen verskillende domeine met die aanwesigheid van 'n interdisiplinêre aksent. Die strukturele uiteensetting word vergestalt in die ouverture, bedrywe en finales.

Dié studie is tuis in die epistemologiese en metodologiese ontwikkeling van 'n breë en interdisiplinêre gesprek, waar verskeie stemme in die gestalte van verskillende domeine saamgesels, ten einde 'n geïntegreerde geheel daar te stel. 'n Interdisiplinêre gesprek handel met die poging om verskeie dissiplines of redenasie strategieë met wye verwysingsraamwerke, verskillende epistemologiese brandpunte en eksperimentele bronne bymekaar te bring.

Vier domeine is in hierdie navorsingstudie aan die woord gestel in 'n poging om sinvol verantwoording te doen rakende die uitdaging, naamlik of spirituele lewenstylafrigting as fasiliteringsproses daarin sal slaag om middelloopbaan-ontwikkeling te bevorder. Alhoewel die vier stemme die hoofkarakters vorm, is ook aksente en nuanses vergestalt in bykarakters, verteenwoordigend van die medenavorsers en librettis, gehoor.

Die eerste domein behels praktiese teologie, wat nie net op die mens se religieuse handeling wil fokus nie, maar ook met kommunikasie te make het. Dit wil 'n ontmoeting tussen God en die mens bewerkstellig, asook kommunikasie met ander. Dit poog om plek te maak vir God in hierdie wêreld, buite die grense van die kerk,

waar openbare belangrikheid onderstreep word deur 'n gerigtheid tot openbare wysheid en sosiale transformasie. Die pragmatiese fasiliteer 'n oordenkende dialoog en die konstruering van modelle, wat deur die praktiese teologie aangewend word om leiding aan individue en gemeenskappe te bied rakende die manier waarop aktiwiteite of praktyke uitgevoer moet word.

Middelloopbaan-ontwikkeling verteenwoordig die tweede domein en word as 'n herevaluerende en bevraagtekende tydperk tydens persoonlike, professionele en spirituele ontwikkeling beskou. Die middelloopbaanfase behels die ouderdomsgroep van 40 tot 55 jaar oud. Hierdie fase word gekenmerk deur twee major veranderlikes, naamlik die konfrontering van die middeljare-oorgang en die behoud van produktiwiteitsvlakke.

Spiritualiteit in die werkplek geniet tans wye korporatiewe belangstelling, vanweë 'n wêreldwye beweging wat 'n klemverskuiwing na werk as betekenis- en sinvol meegebring het. Dit veronderstel die derde gespreksgenoot verteenwoordigend van die domein, naamlik spirituele intelligensie. Die soeke na betekenis en sinbeleving word met spirituele intelligensie in verband gebring, omrede spiritualiteit as 'n tipe intelligensie beskryf en begryp word.

Lewenstylafrigting as die vierde domein, is multidissiplinêr van aard. Dit word as 'n eklektiese benadering beskou, met verskeie vaardighede en tegnieke wat uit ander dissiplines ontleen word. Lewenstylafrigting word beskou as 'n samewerkende, oplossing-gefokusde, resultaatgeoriënteerde en sistematiese proses, waartydens die afrigter die verhoging van lewenservaring en doelwitbereiking in die persoonlike en professionele lewe van die kliënt fasiliteer.

Hierdie vier domeine het in 'n geïntegreerde geheel verenig, waar alle deelnemende gespreksgenote samehangend in die veronderstelde interdissiplinêre gesprek gehoor kon word. Die studie bereik 'n hoogtepunt in die instemmende verheldering dat spirituele lewenstylafrigting as fasiliteringsproses wel middelloopbaan-ontwikkeling kan bevorder.

SUMMARY

The changing landscape of work and careers is attributed to constant world changes. It requires employees' skill regarding self-management as a locus of responsibility with pro-activity and an openness for new experiences. The population explosion of middle career adults and increasing knowledge regarding the middle career development have led to the identification of the middle life stage as a time worthy of study.

In the study the metaphor of opera plays an important role. The research aims at becoming libretto (operatext) itself, with the accompaniment and application of metaphoric meaning where the structural exposition is embodied in the overture, acts and finale.

This study is at home in the epistemological and methodological development of a broad and interdisciplinary dialogue, where various voices in the form of different domains converse in order to establish an integrated whole. An interdisciplinary dialogue deals with the attempt to convene a variety of disciplines of reasoning strategies with wide frames of reference, different epistemological catalysts and experimental resources.

Four domains in this research study are given an opportunity to speak in an attempt to sensibly be held accountable regarding the challenge of spiritual life coaching as facilitating process would succeed in promoting middle career development. Although the four voices form the main characters, accents and nuances which have been embodied in additional characters representative of co-researchers and the librettis, are also heard.

The first domain entails practical theology that does not only want to focus on man's religious actions, but involves communication. It wants to establish a meeting between God and man, as well as communication with others to create space for God in this world outside the circumference of the church where public importance is underlined with a directedness to public wisdom and social transformation. The pragmatic facilitates a reflective dialogue and the construction of models which are applied by

practical theology to provide guidance to individuals and communities regarding the method of activities or practices.

Middle career development supposes the second domain and is regarded as a re-evaluation and questioning time regarding personal, professional and spiritual development. The middle career entails the age group 40 to 55 years. This phase is characterized by two major variables, namely the confrontation of middle year transition and the retaining of productivity levels.

Spirituality in the workplace currently enjoys wide corporative interest due to a worldwide movement which has brought about an emphasis shift to work as meaningful and sensible. It supposes the third dialogue partner representative of the domain, namely spiritual intelligence. The search for meaning and significance is brought into relation with spirituality due to the latter being described and understood as a type of intelligence.

Life coaching, as the fourth domain, is multidisciplinary by nature. It is considered to be an eclectic approach where various skills and techniques are borrowed from other disciplines. Life coaching is considered to be a collaborative, solution-focused, results-orientated and systematic process during which the coach facilitates the increase of life experience and goal achievement in the personal and professional life of the client.

These four domains have united to an integrated whole where all participating parties could be heard in unison in the supposed interdisciplinary dialogue. The study reaches a climax in the agreeing illumination that spiritual life coaching as facilitating process can promote middle career development.

SLEUTELWOORDE

Interdissiplinêre gesprek, “postfoundational” praktiese teologie, transversale rasionaliteit, pastorale ontmoeting, antropologie, volwasse lewensontwikkeling, middelloopbaan-ontwikkeling, werkplekspiritualiteit, spirituele intelligensie, lewenstylafrigting, narratiewe benadering

KEY WORDS

Interdisciplinary dialogue, postfoundational practical theology, transversal rationality, pastoral encounter, anthropology, adult life development, middle career development, workplace spirituality, spiritual intelligence, life coaching, narrative approach